



**Wes-Kaapse  
Regering**

Ekonomiese Ontwikkeling  
en Toerisme



**Jaarlikse Prestasieplan 2018/19**  
Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme



# **Departement van Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme**

---

Provinsie van die Wes-Kaap

Jaarlikse Prestasieplan  
2018/19



## VOORWOORD

Oor die afgelope jaar het ons geweldige groei in die globale ekonomie sien plaasvind – getuienis van 'n opmerklieke terugswaai ná jare van onderdrukte aktiwiteit. Op die tuisfront het beleidsonsekerheid, die verlaging van kredietstatus en 'n fluktuierende wisselkoers hul tol van die Suid-Afrikaanse ekonomie en sakevertroue geëis. Terwyl die Wes-Kaap daarin geslaag het om hom teen party van hierdie gebeure te buffer, met hoër groei en verbeterde sakevertroue as gevolg, het ons ons eie probleme in die gesig gestaar. Die grootste hiervan is 'n ernstige droogte.

In 2017 het ons weggespring met Projek Goeie Hoop, 'n inisiatief om die storie van die Wes-Kaap te vertel met die doel om vertroue te kweek en om groter vlakke van belegging na ons streek aan te trek. In die volgende fase van die veldtog sal ons boodskappe na vore bring wat toenemende positiwiteit rondom sake doen in die Provinsie teweeg sal bring.

Een van ons grootste bates in hierdie Provinsie is ons arbeidsmag, en Projek Khulisa is daarop gemik om hierdie arbeidsmag op die gebiede van Toerisme, Agri-prosessering, en Olie en Gas uit te brei.

Toerisme, wat tans meer as 200 000 mense in diens het, hou merkwaardige potensiaal vir verdere werkskepping in, maar die sektor word op die oomblik aan bande gelê deur die droogte. Net só het 'n gebrek aan rou landbouprodukte weens kleiner oeste 'n impak op Agri-prosessering gehad. Hoewel dit 'n moeilike tyd vir albei bedrywe is, hou dit ook groot potensiaal vir sakeondernemings in om hul huidige aanbiedinge te evalueer en innoverende maniere te ontwikkel, nie net om die huidige krisis te hanteer nie, maar om hulself gereed te maak vir 'n meer volhoubare, verantwoordelike toekoms. Ek wil graag hulde bring aan daardie sakeondernemings wat reeds stappe geneem het om hul werksaamhede se toekoms te beskerm.

As die Provinsiale Regering het ons met ons vennote saamgewerk om 'n klimaat te skep waarin toerisme kan gedy. Ons Lugtoegangprogram is steeds besig om die getal direkte roetes na en van Kaapstad Internasionale Lughawe te vermeerder. Die afgelope jaar het ons sleutelroetes tussen belangrike Afrika-ekonomieë soos Angola en Kenia bygevoeg. Die Kaapstadse Internasionale Konvensiesentrum het sy nuwe, uitgebreide gebou geopen wat nou in staat is om groter konferensies of veelvoudige gebeurtenisse op dieselfde tyd te akkommodeer.

Die Olie- en Gassektor, nog een van ons Projek Khulisa-programme, bly steeds 'n fokuspunt. Namate die olieprys herstel, werk ons gedurig in die rigting van die vestiging van 'n stroomop olie- en gasspil in Saldanhabaai, 'n projek wat geleenthede vir kleinsake sowel as groter indiensneming in die bedryf beduidenswaardig sal laat toeneem.

Die Wes-Kaap is 'n waterskaars streek en klimaatsverandering het 'n impak op hoe ons op die oomblik dinge doen en hoe ons dit in die toekoms gaan doen. Dit skep die ideale ruimte om ons Groen Ekonomie uit te brei namate ons aanhou fokus op volhoubaarheid en die belang van hulpbronne soos water en krag.

Dit is hoekom die Provinsie hom verbind het tot kragsekerheid as een van sy spelwysigers.

Soos wat ons die Vierde Nywerheidsomwenteling binnegaan, is toegang tot krag van deurslaggewende belang.

Party van die eienskappe van die Vierde Nywerheidsomwenteling sluit 'n toename in outomatisering en digitale innovering in. As hierdie soort ontwrigtende tegnologie 'n werklikheid in die Wes-Kaap moet raak, sal ons 'n vaardige arbeidsmag en toegang tot hoëspoed-internet benodig. Om hierdie rede het die Wes-Kaapse Regering hom daartoe verbind om hoëspoed-, bekostigbare internet tot elke hoek van die Provinsie uit te brei. Tot dusver het ons 178 van ons beplande 384 brandpunte in werking gestel en sal in die jaar wat kom daaraan werk om die oorblywendes ook aan die gang te kry en om lynspoed te verbeter as deel van die tweede fase van die projek. Intussen sal die Bandwidth Barn in Khayelitsha voortgaan om 'n belangrike rol te speel in die toerus van mense vir beroepe in die IKT-bedryf.

Ons vaardigheidspelwysiger fokus daarop om die Provinsie se vaardige arbeidsmag deur vakleerlingskappe uit te brei wat broodnodige opleiding in die werkplek in alle gebiede van ons ekonomie sal verskaf.

Hierdie jaar gaan ons dit makliker maak vir sakeondernemings om vakleerlinge in te neem deur hulp te verskaf wat die raaiwerk oor hoe om te werk te gaan, uitskakel, en deur maatskappye met kolleges en Sektorale Onderwys- en Opleidingsowerhede (SETAs) in verbinding te sit.

Daar is nog baie werk aan ons ekonomie nodig, maar met ons toegewyde personeel, ons vennote en die ondersteuning van nywerheid en beleggers kan ons 'n ekonomie bou wat beter tesame is.



**Mnr Alan Winde**  
**Minister van Ekonomiese Geleenthede**

## AMPTELIKE AFTEKENING

Hiermee word gesertifiseer dat hierdie Jaarlikse Prestasieplan:

- Deur die bestuur van die Departement van Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme onder leiding van minister Alan Winde ontwikkel is;
- Voorberei is in ooreenstemming met die huidige Strategiese Plan van die Departement van Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme; en
- 'n Akkurate weerspieëling is van die prestasieteikens wat die Departement van Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme sal probeer behaal, gegewe die hulpbronne wat in die begroting van 2018/2019 beskikbaar gestel word.

**Mymoena Abrahams**  
Hoof- Finansiële Beampte

Handtekening: 

**Jo-Ann Johnston**  
Beampte verantwoordelik vir Ekonomiese Beplanning

Handtekening: 

**Solly Fourie**  
Rekenpligtige Beampte

Handtekening: 

**Alan Winde**  
Uitvoerende Gesag

Handtekening: 

|  |           |
|--|-----------|
| <b>DEEL A: STRATEGIESE OORSIG</b> .....  | <b>10</b> |
| 1. <b>VISIE</b> .....  | <b>10</b> |
| 2. <b>MISSIE</b> .....   | <b>10</b> |
| 3. <b>WAARDES</b> .....  | <b>10</b> |
| 4. <b>WETGEWENDE EN ANDER MANDATE</b> .....                                    | <b>10</b> |
| 4.1 <b>GRONDWETLIKE MANDAAT</b> .....  | <b>10</b> |
| 4.2 <b>WETGEWENDE MANDAAT (in alfabetiese orde)</b> .....                      | <b>11</b> |
| 4.3 <b>BELEIDSMANDATE</b> .....  | <b>12</b> |
| 4.4 <b>RELEVANTE HOFUITSPRAKE</b> .....  | <b>13</b> |
| 4.5 <b>BEPLANDE BELEIDSINISIATIEWE</b> .....                                   | <b>13</b> |
| 5. <b>BYGEWERKTE OMSTANDIGHEIDSONTLEDING</b> .....                             | <b>15</b> |
| 5.1 <b>Prestasieleweringsomgewing</b> .....                                    | <b>15</b> |
| 5.2 <b>OORGANISATORIESE OMGEWING</b> .....                                     | <b>19</b> |
| 5.3 <b>BESKRYWING VAN DIE STRATEGIESE BEPLANNINGSPROSES</b> .....              | <b>22</b> |
| 6. <b>STRATEGIESE UITKOMSGEORIËNTEERDE DOELWITTE VAN DIE INSTANSIE</b> .....   | <b>22</b> |
| <br>   |           |
| <b>PART B: STRATEGIESE DOELSTELLINGS</b> .....                                 | <b>27</b> |
| 7. <b>PROGRAM 1: ADMINISTRASIE</b> .....                                       | <b>28</b> |
| 7.1 <b>Doelwit</b> .....   | <b>28</b> |
| 7.2 <b>Programstruktuur</b> .....  | <b>28</b> |
| 7.3 <b>Subprogram 1.2: Finansiële Bestuur</b> .....                            | <b>28</b> |
| 7.3.1 Prestasieleweringsomgewing .....   | <b>28</b> |
| 7.3.2 Strategiese Doelstellings .....  | <b>29</b> |
| 7.3.3 Strategiese Doelstelling se jaarlikse teikens vir 2018/19 .....          | <b>31</b> |
| 7.3.4 Prestasie-aanwysers en jaarlikse teikens vir 2018/19 .....               | <b>31</b> |
| 7.3.5 Kwartaalike teikens vir 2018/19 .....                                    | <b>32</b> |
| 7.3.6 Risikobestuur .....  | <b>32</b> |
| 7.4 <b>Subprogram 1.3: Korporatiewe Dienste</b> .....                          | <b>33</b> |
| 7.4.1 <b>Departementele Kommunikasiediens</b> .....                            | <b>33</b> |
| 7.4.1.1 Strategiese Doelstellings.....   | <b>33</b> |
| 7.4.1.2 Strategiese doelstellings se jaarlikse teikens vir 2018/19 .....       | <b>34</b> |
| 7.4.1.3 Prestasie-aanwysers en jaarlikse teikens vir 2018/19 .....             | <b>34</b> |
| 7.4.1.4 Kwartaalike teikens vir 2018/19 .....                                  | <b>34</b> |
| 7.4.1.5 Risikobestuur .....  | <b>34</b> |
| 7.4.2 <b>Departementele Prestasiemonitering</b> .....                          | <b>35</b> |
| 7.4.2.1 Strategiese Doelstellings.....   | <b>35</b> |
| 7.4.2.2 Strategiese doelstellings se jaarlikse teikens vir 2018/19 .....       | <b>35</b> |
| 7.4.2.3 Implementeringsplan.....   | <b>35</b> |
| 7.4.2.4 Prestasie-aanwysers en jaarlikse teikens vir 2018/19 .....             | <b>37</b> |
| 7.4.2.5 Kwartaalike teikens vir 2018/19 .....                                  | <b>37</b> |
| 7.4.2.6 Risikobestuur .....  | <b>38</b> |
| 7.4.3 <b>Subprogram 5.3: Kennisbestuur</b> .....                               | <b>38</b> |
| 7.4.3.1 Strategiese Doelstellings.....   | <b>38</b> |
| 7.4.3.2 Implementeringsplan .....  | <b>38</b> |
| 7.4.3.3 Strategiese doelstellings se jaarlikse teikens vir 2018/19 .....       | <b>39</b> |
| 7.4.3.4 Prestasie-aanwysers en jaarlikse teikens vir 2018/19 .....             | <b>39</b> |
| 7.4.3.5 Kwartaalike teikens vir 2018/19 .....                                  | <b>40</b> |
| 7.4.3.6 Risikobestuur .....  | <b>40</b> |
| 7.5 <b>Rekonsiliasie van prestasie-teikens met die Begroting en MTBR</b> ..... | <b>41</b> |
| 7.5.1 <b>Bestedingskattings</b> .....  | <b>41</b> |

|            |  |           |
|------------|--|-----------|
| <b>8.</b>  | <b>PROGRAM 2: GEÏNTEGREERDE EKONOMIESE ONTWIKKELINGSDIENSTE</b> .....      | <b>43</b> |
| 8.1        | Doelwit.....   | 43        |
| 8.2        | Programstruktuur .....   | 43        |
| 8.3        | Prestasieleweringsomgewing.....  | 43        |
| 8.4        | <b>Subprogram 2.1: Ondernemingsontwikkeling</b> .....                      | <b>48</b> |
| 8.4.1      | Strategiese Doelstellings.....   | 48        |
| 8.4.2      | Strategiese doelstellings se jaarlikse teikens vir 2018/19 .....           | 48        |
| 8.4.3      | Prestasie-aanwysers en jaarlikse teikens vir 2018/19 .....                 | 48        |
| 8.4.4      | Kwartaallikse teikens vir 2018/19 .....                                    | 49        |
| 8.4.5      | Risikobestuur .....  | 49        |
| 8.5        | <b>Subprogram 2.2: Streeks- en Plaaslike Ekonomiese Ontwikkeling</b> ..... | <b>49</b> |
| 8.5.1      | Strategiese Doelstellings.....   | 49        |
| 8.5.2      | Strategiese doelstellings se jaarlikse teikens vir 2018/19 .....           | 49        |
| 8.5.3      | Prestasie-aanwysers en jaarlikse teikens vir 2018/19 .....                 | 50        |
| 8.5.4      | Kwartaallikse teikens vir 2018/19 .....                                    | 50        |
| 8.5.5      | Risikobestuur .....  | 50        |
| 8.6        | <b>Subprogram 2.4: Rompslompvermindering</b> .....                         | <b>51</b> |
| 8.6.1      | Strategiese Doelstellings.....   | 51        |
| 8.6.2      | Strategiese doelstellings se jaarlikse teikens vir 2018/19 .....           | 51        |
| 8.6.3      | Prestasie-aanwysers en jaarlikse teikens vir 2018/19 .....                 | 51        |
| 8.6.4      | Kwartaallikse teikens vir 2018/19 .....                                    | 51        |
| 8.6.5      | Risikobestuur .....  | 52        |
| 8.7        | <b>Rekonsiliasie van prestasietekens met die Begroting en MTBR</b> .....   | <b>53</b> |
| 8.7.1      | Bestedingskattings .....   | 53        |
| <b>9</b>   | <b>PROGRAM 3: HANDELS- EN SEKTORALE ONTWIKKELING</b> .....                 | <b>55</b> |
| 9.1.       | Doelstelling.....  | 55        |
| 9.2        | Programstruktuur .....   | 55        |
| 9.3        | <b>Subprogram 3.1: Bevordering van Handel en Belegging</b> .....           | <b>55</b> |
| 9.3.1      | Prestasieleweringsomgewing .....   | 55        |
| 9.3.2      | Strategiese Doelstelling.....  | 56        |
| 9.3.3      | Strategiese doelstellings se jaarlikse teikens vir 2018/19 .....           | 56        |
| 9.3.4      | Prestasie-aanwysers en jaarlikse teikens vir 2018/19 .....                 | 56        |
| 9.3.5      | Kwartaallikse teikens vir 2018/19 .....                                    | 56        |
| 9.3.6      | Risikobestuur .....  | 57        |
| 9.4        | <b>Subprogram 3.2: Sektorale Ontwikkeling</b> .....                        | <b>57</b> |
| 9.4.1      | Prestasieleweringsomgewing .....   | 57        |
| 9.4.2      | Strategiese Doelstelling.....  | 57        |
| 9.4.3      | Strategiese doelstellings se jaarlikse teikens vir 2018/19 .....           | 61        |
| 9.4.4      | Prestasie-aanwysers en jaarlikse teikens vir 2018/19 .....                 | 61        |
| 9.4.5      | Kwartaallikse teikens vir 2018/19 .....                                    | 61        |
| 9.4.6      | Risikobestuur .....  | 62        |
| 9.5        | <b>Rekonsiliasie van prestasietekens met die Begroting en MTBR</b> .....   | <b>62</b> |
| 9.5.1      | Bestedingskattings.....  | 62        |
| <b>10.</b> | <b>PROGRAMME 4: SAKEREGULERING EN -BESTUUR</b> .....                       | <b>64</b> |
| 10.1       | Doelwit.....   | 64        |
| 10.2       | Programstruktuur .....   | 64        |
| 10.3       | <b>Subprogram 4.1: Verbruikersbeskerming</b> .....                         | <b>64</b> |
| 10.3.1     | Prestasieleweringsomgewing .....   | 64        |
| 10.3.2     | Strategiese Doelstellings.....   | 65        |
| 10.3.3     | Strategiese doelstellings se jaarlikse teikens vir 2017/18 .....           | 65        |
| 10.3.4     | Implementeringsplan.....   | 66        |
| 10.3.5     | Prestasie-aanwysers en jaarlikse teikens vir 2017/18 .....                 | 68        |
| 10.3.6     | Kwartaallikse teikens vir 2018/19 .....                                    | 68        |
| 10.3.7     | Risikobestuur .....  | 69        |
| 10.4       | <b>Rekonsiliasie van prestasietekens met die Begroting en MTBR</b> .....   | <b>70</b> |
| 10.4.1     | Bestedingskattings .....   | 70        |



|   |           |
|---|-----------|
| <b>11. PROGRAM 5: EKONOMIESE BEPLANNING</b> .....   | <b>72</b> |
| <b>11.1 Doelstelling</b> .....  | <b>72</b> |
| <b>11.2 Programstruktuur</b> .....  | <b>72</b> |
| <b>11.3 Subprogram 5.1: Ekonomiese Beleid en Beplanning</b> .....                             | <b>73</b> |
| 11.3.1 Prestasieleweringsomgewing .....   | 73        |
| 11.3.2 Strategiese Doelstelling .....   | 74        |
| 11.3.3 Implementeringsplan .....  | 74        |
| 11.3.4 Strategiese doelstellings se jaarlikse teikens vir 2018/19 .....                       | 75        |
| 11.3.5 Prestasie-aanwysers en jaarlikse teikens vir 2018/19 .....                             | 75        |
| 11.3.6 Kwartaallikse teikens vir 2018/19 .....  | 75        |
| 11.3.7 Risikobestuur .....  | 75        |
| <b>11.4 Subprogram 5.2: Navorsing en Ontwikkeling</b> .....                                   | <b>76</b> |
| 11.4.1 Prestasieleweringsomgewing .....   | 76        |
| 11.4.2 Strategic Objective.....   | 76        |
| 11.4.3 Implementeringsplan.....   | 76        |
| 11.4.4 Strategiese doelstellings se jaarlikse teikens vir 2018/19 .....                       | 76        |
| 11.4.5 Prestasie-aanwysers en jaarlikse teikens vir 2018/19 .....                             | 76        |
| 11.4.6 Kwartaallikse teikens vir 2018/19 .....  | 77        |
| 11.4.7 Risikobestuur .....  | 77        |
| <b>11.5 Subprogram 5.3: Kennisbestuur</b> .....   | <b>77</b> |
| 11.5.1 Prestasieleweringsomgewing .....   | 77        |
| 11.5.2 Strategiese Doelstelling .....   | 78        |
| 11.5.3 Implementeringsplan.....   | 78        |
| 11.5.4 Strategiese doelstellings se jaarlikse teikens vir 2018/19 .....                       | 79        |
| 11.5.5 Prestasie-aanwysers en jaarlikse teikens vir 2018/19 .....                             | 79        |
| 11.5.6 Kwartaallikse teikens vir 2018/19 .....  | 79        |
| 11.5.7 Risikobestuur .....  | 79        |
| <b>11.6 Subprogram 5.4: Monitering en Evaluering</b> .....                                    | <b>79</b> |
| <b>11.7 Subprogram 5.5: Om infrastruktuur en inisiatiewe vir groei moontlik te maak</b> ..... | <b>79</b> |
| 11.7.1 Prestasieleweringsomgewing .....   | 79        |
| 11.7.2 Strategiese Doelstelling .....   | 80        |
| 11.7.3 Implementeringsplan.....   | 80        |
| 11.7.4 Strategiese Doelstellings annual targets for 2018/19 .....                             | 82        |
| 11.7.5 Prestasie-aanwysers en jaarlikse teikens vir 2018/19 .....                             | 82        |
| 11.7.6 Kwartaallikse teikens vir 2018/19 .....  | 82        |
| 11.7.7 Risikobestuur .....  | 82        |
| <b>11.8 Subprogram 5.7: Breëband vir die Ekonomie</b> .....                                   | <b>83</b> |
| 11.8.1 Prestasieleweringsomgewing .....   | 83        |
| 11.8.2 Strategic Objective.....   | 84        |
| 11.8.3 Implementeringsplan.....   | 84        |
| 11.8.4 Strategiese Doelstellings annual targets for 2018/19 .....                             | 85        |
| 11.8.5 Programme Prestasie-aanwysers en jaarlikse teikens vir 2018/19 .....                   | 85        |
| 11.8.6 Kwartaallikse teikens vir 2018/19 .....  | 85        |
| 11.8.7 Risikobestuur .....  | 86        |
| <b>11.9 Subprogram 5.8: Groen Ekonomie</b> .....  | <b>86</b> |
| 11.9.1 Prestasieleweringsomgewing .....   | 86        |
| 11.9.2 Strategic Objective.....   | 87        |
| 11.9.3 Implementeringsplan .....  | 87        |
| 11.9.4 Strategiese Doelstellings annual targets for 2018/19 .....                             | 88        |
| 11.9.5 Programme Prestasie-aanwysers en jaarlikse teikens vir 2018/19 .....                   | 89        |
| 11.9.6 Kwartaallikse teikens vir 2018/19 .....  | 89        |
| 11.9.7 Risikobestuur .....  | 89        |
| <b>11.10 Rekonsiliasie van prestasietekens met die Begroting en MTBR</b> .....                | <b>90</b> |
| 11.10.1 Bestedingskattings .....  | 90        |

|   |            |
|---|------------|
| <b>12. PROGRAM 6: TOERISME, KUNS EN VERMAAK</b> .....                           | <b>92</b>  |
| <b>12.1 Doelwit</b> .....   | <b>92</b>  |
| <b>12.2 Programstruktuur</b> .....  | <b>92</b>  |
| <b>12.3 Subprogram 6.1: Toerismebeplanning</b> .....                            | <b>93</b>  |
| 12.3.1 Prestasieleweringsomgewing .....   | 93         |
| 12.3.2 Strategiese Doelstellings.....   | 93         |
| 12.3.3 Strategiese doelstellings se jaarlikse teikens vir 2018/19 .....         | 94         |
| 12.3.4 Implementeringsplan.....   | 94         |
| 12.3.5 Prestasie-aanwysers en jaarlikse teikens vir 2018/19 .....               | 94         |
| 12.3.6 Kwartaalike teikens vir 2018/19 .....                                    | 94         |
| 12.3.7 Risikobestuur .....  | 94         |
| <b>12.4 Subprogram 6.2: Toerismegroei en -ontwikkeling</b> .....                | <b>95</b>  |
| 12.4.1 Prestasieleweringsomgewing .....   | 95         |
| 12.4.2 Strategiese Doelstellings.....   | 95         |
| 12.4.3 Strategiese doelstellings se jaarlikse teikens vir 2018/19 .....         | 95         |
| 12.4.4 Implementeringsplan.....   | 95         |
| 12.4.5 Prestasie-aanwysers en jaarlikse teikens vir 2018/19 .....               | 96         |
| 12.4.6 Kwartaalike teikens vir 2018/19 .....                                    | 96         |
| 12.4.7 Risikobestuur .....  | 96         |
| <b>12.5 Subprogram 6.3: Transformasie van die toerismesektor</b> .....          | <b>97</b>  |
| 12.5.1 Prestasieleweringsomgewing .....   | 97         |
| 12.5.2 Strategiese Doelstellings.....   | 97         |
| 12.5.3 Implementeringsplan.....   | 97         |
| 12.5.4 Prestasie-aanwysers en jaarlikse teikens vir 2018/19 .....               | 98         |
| 12.5.5 Kwartaalike teikens vir 2018/19 .....                                    | 98         |
| 12.5.6 Risikobestuur .....  | 98         |
| <b>12.6 Subprogram 6.4: Toerisimebestemmingsbemarking</b> .....                 | <b>98</b>  |
| 12.6.1 Prestasieleweringsomgewing .....   | 98         |
| 12.6.2 Strategiese Doelstellings.....   | 99         |
| 12.6.3 Strategiese doelstellings se jaarlikse teikens vir 2018/19 .....         | 99         |
| 12.6.4 Implementeringsplan.....   | 99         |
| 12.6.5 Prestasie-aanwysers en jaarlikse teikens vir 2018/19 .....               | 100        |
| 12.6.6 Kwartaalike teikens vir 2018/19 .....                                    | 100        |
| 12.6.7 Risikobestuur .....  | 100        |
| <b>12.7 Rekonsiliasie van prestasie-teikens met die Begroting en MTBR</b> ..... | <b>101</b> |
| 12.7.1 Bestedingskattings .....   | 101        |
| <b>13. PROGRAM 7: VAARDIGHEIDSONTWIKKELING EN INNOVERING</b> .....              | <b>103</b> |
| <b>13.1 Doelstelling</b> .....  | <b>103</b> |
| <b>13.2 Programstruktuur</b> .....  | <b>103</b> |
| <b>13.3 Prestasieleweringsomgewing</b> .....                                    | <b>103</b> |
| <b>13.4 Subprogram 7.1: Provinsiale Vaardighede en Vennootskappe</b> .....      | <b>104</b> |
| 13.4.1 Prestasieleweringsomgewing .....   | 104        |
| 13.4.2 Strategiese Doelstelling .....   | 105        |
| 13.4.3 Strategiese doelstellings se jaarlikse teikens vir 2018/19 .....         | 106        |
| 13.4.4 Implementeringsplan.....   | 106        |
| 13.4.5 Prestasie-aanwysers en jaarlikse teikens vir 2018/19 .....               | 107        |
| 13.4.6 Kwartaalike teikens vir 2018/19 .....                                    | 108        |
| 13.4.7 Risikobestuur .....  | 108        |
| <b>13.5. Subprogram 7.2: Vaardigheidsprogramme en -projekte</b> .....           | <b>108</b> |
| 13.5.1 Prestasieleweringsomgewing .....   | 108        |
| 13.5.2 Strategiese doelstellings se jaarlikse teikens vir 2018/19 .....         | 109        |
| 13.5.3 Strategiese doelstellings se jaarlikse teikens vir 2018/19 .....         | 109        |
| 13.5.4. Implementeringsplan.....  | 109        |
| 13.5.5 Prestasie-aanwysers en jaarlikse teikens vir 2018/19 .....               | 110        |
| 13.5.6 Kwartaalike teikens vir 2018/19 .....                                    | 111        |
| 13.5.7. Risikobestuur .....   | 111        |

|                  |  |            |
|------------------|--|------------|
| <b>13.6</b>      | <b>Subprogram 7.3: Vaardigheidsaansporings</b> .....   | <b>112</b> |
| 13.6.1           | Prestasieleweringsomgewing .....   | 112        |
| 13.6.2           | Strategic Objective .....  | 112        |
| 13.6.3           | Strategiese doelstellings se jaarlikse teikens vir 2018/19 .....   | 112        |
| 13.6.4           | Implementeringsplan .....  | 112        |
| 13.6.5           | Prestasie-aanwysers en jaarlikse teikens vir 2018/19 .....   | 113        |
| 13.6.6           | Kwartaallike teikens vir 2018/19 .....   | 113        |
| 13.6.7           | Risikobestuur .....  | 113        |
| <b>DEEL C:</b>   | <b>SKAKELS MET ANDER PLANNE</b> .....  | <b>115</b> |
| <b>14.</b>       | <b>Skakels met die langtermyn-infrastruktuur en ander kapitale planne</b> .....                            | <b>115</b> |
| <b>15.</b>       | <b>Voorwaardelike toelae</b> .....   | <b>115</b> |
| <b>16.</b>       | <b>Openbare Entiteite</b> .....  | <b>115</b> |
| 16.1             | Die Wes-Kaapse Agentskap vir die Bevordering van Bestemmingsbemarking, Belegging en Handel (WESGRO).....   | 115        |
| 16.2             | Die Saldanhaabaai- Nywerheidsontwikkelingsone-lisensiëringsmaatskappy (SBIDZ LiCo) .....                   | 115        |
| <b>17.</b>       | <b>Openbare-private vennootskappe</b> .....  | <b>115</b> |
| <b>BYLAAG D:</b> | <b>VERANDERINGE AAN DIE STRATEGIESE PLAN (SP) 2015-2020 EN JAARLIKSE PRESTASIEPLAN (JPP) 2018/19</b> ..... | <b>116</b> |

## DEEL A: STRATEGIESE OORSIG

### 1. VISIE

Die Departement se visie is 'n Wes-Kaap wat 'n lewendige, innoverende en volhoubare ekonomie het, wat gekenmerk word deur groei, indiensneming en toenemende gelykheid, en wat gebou is op die volle potensiaal van almal.

### 2. MISSIE







Om die bostaande visieverklaring te bereik, sal die Departement van Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme (DEOT) leierskap aan die Wes-Kaapse ekonomie verskaf deur die Departement se begrip van die ekonomie, sy vermoë om ekonomiese geleenthede en potensiaal te identifiseer en sy bydrae tot die Regering se ekonomiese prioriteite.

Die Departement sal ook optree as 'n katalisator vir die transformasie van die ekonomie en sal reageer op die uitdagings en geleenthede van sy ekonomiese burgers met die doel om ondersteuning te verskaf aan die Regering se doelwit om geleenthede te skep vir sakeondernemings en burgers om die ekonomie en indiensneming uit te brei.

Laastens sal die Departement bydra tot die voorsiening van 'n voorspelbare, mededingende, gelyke en verantwoordelike omgewing vir belegging, onderneming en handel.

### 3. WAARDES

Die kernwaardes wat die Departement voorstaan, is:

|   |                         |  |
|---|-------------------------|--|
|  | <b>Omgee</b>            | Om om te gee vir diegene wat ons dien en met wie ons saamwerk  |
|  | <b>Bekwaamheid</b>      | Die vermoë en kapasiteit om die werk te doen wat ons aangestel is om te doen                                       |
|  | <b>Aanspreeklikheid</b> | Ons neem verantwoordelikheid   |
|  | <b>Integriteit</b>      | Om eerlik te wees en te doen wat reg is  |
|  | <b>Innovering</b>       | Om ontvanklik te wees vir nuwe idees en om skeppende oplossings vir probleme op 'n vindingryke manier te ontwikkel |
|  | <b>Responsiwiteit</b>   | Om in die behoeftes van ons burgers en werknemers te voorsien  |

### 4. WETGEWENDE EN ANDER MANDATE

Die Departement se werk vind binne die konteks van verskeie nasionale en provinsiale wette en beleide plaas, waarvan die volgende die belangrikste is:

#### 4.1 GRONDWETLIKE MANDAAT

##### **Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996**

Skedule 4 en 5 van die Grondwet van Suid-Afrika verklaar dat gelyklopende nasionale en provinsiale wetgewende bevoegdhede, soos van toepassing op Ekonomiese Ontwikkeling, die volgende is:

- Nywerheidsbevordering
- Toerisme
- Handel

Skedule 4A van die Grondwet lys Toerisme as 'n funksionele gebied van gelyklopende nasionale en provinsiale bevoegdheid. Afdeling 4B van die Grondwet identifiseer plaaslike toerisme as 'n funksionele gebied van die Plaaslike Regering soos uiteengesit in afdelings 155(6) (a) en 7 van die Grondwet.

## **Die Grondwet van die Wes-Kaap, 1997 (Wet 1 van 1997)**

Die Wes-Kaapse Grondwet verklaar dat die Wes-Kaapse Regering beleide moet aanvaar en in werking stel om die welsyn van die mense van die Wes-Kaap aktief te bevorder en te onderhou, insluitende (onder meer) die skep van werkgeleenthede en die bevordering van 'n markgeoriënteerde ekonomie (Hoofstuk 10, Afdeling 81).

## **4.2 WETGEWENDE MANDAAT (in alfabetiese orde)**

### **2 Wet op Breëbasis- Swart Ekonomiese Bemagtiging (BBSEB), 2004 (Wet 53 van 2004)**

Die Wet op BBSEB lê 'n wetgewende raamwerk vas vir die bevordering van swart ekonomiese bemagtiging; bemagtig die Minister om kodes van goeie praktyk uit te gee en om transformasiehandveste te publiseer; Roep die Adviesraad op Swart Ekonomiese Bemagtiging in die lewe; en maak voorsiening vir sake wat daaruit spruit.

Die Wet is gewysig deur die Wysigingswet op BBSEB, (Wet 46 van 2013), wat 'n aantal veranderinge ingevoer het waarvan die volgende as die belangrikste beskou word:

- Die stigting van 'n BBSEB-kommissie wat 'n oorsig- en voorspraakrol vervul.
- Die definisie van 'frontpraktyke' en die kriminalisering van sulke praktyke.
- Alle staatsorgane moet in hul jaarverslae rapporteer oor gehoorgewing aan BBSEB-regulasies.
- Die amendemente tot die BBSEB se Kodes van Goeie Praktyk wat op 01 Mei 2015 in werking gestel is.

### **Wet op Besighede, 1991 (Wet 71 van 1991)**

Die Wet op Besighede is nasionale wetgewing toegewys wat voorsiening maak vir die regulering van informele handel deur munisipaliteite, onderworpe aan monitering van die relevante regulasies deur die Provinsiale Minister. Dit voorsien verder dat die Provinsiale Minister mag optree as 'n appèlowerheid in gevalle waar munisipaliteite aansoeke deur sekere tipes sakeondernemings vir handelslisensies weier.

### **Wet op die Kaapstadse Internasionale Konvensiesentrum-maatskappy, 2000 (Wet 8 van 2000)**

Die doelwit van dié Wet is om voorsiening te maak vir die Provinsie se aandeelhouing in die Kaapstadse Internasionale Konvensiesentrum-maatskappy, vir die befondsing wat die Provinsie aan die Maatskappy verskaf het, en om voorsiening te maak vir sake wat daarmee in verband staan.

### **Wet op Verbruikersbeskerming, 2008 (Wet 68 van 2008)**

Die Wet op Verbruikersbeskerming bevorder 'n regverdige, toeganklike en volhoubare mark vir verbruikersprodukte en -dienste. Vir daardie doel bepaal dié Wet nasionale norme en standaarde betreffende verbruikersbeskerming, maak voorsiening vir verbeterde standaarde van verbruikersinligting, verbied sekere onbillike bemarkings- en sakepraktyke, bevorder verantwoordelike verbruikersgedrag, bevorder 'n konsekwente wetgewende en handhawingsraamwerk wat betref verbruikerstransaksies en -ooreenkomste, en roep die Nasionale Verbruikerskommissie in die lewe.

### **Wet op Koöperasies, 2005 (Wet 14 van 2005) [soos gewysig deur die Wysigingswet op Koöperasies, 2013 (Wet 6 van 2013)]**

Dié Wet skryf voor dat die Departement verantwoordelik vir ekonomiese ontwikkeling binne die Provinsiale Regering die koördinasie van beplanning, begroting, voorsiening van dienste en steun aan, sowel as die monitering en evaluering van, koöperasies sal verseker.

### **Wet op die Lidmaatskap van die Wes-Kaapse Ekonomiese Ontwikkelingsvennootskap (EOV), 2013 (Wet 12 van 2013)**

Die doel van dié Wet is om voorsiening te maak vir wetgewing om die verhouding tussen die Wes-Kaapse Regering (WKR) en die EOV te reguleer. Die Wet maak verder voorsiening dat die WKR 'n lid van die EOV mag word en bepaal 'n formele verhouding (insluitende voorsiening vir oordragbetalings) tussen die twee partye. Die Wet stel ook voorwaardes betreffende die WKR se lidmaatskap van die EOV en befondsing van die EOV d.m.v. oordragbetalings. Die Wet reguleer nie die bestuur en werking van die EOV nie, aangesien dit deur maatskappywetgewing gereguleer word. Die Wet is in Desember 2013 deur die Provinsiale Kabinet deurgevoer.

### **Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, 2000 (Wet 32 van 2000)**

Dié Wet maak voorsiening vir kernbeginsels, meganismes en prosesse om munisipaliteite in staat te stel om progressief na die sosiale en ekonomiese opheffing van gemeenskappe te beweeg en om toegang tot noodsaaklike en bekostigbare dienste te verseker.

### **Nasionale Wet op Kleinsake, 1996 (Wet 105 van 1996) [soos gewysig deur die Wysigingswet op Kleinsake, 2004 (Wet 29 van 2004)]**

Dié Wet het voorsiening gemaak vir die stigting van die Nasionale Kleinsakeraad en die Ntsika-ondernemingsbevoordelingsagentskap (Ntsika), en voorsien riglyne vir staatsorgane om kleinsake in die Republiek te kan bevorder. Die Wysigingswet het alle bepalings betreffende Ntsika herroep; maak voorsiening vir die totstandkoming van die Kleinsakeontwikkelingsagentskap (SEDA); en maak voorsiening vir die inkorporering van Ntsika, Namac en enige ander aangewese instansie in die Agentskap.

### **Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999 (Wet 1 van 1999)**

Dié Wet reguleer finansiële bestuur in die Departement om te verseker dat alle inkomste, uitgawes, bates en laste doeltreffend en effektief bestuur word en voorsien die verantwoordelikhede en gesag aan persone aan wie finansiële bestuur in die Departement toevertrou word.

### **Wet op Toerisme, 2014 (Wet 3 van 2014)**

Dié Wet maak voorsiening vir die ontwikkeling en bevordering van volhoubare toerisme vir die sosiale, ekonomiese en omgewingsvoordeel van Suid-Afrikaanse burgers. Sy doelwitte sluit in die bevordering van verantwoordelike toerismepraktjke; die doeltreffende bemaking van Suid-Afrika sowel binnelands as internasionaal deur Suid-Afrikaanse Toerisme (SAT); die bevordering van toerismeprodukte en -dienste van 'n hoë gehalte; en die bevordering van ekonomiese groei en ontwikkeling van die sektor; en die totstandkoming van konkrete interregeringsverhoudinge om toerisme te ontwikkel en te bestuur. Dit maak spesifiek voorsiening vir die verdere opleiding en registrasie van toergidse; 'n etiese en gedragskode vir toergidse; prosedures om klagtes te lê; en dissiplinêre maatreëls.

### **Wet op Wes-Kaapse Verbruikersake (Onbillike Sakepraktjke), 2002 (Wet 10 van 2002)**

Dié Wet maak voorsiening vir die ondersoek van, verbod op en beheer oor onbillike sakepraktjke en stig 'n Kantoor van die Verbruikersbeskermer en Verbruikersaktribunale.

### **Wet op die Wes-Kaapse Agentskap vir die Bevordering van Belegging en Handel, 1996 (Wet 3 van 1996) [soos gewysig deur die Wysigingswet op die Wes-Kaapse Agentskap vir die Bevordering van Belegging en Handel, 2013 (Wet 6 van 2013)]**

Dié Wet roep die Wes-Kaapse Agentskap vir die Bevordering van Belegging en Handel (Wesgro), 1996, in die lewe. Dit is gewysig deur die Wysigingswet op die Wes-Kaapse Agentskap vir die Bevordering van Belegging en Handel, 2013 (Wet 6 van 2013), wat die hoofwet gewysig het met die doel om die magte en pligte van die direkteure van die Raad van die Agentskap (die Raad) en hoof- uitvoerende beampte (HUB) uit te brei om die bevordering van toerisme in te sluit.

## **4.3 BELEIDSMANDATE**

### **Die sleutelkonsepte van die NOP is:**

Die sleutelkonsepte van die NOP is:

- Om Suid-Afrikaners rondom 'n gedeelde program te verenig;
- Burgers is aktief in hul eie ontwikkeling;
- Vinniger en meer inklusiewe ekonomiese groei;
- Die bou van kapasiteit;
- 'n Bekwame staatsdiens; en
- Leierskap en verantwoordelikheid regoor die samelewing.

### **Een Kaap 2014**

Een Kaap 2014 is 'n opsetlike poging om 'n oorgang na 'n meer inklusiewe en veerkragtige ekonomiese toekoms vir die Wes-Kaapse streek te stimuleer. Dit is 'n visie en strategie vir die samelewing eerder as 'n plan van die Regering, hoewel al drie sferes van die Regering noodsaaklik is vir die implementering daarvan. Dit vervang nie enige bestaande statutêre planne wat van òf die Provinsie òf munisipaliteite vereis word nie. Dit is eerder bedoel as 'n verwysingspunt en riglyne vir alle belanghebbendes om die volgende teweeg te bring:

- Bevorder vars denke en beslissende dialoog oor die toekoms;
- Verskaf 'n gedeelde agenda vir samewerking deur die privaatsektor, openbare sektor en burgerlike samelewing;
- Help om regeringsaksies en beleggingsbesluite in ooreenstemming te bring;
- Fasiliteer die nodige veranderinge wat ons sal moet maak om aan te pas by ons (snel) veranderende plaaslike en globale konteks; en
- Spreek ons ontwikkelings-, inklusiwiteits- en mededingendheidsimperatiewe aan.

### **Provinsiale Strategiese Plan (PSP)**

Die PSP is 'n vyfjaarplan wat die WKR se strategieë en planne vir die volgende vyf jaar uiteensit. Dit bestaan uit vyf Strategiese Doelwitte, naamlik:

Strategiese Doelwit 1: Skep geleenthede vir groei en werk.

Strategiese Doelwit 2: Verbeter onderwysuitkomstes en geleenthede vir jeugontwikkeling.

Strategiese Doelwit 3: Verbeter welsyn en veiligheid en spreek sosiale ewels aan.

Strategiese Doelwit 4: Bou 'n leefomgewing van goeie gehalte wat veerkragtig reageer op klimaatsverandering.

Strategiese Doelwit 5: Lê goeie staatsbestuur en geïntegreerde dienslewering vas deur vennootskappe en ruimtelike belyning.

Die Departement is getaak om Doelwit 1: Skep geleenthede vir groei en werk, te lei. Dit kan in nege Strategiese Prioriteite opgesom word, naamlik:

1. Belê in groei en om die vaardighede wat ons ekonomie benodig, te lok en te behou.
2. Ondersteun entrepreneurs en kleinsakeondernemings sodat hulle kan floreer.
3. Maak dit makliker om sake te doen deur rompslomp aan te spreek.
4. Belê in hoëgehalte-, doeltreffende en mededingende infrastruktuur.
5. Hernu die streek se handelsmerk om interne en eksterne belegging te vergroot.
6. Open markte vir Wes-Kaapse firmas en sleutelsektore wat wil uitvoer.
7. Verseker ons ekonomiese, sosiale en omgewingsvolhoubaarheid.
8. Demonstreer leierskap wat 'n verbeterde streeks- ekonomiese ekostelsel (staatsbestuur) bevorder en innovering aangryp.
9. Verbeter ons besoekerseconomie deur bestemmingsbemarking

### **Wes-Kaapse Groen Ekonomie- Strategiese Raamwerk**

Die doel van dié raamwerk is om die Wes-Kaap te posisioneer as die Provinsie met die laagste koolstofvlakke in Suid-Afrika en die leidende ekonomiese brandpunt op die vasteland van Afrika.

### **Wes-Kaapse Infrastruktuurraamwerk**

Dié Provinsiale infrastruktuurraamwerk bring die beplanning, lewering en bestuur van infrastruktuur in ooreenstemming met mekaar. Dit geld vir almal (Nasionale Regering, Provinsiale Regering, belanghebbendes, Plaaslike Regering, semistaatsinstellings en die privaatsektor).

## **4.4 RELEVANTE HOFUITSPRAKE**

Geen.

## **4.5 BEPLANDE BELEIDSINISIATIEWE**

In ooreenstemming met die sleutel doelstellings wat in die Nasionale Ontwikkelingsplan (NOP) en die visie van Een Kaap 2040 vervat word vir 'n groeiende, veerkragtige en inklusiewe ekonomie in die Wes-Kaap, wil die Departement die strategiese doelwitte lewer soos vervat in die Provinsiale Strategiese Doelwit 1 (PSD 1), wat 'n ekonomie in die vooruitsig stel wat 'n omgewing skep waar daar oorvloedige geleenthede vir groei en die skep van werkgeleenthede is. Die Departement gryp die leierskapsrol aan wat vereis word om uiting te gee aan die planne en mikpunte vir ekonomiese veerkragtigheid om die skep van 'n omgewing te verseker wat bevorderlik is vir groei en inklusiwiteit.

Die Departement sal al nege strategiese ingrypings wat in PSD 1 vervat word, lewer d.m.v. sy dwarsnit- en gebiedspsesifieke ingrypings, wat verseker dat programme vir verandering in sowel die geografiese as ekonomiese ruimtes gevestig word.

Terwyl die Departement die hele samelewing ondersteun as dit kom by ekonomiese ingrypings, sal klem gelê word op die nywerhede wat as deurslaggewende ekonomiese aandrywers geïdentifiseer is:

- Die Olie- en Gasdiensbedryf;
- Die Vervaardigingseconomie, insluitende Agri-prosesserings;
- Finansiële en Professionele Dienste, wat die Sakeproses-uitkontrakteringsbedryf insluit; en
- Die Besoekerseconomie.

Die bedrywe hierbo genoemde vorm die grondslag waarop die Departement die dwarsnydende instaatstellersprogramme sal bou. Laasgenoemde sluit in vaardigheidsontwikkeling; ontwerp en innovering; die stimulerings van die Groen Ekonomie; en katalitiese infrastruktuur. Daarbenewens sal die Departement se hoofverantwoordelikheid om ekonomiese leierskap te verskaf beide horisontale en vertikale skakels tussen die dwarsnydende programme en die sakeondernemings binne die onderskeie bedrywe moontlik maak om optimalisering van die Regering se pogings en aktiwiteite te verseker.

Die Departement se belangrikste strategiese doelstellings oor die volgende vyf jaar sal wees om:

### **Leierskap vir ekonomiese groei te verskaf**

Dit is die Departement se plig om die vertikale en horisontale leierskap binne die ekonomie te verskaf om alle ekonomiese belanghebbendes in staat te stel om saam te werk om die Wes-Kaap 'n groeiende, veerkragtige en inklusiewe ekonomiese leier in Suid-Afrika te maak. Om hierdie mandaat doeltreffend te kan uitvoer, sal die Departement:

- Strategies met die sakewêreld omgaan om te verseker dat die sakewêreld vennootskappe met die Regering aangaan om die streek se ekonomie te verbeter;
- Innoverende en verantwoordelike ekonomiese beleidsontwikkeling verskaf wat die onderskeie benaderings van ekonomiese verandering binne die ekonomiese ruimte- en geografiese platforms met mekaar sal skakel en in ooreenstemming bring;

- Samewerking met die oog op ekonomiese voordele met verskeie ekonomiese belanghebbende-organisasies stimuleer, insluitende die sakewêreld, die Regering en die akademie; en
- Drukgroep-optrede binne die Regering en advokaatskap verskaf en invloed bevorder om ekonomiese groei aan te dryf.

### **Die koste te verminder en die gemak van sake doen te verbeter**

Rompslomp is die grootste beperkende faktor vir suksesvolle ekonomiese groei en word hoofsaaklik deur twee grondliggende kwessies veroorsaak, naamlik ekonomies onvriendelike wetgewing en ondoeltreffende prosesse en prosedures. Dit is die Departement se doelstelling om albei hierdie primêre onderliggende oorsake van rompslomp doeltreffend aan te spreek. Die Departement sal dus:

- 'n Regulatoriese Impak-assesseringsproses in werking stel om die ekonomiese impak van nuwe en bestaande wetgewing binne die Provinsie vas te stel;
- Problematiese burokratiese prosesse identifiseer, ondersoek en regstel;
- Druk uitoefen en advokaatskap verskaf vir 'n sakevriendelike en mededingende wetgewende omgewing, veral in die KMMO-omgewing; en
- Deurslaggewende beperkende wetgewing wat rompslomp teweegbring identifiseer, ondersoek en veranderinge deurvoer.

### **'n Innoverende en mededingende sakeomgewing te vestig en te bevorder**

Die Wes-Kaap moet beskou word as die ekonomiese brandpunt wat innoverende en skeppende metodes bevorder en aandryf om ekonomiese veerkragtigheid, insluiting en groei teweeg te bring. Daar bestaan reeds 'n florerende ontwerp- en skeppende ingesteldheid in die streek en die Departement is van voorneme om daarmee voort te gaan en om sy ingrypings in hierdie opwindende arena uit te brei. Die sleutelaksies van hierdie strategiese doelwit sal wees om:

- Kreatiwiteit en innovering in die ekonomie te bevorder om die nuwe uitdagings die hoof te bied wat betref sleutelbedrywe wat werkgeleenthede skep en arbeid absorbeer en handelsoriëntasie, belegging en uitvoer bevorder;
- Aktief deel te neem aan die uitbreiding van die Groen Ekonomie, om sodoende volhoubare en geïntegreerde oplossings te skep vir baie ekonomiese uitdagings en om geleenthede vir werkskepping te verseker; en
- Samewerkingsvennootskappe tussen die nywerheid, die Regering en universiteite te ontwikkel om optimale navorsingsvermoëns moontlik te maak

### **Deurslaggewende vaardighede te ontwikkel om die toenemende aanvraag vir toepaslike vaardighede vir die ekonomie te kan verskaf en sodoende die mededingendheid van die streek te verbeter**

Dit sal 'n hersiening van die sistemiese en grondliggende oorsake van die uitdagings wat die sakewêreld in die gesig staar genoodsaak as die pas van beskikbare talent by die vaardigheidsaanvraag grootliks ontoepaslik is. Om die gaping tussen die vaardighede wat die ekonomie vereis en dié wat deur die onderskeie opvoedingsinstansies verskaf word te verklein, sal die Departement oor die volgende vyf jaar spesifiek fokus op die volgende belangrike gebiede:

- Die ontwikkeling van ambagsmanne;
- Innoverings-, skeppende- en ontwerpvermoëns;
- Finansiële, sakeproses-uitkontrakterings- en Digitale Ekonomie-vaardighede;
- Voortdurende assesserings en herassesserings van die vaardigheidsgaping;
- Sistemiese ingrypings om kwalifikasies in die wetenskap, tegnologie, ingenieurswese en wiskunde te verbeter;
- Die ontwikkeling van 'n stel entrepreneursvaardighede, veral op jongmense gemik; en
- Die plasing van jongmense in werkplekke om die uitdagings van ondervindingsgebaseerde leer aan te spreek.

### **Te belê in beslissende ekonomiese katalitiese infrastruktuur**

Doeltreffende en effektiewe infrastruktuur is van deurslaggewende belang om te verseker dat die ekonomie doeltreffend funksioneer. Dit is uiters belangrik dat daar voortgesette belegging in belangrike katalitiese ekonomiese infrastruktuur is aangesien dit die ekonomie in staat sal stel om voortdurend aktief te wees en te groei, wat toenemende ekonomiese voordele onderlê. Om dié rede sal die Departement klem lê op:

- Die ondersteuning en ontwikkeling van beslissende katalitiese infrastruktuurprojekte wat medium- tot langtermyn- ekonomiese voordele sal bevorder;
- Die voorsiening van insette oor die bekendstelling van Breëband aan gemeenskappe en die sakewêreld, veral in die bedrywe wat toegang tot groot data vereis;
- Die identifikasie van die ruimtelike infrastruktuurbehoefte wat die grondslag van die plattelandse ekonomie sal vorm; en
- Die ontwikkeling van 'n Provinsiale kragstrategie wat kragsekerheid in die streek sal voorsien.



## Die globale profiel van Kaapstad en die Wes-Kaap te bevorder

Die bevordering van Kaapstad en die Wes-Kaap as beide 'n besoekers- en 'n beleggingsbestemming is 'n beslissende strategiese doelstelling wat sal verseker dat sowel die toerismebedryf as die direkte beleggingsektore indrukwekkende groeibane volhou. Om hierdie doelwitte te behaal, sal die Departement:

- Die bates van die Wes-Kaap doeltreffend aanwend as 'n vastrapplek vir groter belegging deur die vasteland en globaal;
- Die aantreklikheid van Kaapstad se globale handelsmerk inspan en daarop voortbou as 'n bestemmingstrekpleister en 'n brandpunt vir groei in die streek;
- Aksies instel om Kaapstad as 'n saketoerisme-bestemming te bevorder en om nuwe toerisme-nismarkte te ontwikkel vir uitgebreide groei;
- Die Stad en die Streek bevorder as 'n aantrekklike sentrum van uitnemendheid vir belangrike bedryfsbrandpunte (Besoekers, Medies, Olie- en Gasdienste, Finansiële en ander sakedienste); en
- Direkte toegang tussen Kaapstad en belangrike markbestemmings bevorder.

## Handel en belegging vir Afrika se groei en ontwikkeling te bevorder

Terwyl die streek baie en uiteenlopende markte het waarin handel en belegging bevorder word en sal voortgaan om bevorder te word, is dit 'n strategiese imperatief om spesifieke klem op die Afrikamark as 'n belangrike beleggings- en handelsbestemming te plaas. Kaapstad se posisionering tussen Oos en Wes is uniek en, gegewe die land se inherente geografiese en hulpbronsake, het dit die potensiaal om 'n betekenisvolle bydrae tot ekonomiese groei te maak vir globale firmas wat in Afrika wil belê.

Dit is dus die Departement se plig om die Afrikahandel- en Beleggingstrategie te finaliseer en te verseker dat programme in werking gestel word wat betekenisvol sal bydra tot die posisionering van die Wes-Kaap as 'n belangrike handelstreek vir Afrika. Dit sal veral fokus op die uitvoergereedheid van klein en mediumgrootte ondernemings vir handel met Afrikalande, sowel as die bevordering van die streek se vermoë om 'n brandpunt vir Afrikahandel en 'n sentrum van uitnemendheid vir die huisvesting van globale hoofkwartiere te raak vir multinasionale firmas wat sake op die vasteland van Afrika wil doen.

## 5. BYGEWERKTE OMSTANDIGHEIDSONTLEDING

### 5.1 PRESTASIELEWERINGSOMGEWING

Die globale en nasionale omgewing het 'n impak op die Wes-Kaap se leweringsomgewing. Die droogtetoestande; veranderinge in inflasie, wisselkoers en rente; afgradering van finansiële status; en veranderinge in globale kommoditeitspryse sal op een of ander manier 'n impak op die streekse ekonomie uitoefen. Globale en nasionale ontwikkelings beïnvloed ons uitvoer, kapitaalvloei, getal toeriste wat ons besoek en die koste van kapitaal vir belegging. Om die omgewing waarin die Departement sy taak moet uitvoer, te verstaan, help om waardering te skep vir die onderskeie beleidsinstrumente en ingrypings wat nagevolg word. Daarom word 'n kort oorsig oor die belangrikste globale, nasionale en provinsiale ekonomiese prestasies aangebied om konteks aan die prestasieleweringsomgewing vir die Departement te verskaf.

### Globale Ekonomie

Die Internasionale Monetêre Fonds (IMF) se Wêreld- Ekonomiese Vooruitsig (WEV) voorspel dat ekonomiese groei wêreldwyd met 3.9% in 2018 sal groei. Die vooruitsig van globale groei toon tekens van volgehoue herstel, met handelsvolume wat wêreldwyd toeneem. Die belangrikste ontwikkelings wat hierdie geprojekteerde uitbreiding ondersteun is die verstewiging van globale aanvraag en veerkragtige finansiële markte (aangespoor deur volgehoue beleidsondersteuning in China en fiskale uitbreiding en deregulering in die Verenigde State). Die Buro van Ekonomiese Ontleding (BEO), wat die VSA se ekonomiese statistiek opstel, het in hul vooruitskattings onthul dat die reële bruto binnelandse produk (BBP) teen 'n jaarlikse koers van 0.7% in die eerste kwartaal van 2017 toegeneem het, wat 0.4 persentasiepunte laer is as die 2.1% wat in die vierde kwartaal van 2016 aangeteken is. Die belangrikste sektore wat ekonomiese groei in die vierde kwartaal van 2016 aangedryf het, is: finansiering en versekering, groothandel, en professionele, wetenskaplike en tegniese dienste. Die BEO het ook aangeteken dat 19 van die 22 bedryfsgroepe in die vierde kwartaal van 2016 tot die oorkoepelende toename van 2.1% in BBP bygedra het. Op die monetêre front word verwag dat die Amerikaanse Federale Reserwebank sy gematigde pas van gordel intrek sal volhou, afhangende in sekere mate van die reikwydte en aard van moontlike fiskale hervormings. Op die arbeidsmark het die Buro van Arbeidstatistiek gewys dat totale indiensneming, landbou uitgesluit, in die VSA in April 2017 met 211,000 toegeneem het. Die sektore wat werk geskep het, sluit in: Ontspanning en Gasvryheid, Gesondheidsorg en Maatskaplike Bystand, Finansiële Aktiwiteite en die Mynwese. Die werkloosheidskoers het met 0.6 persentasiepunte tussen Maart en April afgeneem tot 4.4% in April 2017. Namate die werkloosheidskoers afgeneem het, het die getal werklose persone ook met 854,000 persone afgeneem tot 7.1-miljoen in April. Die Buro van Arbeidstatistiek het ook getoon dat die arbeidsmark se deelnamekoers 62% was, terwyl die verhouding tussen die werkloosheidsyfer en bevolkingstalle in April 2017 op 60.2% te staan gekom het.

Die IMF se groeiprojeksie vir die Eurogebied vir 2017 is 1.7%. Die Duitse ekonomie, wat na verwagting met 1.6% sal groei, sal hoofsaaklik aangedryf word deur sterk buitelandse aanvraag, soliede ontwikkelings in die boubedryf en toenemende sakevertroue. In Frankryk het stemgeregtigdes op 7 Mei besluit om hul mandaat aan verkose president Emmanuel Macron te verleen. Fyner besonderhede oor beleidsrigtings sal na vore tree soos wat die nuwe administrasie met sy werksaamhede begin en sy visie betreffende beleid verklaar. Die IMF se groeiprojeksie voor die uitkoms van die verkiesing was 'n groeiakoers van 1.4% in 2017. Groei in Spanje sal na verwagting in 2017 met 2.6% uitbrei. In die eerste kwartaal van 2017 het die ekonomie met 0.8% gegroei. Groei sal ondersteun word deur huishoudings wat goed ondersteun word deur 'n positiewe arbeidsmark. Wat die VK betref, projekteer die IMF 'n groeiakoers van 2% in 2017 – 'n toename van 0.2 persentasiepunte vanaf die geskatte 1.8% vir 2016. Die VK bly een van die Europese ekonomieë wat die vinnigste groei, hoewel dit aanvanklik ná die Brexit-stemming afgeneem het weens 'n toenemende verwagting van 'n moontlike toename in hindernisse vir handel en migrasie, gekoppel aan 'n moontlike inkrimping van die finansiële dienste-sektor as gevolg van moontlike hindernisse vir die aangaan van finansiële transaksies met lede van die Europese Unie (EU). Die besluit om 'n blitsverkiesing op 8 Junie uit te roep, het tot gevolg gehad dat die pond aansienlik versterk het.

Groei van 4.7% in 2017 is vir opkomende markte en ontwikkelende ekonomieë voorspel. Hoewel die IMF hul groeivoorspellings afwaarts aangepas het vir Indië, bly dit hoog, teen 7.1%. In China word groei teen 6.6% vir 2017 en 6.6% vir 2018 geprojekteer. Die hoofoorgange in hierdie twee ekonomieë is die impak van demonetisering in Indië en 'n sterk vertoning in die Chinese finansiële markte, aangespoor deur volgehoue beleidsteun. Die huidige politieke onsekerheid in Brasilië kan dalk die verwagte herstel ondermyn. Rusland sal na verwagting uit resessie tree. In Afrika suid van die Sahara sal ekonomiese groei na verwagting effens herstel na 2.7% in 2017 – 'n toename vanaf die skatting van 1.4% vir 2016. Die voorspelling van die toename in groei in 2017 vir **Afrika suid van die Sahara** is hoofsaaklik gegrond op die verhoging van olievervaardiging in Nigerië, hoër openbare besteding in Angola voor 'n verkiesing en 'n verbetering in die droogtetoestand in Suid-Afrika. In Kenia, Ivoorkus en Senegal sal groei na verwagting in 2017 bo 5% bly.

### Nasionale Ekonomie

Hoewel die globale ekonomie tekens van herstel toon, het die plaaslike ekonomie se groeiprestasie in 2016 afgeneem om 'n laagtepunt van 0.3% aan te teken. Dit was die laagste jaarlikse groeiakoers sedert die finansiële krisis 'n resessie in 2008/9 teweeggebring het. Ekonomiese data wat deur Statistiek Suid-Afrika vrygestel is, het getoon dat die nasionale ekonomie in 2016 met 0.3% uitgebrei het. Die ekonomie sal volgens die IMF na verwagting in 2017 met 0.9% groei. Hierdie projeksie is 0.6 persentasiepunte bo die geskatte groei van 0.3% vir 2017. Die belangrikste ekonomiese ontwikkelings wat die groeivoorspelling ondersteun is die BBP se inkrimping in die eerste kwartaal van 2017, wat die ekonomie in 'n tegniese resessie plaas (d.w.s. twee opeenvolgende inkrimpings – -0.7% in die eerste kwartaal van 2017 en -0.3% in die vierde kwartaal van 2016), die afgradering van die land se kredietstatus, politieke onsekerheid, 'n afname in sakevertroue, en swak belegging en kapitaalformasie (SARB). Nog 'n belangrike ekonomiese prestasie-aanwyser, die gemiddelde jaarlikse inflasiekoers, toon dat dié koers in 2016/7 buite die teikengordel van 3-6% geval het, hoewel dit na verwagting sal terugkeer na die teikengordel in die tweede kwartaal van 2017. In die arbeidsmark het die nasionale gemiddelde werkloosheidskoers hoog gebly teen 26.3% in 2016, gestyg tot 27.7% in die eerste kwartaal van 2017 en teen dieselfde koers (27.7%) in sowel die tweede as derde kwartaal van 2017 gebly.

Op sektorale vlak was die sektore wat aansienlike inkrimping in die eerste kwartaal aangeteken het Handel, Spyseniering en Akkommodasie (-5.9%), Vervaardiging (-3.7%) en Elektrisiteit, Gas en Water (-4.8%). Die opeenvolgende inkrimping in die vervaardigingssektor, nadat dit ook in die vierde kwartaal van 2016 afgeneem het, is baie kommerwekkend. Die tabel hier onder spoor BBP-prestasie in die afgelope vyf kwartale na:

| Sektor                              | 2016K3     | 2016K4      | 2017K1      | 2017K2     | 2017K3     |
|-------------------------------------|------------|-------------|-------------|------------|------------|
| Landbou                             | -0.2       | -0.1        | 23.1        | 38.7       | 44.2       |
| Mynwese                             | 4.2        | -11.5       | 13.1        | 8.2        | 6.6        |
| Vervaardiging                       | -3.3       | -3.1        | -3.7        | 1.5        | 4.3        |
| Elektrisiteit                       | -2.5       | 2.4         | -4.8        | 8.8        | -5.5       |
| Boubedryf                           | 0.7        | 0.4         | -0.8        | -0.3       | -1.1       |
| Handel, Spyseniering & Akkommodasie | -2.0       | 2.1         | -5.9        | 0.6        | -0.4       |
| Finansiering & Eiendom              | 1.7        | 1.6         | -1.2        | 2.2        | 0.6        |
| Transport & Kommunikasie            | 1.3        | 2.6         | -1.6        | 2.5        | 1.2        |
| Algemene Regering                   | 2.0        | 0.9         | -0.7        | -1.1       | -0.7       |
| Persoonlike Dienste                 | 1.4        | 1.0         | -0.1        | 1.3        | 0.9        |
| <b>BBP @ Markpryse</b>              | <b>0.4</b> | <b>-0.3</b> | <b>-0.6</b> | <b>2.8</b> | <b>2.0</b> |

[Bron: Statistiek Suid-Afrika]

Die twee primêre sektore, die Mynwese en die Landbou, het in die eerste kwartaal van 2017 onderskeidelik met 13.1 en 23.1% uitgebrei.

Die Suid-Afrikaanse Reserwebank (SARB) het onthul dat die jaar-tot-jaar-inflasiekoers tot 5,3% in April 2017 afgeneem het en dus binne die teikenbestek van 3-6% val. Die Bank het ook sy inflasievooruitskating vir 2017 met 0.2 persentasiepunte aangepas, vanaf die aanvanklike vooruitskating van 5.9% tot 5.7%. Die inflasievooruitsigte vir 2018 word teen 5.3% geprojekteer. Die Bank se belangrikste ontwikkelings wat die inflasievooruitsigprojeksie onderlê, is: afwaartse aanpassings van die internasionale olieprys, plaaslike elektrisiteitstariefveronderstellings (gegrond op 'n tariefverhoging van 4.0%, met effek vanaf Julie 2017, afwaarts vanaf 8.0%), 'n aanname dat die wisselkoers minder sal appresieer, en die verligting van droogtetoestande wat tot 'n stadiger afname in kosprysinflasie bydra.

Sakevertroue is een van die hoof- ekonomiese aanwysers wat gebruik word om die hoeveelheid optimisme of pessimisme te meet wat senior bestuurders van ondernemings voel oor die vooruitsigte van hul maatskappye, gegewe die ekonomiese, politieke en sosiale omgewing, huidig en in die toekoms. Sakevertroue onder 50 indekspunte weerspieël pessimisme, terwyl vertroue bo 50 optimisme suggereer. In die eerste kwartaal van 2017 was die enigste sektor waar senior bestuurders optimisme uitgedruk het die groothandelsektor. Sakevertroue op nasionale vlak bly steeds onder 50 indekspunte, met vertroue in die vervaardigingsektor wat tot onder 30 indekspunte daal. Die Buro vir Ekonomiese Navorsing (BEN) het verder opgemerk dat sakevertroue in die vervaardigingsektor sedert die eerste helfte van 2011 onder 50 indekspunte vassteek.

### Provinsiale Ekonomie

Die Provinsie van die Wes-Kaap het na raming in 2016 met 0.7% gegroei (IHS Markit), wat 0.4% persentasiepunte bo die nasionale gemiddelde van 0.3% vir dieselfde tydperk is. IHS Markit het projekteer dat die Provinsie in 2017 met 1.3% en in 2018 met 1.7% sal uitbrei. Die impak van die droogtetoestande word steeds in die Provinsie gevoel en neem kritieke proporsies aan met damwatervlakke wat in Mei 2017 rekordlaagtepunte bereid het. 'n Oorsig oor groeikoerse per distrik toon dat die hoogste groeikoers in 2016 deur die Stad Kaapstad aangeteken is (1.3%).

Die tabel hier onder toon jaarlikse gemiddelde groeikoerse (konstante 2010-pryse):

| Gemiddelde jaarlikse groei (Konstante 2010-pryse) |          |                         |        |                 |          |      |                |
|---|----------|-------------------------|--------|-----------------|----------|------|----------------|
|   | Wes-Kaap | KPS (Die Stad Kaapstad) | Weskus | Kaapse Wynlande | Overberg | Eden | Sentraal-Karoo |
| 2012  | 2.8      | 3.0                     | 1.8    | 2.3             | 2.3      | 2.9  | 2.3            |
| 2013  | 2.6      | 2.5                     | 2.4    | 2.5             | 2.8      | 3.5  | 2.6            |
| 2014  | 2.1      | 1.9                     | 2.0    | 2.4             | 2.6      | 2.9  | 2.5            |
| 2015  | 1.5      | 1.7                     | 0.9    | 1.6             | 0.9      | 0.3  | 1.2            |
| 2016  | 1.0      | 1.3                     | -0.2   | -0.1            | 0.0      | 0.6  | -0.5           |

Die BEN-sakevertroue in die Provinsie het in die eerste kwartaal 'n afname getoon vanaf 48 indekspunte in Desember 2016 tot 44 indekspunte in Maart 2017. Hoewel die totale sakevertroue in die Provinsie in die eerste kwartaal van 2017 afgeneem het, het vertroue in die bousektor positief gebly teen 60 indekspunte.

Indiensnemingsdata wat deur Statistiek Suid-Afrika (StatsSA) vrygestel is, het getoon dat daar op nasionale vlak 'n totaal van 113 000 werkgeleenthede in die tweede kwartaal van 2017 verlore gegaan het, waarvan die Provinsie van die Wes-Kaap 4 000 verloor het. Die sektore wat die meeste werkgeleenthede in die tweede kwartaal in dié Provinsie verloor het, is: Landbou, Vervaardiging, Transport en private huishoudings. Die informele sektor (nie-landbou) in die Wes-Kaap het op 'n kwartaallikse basis 12 000 werkgeleenthede verloor ('n inkrimping van 4.4%) en op 'n jaarlikse basis met 16.8% uitgebrei.

Ander belangrike arbeidsmarkaanwysers vir die Wes-Kaap toon dat:

- Die werkloosheidskoers het van 21.5% in 2017K1 tot 20.7% in 2017K2 afgeneem voordat dit tot 21.9% in 2017K3 toegeneem het.
- Die aantal mense in diens in die Provinsie het met 0.1% op 'n kwartaal-tot-kwartaal-basis afgeneem, wat 'n netto indiensnemingsafname van 4 000 was. Op 'n jaar-tot-jaar-basis het indiensneming toegeneem met 6% (137 000).
- Die aantal werklose mense het met 4.8% op 'n kwartaallikse basis en 2.7% op 'n jaarlikse basis afgeneem.
- Die arbeidsdeelnamekoers het afgeneem met 1.1 persentasiepunte op 'n kwartaallikse basis en toegeneem met 1.3 persentasiepunte op 'n jaarlikse basis.

- Die arbeidsopnamekoers het afgeneem met 0.3 persentasiepunte op 'n kwartaallike basis en toegeneem met 2 persentasiepunte op 'n jaarlike basis.

Die Provinsie van die Wes-Kaap is die enigste Provinsie met 'n uitgebreide werkloosheidskoers onder 30%, teen 24.6% [2017K2]. Dié Provinsie het ook die laagste niemetrowerkloosheidskoers aangeteken, teen 17.1% in 2017K2.

### Die Departement

Binne hierdie ekonomiese konteks met besliste uitdagings gaan die Departement voort om sy operasies in ooreenstemming te bring en 'n aantal inisiatiewe as ingrypings aan te dryf om 'n omgewing te skep wat die bogenoemde hoofstrategieë aangryp om werkgeleenthede te ontsluit en ekonomiese groei aan te jaag. Die Departement streef daarna om dit makliker te maak vir besighede om te groei en vir die arbeidsmag om in die arbeidsmark opgeneem te word. Onder hierdie inisiatiewe is: vaardighedsontwikkeling, ondersteuning vir die groei van katalitiese infrastruktuur, verbetering van die gemak waarmee sake gedoen word, en die ondersteuning van prioriteitsektore (Agri-prosessering en Toerisme). Hierdie inisiatiewe word geïmplementeer in 'n ekonomiese omgewing wat groot beperkinge inhou.

'n Duideliker prentjie van hoe die operasionele omgewing lyk, word aanskoulik geïllustreer deur die SWOT-ontleding hier onder:

|                   |  |
|-------------------|--|
| <b>Sterkpunte</b> | <p><b>Provinsiespesifiek:</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Die streek het vier universiteite wat tot grondige domeinvaardighede bydra.</li> <li>• Die instaatstellende sakeomgewing in die vorm van ekonomiese en politieke stabiliteit verminder sakerisiko.</li> <li>• Moderne infrastruktuur soos die doeltreffende vervoer- en telekommunikasienetwerke bied betroubaarheid.</li> <li>• Wat Sakeproses-uitkontraktering betref, bied die streek mededingendheid van tot 60% teen bronmarkte. Dit het 'n groot Engelse taal-talentpoel met 'n neutrale aksent en die Wes-Kaapse kulturele affiniteit met die VK verleen 'n besonderse vermoë daaraan om 'n superieure kliënte-ondervinding te bied.</li> <li>• Die Provinsie het hom geposisioneer as 'n finansiële brandpunt wat sake-uitbreiding na die res van die streek suid van die Sahara kan ondersteun.</li> </ul> <p><b>Departementspesifiek</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Die Departement beskik oor 'n eenheid om die gemak van sake doen te bevorder deur inisiatiewe soos rompslompvermindering en drukgroep-optrede om ekonomies onvriendelike wetgewing en ondoeltreffende prosesse en prosedures aan te spreek.</li> <li>• Voorkomende vaardighedsontwikkeling spreek werkloosheid aan deur vaardighedsontwikkeling wat daarop gemik is om die arbeidsmag relevant tot die arbeidsmarkvereistes te maak.</li> <li>• 'n Energieke beleggingsbevorderingseenheid wat daarop gemik is om die Provinsie te bevorder en om uitvoeradvies aan sakeondernemings in die streek te verskaf.</li> <li>• 'n Duidelik gedefinieerde sektorale ingrypingstrategie om groei aan te dryf sowel as om arbeidsopname te bevorder.</li> <li>• 'n Fokus op die ontwikkeling en uitbreiding van katalitiese infrastruktuur (bv. breëband) om groei 'n hupstoot te gee en om werkgeleenthede te skep.</li> </ul> |
|-------------------|--|

|                 |   |
|-----------------|---|
| <b>Swakhede</b> | <p><b>Provinsiespesifiek:</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Kritieke waterbeperkinge wat die potensiaal besit om 'n impak op landbou, agri-prosessering en huishoudelike watereistes uit te oefen.</li> <li>• Soortgelyk aan die nasionale tendens, 'n hoë werkloosheidskoers onder die jeug.</li> <li>• Sukkel met 'n tekort aan vaardighede.</li> </ul> <p><b>Departementspesifiek:</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Absence of a regional tourism brand. A tourism strategy that does not articulate a sufficiently clear selling proposition. A lot is happening in the tourism space but there is an absence of a clear and well-coordinated strategy that brings together all role players, providing clear mandate to each in order to avoid efforts duplication and competition.</li> <li>• Tourism is impacted by limited direct flights to the region from various international source markets – needed to accelerate air access initiatives.</li> <li>• An agri-processing sector which is facing challenges in accessing export markets, access to energy and water, logistics and infrastructure, and inadequate skills and investment in Research and Development.</li> </ul> |
|-----------------|---|

|                    |   |
|--------------------|---|
| <b>Geleenthede</b> | <p><b>Provinsiespesifiek:</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Sterk groei in Afrika bied 'n geleentheid vir die Departement om uitvoer na hierdie markte te bevorder.</li> <li>• Die depresiasie van die geldeenheid bied 'n geleentheid vir die Departement om uitvoer en toerisme deur prysmededingendheid te bevorder – identifiseer spesifieke sektore/subsektore wat hieruit munt kan slaan.</li> <li>• Die sterk landbouvermoë van die streek bied 'n geleentheid om agri-prosessering te bevorder. Die sektor word beskou as dat dit arbeid absorbeer en groei in die landbousektor aanmoedig, wat ruimtelike ontwikkeling bevorder.</li> </ul> |
| <b>Bedreigings</b> | <p><b>Bedreigings:</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Die risiko van 'n kredietstatus-afgradering kan 'n impak op planne vir groot infrastruktuuruitbreiding (bv. Eskom) hê.</li> <li>• Inkrimping van ekonomiese groei kan 'n impak op verbruikersaanvraag hê.</li> <li>• Onderdrukte kommoditeitspryse.</li> <li>• Suid-Afrikaners het hoë huishoudelike skuld, wat beteken dat die meerderheid van verbruikers baie van hul aankope d.m.v. krediet finansier. Dit stel hulle baie bloot aan rentekoerswisseling.</li> </ul>  |

## 5.2 OORGANISATORIESE OMGEWING

Die Departement se strategie is ontwikkel binne die konteks van die Provinsiale Strategiese Plan (PSP) en in ooreenstemming met die doelwitte wat in Provinsiale Strategiese Doelwit 1 (PSD 1) uiteengesit is.

Die Departement, onder die direkte leierskap van die Minister van Ekonomiese Geleenthede, het sy verbintenis daartoe uitgespreek om steeds die leiersrol te vervul om die Wes-Kaapse Regering se agenda vir PSD 1 voort te dryf, naamlik om geleenthede vir groei en werkgeleenthede te skep. PSD 1 sal uitgevoer word in samewerking met sy susterdepartemente soos Landbou, Vervoer en Openbare werke, en Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning.

Die Departement van Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme sal sy strategiese benadering verbeter wat daarop gemik is om:

- Die vaardighede wat ons ekonomie vereis uit te bou, aan te trek en te behou;
- Dit makliker te maak om sake te doen deur rompslomp aan te spreek;
- Te belê in doeltreffende en mededingende infrastruktuur van 'n hoë gehalte;
- 'n Nuwe handelsmerk vir die streek te ontwikkel om binnelandse en buitelandse belegging te laat toeneem;
- Nuwe markte vir Wes-Kaapse firmas en hoofsektore wat wil uitvoer te open en bestaande markte te ondersteun;
- Ons ekonomiese, sosiale en omgewingsvolhoubaarheid te verseker; en
- Leierskap te demonstree wat 'n verbeterde ekonomiese ekostelsel (staatsbestuur) bevorder en innovering aangryp.

Gegewe die breë en transversale aard van die voorgenoemde strategieë asook die huidige fiskale raamwerk en die stel van 'n boonste limiet vir Vergoeding van Werknemers, het die Departement 'n voorkomende benadering aangeneem om te verseker dat kritieke poste gevul word sodat die Departement beter geposisioneer kan wees om op die mandaat van PSD 1 te reageer.

In hierdie verband het die Departement strategiese Senior Bestuursposte oor alle programme heen suksesvol gevul. Hierdie poste sluit in die aanstelling van twee vise-Direkteur-generaals (Takhoofde) sowel as twee Hoofdirekteurs om die Krag- en Vakleerlingskap-spelwysigers binne die Departement te bestuur. Daar word vertrou dat hierdie aanstellings die lewering binne die Departement se strategiese mandaat verder sal vorm en verbeter.

Om te verseker dat die Departement voldoen aan die begrotingsvereistes, is 'n Komitee wat die bestuur van die vergoeding van werknemers se boonste limiete hanteer in die lewe geroep om te verseker dat poste wat absoluut kritiek is vir dienslewering gevul word. Aangesien die Departementele organisatoriese struktuur 'n ingewikkelde, ineengeskakelde stelsel is, moet verskeie faktore in gedagte gehou word wanneer daar besluit moet word watter poste as kritiek beskou word.

As gevolg van die droogte wat die Provinsie in die gesig staar, moes die Departement sy hulpbronne herprioriseer om te verseker dat dit steeds ekonomiese groei sal aandryf.

**ORGANISATORIESE STRUKTUUR**  
**Departement van Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme**



Minister  
 Ekonomiese Geleentede  
**Mnr A Winde**




Departementshoof  
 Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme  
**Mnr S Fourie**



VDG  
 Ekonomiese Koördinasie en Belanghebbende-interaksie  
**Me J Johnston**





### 5.3 BESKRYWING VAN DIE STRATEGIESE BEPLANNINGSPROSES

#### Provinsiale Strategiese Plan (PSP)

Die Provinsiale Strategiese Plan (PSP) is in 2014 ontwikkel om die Provinsie se strategiese agenda vir doeltreffender lewering te rasionaliseer en vaartbelyn te maak. Die PSP is 'n vyfjaarplan wat die Wes-Kaapse Regering (WKR) se strategieë en planne vir die volgende vyf jaar uiteensit. Dit bestaan uit vyf Strategiese Doelwitte, naamlik:

Strategiese Doelwit 1: Skep geleenthede vir groei en werk.

Strategiese Doelwit 2: Verbeter onderwysuitkomstes en geleenthede vir jeugontwikkeling.

Strategiese Doelwit 3: Vergroot welsyn, verbeter veiligheid en spreek sosiale ewels aan.

Strategiese Doelwit 4: Bou 'n leefomgewing van 'n goeie gehalte wat veerkragtig op klimaatsverandering reageer.

Strategiese Doelwit 5: Verskans goeie staatsbestuur en geïntegreerde dienslewering deur vennootskappe en ruimtelike belyning.

#### Provinsiale Strategiese Doelstelling 1

As 'n uitvloeisel van die Provinsiale Strategiese Plan (PSP), is die Departement getaak om leiding te neem wat betref Provinsiale Strategiese Doelwit 1 (PSD 1): Skep geleenthede vir groei en werk. Met die uitvoering van PSD 1 is Projek Khulisa, wat 'om te groei' in isiXhosa beteken, in die lewe geroep. Projek Khulisa se doel was om die dele van die Wes-Kaapse ekonomie met die grootste potensiaal vir versnelde en volgehoue groei en werkskepping akkuraat te identifiseer. Die strategiese struktuur vir die projek het bestaan uit 'n bestuursgroep bestaande uit Wes-Kaapse Ministers van Ekonomiese Geleenthede; Vervoer en Openbare Werke; Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning; en die Onderburgemeester en Mayco-lid vir Ekonomiese Ontwikkeling by Die Stad Kaapstad. Die leierskapspan het bestaan uit alle belangrike besluitnemers van Departemente wat in die bestuurskomitee verteenwoordig is.

Strategiese Doelwit 1 lys drie hoofdoelstellings. Dit sluit in (i) Maak dit makliker om sake in die Wes-Kaap te doen, (ii) Gee die ekonomie se mededingendheid 'n hupstoot en (iii) Bevorder ons streek in nasionale en internasionale markte. In vorige jare het die Departement regoor 'n breë reikwydte van die ekonomie ingegryp met ingrypings wat 'n impak op die ekonomie beloof het. Weens beperkte hulpbronne kon ingrypings egter nie sodanig befonds word dat dit die grootste moontlike impak op die ekonomie sou hê nie. Deur Projek Khulisa is 'n opsetlike besluit geneem om ekonomiese ingrypings deur ingrypingslense binne die konteks van beperkte hulpbronne te prioriseer en is daar erken dat regerings dikwels te veel met te min hulpbronne probeer doen, wat dikwels uitloop op sub-optimale uitkomstes. As die spelwysiger van PSD 1, fokus Projek Khulisa daarop om werkskepping en ekonomiese groei binne 'n vyfjaar-tydsraamwerk tot die maksimum uit te bou om die diepgesetelde werkloosheidsuitdaging van die streek aan te spreek. Nadat 'n uitgebreide ontleding van geskiedkundige tendense en konsultasies met geteikende belanghebbendes onderneem is, het Agri-prosessering, Toerisme en die Olie- en Gas-bedrywe uit Projek Khulisa na vore getree as die sektore met die grootste potensiaal vir werkskepping.

#### Departement se Rol

Deur die Departement se rol in die verwesenliking van PSD 1 krities te ondersoek, het die Departement ingestem om sy fokus van 'n ingrypingsmodel na een van ekonomiese leierskap te verskuif, waarin die Departement sal konsentreer op die instaatstelling van ekonomiese groei eerder as ingryping in die ekonomie. Dit sal vennootskappe, voorspraak en hefboomfinansiering insluit, en sal in fases oor drie tot vyf jaar ingestel word.

### 6. STRATEGIESE UITKOMSGEORIËNTEERDE DOELWITTE VAN DIE INSTANSIE

Deur die Departement se strategiese doelwitte uiteen te sit, gebruik die Departement se vyfjaarstrategie 'n eenvoudige taksonomie om huidige basislyne te hersien en insette tot strategiese imperatiewe te lewer. Dit is binne dié taksonomie dat strategiese doelwitte en uitkomstes geartikuleer word. Die taksonomie organiseer ingrypbare domeine as Produktiewe, Instaatstellende en Sosiale Sektore.

- Produktiewe Sektore is spesifiek en dra by tot die streek se mededingende omgewing. Die drie hoof-Produktiewe Sektore wat in die eerste drie tot vyf jaar ondersteun sal word, is Olie en Gas, Toerisme en Agri-prosessering. Van jaar vyf tot jaar tien sal daar op nog drie sektore gefokus word. Hierdie sektore sluit in Sakeproses-uitkontraktering (SPU), Hernubares en Rolprente. Padkaarte en ingrypingsartikulasie vir die tweede stel sektore sal binne die volgende vyf jaar gedefinieer word.
  - Instaatstellende Sektore tree op as kragtige katalisators om die groei van die algehele ekonomie te versnel. Verder speel hulle 'n deurslaggewende rol in die stimulering van mededingendheid regoor die ekonomie. Instaatstellende Sektore sluit Elektrisiteit, Water, IKT, Logistiek en Finansiële Dienste in.
  - Sosiale Sektore is die grondliggende boublokke waarop die ekonomie rus. Dit sluit onderwys- en gesondheidsverwante sektore in.

In die artikulering van terreine waarop daar ingegryp word binne die konteks van die taksonomie beskryf figuur 2 die Instaatstellende Sektor-ingrypings binne die Produktiewe Sektore. Die figuur onder beskryf ook die oorvleuelende instaatstellers regoor Produktiewe Sektore.



**Figuur 1: Instaatstellers binne Produktiewe Sektore**

|                            |                    | Erns van die uitdagings wat sektore in die gesig staar |                          |                          |             |                          |                          |  |
|----------------------------|--------------------|--|--------------------------|--------------------------|-------------|--------------------------|--------------------------|--|
|                            |                    | SPU  | Agri-proses-sering       | Toerisme                 | Olie en gas | Hernubare kragbronne     | Rolprent-bedryf          | Beskrywing en voorbeelde   |
| Energie                    |                    | Matig  | Dringend                 | Matig                    | Dringend    | Matig                    | Matig                    | Hoë koste en wisselvallige voorsiening van elektrisiteit<br>Hoë koste en swak gehalte van steenkool  |
| Water                      |                    | Nie huidige dringend nie                               | Dringend                 | Matig                    | Dringend    | Nie huidige dringend nie | Nie huidige dringend nie | Hoë koste van, en skaarste aan, water<br>Voorbeeld in die olie- en gasbedryf: Daar is nie genoeg water in Saldanhabaai vir die IOS nie   |
| Vaardighede                |                    | Dringend   | Matig                    | Nie huidige dringend nie | Dringend    | Matig                    | Matig                    | Hoë koste van, en gebrek aan, arbeid op alle vlakke<br>Voorbeeld in die rolprentbedryf: goeie uitset van akteurs/ regisseurs maar gebrek aan tegniek                               |
| Grootmaal-Infrastruktuur   |                    | Nie huidige dringend nie                               | Matig                    | Nie huidige dringend nie | Dringend    | Nie huidige dringend nie | Nie huidige dringend nie | Groot druk op huidige stelsels en behoefte aan beduidende toevoeging (bv. in Saldanha)   |
| Druk op nasionale regering | Fasilitering       | Dringend   | Dringend                 | Nie huidige dringend nie | Dringend    | Matig                    | Matig                    | Wes-Kaapse nywerhede sukkel om nasionale administrasie te mobiliseer (bv. mobilisasie van DLBV om die verbod op rou volstruivleis op te hef)                                       |
|                            | Welke veranderinge | Dringend   | Nie huidige dringend nie | Dringend                 | Dringend    | Matig                    | Dringend                 | Verandering van nasionale regulasies (bv. visumprobleme in die rolprentbedryf; BSEB-ondersoek in die DHN se Sakeprosedure-aansporing in die Sakeprosedure-uitkontrakteringsbedryf) |

### Toerisme

Toerisme is een van die beduidende werkskeppingssektore in die Provinsie, maar het nog nie sy groei- en werkskeppingspotensiaal bereik nie. As 'n toeristebestemming toon die Provinsie klaarblyklike voordele maar ook uitdagings wat in die volgende vyf jaar deur die Departement aangespreek sal word. Dit sluit die volgende in:

- **Bewustheid.** Die Wes-Kaap sal 'n duidelike toerismehandelsmerk ontwikkel en toerismebemarkingspogings in die Provinsie onder SA Toerisme, die Stad Kaapstad, ander munisipaliteite en Wesgro koördineer. Die Departement sal belangrike bronmarkte identifiseer wat relatief vinnig kan groei.
- **Toeganklikheid.** Met die verbetering van toegang tot en binne die Provinsie sal die Departement voorspraak maak vir eenvoudiger en makliker visaprosesse, veral vir geïdentifiseerde groeiemarkte, en sal kwessies rondom vlugte na die Wes-Kaap aanspreek. Binne die Provinsie sal die Departement kwessies aanspreek rondom toeristelogistiek en hindernisse wat keer dat toeriste maklik in die Provinsie kan rondbeweeg.
- **Aantreklikheid.** Daar word erken dat die Provinsie se aantreklikheid onderontwikkel is, veral sy kulturele en erfeniskomponente wat sy unieke geskiedenis beklemtoon. Oor die volgende vyf jaar sal die Departement sy aantreklikheid as 'n toeristebestemming ontwikkel.
- **Seisoenaliteit.** Daar word erken dat 'n volhoubare toerismebedryf teenseisoenaliteit sal moet teenwerk. Die Departement sal dus wintertoerisme aanmoedig om spitsyd vir toerisme uit te brei deur verdere nison ontwikkeling.

### Agri-prosessering

Agri-prosessering is 'n groot bydraer tot BWT en indiensneming. Dit dra direk meer as R12-miljard en 79 000 werkgeleenthede tot die streekse ekonomie by. Nog belangriker is die feit dat dit laevaardighedsarbeid in plattelandse gebiede absorbeer. Werkers met lae vaardighedsvlakke en plattelandse geografieë is die gebiede met die hoogste werkloosheidsvlakke. Die ontledingspan skat dat, in 'n hoëgroei-senario, BWT tot R26-miljard kan toeneem en 'n verdere 100 000 formele direkte werkgeleenthede toevoeg.

Die huidige droogte, die ergste in menseheugenis, sal 'n groot impak op die vervaardiging van landbougebaseerde kommoditeite en gevolglik op agri-prosessering hê. Die Provinsie sal waarskynlik op kort termyn 'n afname in landbou-uitsette, agri-prosesseringsakwiteit, indiensneming en handel ervaar. Hoe lank die droogte aanhou, sal bepaal tot water mate indiensneming en uitsette geraak sal word. Ten spyte van die impak wat die rampspoedige droogte op die sektor het, sal die Departement nie sy teikens gedurende die boekjaar 2018/19 aanpas nie.

Vir die sektore om hul groeipotensiaal te verwezenlik, sal die volgende gebiede in vennootskap met die Provinsiale Departement van Landbou oor die komende vyf jaar aangespreek word:

- **Marktoegang.** Marktoegang. Beduidende faktore wat toegang tot die mark verhoed word tans deur die plaaslike bedryf ervaar. Die splitsing van verantwoordelikhede tussen die DHN, DLBV, Provinsiale Regering en ander nasionale liggame kompliseer sake as dit kom by die aanspreek van toegang tot die mark. Oor die volgende vyf jaar sal 'n benadering ontwikkel en in werking gestel word om kwessies rakende marktoegang aan te spreek deur die bevordering en ondersteuning van Wes-Kaapse agri-produkte te versterk.

- **Toegang tot krag en water.** Toegang tot krag en water. Suid-Afrika is 'n relatief waterskaars land en die Wes-Kaap 'n relatief waterskaars provinsie. Die gebrek aan geskikte waterinfrastruktuur belemmer die ontwikkeling van die landbousektor. In vennootskap met die Departement van Landbou sal die DEOT 'n benadering ontwikkel om waterskaarste op die platteland aan te spreek. Elektrisiteit is grootliks 'n nasionale probleem. Die Departement sal egter potensieële reaksies op kragprobleme wat deur die bedryf ervaar word, ondersoek.
- **Logistiek en infrastruktuur.** Logistiek en infrastruktuur. Dié sektor word teruggehou deur arm, duur en stadige logistieke infrastruktuur, insluitende spoor-, hawe- en padinfrastruktuur. Interregering- en provinsiale interdepartementele benaderings sal ontwikkel word om die logistieke kwessies wat deur die sektor ervaar word, aan te spreek. Die Departement sal ook ondersoek instel na die uitvoerbaarheid van gespesialiseerde agri-prosesseringsparke wat verbeterde infrastruktuur, N&O-vaardigheidsontwikkelingsfasiliteite en ander gedeelde dienste verskaf.

## Olie en Gas

Die Wes-Kaapse Olie- en Gassektor het 35 000 mense in diens in direkte formele werkgeleenthede, hoofsaaklik in 'n Olie- en Gasdienskapasiteit. Daar word geraam dat die sektor nog 60 000 werkgeleenthede in die volgende vyf jaar sou kon byvoeg. In die verlede was belangrike hindernisse vir groei in dié sektor inperkings aan die verskaffingskant, soos 'n tekort aan infrastruktuur en vaardighede.

Die onderdrukte olieprys het 'n groot impak op olie- en gasaktiwiteite langs die kus van Afrika, wat die streek se primêre bronmark vir die olieboor-herstelbedryf is, gehad. Die afname in olie- en gasaktiwiteite het 'n uitwerking gehad op die plaaslike mariene dienste se vermoë om hul teikens te haal. Ten spyte van die inperking van oliebooraktiwiteit langs die kus van Afrika, het die herstel en vervaardiging van skepe beter gevaar as die olieboorherstel-subsektor. Hoewel die olieprys 'n impak op dié sektor gehad het, sal die Departement nie sy teikens vir die boekjaar 2018/19 aanpas nie.

- **Infrastruktuur.** Die groei van nywerhede word ingeperk deur onvoldoende infrastruktuur wat geskik is vir die herstel van afluende olieboor. Die Wes-Kaapse Regering (WKR) erken dat die ontwikkeling van infrastruktuur wat die groei van die sektor sal ondersteun buite sy verantwoordelikhede en mandaat val. Die Departement sal huidige planne deur die Transnet Nasionale Hawe-owerheid (TNHO) om infrastruktuur vir die herstel van olieboor in Saldanha uit te brei, monitor en voorspraak maak vir verdere verbeterings wat nodig is om sektorale groei te ondersteun. Dit sal verder ook die bedryf ondersteun deur voorspraak te maak vir ander ondersteunende infrastruktuur binne die bestek van die provinsiale mandaat, soos pad- en waterprojekte wat vir sektorale groei vereis word.
- **Skills.** Die tekort aan arbeid met toepaslike vaardighede en ondervinding belemmer die groei van die bedryf. Die Departement sal die ontwikkeling van programme vir die aanleer van toepaslike vaardighede tesame met die ondersteuning van vakleerlingskap fasiliteer om die beskikbaarheid van 'n bedrewe arbeidsmag te verseker.

## Strategiese doelwit van die Departement

|                                 |   |
|---------------------------------|---|
| <b>Strategiese Doelstelling</b> | Skep geleenthede vir groei en werk.   |
| <b>Doelstellings-verklaring</b> | Om die versnelling van ekonomiese groei deur 'n toename in werkgeleenthede en BWT van R25-miljard teen 2020 te fasiliteer.  |
| <b>Regverdiging</b>             | Beleide en strategieë wat sterk, volgehoue, werkskeppende ekonomiese groei aanmoedig, is die absolute voorvereistes vir die behaal van die WKR se oorkoepelende doelwitte om armoede teen te werk en geleenthede vir almal te bevorder.   |
| <b>Skakels</b>                  | Ons benadering tot die realisering hiervan is gebaseer op die beginsel dat provinsiale regerings nie die ekonomie laat groei of werk skep nie: sakeondernemings laat die ekonomie groei en skep werk. Wat dit beteken, is dat die soort groei wat ons najaag tot groot mate afhang van hoe goed sakeondernemings presteer.  |
| <b>Basislyn</b>                 | Sterk globale magte soos vryhandel, die instelling van hindernisse vir ons uitvoerprodukte deur ryk lande, en die inligtingsomwenteling het die omgewing waarin ondernemings werksaam moet wees al hoe moeiliker gemaak, veral vir die klein en mediumgrootte ondernemings wat ons ekonomie oorheers. Dit word vererger deur die feit dat die regerings van ons sterk mededingers maatreëls ingestel het om hul ondernemings by te staan om hierdie probleme te oorkom.<br>Hierdie doelstelling skakel direk met die Nasionale Ontwikkelingsplan (NOP), Mediumtermyn-Strategiese Raamwerk (MTSR), Een Kaap 2040 en die Wes-Kaapse Regering se Provinsiale Strategiese Plan (PSD 1).<br>Vyfjaar-basislyn: 318 000 werkgeleenthede en BWT van R30-miljard in Khulisa-sektore.<br>Jaarlikse basislyn: 318 000 werkgeleenthede en BWT van R30-miljard in Khulisa-sektore. |

## Strategiese risiko's vir die strategiese doelwitte van die Departement

Die Departement se topbestuur het belangrike strategiese risiko's vir 2018/2019 geïdentifiseer wat in werking gestel is om die impak van dié risiko's en die waarskynlikheid dat hierdie risiko's 'n werklike bedreiging vir die werksaamhede inhou, tot die minimum te beperk. Die bestuur van hierdie risiko's word in die Departement se risikoregister aangeteken. Die risiko's is die volgende:

- Finansiële wanbestuur.
- Onvermoë van die Provinsie van die Wes-Kaap om te reageer op digitale ontwigting (bedreigings/ geleenthede).
- Onvermoë om toegang tot IT-stelsels en verwante inligting te verkry in die geval van 'n aansienlike ontwigting of ramp. Dit kan 'n negatiewe impak op die DEOT se sakeprosesse hê wat op die gebruik van IT staatmaak.
- Die onvermoë om leierskap en 'n instaatstellende rol op belangrike lewingsgebiede doeltreffend uit te voer.
- Onvermoë om die ekonomie en menslike welsyn te onderhou en te laat toeneem weens kragonsekerheid en toegang.
- Onvermoë om die ekonomie te onderhou en uit te brei weens waterskaarste.
- Ontoereikende inligting oor veiligheidsmaatreëls weens die lae implementering van die Provinsiale Inligting-veiligheidsstandaarde, wat sal lei tot 'n beperkte vermoë om sensitiewe inligting te beskerm (soos deur wetgewing vir die Beskerming van Persoonlik Inligting [BVPI] vereis) en die potensiële skade aan reputasie wat daarmee gepaard gaan.
- Ondoeltreffende en ontoereikende organisatoriese stelsels en prosesse.
- Gebrek aan 'n Monitoring- en Evaluering- (M&E)-stelsel in die Departement wat ten volle funksioneer.
- Gebrek aan toereikende personeel wat die PSD-1-mandaat kan uitvoer.
- Gebrek aan 'n ten volle geïntegreerde en soomlose vaardigheidsontwikkeling-waardeketting.
- Gebrek aan toepassing van ontwerp- en innoveringsprosesse en -beginsels om nuwe oplossings te vind soos benodig vir ekonomiese groei in die lig van die veranderende omgewing.
- Verandering in DEOT-werkinge tydens die intensivering van die waterkrisis.

## OORSIG OOR DIE 2018/19-BEGROTING EN MTBR-SKATTINGS

| Program                                    |  | Geouditeer     |                |                | Hooftoewysing  | Aangepaste toewysing | Aangepaste toewysing | Mediumtermyn-besteding |                |                |
|--|--|----------------|----------------|----------------|----------------|----------------------|----------------------|------------------------|----------------|----------------|
|  |  | R'000          | 2014/15        | 2015/16        |                |                      |                      | 2016/17                | 2017/18        | 2017/18        |
| 1.   | Administrasie  | 35 529         | 40 330         | 51 656         | 61 046         | 58 302               | 58 302               | 65 221                 | 65 000         | 69 057         |
| 2.   | Geïntegreerde Ekonomiese Ontwikkelingsdienste        | 59 269         | 53 802         | 41 661         | 37 173         | 35 792               | 35 792               | 44 053                 | 46 772         | 49 863         |
| 3.   | Handels- en Sektorale Ontwikkeling                   | 71 248         | 57 663         | 55 591         | 51 434         | 51 853               | 51 853               | 48 769                 | 47 810         | 50 636         |
| 4.   | Sakeregulering en Staatsbestuur                      | 10 021         | 10 868         | 10 479         | 11 919         | 11 569               | 11 569               | 10 803                 | 11 627         | 12 486         |
| 5.   | Ekonomiese Beplanning                                | 205 725        | 138 785        | 296 135        | 146 031        | 130 323              | 130 323              | 140 853                | 148 648        | 124 753        |
| 6.   | Toerisme, Kunste en Vermaak                          | 45 099         | 39 882         | 49 341         | 56 506         | 56 960               | 56 960               | 54 782                 | 57 528         | 60 899         |
| 7.   | Vaardigheidsontwikkeling en Innovering               | 43 015         | 52 544         | 54 522         | 63 236         | 60 545               | 60 545               | 68 981                 | 65 336         | 69 135         |
| <b>Totale betalings en skattings</b>       |  | <b>469 906</b> | <b>393 874</b> | <b>559 385</b> | <b>427 345</b> | <b>405 344</b>       | <b>405 344</b>       | <b>433 462</b>         | <b>442 721</b> | <b>436 829</b> |
| <b>Ekonomiese klassifikasie R'000</b>      |  |                |                |                |                |                      |                      |                        |                |                |
| <b>Lopende betalings</b>                   |  | <b>193 513</b> | <b>210 110</b> | <b>218 257</b> | <b>243 185</b> | <b>221 042</b>       | <b>220 985</b>       | <b>243 112</b>         | <b>241 010</b> | <b>254 211</b> |
|  | Werknemers-kompensasie                               | 95 483         | 98 052         | 104 660        | 125 655        | 118 055              | 118 055              | 136 246                | 136 559        | 144 070        |
|  | Goedere en dienste                                   | 98 030         | 112 058        | 113 597        | 117 530        | 102 987              | 102 930              | 106 866                | 104 451        | 110 141        |
|  | Rente en huur op grond                               |                |                |                |                |                      |                      |                        |                |                |
| <b>Oordragte en subsidies</b>              |  | <b>272 808</b> | <b>177 948</b> | <b>337 424</b> | <b>179 613</b> | <b>177 285</b>       | <b>177 314</b>       | <b>185 842</b>         | <b>198 429</b> | <b>179 156</b> |
|  | Provinsies en munisipaliteite                        | 500            |                |                |                |                      | 1 500                |                        |                |                |
|  | Departementele agentskappe en rekeninge              | 76 827         | 86 459         | 204 453        | 123 004        | 125 634              | 125 634              | 143 333                | 153 362        | 131 623        |
|  | Universiteite en teknikons                           |                |                |                |                |                      |                      |                        |                |                |
|  | Buitelandse regerings en internasionale organisasies |                |                |                |                |                      |                      |                        |                |                |
|  | Openbare korporasies en privaatondernemings          | 5 587          | 2 831          | 5 950          | 3 750          | 3 750                | 3 750                | 10 500                 | 11 088         | 11 698         |
|  | Instansies sonder winsbejag                          | 175 840        | 75 693         | 117 866        | 33 241         | 34 311               | 34 311               | 24 009                 | 25 670         | 27 091         |
|  | Huishoudings   | 9 444          | 12 965         | 9 155          | 19 618         | 12 090               | 12 119               | 8 000                  | 8 309          | 8 744          |
| <b>Oordragte en subsidies aan Kapitaal</b> |  |                |                |                |                |                      |                      |                        |                |                |
|  | Staatsmotor-handelsrekening                          |                |                |                |                |                      |                      |                        |                |                |
| <b>Betalings vir kapitale bates</b>        |  | <b>3 497</b>   | <b>5 692</b>   | <b>3 528</b>   | <b>4 547</b>   | <b>6 917</b>         | <b>6 945</b>         | <b>4 508</b>           | <b>3 282</b>   | <b>3 462</b>   |
|  | Geboue en ander nie-roerende strukture               |                |                |                |                |                      |                      |                        |                |                |
|  | Masjinerie en toerusting                             | 3 450          | 5 426          | 3 516          | 4 435          | 3 955                | 3 976                | 3 536                  | 2 256          | 2 380          |
|  | Erfenisbates   |                |                |                |                |                      |                      |                        |                |                |
|  | Gespesialiseerde militêre bates                      |                |                |                |                |                      |                      |                        |                |                |
|  | Biologiese bates                                     |                |                |                |                |                      |                      |                        |                |                |
|  | Grond en ondergrondse bates                          |                |                |                |                |                      |                      |                        |                |                |
|  | Sagteware en ander ontasbare bates                   | 47             | 266            | 12             | 112            | 2 962                | 2 969                | 972                    | 1 026          | 1 082          |
| <b>Betalings vir finansiële bates</b>      |  | <b>88</b>      | <b>124</b>     | <b>176</b>     |                | <b>100</b>           | <b>100</b>           |                        |                |                |
| <b>Totale ekonomiese klassifikasie</b>     |  | <b>469 906</b> | <b>393 874</b> | <b>559 385</b> | <b>427 345</b> | <b>405 344</b>       | <b>405 344</b>       | <b>433 462</b>         | <b>442 721</b> | <b>436 829</b> |

# Program 1: Administrasie



DEPARTEMENT VAN EKONOMIESE ONTWIKKELING EN TOERISME

## 7. PROGRAM 1: ADMINISTRASIE

### 7.1 Doelwit

Om sterk, innoverende leierskap te verskaf en om skoon, doeltreffende, koste-effektiewe, deursigtige en responsiewe korporatiewe dienste aan die Departement te lewer.

### 7.2 Programstruktuur

Die Program is soos volg gestruktureer:

#### Subprogram 1.1: Kantoor van die Departementshoof

- Om die Departement se transversale administratiewe programme wat leierskap aan die Departement verskaf te bestuur en te rig.
- Om 'n doeltreffende toesighoudende funksie oor die hele Departement se mandaat en funksie te handhaaf.

#### Subprogram 1.2: Finansiële Bestuur

- Om 'n doeltreffende finansiële bestuursfunksie te verskaf.
- Om implementering van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur (WOFB) en ander verwante finansiële regulasies en beleid te verseker.
- Om beplannings- en begrotingsteun aan die Departement te verskaf.
- Om beperkte voorsiening vir onderhouds- en akkommodasiebehoeftes te maak.

#### Subprogram 1.3: Korporatiewe Dienste

- Om 'n strategiese ondersteuningsfunksie aan die Departement te lewer.
- Om die lewering van IKT, menslike kapitaal, korporatiewe versekering, wetlike en kommunikasie-ondersteuningsdienste aan die Departement te verseker.
- Om kommunikasiedienste aan die Departement te lewer.
- Om die Departement se prestasie te monitor en te evalueer.
- Om kennis- en inligtingstelsels te ontwikkel en te bestuur en om rekords en IKT te koördineer.

### 7.3 Subprogram 1.2: Finansiële Bestuur

#### 7.3.1 Prestasieleweringomgewing

Soos wat in die Departement se Strategiese Vyfjaarplan, 2015–2020, uiteengesit is, is dit die plig van hierdie Program om 'n korporatiewe dienste-funksie van wêreldgehalte aan die hele Departement te bied – insluitende Finansiële Bestuur, Kommunikasie, Kennisbestuur, Monitoring en Evaluering en Strategiese Koördinasie. Hierdie korporatiewe dienste-funksie moet op so 'n manier gelewer word dat dit die beginsels ondersteun soos vervat in Hoofstukke 10 en 13 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika (Wet 108 van 1996). Dit verplig alle sferes van die Regering om te verseker dat die beginsels 'n hoë standaard van etiek bevorder en gehandhaaf word en dat die doeltreffende aanwending van hulpbronne bevorder word. Volgens die Wet moet die Staat ook aangemoedig word om ontwikkelingsgeoriënteer te wees en deursigtigheid en aanspreeklikheid te verseker.

Om uitvoering aan die bogemelde beginsels te gee, is die Wet op Openbare Finansiële Bestuur (Wet 1 van 1999) (WOFB) en die Wet op Openbare Diens, 1994, uitgevaardig wat die volgende hoofdoelstellings het:

- Moderniseer finansiële bestuur-stelsels in die openbare sektor.
- Verleen bevoegdheid aan openbaresektor-bestuurders om te bestuur en hou bestuurders meer aanspreeklik.
- Verseker dat inligting betyds verskaf word.
- Elimineer vermorsing en korrupsie by die gebruik van openbare bates.

#### Provinsiale Strategiese Doelstelling Een (PSD 1) – Projek Khulisa

*Die Departement ondersteun beide die Provinsiale Strategiese Doelstelling 1 (PSD 1): Skep geleenthede vir groei en werk en PSD 5: Lê goeie staatsbestuur en geïntegreerde dienslewering deur vennootskappe en ruimtelike belyning vas.*

Program 1, in sy unieke posisie as die ondersteuningstruktuur, moet egter daarna streef om sy prosesse in die twee doelstellings te integreer op 'n manier wat voorsiening maak vir die gelyke steun aan, en implementering van, albei PSDs. Met ander woorde, die doel is om dienslewering deur finansiële staatsbestuur te behaal.

Aan die spits van gesonde finansiële staatsbestuur is waarde vir geld en die rentmeesterskap vir hierdie beginsel, hoewel dit in elke staatsamptenaarsetel, berus by Finansiële Bestuur as die laaste bewaarder wat 'n instaatstellende omgewing moet skep wat vermorsing streng afkeur en wyse en doeltreffende besteding voorstaan.

### 7.3.2 Strategiese Doelstellings

|                                 |  |
|---------------------------------|--|
| <b>Strategiese Doelstelling</b> | Om die hoogste vlak van finansiële staatsbestuur te behaal en om dienslewering deur uitmuntendheid te maksimeer.   |
| <b>Doelstellings-verklaring</b> | Die identifikasie en implementering van strategiese ingrypings om die Departement te help om die hoogste vlak van finansiële staatsbestuur te behaal en te handhaaf deur die doeltreffende, ekonomiese en effektiewe gebruik van Departementele hulpbronne sodat strategiese doelstellings behaal kan word en 'n ongekwalifiseerde ouditmening verwerf kan word. |
| <b>Basislyn</b>                 | 2016/17: Ongekwalifiseerde ouditmening   |

As een van die mees gewaardeerde aanwysers van goeie finansiële staatsbestuur dwing die behaal van 'n ongekwalifiseerde ouditmening as doelstelling vir Finansiële Bestuur die doeltreffende en effektiewe bestuur van alle prosesse so doeltreffend en effektief as moontlik af.

Tekenend van alle doeltreffende ondersteuningsfunksies is die samevloeiing van die pogings van diegene wat die funksie ondersteun. In hierdie verband neem die Finansiële Bestuur-direktoraat daarvan kennis dat die behaal van die hoogste vlak van finansiële staatsbestuur slegs moontlik is wanneer daar aan die voorgenoemde vereistes voldoen is.

In 'n ewig veranderende openbare sektor-omgewing is die een onveranderlike die behoefte daaraan, en gevolglik die najaag daarvan, om minder hulpbronne te verbruik maar terselfdertyd meer vir die mense te doen. In hierdie verband word die openbare sektor- finansiële bestuur se verpligting tot gehoorgewing lank reeds voorgelê as die aanvaarde norm en die aandrywing tot dienslewering wat daarmee saamgaan is goed vasgelê. In die lig hiervan en parallel aan sy diensleweringprogramme het die direktoraat sy prosesse, strukture en stelsels omvattend geïntegreer, wat daartoe sal bydra om sy oorkoepelende strategiese doelstelling te behaal.

Een van hierdie bestuurstrukture is die stigting van 'n Departementele Staatsbestuurskomitee wat deur die direktoraat Finansiële Bestuur ondersteun en geïnstusionaliseer is. Die komitee het 'n mandaat ontvang deur 'n handves wat die riglyne van die King-III-verslag en die gesonde staatsbestuurpraktyke wat deur die WOFB en bykomende provinsiale en nasionale wetgewing bekragtig is, verwoord.

Verder staan die Staatbestuurskomitee onder die voorsitterskap van die Rekenpligtige Beampte en is saamgestel uit die senior bestuurders, die Departement van die Premier se risikobestuurvennote. Die komitee se mandaat sluit in sake wat te doen het met interne ouditering, forensiese dienste en inligtingstechnologie, en hierdie omvattendheid maak dit vir staatsbestuursake moontlik om tot strategiese sake verhoog te word asook om te verseker dat die Departement die beste bekwaam is vir die uitvoering van PSD 5, wat hom op die ou end beter in staat stel om PSD 1 te lewer.

As nog 'n manier om waarde vir geld te verkry, is hefboomfinansiering deur toenemend vennootskappe aan te gaan met spelers binne die bedryf sowel as ander staatsliggame vir 2018/2019 vasgelê. In hierdie verband is grondslagbesprekings reeds gehou en die verwesenliking van projekte sal in die nuwe finansiële jaar na vore tree. Die verdere bestuur van hierdie skenkersfondstrekeninge sal deur die direktoraat onderneem word d.m.v. die versterking van finansiële stelsels en prosesse.

Laastens, hoewel dit nie die enigste plan is om sy strategiese doelstelling te behaal nie, sal die direktoraat hulp verleen aan sy implementeringsagente om finansiële staatsbestuurstelsels en -strukture verder vas te lê wat nie net die Departement sal toelaat om sy oorsigverantwoordelikheid teenoor hierdie entiteite doeltreffender en effektiewer na te kom nie, maar ook hul strukture te verbeter, wat noodwendig hul beleggingsprofiel sal bevoordeel.

#### Uitkomst

Die verwagte uitkomst van hierdie strategie is:

- Migrasie van die reëlsgedrewe benadering tot 'n meer prestasiegebaseerde uitkomstebenadering, terwyl gehoorgewendheid (d.i., wat behaal moet word) nie agterweë bly nie.
- Groter doeltreffendheid in die eenheid, die kostedoeltreffendheid en ekonomiese gebruik van finansiële hulpbronne, die betroubaarheid van inligting.
- Meer samewerking tussen eenhede (geen silo's nie) en beter samewerking met lyneenhede – samewerking vir 'n gemeenskaplike doel.

## **Strategieë wat geïmplementeer sal word**

Die fokusgebiede oor die Mediumtermyn-bestedingsraamwerk (MTBR), 2015–2020, sal insluit:

- Bevordering van uitstekende kliënte-ondersteuningsdienste.
- Om die bewaarder van geloofwaardige finansiële data en inligting te word.
- Versekering van 'n finansiële wetgewende en beleidsraamwerk waarin doeltreffende en effektiewe prosesse in die Departement geïmplementeer kan word.
- Versekering dat die Departement oor die kapasiteit beskik om sy finansiële bestuur- en staatsbestuurstandaarde te handhaaf.

### **Bevordering van uitstekende kliënte-ondersteuningsdienste**

Die behaal en bestuur van die hoogste vlak van finansiële staatsbestuur kan nie die enigste verantwoordelikheid van die Eenheid vir Finansiële Bestuur wees nie. Die strategie berus eerder op die samewerking van die leweringsprogramme. Lyneenhede moet nie slegs die belang en waarde van goeie finansiële staatsbestuur verstaan nie, maar dit uitleef. Die Eenheid vir Finansiële Bestuur moet verhoudings met alle kliënte en rolspelers in die organisasie se staatsbestuuromgewing versterk om hulle in staat te stel om na 'n hoër rat oor te skakel wat risiko- en finansiële staatsbestuurpraktyke betref.

Om 'n uitstekende kliënte-ondersteuningsdiens te kan bied, sal die Finansiële Bestuur-direktoraat daarna streef om optimale finansiële bestuursintelligensie te behaal tesame met 'n beter begrip van projekte en programme wat deur die leweringsprogramme geïmplementeer word sodat hulle projekbestuurders doeltreffender kan bystaan met beplanning, kostepraktyke en die vermindering van rompslomp wat die lewering van projekte, die ontwikkeling van aanwysers en verslagdoening oor finansiële en prestasie-inligting beïnvloed.

### **Om die bewaarder van geloofwaardige finansiële data en inligting te word**

Benjamin Franklin het die frase "Tyd is geld" vasgelê. Hierdie verklaring is byna 300 jaar gelede gedoen maar is vandag nog net so waar. Om die waarheid te sê, met die fiskale onsekerheid wat alle regerings oor die wêreld heen in die gesig staar, kan die behoefte aan die versekering van groter waarde vir geld nie sterk genoeg beklemtoon word nie. In hierdie verband is dit uiters belangrik dat Finansiële Bestuur die bewaarder van finansiële inligting is wat nuttig is by die neem van daaglikse besluite wat nodig is om te verseker dat dienste wat aan die algemene publiek gelewer word in ooreenstemming is met die 'waarde vir geld'-opdragte wat aan staatsamptenare gegee word.

In hierdie verband sal die Finansiële Bestuur-komponent sy inligtingstelsels verbeter om te verseker dat volgehoue, betroubare en akkurate inligting verskaf word aan besluitnemers, wat só die onkoste vir die staat sal verminder. Daar moet op gelet word dat waarde vir geld nie beteken dat gehalte in die slag moet bly nie; dit beklemtoon eerder dat die hoogste standaarde van gehaltebeheer uitgeoefen sal word.

### **Versekering van 'n finansiële wetgewende en beleidsraamwerk waarin doeltreffende en effektiewe prosesse in die Departement geïmplementeer kan word**

Gehoorgewing aan finansiële norme en standaarde is van kritieke belang om die oorkoepelende staatsbestuurstandaarde wat van 'n openbare organisasie vereis word, te behaal. In hierdie verband het die Departement 'n Finansiële Handleiding ontwikkel waarin alle voorskrifte geïntegreer en gekondenseer is. Jaarverslae en doeltreffendheidsevaluasies van die beleidsdokument is uiters belangrik om te verseker dat die handleiding 'n gebruikersvriendelike verwysingsdokument bly wat prakties binne die Departement geïmplementeer kan word en 'n gesonde finansiële wetgewende struktuur voorsien.

Die uitgangspunt en daarom die oogmerk van die openbare sektor se finansiële bestuur-beleidsomgewing, hoewel dit op die oog af rigied mag voorkom, is om voorsiening te maak vir die praktiese, doeltreffende, effektiewe, ekonomiese, deursigtige en aanspreeklike toepassing van beleide in prosesse wat dienslewering sal ondersteun. Die direktoraat se beleidsgrondslag, die Finansiële Handleiding, se doel is om hierdie oogmerk te bereik. Sy implementeringsprogram is die uitrol van opleidingsingrypings regdeur die jaar wat altyd ontwerp is om die huidige, dringende sake aan te spreek wat die Departement ondervind, en altyd daarna streef om die Departement se diensleweringpersoneel op die grond bevoegd te maak.

### **Versekering dat die Departement oor die kapasiteit beskik om sy finansiële bestuur- en staatsbestuurstandaarde te handhaaf**

Die Eenheid vir Finansiële Bestuur sal verseker dat 'n gestruktureerde opleidings- en vaardigheidsopskerpingsprogram geïmplementeer word om alle personeel bevoegd te maak. Opleidingsprogramme moet die personeel oplei in terme van finansiële bestuur en programmatiese vaardighede sowel as bevoegdhede vir hierdie strategie om suksesvol te wees.



Net so moet die Finansiële Bestuur-personeel 'n goeie begrip van alle projekte en programme binne die Departement hê om 'n beter ondersteuningsfunksie te kan lewer. Weens die uiters mededingende finansiële bestuur-omgewing waar bekwaamheid en vaardighede onvoldoende is, moet die Eenheid vir Finansiële Bestuur ordentlike kruisopleiding van personeel verseker wat die bewaring van intellektuele kapasiteit, bekwaamheid en geloofwaardigheid van die arbeidsmag bewerkstellig.

'n Verdere stap wat onderneem sal word, is om personeel te ontwikkel wat hul sosiale verantwoordelikheid teenoor die breër gemeenskap verstaan en aangryp. Die implementering van hierdie strategie sal onderneem word deur vrywilligers wat hul tyd en mannekrag aan behoeftige organisasies skenk. Hierdie strategie sal die Departement op twee maniere bevoordeel, naamlik:

- Vrywilligerwerk (die skenk van tyd en mannekrag) kan sterker spanne bou en spanwerk versterk.
- Personeel kan die direkte impak van die werk wat hulle onderneem het, sien.
- Personeel kan die behoefte waarneem vir die werk wat hulle doen asook sien waar die grootste behoefte lê.

### 7.3.3 Strategiese Doelstelling se jaarlikse teikens vir 2018/19

| Uitsetaanwyser   | Geouditeerde/Werklike prestasie |                                |                                | Geskatte prestasie             | Mediumtermyn-teikens           |                                |                                |
|--|---------------------------------|--------------------------------|--------------------------------|--------------------------------|--------------------------------|--------------------------------|--------------------------------|
|  | 2014/15                         | 2015/16                        | 2016/17                        | 2017/18                        | 2018/19                        | 2019/20                        | 2020/21                        |
| Ouditmening van die OGSA verkry wat betref die vorige boekjaar | Ongekwali-fiseerde ouditmening  | Ongekwali-fiseerde ouditmening | Ongekwali-fiseerde ouditmening | Ongekwali-fiseerde ouditmening | Ongekwali-fiseerde ouditmening | Ongekwali-fiseerde ouditmening | Ongekwali-fiseerde ouditmening |

### 7.3.4 Prestasie-aanwysers en jaarlikse teikens vir 2018/19

| Programprestasie-aanwyser (Uitsetaanwyser) |   | Geouditeerde/Werklike prestasie           |   |   | Geskatte prestasie                   | Mediumtermyn-teikens                 |                                      |                                      |
|--|---|---|---|---|--------------------------------------|--------------------------------------|--------------------------------------|--------------------------------------|
|  |   | 2014/15                                   | 2015/16                                 | 2016/17                                 | 2017/18                              | 2018/19                              | 2019/20                              | 2020/21                              |
| <b>Subprogram: Finansiële bestuur</b>      |   |   |   |   |                                      |                                      |                                      |                                      |
| 1.1  | Die proessering van betalings aan krediteure binne 30 dae   | Betaling aan krediteure binne 30 werksdae | Betaling aan krediteure binne 17.12 dae | Betaling aan krediteure binne 17.26 dae | Betaling aan krediteure binne 30 dae | Betaling aan krediteure binne 30 dae | Betaling aan krediteure binne 30 dae | Betaling aan krediteure binne 30 dae |
| 1.2  | Persentasie botte binne 60 dae geprosesseer (Getal botte binne 60 geprosesseer/totale getal botte)  | -   | -                                       | -                                       | 70%                                  | 70%                                  | 80%                                  | 80%                                  |
| 1.3  | Kumulatiewe besteding as 'n persentasie van die begroting (Werklike besteding/Aangepaste begroting) | 99.71%                                    | 97.41%                                  | 97.58%                                  | 98%                                  | 98%                                  | 98%                                  | 98%                                  |
| 1.4  | Getal finansiële doeltreffendheidsingrypings geïmplementeer   | 9   | 5                                       | 4                                       | 4                                    | 4                                    | 4                                    | 4                                    |
| 1.5  | Getal finansiële handleiding-opleidingsessies aangebied   | 20  | 14                                      | 21                                      | 12                                   | 12                                   | 12                                   | 12                                   |

### 7.3.5 Kwartaallikse teikens vir 2018/19

| Programprestasie-aanwyser<br>Uitsetaanwyser |   | Verslag-<br>periode | Jaarlikse<br>teiken<br>2018/19      | Mediumtermyn-teikens                |                                     |                                     |                                     |
|---|---|---------------------|-------------------------------------|-------------------------------------|-------------------------------------|-------------------------------------|-------------------------------------|
|   |   |                     |                                     | 1ste                                | 2de                                 | 3de                                 | 4de                                 |
| <b>Subprogram: Finansiële Bestuur</b>       |   |                     |                                     |                                     |                                     |                                     |                                     |
| 1.1   | Die prosessering van betalings aan krediteure binne 30 dae  | Kwartaalliks        | Payment to creditors within 30 days | Payment to creditors within 30 days | Payment to creditors within 30 days | Payment to creditors within 30 days | Payment to creditors within 30 days |
| 1.2   | Percentage of bids processed within 60 days (No. of bids processed within 60 days/total number of bids) | Jaarliks            | 70%                                 | -                                   | -                                   | -                                   | 70%                                 |
| 1.3   | Cumulative expenditure as a percentage of the budget (Actual expenditure/Adjusted budget)               | Jaarliks            | 98%                                 | -                                   | -                                   | -                                   | 98%                                 |
| 1.4   | Number of financial efficiency interventions implemented  | Jaarliks            | 4                                   | -                                   | -                                   | -                                   | 4                                   |
| 1.5   | Number of financial manual training sessions conducted  | Jaarliks            | 12                                  | -                                   | -                                   | -                                   | 12                                  |

### 7.3.6 Risikobestuur

| <b>Strategiese Doelstelling: Om die hoogste vlak van finansiële staatsbestuur te behaal en vol te hou.</b>   |  |
|--|--|
| <b>Risikoverklaring</b>  | <b>Risikoverminderingstrategieë</b>  |
| <p>Onvermoë om 'n ongekwalifiseerde ouditmening te behaal weens materiële wanverklarings of materiële nie-gehoorgewing in hoërisiko-gebiede soos Oordragbetalings, Bestuur van Menslike Hulpbronne en Oudit aan voorafbepaalde doelwitte en Aanvoerkettingbestuur as gevolg van 'n ondoeltreffende of ontoereikende kontrole-omgewing.</p> | <p>'n Goedgekeurde Departementele Finansiële Handleiding en afwenteling van outoriteit, jaarliks bygewerk en onderhou;</p> <p>Interne Kontrole-oudits op Oordragbetalings, Voorafbepaalde Doelwitte, Finansiële State, Rekonsiliasies en Aanvoerkettingbestuur;</p> <p>Transaksie-kontrolelyste;</p> <p>Finansiële bestuur-taakspan vir Oordragbetalings en Aanvoerkettingbestuur-transaksies;</p> <p>Finansiële Bestuur-opleiding aan lynfunksies om bevoegdheid te verseker;</p> <p>Opleiding vir Finansiële Bestuur-personeel om bevoegdheid te verseker;</p> <p>Standaard-opleidingsprosedures jaarliks en soos nodig bygewerk;</p> <p>Tot stand bring van 'n Departementele Staatbestuurkomitee om gesonde staatsbestuurstrukture te verseker;</p> <p>Programmonitering en -evalueringsraamwerke; en</p> <p>Ouditeur-Generaal-aksieplan om alle ouditeerbare en hoërisiko-gebiede te monitor en te bestuur om 'n ongekwalifiseerde ouditmening te verseker.</p> |

## 7.4 Subprogram 1.3: Korporatiewe Dienste

### Prestasieleweringsomgewing

Die Korporatiewe Dienste-komponent sluit in Korporatiewe Dienste-verhoudinge, Departementele Kommunikasie, Departementele Prestasiemonitering en Kennisbestuur.

#### 7.4.1 Departementele Kommunikasiediens

Die Kommunikasie-eenheid se hoofdoelstelling is om Departementele aktiwiteite doeltreffend te kommunikeer. Die Eenheid bied weselik 'n ondersteuningsdiens aan die res van die Departement aangesien dit die prestasies van die Departement se strategiese uitkomst ondersteun. Vir hierdie doel neem die Eenheid aan verskeie strategiese komitees deel om inligting direk te verkry en om te verseker dat Departementele kommunikasieinisiatiewe ooreenstem met die Wes-Kaapse Regering se kommunikasiebeleid.

Dit is egter belangrik om daarop te let dat doeltreffende kommunikasie nie alleen beperk is tot kommunikasiepersoneel nie, aangesien verskeie Departementele beamptes 'n rol in die Departement se kommunikasie pogings speel.

Kommunikasieplanne vir spesifieke programme en inisiatiewe word ontwikkel en afgeteken deur die toepaslike owerhede. Hierdie Departementele kommunikasieplanne word onderlê deur grondslagwaardes soos openheid, deursigtigheid en deelname.

Verder is die doelstellings van hierdie planne om:

- Die publiek in te lig oor Departementele beleide, dienste, programme en inisiatiewe;
- Om inligting oor Departementele aktiwiteite wyd toeganklik te maak;
- Om belanghebbendes te konsulteer, op te voed en te bemagtig om aan Departementele planne en inisiatiewe deel te neem;
- Om inwoners bewus te maak van hul regte; en
- Om verslag te doen oor die Departement se vooruitgang, dit te vertoon, en om 'n bewustheid van 'hoe die regering werk' te bou.

Die toenemende druk op die Departement om 'n doeltreffende kommunikasiediens te lewer, maak dit noodsaaklik vir die Departement om toegang te verkry tot globale bestespraktykstandaarde en deskundige kommunikasiedienste sodat dienslewering verbeter kan word.

Die Eenheid sal eenvormigheid verskaf by die kommunikasie van Departementele inisiatiewe, suksesse en uitdagings aan interne en eksterne kliënte en belanghebbendes.

Die Departement ontwikkel veldtogte om 'n volhoubare, groeiende, arbeidsabsorberende en mededingende ekonomie te bevorder. Die Eenheid sal 'n doeltreffende en effektiewe kommunikasie- en bemarkingsdiens aan die Departement en sy belanghebbendes verskaf d.m.v. geleenthede, publikasies, toegang tot webgebaseerde inligting en ander media.

Die doelwit van die kommunikasieplan is om:

- Te verseker dat kommunikasie binne die Departement op 'n samehangende, gekoördineerde en konsekwente manier bestuur word om sodoende doeltreffende dialoog tussen die Regering en landsburgers moontlik te maak;
- Eenvormigheid te verskaf by die kommunikasie van Departementele boodskappe, inisiatiewe, suksesse en uitdagings;
- Doeltreffende interne en eksterne kommunikasiedienste te verskaf; en
- Voortgesette dialoog tussen die Departement en sy belanghebbendes te verseker.

##### 7.4.1.1 Strategiese Doelstellings

|                                 |   |
|---------------------------------|---|
| <b>Strategiese Doelstelling</b> | Om die Departement se belanghebbendes toereikend in te lig en te bemagtig deur toegang tot en konektiwiteit by Departementele aktiwiteite te verskaf deur kommunikasie-inisiatiewe wat in ooreenstemming met die WKR se Kommunikasiestrategie-imperatiewe is. |
| <b>Doelstellingsverklaring</b>  | Om vyf kommunikasieplanne teen 2020 te ontwikkel.   |
| <b>Basislyn</b>                 | 2017/18-kommunikasieplan; ses inisiatiewe in 2017/18 (skatting)   |

#### 7.4.1.2 Strategiese doelstellings se jaarlikse teikens vir 2018/19

| Uitsetaanwyser  | Geouditeerde/Werklike prestasie |         |         | Geskatte prestasie | Mediumtermyn-teikens |         |         |
|---|---------------------------------|---------|---------|--------------------|----------------------|---------|---------|
|   | 2014/15                         | 2015/16 | 2016/17 | 2017/18            | 2018/19              | 2019/20 | 2020/21 |
| Departementele Kommunikasieplan in plek om doeltreffende kommunikasie te verseker | -                               | -       | 1       | 1                  | 1                    | 1       | 1       |

#### 7.4.1.3 Prestasie-aanwysers en jaarlikse teikens vir 2018/19

| Programprestasie-aanwyser Uitsetaanwyser |  | Geouditeerde/Werklike prestasie |         |         | Geskatte prestasie | Mediumtermyn-teikens |         |         |
|--|--|---------------------------------|---------|---------|--------------------|----------------------|---------|---------|
|  |  | 2014/15                         | 2015/16 | 2016/17 | 2017/18            | 2018/19              | 2019/20 | 2020/21 |
| <b>Departementele Kommunikasie</b>       |  |                                 |         |         |                    |                      |         |         |
| 1.1                                      | Getal Departementele geleentheidskalenders ontwikkel en bygewerk | -                               | -       | -       | 1                  | 1                    | 1       | 1       |
| 1.2                                      | Getal amptelike dokumente vertaal                                | 29                              | 29      | 14      | 20                 | 10                   | 10      | 10      |
| 1.3                                      | Getal kommunikasie-inisiatiewe ondersteun                        | -                               | -       | 21      | 7                  | 8                    | 8       | 8       |

#### 7.4.1.4 Kwartaallike teikens vir 2018/19

| Programprestasie-aanwyser          |  | Verslag-periode | Jaarlikse teiken 2018/19 | Mediumtermyn-teikens |     |     |     |
|------------------------------------|--|-----------------|--------------------------|----------------------|-----|-----|-----|
|                                    |  |                 |                          | 1ste                 | 2de | 3de | 4de |
| <b>Departementele Kommunikasie</b> |  |                 |                          |                      |     |     |     |
| 1.1                                | Getal Departementele geleentheidskalenders ontwikkel en bygewerk | Jaarliks        | 1                        | -                    | -   | -   | 1   |
| 1.2                                | Getal amptelike dokumente vertaal                                | Kwartaalliks    | 10                       | 2                    | 3   | 3   | 2   |
| 1.3                                | Getal kommunikasie-inisiatiewe ondersteun                        | Kwartaalliks    | 8                        | 2                    | 2   | 3   | 1   |

#### 7.4.1.5 Risikobestuur

**Strategiese Doelstelling:** Om die Departement se belanghebbendes toereikend in te lig en te bemagtig deur toegang en konektiwiteit tot Departementele aktiwiteite te verskaf deur kommunikasie-aktiwiteite wat in ooreenstemming met die WKR se Kommunikasie-strategie is.

| Risikoverklaring   | Risikoverminderingstrategieë   |
|--|--|
| Swak kommunikasie weens ontoereikende menslike hulpbronne-kapasiteit om diensaanvraag na te kom.               | Stel 'n geleentheidskalender en kommunikasieplan op om aanvraag na diens voor te spring. Opleiding en werwing om vakante poste te vul.                                       |
| Die Departement se reputasie kan geskaad word as ontoepaslike inligting of verkeerde inligting vrygestel word. | Media-interaksie word deur een sentrale, deskundige punt (Medialiaisonbeampte binne die Ministerie) gekanaliseer om konsekwenheid en gehaltebeheer van response te verseker. |

## 7.4.2 Departementele Prestasiemonitering

### Prestasieleweringsomgewing

In ooreenstemming met die openbare beleid-raamwerke wat riglyne vir Monitering en Evaluering (M&E) verskaf, is die Eenheid se mediumtermyn-doelstelling om 'n Departementele 'M&E'-stelsel te institutionaliseer, soos beskryf in die Staatswye Monitering- en Evalueringstelsel (SWMES)- (2007) raamwerk as,

"... 'n stel organisatoriese strukture, bestuursprosesse, standaarde, strategieë, planne, aanwysers, inligtingstelsels, verslagdoeningskanale en aanspreeklikheidsverhoudinge wat (die Departement van Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme) in staat stel om sy M&E-funksies doeltreffend te verrig."

Sedert 2015/16 het die begrotingsbeperkinge die effek gehad dat die Departement sy fiskale hulpbronne moes herkanaliseer na daardie programme wat oor die beste kapasiteit beskik het om die ekonomiese mandaat te behaal. Daarbenewens, laat in 2017, met die droogte geprioriseer as 'n ernstige provinsiale bedreiging, is dit waarskynlik dat meer klem en hulpbronne toegesê moet word aan hierdie programmatiese prioriteit vir 2018/19 en daarna.

Een gevolg van bogenoemde fiskale herpriorisering is dat evaluasies na die verste MTSR-jare uitgestel is, wat dit nodig maak om die Eenheid se vyfjaar-teiken afwaarts aan te pas; van vyf na 'n voorsienbare twee evaluasies teen 2020 en 'n BPAW-vlak 2 in die Evaluasiegebied vir die DEOT.

#### 7.4.2.1 Strategiese Doelstellings

|                                 |  |
|---------------------------------|--|
| <b>Strategiese Doelstelling</b> | Uitkomsgebaseerde monitering, evaluering en meet van die Departement se implementering van strategieë, programme en projekte om die doeltreffendheid en impak van ekonomiese ontwikkelingsbeleid en -prioriteite te bepaal.  |
| <b>Doelstellingsverklaring</b>  | Om 'n responsiewe uitkomsgebaseerde 'M&E'-stelsel in die Departement te lewer, te koördineer en te onderhou deur BPAW-vlak 4 (Monitering) en BPAW-vlak 2 (Evaluasie) te onderhou, 10 moniteringsverslae en twee evalueringsverslae te lewer, n Departementele M&E-stelsel te onderhou en tegniese M&E-steun aan programme en projekbestuurders te lewer. |
| <b>Basislyn</b>                 | 2014/15: M&E-stelsel via BPAW: M&E-vlak 4<br>2014/15: 20 Evalueringsverslae<br>2014/15: 44 Moniteringsverslae  |

#### 7.4.2.2 Strategiese doelstellings se jaarlikse teikens vir 2018/19

| Uitsetaanwyser   | Geouditeerde/Werklike prestasie |                   |                  | Geskatte prestasie                          | Mediumtermyn-teikens                        |   |   |
|--|---------------------------------|-------------------|------------------|---|---|---|---|
|  | 2014/15                         | 2015/16           | 2016/17          | 2017/18                                     | 2018/19                                     | 2019/20                                     | 2020/21                                     |
| Funksionele M&E-stelsel in ooreenstemming met nasionale/provinsiale standaarde | BPAW: M&E-vlak 4                | BPAW: M&E-vlak 44 | BPAW: M&E-vlak 4 | BPAW: Moniteringsvlak 4 & Evalueringsvlak 2 | BPAW: Moniteringsvlak 4 & Evalueringsvlak 2 | BPAW: Moniteringsvlak 4 & Evalueringsvlak 3 | BPAW: Moniteringsvlak 4 & Evalueringsvlak 3 |

#### 7.4.2.3 Implementeringsplan

Die volgende komponente van die Departementele M&E-stelsel sal vir die jaar 2018/19 geprioriseer word:

##### Prestasiemonitering en -verslagdoening

Vir die jaar 2018/19 wil die Departement 'n veeljarige, komplekse evalueringsondersoek van die Java-skoolprogram instel – 'n strategiese program wat in die afdeling Vaardigheidsontwikkeling geïmplementeer is, met finansiële steun van die Provinsiale Tesourie. Hierdie evaluering is gestruktureer om in twee fases in die boekjare 2018/19 en 2019/20 voltooi te word. Eersgenoemde sal 'n ontwerpevaluering produseer en laasgenoemde 'n beplanningsevaluering, om die vordering en resultate van die Vaardigheidsprogram by die middeltermynpunt van voltooiing te assesser.

Stelselaktiwiteite vir verdere evaluering sluit die volgende in:

- Departementele evaluering goedgekeur as deel van die Provinsiale Evalueringsplan 2018/19 (deur die beplande evaluering soos hierbo uiteengesit);
- Goedkeuring van 'n Departementele Evalueringsplan as 'n veeljarige plan wat die voorgename evaluering vir die tydperk 2018/19 tot 2020/21 opsom; en
- Nakoming van die evalueringsprodukte en -prosesse t.o.v. die Departement van Beplanning, Monitering en Evaluering se Nasionale Evalueringsbeleidsraamwerk (2011) en die riglyne wat daarmee saamhang.

## Prestasiemonitering en -verslagdoening

### Moniteringsverslae

In die Departement mag dit dalk nie uitvoerbaar wees om enige of alle programme of projekte te evalueer nie. Moniteringsverslae is dus 'n meganisme waardeur die Departement se bestuur die volgende kan doen:

- Die resultate of effekte van ons projekte, soos gesien teen die gestateerde uitkoms of impak, naspoor;
- Naspoor hoe goed aktiwiteite en insette gebruik word om die uitsette te lewer;
- Die resultate van die projek vir die belanghebbendes naspoor;
- Die beskikbaarheid, toereikendheid en integriteit van die prestasiedata wat deur die implementasie van projekte en programme gegeneer is, assessee, van gehalte verseker, verifieer en adviseer; en
- Projekte en inisiatiewe voorberei sodat dit gereed is vir evaluering, d.w.s. die 'evalueerbaarheid' daarvan voorberei.

Vir 2018/19 kan die substantiewe fokus van die moniteringsverslae val op:

- Die naspoor van die vordering van PSD-1- of Spelwysiger-geaffilieerde programme, projekte of prioriteite ter voorbereiding van voorgenome evaluering soos vanaf 2018/19;
- Die naspoor van die departementele doelstellings se prestasieverhouding;
- Die bydra tot, of ondersteuning van, die strategiese bestuursprosesse;
- Die assessering van die moniteringsdata van stragetiese projekte of inisiatiewe met aanbevelings vir verbetering; en
- Die ondersteuning van die moniteringsinisiatiewe deur Programme wat verband hou met hul Diensleweringsverbeteringsplan se uitsette of teikens.

Hierdie funksie hou in dat die Eenheid die rol aanneem om die Departement se prestasie-inligting te bestuur om die kwartaallikse vorderingsverslae (KVV's) te produseer. Die spesifieke verantwoordelikhede sluit in:

- Samel programprestasie in en sorteer dit dan in die Departement se KVV in;
- Verifieer die brondata om seker te maak dat die prestasie-inligting wat gerapporteer is, gestaaf kan word;
- Verseker dat die KVV in jaareind-prestasieverlae betyds uitgegee word;
- Dokumenteer en teken die kwartaallikse prestasie-inligting se benadering en prosedures op; en
- Verleen jaarliks steun aan die Departement in die oudit oor nie-finansiële prestasie-inligting.

### Bestuur van BPAW — jaarlikse assessering van bestuursprosesse in Departemente

Die Eenheid vir Monitering en Evaluering het twee hoofverantwoordelikhede wat met die Bestuursprestasie-asseseringswerktuig (BPAW) verband hou: eerstens koördineer dit die Departement se deelname aan die assessering, en tweedens gebruik dit die puntetelling wat in die monitering- en evalueringprestasiestandaarde behaal is as 'n maatstaf van sy M&E-stelsel.

### Aanwyser-ontwikkeling

Die Nasionale Tesourie se Raamwerk vir Strategiese Planne en Jaarprestasieplanne vereis dat Departemente in hul Jaarlikse Prestasieplanne (JPP's) die prestasie-aanwysers en -teikens wat ons moet behaal, identifiseer. Programme identifiseer en selekteer die aanwysers wat die toepaslikste is vir die meet van hul uitkomst en langertermyn-doelwitte, wat dan deur die besigheidsbeplanningsprosesse voorgestel word.

Sodra aanwysers goedgekeur is vir seleksie in die JPP, voer die M&E-eenheid in die loop van die jaar verskeie assesserings op die voorgestelde aanwysers uit, insluitende belyning, SMART en tegniese betroubaarheid. Dit sal kulmineer in die produksie en publikasie van die Departement se aanwysers (deur 'n gekonsolideerde Tegnieiese Aanwyser-verslag) vir openbare toerekenbaarheidsdoelwitte, op die Departementele webtuiste.

#### 7.4.2.4 Prestasie-aanwysers en jaarlikse teikens vir 2018/19

| Programprestasie-aanwyser<br>Uitsetaanwyser |  | Geouditeerde/Werklike prestasie |         |   | Geskatte prestasie<br>2017/18   | Mediumtermyn-teikens   |  |   |
|---|--|---------------------------------|---------|---|---|--|--|---|
|   |  | 2014/15                         | 2015/16 | 2016/17                                 |   | 2018/19  | 2019/20  | 2020/21                                     |
| <b>Departementele Prestasiemonitering</b>   |  |                                 |         |   |   |  |  |   |
| 1.1   | Getal moniterings-verslae  | 6                               | 4       | 1                                       | 2   | 2  | 1  | -   |
| 1.2   | Bestuur die Departement se BPAW  | -                               | 1       | 1 BPAW-verbeterings-verslag             | Departementele telkaart goedgekeur deur OG teen 30 September                        | Betydse lewering van albei fases van die Jaarlikse Assessering | Betydse lewering van albei fases van die Jaarlikse Assessering | -   |
| 1.3   | Bestuur die Departement se Nie-finansiële Prestasieverlaggewings-funksie | -                               | -       | 4 Kwartaallike Prestasieverlae ingedien | 4 Kwartaallike Prestasieverlae ingedien   | 4 Kwartaallike Prestasieverlae ingedien                        | 4 Kwartaallike Prestasieverlae ingedien                        | 4 Kwartaallike Prestasieverlae ingedien     |
| 1.4   | Departement publiseer goedgekeurde Tegniese Aanwyser-beskrywings         | -                               | -       | -                                       | Ge-konsolideerde Tegniese Aanwyser of Verslag vir Departementele programme ingedien | Op webtuiste gepubliseer voor 31 Maart 2019                    | Op webtuiste gepubliseer voor 31 Maart 2020                    | Op webtuiste gepubliseer voor 31 Maart 2021 |
| 1.5   | Getal evaluerings  | -                               | -       | -                                       | -   | 1  | 1  | -   |

#### 7.4.2.5 Kwartaallike teikens vir 2018/19

| Programprestasie-aanwyser<br>Uitsetaanwyser |  | Verslag-periode | Jaarlikse teiken<br>2018/19                                    | Mediumtermyn-teikens   |  |  |   |
|---|--|-----------------|--|--|--|--|---|
|   |  |                 |  | 1ste   | 2de  | 3de  | 4de   |
| <b>Departementele Prestasiemonitering</b>   |  |                 |  |  |  |  |   |
| 1.1   | Getal moniteringsverslae   | Tweejaarliks    | 2  | -  | 1  | 1  | -   |
| 1.2   | Bepan, implementeer en hersien Departement se deelname aan BPAW          | Tweejaarliks    | Betydse lewering van albei fases van die Jaarlikse Assessering | Departement dien goedgekeurde DEOT-BPAW in wat betref die vorige jaar se assessering | BPAW-selfassessering goedgekeur deur HvD op 30 September         | -  | Departement dien uitdagings tydens BPAW-modererings-fase in |
| 1.3   | Bestuur die Departement se Nie-finansiële Prestasieverlagdoeningsfunksie | Kwartaalliks    | 4 Kwartaallike Prestasieverlae ingedien                        | 1  | 1  | 1  | 1   |
| 1.4   | Departement publiseer goedgekeurde Tegniese Aanwyser-beskrywings         | Kwartaalliks    | Publiseer op webtuiste voor 31 Maart 2019                      | -  | 1ste Konsep-TAR van die DEOT geassesseer en by die DvdP ingedien | 2de Konsep-TAR geassesseer en by die DvdP ingedien | Goedgekeurde Konsep-TAR op webtuiste gepubliseer            |
| 1.5   | Getal evalueringsverslae ingedien  | Jaarliks        | 1  | -  | -  | -  | 1   |

### 7.4.2.6 Risikobestuur

**Strategiese Doelstelling:** Uitslagsgebaseerde monitering, evaluering en meet van implementering van strategieë, programme en projekte word uitgevoer om die doeltreffendheid en impak van ekonomiese ontwikkelingsbeleid en -prioriteite te bepaal.

| Risikoverklaring   | Risikoverminderingsstrategieë   |
|--|---|
| Gebrek aan ten volle funksionele M&E-stelsel binne die Departement | <p>Projek Khulisa se monitering en evaluering word uitgevoer deur die Besturende Komitee, Bestuurskomitee, Voorraadopname &amp; PSD 1.</p> <p>Spelwysigers se monitering en evaluering word uitgevoer deur die Eenheid vir die Ondersteuning van Dienslewering in die Departement van die Premier.</p> <p>Ondersoek die moontlikheid van befondsing vir die aanstel van eksterne diensverskaffers vir evaluering.</p> <p>OD-onderzoek van personeel vir strategiese en operasionele steun (sluit M&amp;E in).</p> |

### 7.4.3 Subprogram 5.3: Kennisbestuur

#### Prestasieleweringomgewing

Die lewering, kennisbestuur-bevoegdheid en -verwagtinge vergroot saam met die oorvloed IKT-projekte wat implementering in die Departement vereis, insluitende Ondernemingsportfoliobestuur, Ondernemingsinhoudbestuur, Sake-intelligensiestelsel, Ondernemingsprojekbestuur, Sakeproses-optimering, Elektroniese Inhoudbestuur en Dokumentbestuur.

Daar is enorme druk op die Departement om sy kennisbestuurhulpbronne in ooreenstemming te bring met die tegniese en strategiese vooruitgang wat deur PSD-1- en IKT-inisiatiewe teweeggebring word. Saam met die IKT- en PSD-1-inisiatiewe verkeer programme op verskillende vlakke van veranderingsbestuur rondom hul prosesse en prosedures wat beïnvloed hoe kennis bestuur word. Die gevolg is 'n behoefte aan bykomende hulpbronne om die vermoë te versterk om uitdrukking te gee aan kennisbestuur-doelwitte.

#### 7.4.3.1 Strategiese Doelstellings

|                                 |   |
|---------------------------------|---|
| <b>Strategiese Doelstelling</b> | Om institusionele staatsbestuur te versterk vir verbeterde dienslewering.   |
| <b>Doelstellingsverklaring</b>  | Om institusionele staatsbestuur te versterk vir verbeterde dienslewering deur die ontwikkeling van 'n verenigde kennisbewaringsplek om organisatoriese kennis in te samel, te bewaar en toegang daartoe te verleen aan bestuur. |
| <b>Basislyn</b>                 | 2015/16: Ondernemingsinhoudsbestuurstelsel  |

#### Doelstellings

Om institusionele bestuur en kennisbestuur te versterk vir verbeterde dienslewering deur die ontwikkeling en instandhouding van 'n kennisbestuurbergingsplek vir die versameling en stoor van institusionele kennis en die toegangsbeheer daarvoor.

#### 7.4.3.2 Implementeringsplan

##### 'n Hulpbronsentrum wat ten volle funksioneer

Die Hulpbronsentrum sal 'n platform verskaf om betroubare ekonomiese data van alle beskikbare ekonomiese databronne in te samel, in een stelsel te berg en daarvandaan te versprei. Die Hulpbronsentrum verskaf maklike toegang tot die gestruktureerde data vir alle personelede. Die data sal hoofsaaklik deur middel van elektroniese media versprei word.

##### 'n Ten volle geïmplementeerde Ondernemingsinhoudbestuurstelsel (OIB-stelsel)

Die Eenheid vir Kennisbestuur sal die prosedure en metodologie vir inligtingsbestuur via die Provinsiale OIB-stelsel bepaal. Dié stelsel, wat binne die Departement in werking gestel is, word ook na verwys as die MyContent-stelsel. Die stelsel wil verseker dat inligting relevant tot die uitvoering van die Departementele mandaat in 'n eenvormige kennisbestuurstelsel bewaar word wat maklik toeganklik is en betyds aan Departementele gebruikers beskikbaar gestel kan word deur die gebruik van gepaste ontwerpopsporings-, bewarings- en verspreidingstegnologieë wat bydra tot die uitvoering van die Departement se strategiese mandaat.



Wat betref sy werk op die Ondernemingsinhoudbestuurstelsel (OIB), sal die Eenheid fokus op die bou en versterking van platforms en instrumente waarmee die kennis wat in die Departement vasgevang en opgebou is ingesamel, digitaal bewaar en beskikbaar gestel kan word aan relevante belanghebbendes met toegangskontrolle soos per wetgewing bepaal.

Gegewe dat die OIB rekordbestuursfunktionaliteit sal hê, sal alle rekordbestuursvereistes op die OIB in werking gestel word in ooreenstemming met die Provinsiale rekordbestuursriglyne.

Heelwat van die DEOT se institusionele geheue setel in die projekte wat die Departement bestuur. Die projekinligting word regoor die BizProjects- en MyContent-stelsels bewaar. Hierdie gekombineerde poging regoor twee transversale toepassings demonstreer die sukses van die tegnologie-integrasie om 'n eenvoudige Ondernemingsinhoudbestuurstelsel te produseer.

Die kwartaallike prestasie-oorsigdokumentasie word op MyContent geberg. Vanaf hierdie veilige plek wat bestuur word, word die inligting vir ouditering aangebied.

Die klem sal val op die bevoegdmaking van die Departement om personeellede in staat te stel om die OIB-stelsel doeltreffend te gebruik.

### Fasilitering van Onderrignetwerke

Kennisbestuur sal 'n aantal onderrignetwerke fasiliteer. Hierdie netwerke sal 'n verskeidenheid onderwerpe dek wat fokus op die beskikbare kennisbestuur-instrumente en/of onderwerpe van belang.

#### 7.4.3.3 Strategiese doelstellings se jaarlikse teikens vir 2018/19

| Uitsetaanwyser  | Geouditeerde/Werklike prestasie |                  |  | Geskatte prestasie    | Mediumtermyn-teikens  |                       |                       |
|---|---------------------------------|------------------|--|-----------------------|-----------------------|-----------------------|-----------------------|
|   | 2014/15                         | 2015/16          | 2016/17                                  | 2017/18               | 2018/19               | 2019/20               | 2020/21               |
| Onderhoud van die gesentraliseerde kennisbestuurstelsel (OIB) om elektroniese databestuur en institusionele geheue daar te stel | -                               | Stelsel ingevoer | OIB-stelsel (genaamd MyContent) onderhou | Onderhoud van die OIB | Onderhoud van die OIB | Onderhoud van die OIB | Onderhoud van die OIB |

#### 7.4.3.4 Prestasie-aanwysers en jaarlikse teikens vir 2018/19

| Programprestasie-aanwyser<br>Uitsetaanwyser |   | Geouditeerde/Werklike prestasie |  |  | Geskatte prestasie                         | Mediumtermyn-teikens                      |   |   |
|---|---|---------------------------------|--|--|--|---|---|---|
|   |   | 2014/15                         | 2015/16  | 2016/17  | 2017/18                                    | 2018/19                                   | 2019/20                                   | 2020/21                                   |
| <b>Knowledge Management</b>                 |   |                                 |  |  |  |   |   |   |
| 1.1   | % van Departementele rekords (uit totale rekords ontvang) op OIB bewaar | -                               | 86% van rekords wat ontvang is, bewaar en versprei | 93 % van inhoud van alle programme bewaar en versprei (N=1434) | 85 % van inhoud bewaar en bestuur (N=2000) | 90% van inhoud bewaar en bestuur (N=2000) | 90% van inhoud bewaar en bestuur (N=2000) | 90% van inhoud bewaar en bestuur (N=2000) |
| 1.2   | Getal Leernetwerke gefasiliteer   | 4                               | 5  | 4  | 4  | 4   | 4   | 4   |

#### 7.4.3.5 Kwartaalike teikens vir 2018/19

| Programprestasi-<br>aanwyser Uitsetaanwyser |   | Verslag-<br>periode | Jaarlike<br>teiken 2018/19   | Mediumtermyn-teikens |     |     |  |
|---|---|---------------------|--|----------------------|-----|-----|--|
|   |   |                     |  | 1ste                 | 2de | 3de | 4de  |
| <b>Kennisbestuur</b>                        |   |                     |  |                      |     |     |  |
| <b>Sektorspesifieke Aanwysers</b>           |   |                     |  |                      |     |     |  |
| 1.1   | Ondernemingsin-<br>houdbestuurstelsel<br>geïmplementeer en<br>data bewaar | Jaarliks            | 90 % van<br>inhoud<br>van alle<br>programme<br>bewaar<br>en versprei<br>(N=2000) | -                    | -   | -   | 90 % van<br>inhoud<br>bewaar<br>en bestuur<br>(N=2000) |
| 1.2   | Getal Leernetwerke<br>gefasiliteer  | Kwartaalike         | 4  | 0                    | 1   | 1   | 2  |

#### 7.4.3.6 Risikobestuur

| <b>Strategiese doelstelling: Om institusionele staatsbestuur te versterk vir verbeterde dienslewering.</b>  |  |
|---|--|
| <b>Risk Statement</b>   | <b>Risikoverminderingstrategieë</b>  |
| Die gebrek aan geloofwaardige gesentraliseerde inligtingbestuursprosesse (bewaring en verspreiding) lei daartoe dat intellektuele/institusionele kennis nie bewaar of ter voordeel van die Departement gebruik word nie. Dit lei tot die verlies aan institusionele geheue. | Die implementering van stelsels en prosesse wat ekonomiese intelligensie sentraliseer en dit makliker maak om inligting en institusionele geheue te bestuur. |

## 7.5 Rekonsiliasie van prestasie-teikens met die Begroting en MTBR

### 7.5.1 Bestedingskattings

| Subprogram   |                      | Geouditeer    |               |               |               | Hoof-toewysing | Aangepaste toewysing | Hersiene skatting | Medium-term estimate |               |         |
|--|----------------------|---------------|---------------|---------------|---------------|----------------|----------------------|-------------------|----------------------|---------------|---------|
|  |                      | R'000         | 2014/15       | 2015/16       | 2016/17       |                |                      |                   | 2017/18              | 2017/18       | 2017/18 |
| 1.   | Kantoor van die HvD  | 2 221         | 5 423         | 7 417         | 7 297         | 5 926          | 5 959                | 16 056            | 15 738               | 15 969        |         |
| 2.   | Finansiële Bestuur   | 24 714        | 24 847        | 26 714        | 32 639        | 32 323         | 32 189               | 36 419            | 37 653               | 41 472        |         |
| 3.   | Korporatiewe Dienste | 8 594         | 10 606        | 17 525        | 21 110        | 20 053         | 20 154               | 12 746            | 11 609               | 11 616        |         |
| <b>Totale betalings en skattings</b>                 |                      | <b>35 529</b> | <b>40 330</b> | <b>51 656</b> | <b>61 046</b> | <b>58 302</b>  | <b>58 302</b>        | <b>65 221</b>     | <b>65 000</b>        | <b>69 057</b> |         |
| <b>Ekonomiese klassifikasie R'000</b>                |                      |               |               |               |               |                |                      |                   |                      |               |         |
| <b>Lopende betalings</b>                             |                      | <b>32 713</b> | <b>36 666</b> | <b>49 421</b> | <b>57 633</b> | <b>53 839</b>  | <b>53 797</b>        | <b>61 719</b>     | <b>62 780</b>        | <b>66 715</b> |         |
| Werknemerskompensasie                                |                      | 18 836        | 22 264        | 33 492        | 39 031        | 35 902         | 35 902               | 43 809            | 47 028               | 50 167        |         |
| Goedere en dienste                                   |                      | 13 877        | 14 402        | 15 929        | 18 602        | 17 937         | 17 895               | 17 910            | 15 752               | 16 548        |         |
| Rente en huur op grond                               |                      |               |               |               |               |                |                      |                   |                      |               |         |
| <b>Oordragte en subsidies</b>                        |                      | <b>41</b>     | <b>16</b>     | <b>35</b>     | <b>2</b>      | <b>27</b>      | <b>56</b>            | <b>2</b>          | <b>2</b>             | <b>2</b>      |         |
| Provinsies en munisipaliteite                        |                      |               |               |               |               |                |                      |                   |                      |               |         |
| Departementele agentskappe en rekeninge              |                      | 1             | 1             | 3             | 2             | 3              | 3                    | 2                 | 2                    | 2             |         |
| Universiteite en teknikons                           |                      |               |               |               |               |                |                      |                   |                      |               |         |
| Buitelandse regerings en internasionale organisasies |                      |               |               |               |               |                |                      |                   |                      |               |         |
| Openbare korporasies en privaatondernemings          |                      |               |               |               |               |                |                      |                   |                      |               |         |
| Instansies sonder winsbejag                          |                      |               |               |               |               |                |                      |                   |                      |               |         |
| Huishouding  |                      | 40            | 15            | 32            |               | 24             | 53                   |                   |                      |               |         |
| <b>Oordragte en subsidies aan Kapitaal</b>           |                      |               |               |               |               |                |                      |                   |                      |               |         |
| Staatsmotor-handelsrekening                          |                      |               |               |               |               |                |                      |                   |                      |               |         |
| <b>Betalings vir kapitale bates</b>                  |                      | <b>2 755</b>  | <b>3 648</b>  | <b>2 125</b>  | <b>3 411</b>  | <b>4 385</b>   | <b>4 398</b>         | <b>3 500</b>      | <b>2 218</b>         | <b>2 340</b>  |         |
| Geboue en ander nie-roerende strukture               |                      |               |               |               |               |                |                      |                   |                      |               |         |
| Masjinerie en toerusting                             |                      | 2 754         | 3 488         | 2 123         | 3 311         | 3 793          | 3 806                | 3 500             | 2 218                | 2 340         |         |
| Erfenisbates   |                      |               |               |               |               |                |                      |                   |                      |               |         |
| Gespesialiseerde militêre bates                      |                      |               |               |               |               |                |                      |                   |                      |               |         |
| Biologiese bates                                     |                      |               |               |               |               |                |                      |                   |                      |               |         |
| Grond en ondergrondse bates                          |                      |               |               |               |               |                |                      |                   |                      |               |         |
| Sagteware en ander ontasbare bates                   |                      | 1             | 160           | 2             | 100           | 592            | 592                  |                   |                      |               |         |
| <b>Betalings vir finansiële bates</b>                |                      | <b>20</b>     |               | <b>75</b>     |               | <b>51</b>      | <b>51</b>            |                   |                      |               |         |
| <b>Totale ekonomiese klassifikasie</b>               |                      | <b>35 529</b> | <b>40 330</b> | <b>51 656</b> | <b>61 046</b> | <b>58 302</b>  | <b>58 302</b>        | <b>65 221</b>     | <b>65 000</b>        | <b>69 057</b> |         |

## Program 2: Geïntegreerde Ekonomiese Ontwikkelingsdienste



DEPARTEMENT VAN EKONOMIESE ONTWIKKELING EN TOERISME

## 8. PROGRAM 2: GEÏNTEGREERDE EKONOMIESE ONTWIKKELINGSDIENSTE

### 8.1 Doelwit

Om 'n instaatstellende sakeomgewing vir die skep van geleenthede vir groei en werk te bevorder en te ondersteun.

### 8.2 Programstruktuur

Die program is as volg gestruktureer:

- **Subprogram 2.1: Ondernemingsontwikkeling**  
Om by te dra tot die skep van 'n instaatstellende sakeomgewing wat kleinsake en entrepreneurs bemagtig om te ontwikkel en te groei.
- **Subprogram 2.2: Streeks- en Plaaslike Ekonomiese Ontwikkeling**  
Om steun te verskaf vir die verbetering van plaaslike sakefrontdienste wat bydra tot die skep van instaatstellende sakeomgewings op munisipale vlak.
- **Subprogram 2.3: Ekonomiese Bemagtiging**  
Om die proses van bemagtiging en die skep van 'n instaatstellende sakeomgewing vir voorheen benadeelde individue (VBI's) te fasiliteer. Hierdie program is opgeneem in subprogram 2.1.
- **Subprogram 2.4: Rompslompvermindering**  
Om die sakeomgewing te verbeter deur die regulatoriese las op ondernemings deur verbeterde wetgewing, prosesse en kommunikasie te verbeter.
- **Subprogram 2.5: Bestuur: Geïntegreerde Ekonomiese Ontwikkelingsdienste**  
Om die oorkoepelende bestuur en administratiewe ondersteuning van die program uit te voer.

### 8.3 Prestasieleweringomgewing

Die openbare diskoers oor ekonomiese beleid is oorweldigend gefokus op fiskale maatreëls (bv. besteding op infrastruktuur), monetêre ingrypings, welsynprogramme en ander hoogs sigbare instrumente van regeringsaksie. Wanneer 'n ekonomie dus swak presteer, wentel 'n ongebalanseerde groot deel van ons debat daarom of dit 'n fiskale stimulus nodig het of nie, of daar 'n verslapping of versterking van likiditeit moet wees, en of sy welsynprogramme te veel of te min was. Wat baie minder aandag kry, maar net so belangrik is – en in sommige situasies selfs belangriker is vir die sukses of mislukking van 'n ekonomie – is die werkende onderdele wat die ekonomie bymekaarhou en die grondstruktuur wat dit onderlê.

Die wette en prosesse wat bepaal hoe maklik 'n sakeonderneming begin en gesluit kan word, die doeltreffendheid waarmee die regering (oor alle sferes heen) reageer op ontwikkelings- en groei-inisiatiewe van die privaatsektor, die doeltreffendheid van die staatsadministrasie se reëls en so meer is alles voorbeelde van die werkende onderdele wat selde sigbaar is. As hulle wanfunksioneer, kan hulle die vooruitgang van 'n ekonomie ondermyn en die regering se ekonomiese beleidsinstrumente minder doeltreffend maak.

Om 'n dinamiese privaatsektor te vestig met maatskappye wat beleggings maak, werk skep en produktiwiteit verbeter om sodoende groei te bevorder en geleenthede uit te brei, het die regering regoor die wêreld uitgebreide hervormings geïmplementeer, insluitende die liberalisering van pryse en makro-ekonomiese stabiliseringsprogramme. Regerings wat toegewy is aan die ekonomiese gesondheid van hul land en geleenthede vir hul landsburgers fokus egter op meer as makro-ekonomiese omstandighede. Hulle gee ook aandag aan die gehalte van wetgewing, regulasies en institusionele reëlings wat daaglikse ekonomiese aktiwiteite vorm gee, aangesien dit 'n direkte invloed op die sakeomgewing en -klimaat in 'n ekonomie het. Gevolglik het die verbetering van die sakeomgewing of -klimaat in onlangse jare 'n belangrike onderwerp in die internasionale diskoers oor privaatsektorale ontwikkeling geraak.

Die deurslaggewende openbare beleid-doelwit is om die regulatoriese omgewing só te bestuur dat regulatoriese kostes tot die minimum beperk word sonder om die regulatoriese voordele te verminder. Dit is belangrik om kennis te neem dat die lande wat tot die Organisasie vir Ekonomiese Samewerking en Ontwikkeling (OESO) behoort, sowel as uitgesoekte Westerse ekonomieë, die regulatoriese omgewing beskou as die enkele belangrikste element van 'n ekonomiese groei-strategie. Dit bly hoog op die ekonomiese agenda van hierdie lande.

Teen hierdie agtergrond het die Wes-Kaapse Regering (WKR) erken dat daar 'n dringende behoefte is om 'n gunstiger sakeklimaat binne die Wes-Kaap te skep en te bevorder. Om dit makliker te maak om sake te doen, is 'n beslissende aandrywer vir die totstandkoming van 'n sakeomgewing wat binnewaartse belegging bevorder, sakeondernemings in staat stel om gevestig te word en uit te brei, en 'n kultuur van entrepreneurskap aanmoedig. Die gemak van sake doen (GSD) is daarom geïdentifiseer as 'n kritieke instaatsteller nie net vir PSD-1-programme en -projekte nie, maar ook vir ander relevante programme in die ander PSD's.

## **Definiëring van die Gemak van Sake Doen (GSD)**

'n Instaatstellende sakeomgewing is opgebou uit faktore wat die groei en ontwikkeling van sakeondernemings beperk of begunstig, en uiteindelik lei tot ekonomiese groei en die absorpsie van arbeid.

Die instaatstellende omgewing word nou wyd erken as 'n meganisme waardeur groter ontwikkelingsuitkomst behaal kan word. 'n Gesonde instaatstellende omgewing vir groei wat deur die privaatsektor gelei word, word as deurslaggewend beskou. Privaatondernemings lê aan die kern van die ontwikkelingsproses. Hul bydrae tot hierdie prosesse word grootliks bepaal deur die beleggingsklimaat vir sowel plaaslike as internasionale maatskappye. Die beleggingsklimaat vorm weer die koste en risiko's van sake doen, sowel as hindernisse vir mededingendheid, wat alles die rol van die privaatsektor in sosiale en ekonomiese ontwikkeling sterk beïnvloed.

Onlosmaaklik verbind tot die instaatstellende sakeomgewing is die konsep van 'die gemak van sake doen' (GSD). Die Wêreldbankgroep definieer GSD as die mate waarin die regulatoriese omgewing bevorderlik is vir die totstandkoming en werking van 'n plaaslike maatskappy. Die Bank se GSD-faktore sluit in om 'n sakeonderneming te begin, boupermitte te hanteer, oor grense heen handel te dryf, eiendom te registreer en toegang tot elektrisiteit te verkry.

Vir ons doeleindes definieer ons die GSD as die mate waarin die faktore van (1) wetgewing (d.w.s. wette, regulasies en munisipale regulasies), (2) prosesse, prosedures en stelsels, (3) kommunikasie, (4) staatskoördinasie en -samesamewerking, en enige ander staatsbeheerde faktore bevorderlik is vir die vermoë van nuwe en bestaande sakeondernemings om te groei of arbeid te absorbeer.

## **Provinsiale Strategiese Plan**

Die Provinsiale Strategiese Plan (PSP): 2014–2019 sit die Wes-Kaapse Regering (WKR) se visie en strategiese prioriteite tesame met aksieplanne uiteen. Die PSP sit vyf strategiese doelstellings uiteen waarvan Strategiese Doelstelling 1: Skep geleenthede vir groei en werk primêr onder die Departement van Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme ressorteer. Dit sluit egter nie die Departement se betrokkenheid en gemoeidheid met die ander provinsiale strategiese doelstellings (PSD's) uit nie, soos PSD 4: Om 'n veerkragtige, volhoubare en inklusiewe leefomgewing van gehalte te aktiveer, en die prioriteitsprojekte (die 'Spelwysigers') soos Vakleerlingskap en Kragsekuriteit.

### **PSD 1: Skep Geleenthede vir Groei en Werk**

As 'n beslissende komponent van die PSP is die hoofrol van PSD 1 om 'n instaatstellende omgewing te skep waarin sakeondernemings kan groei en werkgeleenthede skep. Hierdie rol word gesteun deur twee hefbome binne die PSD – eerstens Ekonomiese Ontwikkeling en tweedens infrastruktuur en Grondgebruik vir Groei. Daar word voorsien dat hierdie twee hefbome – wat regoor die ekonomiese klusterdepartemente (die Departemente van Vervoer en Openbare Werke; Landbou; Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning; Finansies [Provinsiale Tesourie] en hierdie Departement) tesame met die privaatsektor gelewer sal word – uiteindelik tot 'n toename in indiensneming sal lei.

PSD 1 bestaan uit sewe strategiese doelstellings waarvan die strategiese doelstelling 'Verbeter die regulatoriese omgewing om die gemak van sake doen aan te moedig' nie net op sigself deurslaggewend is nie, maar ook beslissend is vir die doeltreffendheid en effektiwiteit van die ander sewe strategiese doelstellings. Byvoorbeeld, die gemak van sake doen d.m.v. sy regulatoriese uitkyk is beslissend vir die doelstellings 'Help verseker genoegsame water en krag vir groei' en 'Optimeer grondgebruik'.


### **PSD 1: Strategiese Prioriteit: Gemak van Sake Doen**

Die Gemak van Sake Doen (GSD) as 'n Strategiese Doelstelling binne PSD 1 het ontwikkel om nie net die vermindering van rompslomp in te sluit nie, maar ook ander beslissende elemente (bv. staatsamesamewerking en -koördinasie) om 'n omgewing wat bevorderlik is vir die ontwikkeling en groei van sakeondernemings te vestig. Hierdie besluit is deur die PSD 1 se Uitvoerende Komitee geneem.

### **Benadering: Proaktief en Responsief**

'n Bykomende amendement was die aanvaarding van twee komponente van die GSD, naamlik proaktief en responsief. Eersgenoemde verwys na veranderinge of verbeteringe as gevolg van proaktiewe aksie wat die regering onderneem het, byvoorbeeld die verbetering van die stelsel om rolprentpermitte binne twee weke pleks van die bestaande ses weke goed te keur en uit te reik. Die responsiewe aspek omvat hoofsaaklik die respons op individuele aansoeke om hulp betreffende rompslomp en ander hindernisse, bv. 'n sake-eienaar wat hulp vra met die ontstopping van die proses om 'n invoerpermit te bekom, of 'n agri-prosesseringsontwikkeling wat verdrag word weens uiteenlopende benaderings deur verskillende sferes van die regering.

**Figuur 1 hier onder verteenwoordig 'n uiteensetting van waar die GSD in die breër konteks van PSD 1 geleë is.**



Die Responsiewe komponent reageer op versoeke/navrae wat deur verskeie kanale ontvang is (bv. die Sakesteunhulplyn en ministeriële versoeke) en omvat die oplossing van kwessies wat groei inhibeer, meestal op 'n ad hoc-, individuele basis.

Die Proaktiewe komponent sal op 'n veel meer gestruktureerde basis te werk gaan en sal sy agenda opstel gebaseer op die insette ontvang vanaf:

- die Khulisa-sektore (d.i. Toerisme, Olie en Gas en Agri-prosessering);
- ander relevante spelwysigers binne PSD 1 (bv. Kragsekerheid);
- ander relevante strategiese riglyne sowel binne PSD 1 (bv. Grondhervorming) as ander PSD's (bv. Water vir Groei);
- die Provinsiale Ruimtelike Ontwikkelingsraamwerk wat beslissende nodusse en korridors as groeikerne identifiseer (bv. die Eden-toerisme/ontspanningskorridor en die George/Mosselbaai- funksionele streek); en
- enige ander sektore waar sistemiese en/of ad hoc-versperrings ontwikkeling en groei inhibeer.

Die Proaktiewe komponent sal ingrypings omvat in terme van wetgewende hervorming (bv. amendemente tot, of die terugtrek van, regulasies wat groei inhibeer), die verbetering van prosesse of stelsels (bv. 'n beter permitstelsel), of gekoördineerde staatsmeganismes vir die hantering van geleenthede vir ontwikkeling en groei.

### Probleemverklaring

Die skep en verbetering van 'n instaatstellende omgewing vir sakeondernemings word erken as grondliggend tot die ondersteuning van 'n mededingende ekonomie. Die hoeveelheid rompslomp en burokrasie wat belanghebbendes in die gesig staar wanneer hulle met die staatsdiens te doen het, word beskou as 'n deurslaggewende beperking op ekonomiese ontwikkeling en groei. Op sy beurt meng dit in met beslissende elemente insluitende die vermoë van sakeondernemings om op die globale mark mee te ding weens onnodige kostes en/of vertragings met die ontwikkeling van nuwe ondernemings en die volhoubaarheid en/of groei van bestaande ondernemings. Op die ou end het dit 'n negatiewe impak op die vermoë van die ekonomie om werkloosheid te verminder en armoede te verlig.

Rompslomp binne die staatsdiens is konsekwent geïdentifiseer as een van die kernelemente wat sakeontwikkeling en -groei beperk. Navorsing oor die gemak van sake doen het interessante en ontstellende feite aan die lig gebring, wat die volgende insluit :

- Die skep en verbetering van 'n instaatstellende omgewing vir sakeondernemings word erken as grondliggend tot die ondersteuning van 'n mededingende ekonomie. Die hoeveelheid rompslomp en burokrasie wat belanghebbendes in die gesig staar wanneer hulle met die staatsdiens te doen het, word beskou as 'n


deurslaggewende beperking op ekonomiese ontwikkeling en groei. Op sy beurt meng dit in met beslissende elemente insluitende die vermoë van sakeondernemings om op die globale mark mee te ding weens onnodige kostes en/of vertraging met die ontwikkeling van nuwe ondernemings en die volhoubaarheid en/of groei van bestaande ondernemings. Op die ou end het dit 'n negatiewe impak op die vermoë van die ekonomie om werkloosheid te verminder en armoede te verlig.

- Rompslomp binne die staatsdiens is konsekwent geïdentifiseer as een van die kernelemente wat sakeontwikkeling en -groei beperk. Navorsing oor die gemak van sake doen het interessante en ontstellende feite aan die lig gebring, wat die volgende insluit:

Die probleemverklarings wat uit die bostaande afgelei kan word, is die volgende:

- Ongekoördineerde en gefragmenteerde benaderings deur die staat en die privaatsektor om geleenthede vir ekonomiese ontwikkeling en groei aan te spreek.
- Onnodige of ondeurdagte wetgewing en beleid inhibeer ontwikkeling en groei.
- Ondoeltreffende prosesse en stelsels en swak kliëntkoppelvlakke voeg onnodige koste by sake doen.
- Ontoereikende platforms om interaksie tussen die regering en die sakewêreld te fasiliteer wat betref die sakereguleringsomgewing.

Hierdie afdeling sal handel oor teikenstelling wat betref die beslissende gebiede van ingryping wat deur die Program nagestreef sal word. Figuur 2 hier onder verskaf 'n oorsig oor al die beslissende gebiede van ingryping wat daartoe behoort te lei dat al die strategiese doelstellings van die Program



### Verbeter betrokkenheid en interaksie tussen die regering en die sakewêreld

Gegewe die ongekoördineerde en gefragmenteerde benadering deur die staat en die privaatsektor om ekonomiese ontwikkeling en groei aan te spreek, sê die Departement sy volle steun toe aan 'n meer beslissende benadering om die beplanning en lewering van ekonomiese ontwikkeling en groeigeleenthede te integreer.

Vennootskappe lê aan die kern van die uitvoering van die WKR se mandaat. In die konteks van dit makliker maak om sake te doen, sal vennootskappe gefokus wees op openbare en private organisasies, instansies en sakeondernemings.

Deur betrokkenheid tussen die regering en die sakewêreld te fasiliteer, sal ons help om begrip en samewerking te versterk d.m.v. 'n spesifieke agenda gerig op groei en werkgeleenthede, deur uiteen te sit hoe om dit makliker te maak vir sakeondernemings om te werk, en om meer sakeondernemings betrokke te kry by stimulerende ekonomiese aktiwiteite en deelname aan die mark.

Die privaatsektor sal aangemoedig word om 'n aktiewe vennootskapsrol te speel om die regering te adviseer oor beslissende ingrypings wat nodig is om die doelstellings van die ontstopping van rompslomphindernisse, die skep van 'n omgewing wat nodig is vir die ekonomie om uit te brei en die instaatstelling van die toename in werkgeleenthede te realiseer.



## **Program-aksie**

Om beslissende ingryping 1 aan te spreek, sal die GSD-program:

- Meer gereelde interaksie met die sakewêreld fasiliteer oor kwessies wat die wetgewende omgewing beïnvloed;
- Die volle Romslopvermindering-gevallestelsel binne die Departement internaliseer; en
- Die verbetering van en meer gereelde betrokkenheid tussen munisipaliteite en die sakewêreld fasiliteer.

## **Verbeter sakefrontdienste in terme van prosesse en wetgewing**

Swak ontwikkelde staatsproesse en -wetgewing het 'n negatiewe impak op die koste en gemak van sake doen gehad. Dit is noodsaaklik om staatsproesse en -wetgewing aan te spreek wat dit onnodig moeilik maak vir firmas om sake te doen.

Soos by Agri-prosessering, betrek veranderinge in grondgebruik en ontwikkeling vir toerisme baiekeer nie net al drie sferes van regering nie, maar ook veelvuldige departemente binne 'n sfeer van regering. Byvoorbeeld, die uitleg en toewysing van 'n fietsroete wat oor meer as een munisipaliteit strek kan, afgesien van die betrokke munisipaliteite, ook die Departement van Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning en die Departement van Landbou betrek. Gekoördineerde bestuur is deurslaggewend. In die meeste gevalle bly dit egter moeilik om reg te kry, wat lei tot uitgerekte aansoeke en onnodige vertragings – wat uitloop op verlengde beplanningsproesse wat die projek kompromitteer nog voordat dit eens begin het.

Toerisme-aanwysingsborde speel 'n hoofrol in plaaslike ekonomiese ontwikkeling, aangesien hulle sowel plaaslike as internasionale toeriste na bestemmings soos bed-en-ontbyplekke, restaurante, wynlandgoedere en sakedienssentrums soos vulstasies verwys. Uitdagings betreffende die goedkeuring van toerismepadaanwysingsborde as gevolg van byvoorbeeld plaaslike of provinsiale vertragings aan die staat se kant is geïdentifiseer as groot hindernisse vir die sektor regoor die Provinsie. Die voordele van die ingryping sal 'n verbeterde sakeomgewing wees met die potensiaal vir 'n toename in klandisie en inkomste vir sakeondernemings in die sektor.

Die onkoste, tydsraamwerke en administratiewe las gekoppel aan statutêre aansoekproesse soos omgewingsimpakstudies (OIS'e), afvalbestuurlisensies, watergebruikregistrasies en lisensiëring en munisipale goedkeuring beïnvloed nie net nuwe ondernemings nie, maar ook ondernemings wat hul aktiwiteite stroomaf wil uitbrei. Om die waarheid te sê, hierdie regulasies kan 'n ernstige uitdaging bied vir die vestiging en groei van sakeondernemings – en uiteindelik die groei van die sektor.

## **Program-aksie**

Met die aanspreek van beslissende ingryping 2 sal die GSD-program:

- Wetgewende oorsigte en kommentaar op relevante wetgewing en beleide wat die sakeomgewing beïnvloed, veral in die Khulisa-prioriteitsektore, in ag neem;
- Daarna streef om die aansoek- en goedkeuringsproesse te vereenvoudig wat betref beplanning (grondgebruik), lisensiëring en die toelating van geleenthede; en toerisme-aanwysingsborde. Terwyl alle prosesse hersien sal word, sal dié onder beheer van die provinsiale staatsdepartemente en munisipaliteite voorkeur geniet aangesien hulle die grootste potensiaal vir suksesvolle ingryping inhou;
- Die Gemak van Sake Doen-kosteberamingswerktuig implementeer en toepas, wat sowel ad hoc- ingrypings as ingrypings om sistemiese rompslop te verminder, sal kwantifiseer; en
- 'n Munisipale-Diens-Aan-Sakeondernemings- (Municipal-Service-To-Business oftewel MS2B) program implementeer met as teiken die verbetering van munisipale sakefrontdienste regoor die Provinsie op 'n manier wat sistemiese veranderinge steun wat vereis word om 'n positiewe en metodiese impak op plaaslike sakeomgewings uit te oefen.

## **Verbeter die sakesteun-ekostelsel**

Klein, mediumgrootte en mikro-ondernemings speel 'n beslissende rol in die absorpsie van arbeid, die binnedring van nuwe markte en, oor die algemeen, om ekonomiese groei op skeppende en innoverende maniere te laat uitbrei. Die kompleksiteit van die KMMO-landskap en die uitdagings daarvan (bv. toegang tot finansiering, toegang tot markte en sakeontwikkelingsteun) waarmee dit gekonfronteer word, maak dit noodsaaklik om hulpbronne optimaal in te span, strategieë te koördineer en in ooreenstemming te bring, en om 'n positiewe uitwerking op die ondersteuningsekostelsel te verseker deur saam te werk wat denke en pogings betref.

Die ekostelsel wat sakeondernemings ondersteun verwys na die elemente – individue, organisasies, finansiële

en professionele hulpbronne – wat entrepreneurs en sakeondernemings benodig om te kan ontwikkel en groei. Integraal tot hierdie ekostelsel is staatsbeleide wat entrepreneurs aanmoedig en beskerm. Hierdie ekostelsel speel 'n deurslaggewende rol in die skepping en handhawing van 'n ondersteunende omgewing wat bevorderlik is vir entrepreneurskap en die uitbreiding van sakeondernemings.

Gegewe die beperkte hulpbronne tot die beskikking van die Program en die Departement, sal ons strategiese sakesteun beperk wees tot die gebiede van toegang tot markte (insluitende afvoerkettingskakels); finansiering en aansporings; en die erkenning van entrepreneurskap; en ondersteuning van sakeontwikkeling. Hierdie ingrypings fokus daarop om 'n bydrae tot die toekomstige lewensvatbaarheid en onderhoubaarheid van KMMO's in die Provinsie te lewer.

### Program-aksie

Met die aanspreek van beslissende ingryping 3 sal die GSD-program:

- Verskafferontwikkelingsprogramme aanbied met 'n fokus op die Khulisa-sektorprioriteite van Olie en Gas, en Agri-prosesserings;
- Toegang tot potensieel nuwe en bestaande afvoerkettings fasiliteer;
- Toegang tot finansiering fasiliteer wat die volgende sal insluit:
  - Fasilitering van toegang tot openbaresektor- finansiële aansporings;
  - Toenemende bewusheid van beskikbare befondsingsbronne; en
  - Steun aan ondernemings tydens die fases voor en ná aansoeke om finansiering.
- 'n Beleid ontwikkel wat die WKR in staat sal stel om openbaresektor-verskaffers te gebruik as 'n instrument vir ekonomiese transformasie en groei;
- Toegang bied tot geakkrediteerde sakeopleidingsprogramme vir klein- en mediumgrootte ondernemings (KMMO's) en entrepreneurs; en
- 'n Holistiese program vir die bevordering van openbare sektor-aansaffings implementeer wat daarop gemik is om toegang tot ekonomiese geleenthede moontlik te maak.

## 8.4 Subprogram 2.1: Ondernemingsontwikkeling

### 8.4.1 Strategiese Doelstellings

|                                 |   |
|---------------------------------|---|
| <b>Strategiese Doelstelling</b> | Om die volhoubaarheid en groei van KMMO's te vergroot.  |
| <b>Doelstellingsverklaring</b>  | Om teen 2020 steun aan 500 KMMO's te fasiliteer deur toegang tot ingrypings wat entrepreneurskap bevorder en sakeondernemings ondersteun. |
| <b>Basislyn</b>                 | 2015/16 – 100 ondernemings uitgebrei  |

### 8.4.2 Strategiese doelstellings se jaarlikse teikens vir 2018/19

| Uitsetaanwyser                              | Geouditeerde/Werklike prestasie |         |         | Geskatte prestasie | Mediumtermyn-teikens |         |         |
|---|---------------------------------|---------|---------|--------------------|----------------------|---------|---------|
|   | 2014/15                         | 2015/16 | 2016/17 |                    | 2017/18              | 2018/19 | 2019/20 |
| <b>Subprogram: Ondernemingsontwikkeling</b> |                                 |         |         |                    |                      |         |         |
| Getal ondernemings uitgebrei                | 339                             | 100     | 50      | 20                 | 50                   | 50      | 50      |

### 8.4.3 Prestasie-aanwysers en jaarlikse teikens vir 2018/19

| Programprestasie-aanwyser<br>Uitsetaanwyser  | Geouditeerde/Werklike prestasie |         |         | Geskatte prestasie | Mediumtermyn-teikens |         |         |
|--|---------------------------------|---------|---------|--------------------|----------------------|---------|---------|
|  | 2014/15                         | 2015/16 | 2016/17 |                    | 2017/18              | 2018/19 | 2019/20 |
| <b>Subprogram: Ondernemingsontwikkeling</b>  |                                 |         |         |                    |                      |         |         |
| 1.1<br>Getal ingrypings wat entrepreneurskap bevorder en sakeondernemings ondersteun | -                               | 10      | 5       | 5                  | 5                    | 5       | 5       |

#### 8.4.4 Kwartaalike teikens vir 2018/19

| Programprestasi-<br>aanwyser                | Uitsetaanwyser  | Verslag-<br>periode | Jaarlike<br>teiken 2018/19 | Mediumtermyn-teikens |     |     |     |
|---|---|---------------------|----------------------------|----------------------|-----|-----|-----|
|   |   |                     |                            | 1ste                 | 2de | 3de | 4de |
| <b>Subprogram: Ondernemingsontwikkeling</b> |   |                     |                            |                      |     |     |     |
| 1.1   | Getal ingrypings wat<br>entrepreneurskap<br>bevorder en<br>sakeondernemings<br>ondersteun | Kwartaalike         | 5                          | 1                    | -   | 1   | 3   |

#### 8.4.5 Risikobestuur

| <b>Strategiese Doelstelling: Om die sakereguleringsomgewing vir entrepreneurs en sakeondernemings te verbeter om só te ontwikkel en te groei in die Wes-Kaap.</b>  |   |
|--|---|
| <b>Risk Statement</b>  | <b>Risikoverminderingstrategieë</b>   |
| Gebrek aan strategiese samehang tussen staatsdepartemente en organisasies wat ondernemingsontwikkeling ondersteun, wat die doeltreffende implementasie van programme wat daarop gemik is om KMMO's te ontwikkel, inhibeer.   | <p>asiliteer interaksie tussen openbaresektor-organisasies om implementeringsuitkomst te verbeter.</p> <p>Identifiseer en vestig vennootskappe met gevestigde organisasies met die vermoë om gehaltesdienste aan KMMO's te lewer.</p> <p>Ontwikkel 'n omvattende mediabewustheidsveldtog deur 'n verskeidenheid mediums wat alle geïdentifiseerde belanghebbendes betrek.</p> <p>Versterk verhoudinge met OFI's (bv. NOK) om só die opneem van finansiële produkte te verbeter.</p>   |
| Gebrek aan deelname deur relevante KMMO-rolspelers, ontoereikende deelname van sakeondernemings en verbintenis deur privaatsektor-vennote wat betref die implementering van KMMO-programme ondermyn die vermoë om die gemak van sake doen te verbeter en die skep en onderhoud van 'n instaatstellende sakeomgewing. | <p>Verseker inkoop en verbintenis deur konsultasie met relevante belanghebbendes en vennote, betyds en deurgaans.</p> <p>Verseker gereelde kommunikasie met relevante belanghebbendes en vennote om hulle aan die voerpunt van ontwikkelings te hou, bewustheid vol te hou en inkoop en verbintenis te herbevestig.</p> <p>Doeltreffende gebruik van alle relevante bestaande (openbare of private) platforms om te verseker dat vennote gedurig ingelig word.</p> <p>Geteikende bevoorreedes moet versoek word om deelname te bevestig. Targeted beneficiaries to be requested to confirm participation.</p> |

#### 8.5 Subprogram 2.2: Streeks- en Plaaslike Ekonomiese Ontwikkeling

##### 8.5.1 Strategiese Doelstellings

|                                 |  |
|---------------------------------|--|
| <b>Strategiese Doelstelling</b> | Om plaaslike sakeomgewings te verbeter deur munisipale sakefrontdienste te verbeter wat sal bydra tot 'n kostebesparing of voordeel (vir die staat en die sakewêreld) van R1-miljard teen 2019 in die streekseconomie. |
| <b>Doelstellingsverklaring</b>  | Om teen 2020 die verbetering van 50 plaaslike regering- sakefrontdienste te fasiliteer wat betref prosedures, wetgewing en/of gemak van sake doen.   |
| <b>Basislyn</b>                 | 4 Plaaslike regering-sakefrontdienste (Basislyn in 2016/17 gevestig)   |

##### 8.5.2 Strategiese doelstellings se jaarlike teikens vir 2018/19

| Uitsetaanwyser   | Geouditeerde/Werklike prestasie |         |         | Geskatte<br>prestasie | Mediumtermyn-teikens |         |         |
|--|---------------------------------|---------|---------|-----------------------|----------------------|---------|---------|
|  | 2014/15                         | 2015/16 | 2016/17 |                       | 2017/18              | 2018/19 | 2019/20 |
| <b>Subprogram: Streeks- en Plaaslike Ekonomiese Ontwikkeling</b>                       |                                 |         |         |                       |                      |         |         |
| Getal munisipale sakefrontdienste verbeter (wat betref tyd, kompleksiteit en/of koste) | -                               | -       | -       | 4                     | 6                    | 8       | 16      |

### 8.5.3 Prestasie-aanwysers en jaarlikse teikens vir 2018/19

| Programprestasi-<br>aanwyser<br>Uitsetaanwyser                   |   | Geouditeerde/Werklike prestasie |         |         | Geskatte<br>prestasie | Mediumtermyn-teikens |         |         |
|--|---|---------------------------------|---------|---------|-----------------------|----------------------|---------|---------|
|  |   | 2014/15                         | 2015/16 | 2016/17 |                       | 2017/18              | 2018/19 | 2019/20 |
| <b>Subprogram: Streeks- en Plaaslike Ekonomiese Ontwikkeling</b> |   |                                 |         |         |                       |                      |         |         |
| 1.1  | Getal plaaslike regering-spesifieke sakeprosesse en/of wetgewingsverbeterings ontwikkel en ter tafel gelê | -                               | -       | 79      | 52                    | 55                   | 60      | 65      |

### 8.5.4 Kwartaallike teikens vir 2018/19

| Programprestasi-<br>aanwyser<br>Uitsetaanwyser                   |  | Verslag-<br>periode | Jaarlikse<br>teiken 2018/19 | Mediumtermyn-teikens |     |     |     |
|--|--|---------------------|-----------------------------|----------------------|-----|-----|-----|
|  |  |                     |                             | 1ste                 | 2de | 3de | 4de |
| <b>Subprogram: Streeks- en Plaaslike Ekonomiese Ontwikkeling</b> |  |                     |                             |                      |     |     |     |
| 1.1  | Getal plaaslike regering-spesifieke sakeprosesse- en/of wetgewingsverbeterings ontwikkel en ter tafel gelê | Jaarlikse           | 55                          | -                    | -   | -   | 55  |

### 8.5.5 Risikobestuur

| <b>Strategiese Doelstelling: Om die sakeomgewing in niemetrogebiede te verbeter deur doeltreffende POK-koördinasie wat die groei van die plaaslike ekonomie ondersteun.</b> |   |
|---|---|
| <b>Risikoverklaring</b>   | <b>Risikoverminderingstrategieë</b>   |
| Strategiese Doelstelling: Om die sakeomgewing in niemetrogebiede te verbeter deur doeltreffende POK-koördinasie wat die groei van die plaaslike ekonomie ondersteun.        | <p>Verseker inkoop en verbintenis deur konsultasie met relevante rolspelers en vennote, betyds en konsekwent.</p> <p>Geteikende bevoorreedes moet versoek word om deelname te bevestig. Verkry formele verbintenis of deelname deur leierskap van geteikende departemente, entiteite en munisipaliteite.</p> <p>Verseker gereelde kommunikasie met relevante belanghebbendes en vennote om hulle aan die voorpunt van ontwikkelings te hou, bewustheid vol te hou en inkoop en verbintenis te herbevestig. Verseker inkoop en verbintenis deur betyds en volgehoue konsultasie met departementele, entiteits- en munisipale leierskap.</p> <p>Doeltreffende gebruik van alle relevante bestaande interaksieplatforms om te verseker dat vennote gedurig ingelig word.</p> <p>Stel betyds in kennis van voorgenome implementering.</p> <p>Samel soveel inligting as moontlik in voordat die "As is"-werkswinkels begin.</p> <p>Verseker dat die regte belanghebbendes aan die werkswinkels deelneem en dat die toepaslike belanghebbendes verantwoordelik vir die afteken van besluite hulle daartoe verbind het.</p> <p>Verseker dat beslissende besluite afgeteken is voordat daar begin word met "To-Be"-kartering.</p> |

## 8.6 Subprogram 2.4: Rompslompvermindering

### 8.6.1 Strategiese Doelstellings

|                                 |   |
|---------------------------------|---|
| <b>Strategiese Doelstelling</b> | Om die verbetering van die sakeomgewing in die Wes-Kaap te fasiliteer deur die verbetering van nasionale, provinsiale of plaaslike regering-sakefrontdienste, om só by te dra tot kostebesparings of voordele (vir die staat en vir die sakewêreld) van R1-miljard teen 2019 in die provinsiale ekonomie. |
| <b>Doelstellingsverklaring</b>  | Om teen 2020 die verbetering van minstens 26 sakefrontdienste in die nasionale, provinsiale en/of plaaslike regeringsfeer te fasiliteer wat betref wetgewing of beleid, prosesse en/of kommunikasie.  |
| <b>Basislyn</b>                 | R587-miljoen (Basislyn in 2016/17 bepaal)   |

### 8.6.2 Strategiese doelstellings se jaarlikse teikens vir 2018/19

| Uitsetaanwyser                          | Geouditeerde/Werklike prestasie  |         |         | Geskatte prestasie | Mediumtermyn-teikens |         |         |     |
|---|--|---------|---------|--------------------|----------------------|---------|---------|-----|
|   | 2014/15  | 2015/16 | 2016/17 | 2017/18            | 2018/19              | 2019/20 | 2020/21 |     |
| <b>Subprogramme: Red Tape Reduction</b> |  |         |         |                    |                      |         |         |     |
| 1.1                                     | Monetêre waarde van besparing deur, en voordele vir, die regering en die sakewêreld wat die gevolg is van inisiatiewe om rompslomp te verminder. | -       | -       | R587m              | R200m                | R300m   | R500m   | -   |
| 1.2                                     | Afsluitingskoers van sake wat vir ondersoek verwys   | -       | -       | -                  | -                    | 85%     | 85%     | 85% |

### 8.6.3 Prestasie-aanwysers en jaarlikse teikens vir 2018/19

| Programprestasi-aanwyser<br>Uitsetaanwyser | Geouditeerde/Werklike prestasie                           |         |         | Geskatte prestasie | Mediumtermyn-teikens |         |         |    |
|--|---|---------|---------|--------------------|----------------------|---------|---------|----|
|  | 2014/15   | 2015/16 | 2016/17 | 2017/18            | 2018/19              | 2019/20 | 2020/21 |    |
| <b>Subprogramme: Red Tape Reduction</b>    |   |         |         |                    |                      |         |         |    |
| 1.1  | Getal rompslompvermindering-inisiatiewe wat ondersteun is | -       | -       | -                  | -                    | 15      | 20      | 20 |

### 8.6.4 Kwartaallikse teikens vir 2018/19

| Programprestasi-aanwyser<br>Uitsetaanwyser | Verslagperiode  | Jaarlikse teiken 2018/19 | Mediumtermyn-teikens |     |     |     |   |
|--|---|--------------------------|----------------------|-----|-----|-----|---|
|  |   |                          | 1ste                 | 2de | 3de | 4de |   |
| <b>Subprogramme: Red Tape Reduction</b>    |   |                          |                      |     |     |     |   |
| 1.1  | Getal rompslompvermindering-inisiatiewe wat ondersteun is | Kwartaallikse            | 15                   | 5   | 5   | 3   | 2 |

## 8.6.5 Risikobestuur

| Strategiese Doelstelling: Om die regulatoriese omgewing te verbeter om die gemak van sake doen in die Wes-Kaap te verbeter .   |  |
|--|--|
| Risikoverklaring   | Risikoverminderingstrategieë   |
| Gebrek aan inkoop en/of deelname deur provinsiale en/of nasionale staatsdepartemente (en hul agentskappe, openbare entiteite en regulators) en/of munisipaliteite weens persepsies dat daar sonder mandaat ingegryp word, asook gebrek aan jurisdiksie.  | <p>Verseker inkoop en verbintenis deur betydse en gedurige konsultasie met Departementele of munisipale leierskap.</p> <p>Verkry formele verbintenis tot deelname deur die leierskap van geteikende departemente en munisipaliteite, of, wat die GSD betref, goedkeuring deur die Kabinet.</p> <p>Kommunikeer gereeld met departemente en munisipaliteite om hulle op die voorpunt van ontwikkelings te hou en beklemtoon herhaaldelik die behoefte aan deelname.</p> <p>Gee betyds kennis van voorgenome implementering en moontlike veranderinge.</p>  |
| Vertraging in die aanstelling van diensverskaffers maak dit moeilik om projekte betyds te voltooi.   | <p>Begin vroegtydig met die aansaffingsproses.</p> <p>Ontwikkel duidelike spesifikasies vir dienslewering.</p> <p>Tree gereeld in interaksie met die Afvoerketting-afdeling om te verseker dat dienslewering in die kritieke fase gladweg verloop.</p>   |
| Gebrek aan inkoop en verbintenis deur staatsDepartemente, entiteite of agentskappe om implementeringsplanne in aksie om te sit om sakefrontdienste te verbeter, ondermyn die vermoë om die gemak van sake doen en die skep en onderhoud van 'n instaatstellende ekonomiese omgewing te verbeter. | <p>Verkry formele verbintenis tot deelname deur leierskap van geteikende departemente, entiteite en munisipaliteite.</p> <p>Verseker inkoop en verbintenis deur betyds en gedurig met departementele, entiteits- en munisipale leierskap te konsulteer.</p> <p>Samel soveel moontlik inligting in voordat die "As-Is"-werkswinkels aangebied word.</p> <p>Verseker dat die regte belanghebbendes aan die werksinkels deelneem om seker te maak die toepaslike belanghebbendes verantwoordelik vir die afteken van besluite is daartoe verbind.</p> <p>Verseker dat sleutelbesluite afgeteken word voordat "To-Be"-kartering begin.</p> |

## 8.7 Rekonsiliasie van prestasie-teikens met die Begroting en MTBR

### 8.7.1 Bestedingskattings

| Subprogramme   |   | Geouditeer    |               |               | Hoofte-wysing | Aange-paste toe-wysing | Hersiene skatting | Medium-term estimate |               |               |
|--|---|---------------|---------------|---------------|---------------|------------------------|-------------------|----------------------|---------------|---------------|
|  |   | R'000         | 2014/15       | 2015/16       |               |                        |                   | 2016/17              | 2017/18       | 2017/18       |
| 1.   | Ondernemings-ontwikkeling                     | 38 200        | 32 728        | 23 496        | 19 249        | 18 670                 | 20 761            | 25 413               | 27 193        | 28 927        |
| 2.   | Streeks- en Plaaslike Ekonomiese Ontwikkeling | 8 138         | 5 583         | 6 415         | 8 024         | 7 357                  | 6 868             | 8 234                | 8 780         | 9 345         |
| 3.   | Ekonomiese Bemagtiging                        | 4 032         | 1 019         |               |               |                        |                   |                      |               |               |
| 4.   | Rompslomp                                     | 8 899         | 14 472        | 11 750        | 9 900         | 9 765                  | 8 163             | 10 406               | 10 799        | 11 591        |
| <b>Totale betalings en skattings</b>                 |   | <b>59 269</b> | <b>53 802</b> | <b>41 661</b> | <b>37 173</b> | <b>35 792</b>          | <b>35 792</b>     | <b>44 053</b>        | <b>46 772</b> | <b>49 863</b> |
| <b>Ekonomiese klassifikasie R'000</b>                |   |               |               |               |               |                        |                   |                      |               |               |
| <b>Lopende betalings</b>                             |   | <b>32 415</b> | <b>39 701</b> | <b>29 016</b> | <b>31 567</b> | <b>29 984</b>          | <b>29 984</b>     | <b>31 083</b>        | <b>33 076</b> | <b>35 414</b> |
| Werknemerskompensasie                                |   | 19 153        | 16 793        | 16 184        | 19 324        | 18 010                 | 18 010            | 20 419               | 21 814        | 23 533        |
| Goedere en dienste                                   |   | 13 262        | 22 908        | 12 832        | 12 243        | 11 974                 | 11 974            | 10 664               | 11 262        | 11 881        |
| Rente en huur op grond                               |   |               |               |               |               |                        |                   |                      |               |               |
| <b>Oordragte en subsidies</b>                        |   | <b>26 621</b> | <b>13 232</b> | <b>12 375</b> | <b>5 376</b>  | <b>4 850</b>           | <b>4 850</b>      | <b>12 500</b>        | <b>13 200</b> | <b>13 926</b> |
| Provinsies en munisipaliteite                        |   |               |               |               |               |                        |                   |                      |               |               |
| Departementele agentskappe en rekeninge              |   | 2 000         | 1 900         | 2 900         | 951           |                        |                   |                      |               |               |
| Universiteite en teknikons                           |   |               |               |               |               |                        |                   |                      |               |               |
| Buitelandse regerings en internasionale organisasies |   |               |               |               |               |                        |                   |                      |               |               |
| Openbare korporasies en privaatondernemings          |   | 5 577         | 2 831         | 5 950         | 3 750         | 3 750                  | 3 750             | 7 500                | 7 920         | 8 356         |
| Instansies sonder winsbejag                          |   | 16 276        | 6 448         | 1 500         |               |                        |                   | 5 000                | 5 280         | 5 570         |
| Huishoudings   |   | 618           | 2 053         | 2 025         | 675           | 1 100                  | 1 100             |                      |               |               |
| <b>Oordragte en subsidies aan Kapitaal</b>           |   |               |               |               |               |                        |                   |                      |               |               |
| Staatsmotor-handelsrekening                          |   |               |               |               |               |                        |                   |                      |               |               |
| <b>Betalings vir kapitale bates</b>                  |   | <b>220</b>    | <b>869</b>    | <b>256</b>    | <b>230</b>    | <b>943</b>             | <b>943</b>        | <b>470</b>           | <b>496</b>    | <b>523</b>    |
| Geboue en ander nie-roerende strukture               |   |               |               |               |               |                        |                   |                      |               |               |
| Masjinerie en toerusting                             |   | 215           | 802           | 255           | 225           | 73                     | 73                |                      |               |               |
| Erfenisbates   |   |               |               |               |               |                        |                   |                      |               |               |
| Gespesialiseerde militêre bates                      |   |               |               |               |               |                        |                   |                      |               |               |
| Biologiese bates                                     |   |               |               |               |               |                        |                   |                      |               |               |
| Grond en ondergrondse bates                          |   |               |               |               |               |                        |                   |                      |               |               |
| Sagteware en ander ontasbare bates                   |   | 5             | 67            | 1             | 5             | 870                    | 870               | 470                  | 496           | 523           |
| <b>Betalings vir finansiële bates</b>                |   | <b>13</b>     |               | <b>14</b>     |               | <b>15</b>              | <b>15</b>         |                      |               |               |
| <b>Totale ekonomiese klassifikasie</b>               |   | <b>59 269</b> | <b>53 802</b> | <b>41 661</b> | <b>37 173</b> | <b>35 792</b>          | <b>35 792</b>     | <b>44 053</b>        | <b>46 772</b> | <b>49 863</b> |

## Program 3: Handels- en Sektorale Ontwikkeling



DEPARTEMENT VAN EKONOMIESE ONTWIKKELING EN TOERISME



## 4. PROGRAM 3: HANDELS- EN SEKTORALE ONTWIKKELING

### 9.1. Doelstelling

Om ekonomiese groei d.m.v. nywerheidsontwikkeling en die bevordering van handel en belegging te stimuleer.

### 9.2 Programstruktuur

Die Program is soos volg gestruktureer:

- **Subprogram 3.1: Bevordering van Handel en Belegging**  
Om hulpbronne aan die openbare entiteit vir die bevordering van toerisme, handel en belegging te voorsien om dit in staat te stel om sy mandaat uit te voer, soos gedefinieer in die Wysigingswet op die Wes-Kaapse Agentskap vir die Bevordering van Belegging en Handel, 1996 (Wet 3 van 1996).
- **Subprogram 3.2: Sektorale Ontwikkeling**  
Om beslissende inisiatiewe in die sektore wat deur Khulisa geteiken word, te implementeer en om steun te verleen aan prioriteitsektore om sodoende groei en werkskepping in die Wes-Kaapse ekonomie te stimuleer.

### 9.3 Subprogram 3.1: Bevordering van Handel en Belegging

#### 9.3.1 Prestasieleweringsomgewing

Wetgewende mandaat

Wesgro ('n skedule-3- openbare entiteit) se strategiese magte, soos voorsien in die Wysigingswet op die Wes-Kaapse Agentskap vir die Bevordering van Belegging en Handel, 1996 (Wet 3 van 1996), sluit in:

- Om bemerkingsteun en deskundige en gespesialiseerde advies, inligting en riglyne oor toerisme, handel en belegging te verleen aan enige sakeonderneming, maatskappy of assosiasie van persone wat dit so aanvra van die Agentskap of die Agentskap wil bystaan om sy doelstellings te bereik.
- Om op te tree as die bevorderingsagent vir toerisme, handel en belegging namens die Provinsie en om gekoördineerde bestemmingsbemarkingsaktiwiteite vir die Wes-Kaap te fasiliteer.
- Om 'n Provinsiale strategie vir toerisme, handel en bemerking te ontwikkel, te implementeer en te bevorder en om enige projek wat groei in die ekonomie van die Wes-Kaap kan realiseer, te implementeer.

#### Strategiese mandaat

Die Wes-Kaapse Regering se strategiese mandaat maak voorsiening daarvoor dat Wesgro:

- Handels- en beleggingsgeleenthede vir die Wes-Kaap bevorder en handels- en beleggingsprojekte direk in die streek realiseer.
- Verseker dat prioriteitsfokus gegee word aan die drie produktiewe sektore wat deur Projek Khulisa geïdentifiseer is en wat die grootste potensiaal inhou om groei en werkskepping in die streek teen 2020 te versnel.

In reaksie op Projek Khulisa sal Wesgro verantwoordelik wees vir die direkte implementering van die volgende beslissende inisiatiewe in die boekjaar 2018/19:

#### Projek Goeie Hoop

Projek Goeie Hoop is 'n kommunikasieplan met die hoofdoel om vertroue in Kaapstad en die Wes-Kaap se ekonomie te inspireer. Die eerste fase van die projek, wat in 2017/18 'n aanvang geneem het, hou in 'n navorsingsondersoek na beleggingspersepsie in verskeie belangrike markte wêreldwyd. Op grond van hierdie navorsing sal beslissende boodskappe in ooreenstemming met strategiese fokusgebiede wat tot vertroue in die ekonomie bydra, ontwerp word. Die tweede fase sal insluit die uitvoer van 'n veldtog om te verseker dat hierdie boodskappe die volumes bereik wat dit nodig het om persepsies te verander en te help om vertroue in die streek te inspireer. Dit sal waarskynlik gedoen word deur internasionale en plaaslike advertensies.

#### Olie en Gas

**Strategiese voorneme 1:** Brei die Wes-Kaap se aandeel in die globale Halaal-mark teen 2025 uit van <1% to 2%:

- Bevorder handel en belegging in beslissende markte.
- 'n Gesamentlike bemarkingsplan vir olie en gas.

#### Agri-prosessering

**Strategiese voorneme 1:** Brei die Wes-Kaap se aandeel in die globale Halaal-mark teen 2025 uit van <1% to 2%:

- Plan vir die Bevordering van Halaal-uitvoere: Bevorder SA Halaal-produkte in beslissende markte.

**Strategiese voorneme 2:** Verdubbel die waarde van wyn- en brandewynuitvoere na China en Angola teen 2025 (soos deur die Khulisa-proses gefinaliseer):

- Ontwikkel en implementeer 'n veldtog om SA wyn en brandewyn in China te bevorder.
  - Ontwikkel en implementeer 'n veldtog om SA wyn en brandewyn in Angola te bevorder.
- \* Verwys asb. na die gedetailleerde Jaarlikse Prestasieplan vir 2018/19 wat deur die openbare entiteit ter tafel gelê is.

### 9.3.2 Strategiese Doelstelling

|                                 |  |
|---------------------------------|--|
| <b>Strategiese Doelstelling</b> | Om hulpbronne aan die openbare entiteit vir handel en belegging te verskaf om hom in staat te stel om sy wetgewende en strategiese mandaat vir die bevordering van handel en belegging uit te voer.  |
| <b>Doelstellingsverklaring</b>  | Om strategiese leierskap en die nodige hulpbronne te verskaf wat die openbare entiteit in staat sal stel om tussen R4.3-miljard en R9.3-miljard aan beleggings en tussen 2 970 en 6 240 werkgeleenthede teen 31 Maart 2020 in die Wes-Kaap te werf en te fasiliteer. |
| <b>Basislyn</b>                 | 2016/17: R2 127.9-miljard aan beleggings gerealiseer en 696 werkgeleenthede gefasiliteer.  |

### 9.3.3 Strategiese doelstellings se jaarlikse teikens vir 2018/19

| Strategiese Doelstelling (Uitset-aanwyser)                                      | Geouditeerde/Werklike prestasie |                  |                | Geskatte prestasie          | Mediumtermyn-teikens      |                            |                              |
|---|---------------------------------|------------------|----------------|-----------------------------|---------------------------|----------------------------|------------------------------|
|   | 2014/15                         | 2015/16          | 2016/17        |                             | 2017/18                   | 2018/19                    | 2019/20                      |
| <b>Subprogram: Bevordering van Handel en Belegging</b>                          |                                 |                  |                |                             |                           |                            |                              |
| Randwaarde van beleggings in die Provinsie waartoe daar verbind is              | R986.7m                         | R2.045.8 miljard | R2 127 932 000 | R1.050miljard - R1.8miljard | R1.1miljard - R2.1miljard | R1.15miljard - R2.3miljard | R1.15miljard - R2.050miljard |
| Getal werkgeleenthede vanaf beleggings in die Provinsie waartoe daar verbind is | 1442                            | 681              | 696            | 600 -1250                   | 620 - 1300                | 640 - 1370                 | 640 - 1370                   |
| Geskatte randwaarde van sake-ooreenkomste wat                                   | -                               | -                | R9 054 638 854 | R100m - R200m               | R200m - R500m             | R206m - R525m              | R106m - R220m                |

### 9.3.4 Prestasie-aanwysers en jaarlikse teikens vir 2018/19

| Programprestasi-aanwyser<br>Uitsetaanwyser             | Geouditeerde/Werklike prestasie  |         |         | Geskatte prestasie | Mediumtermyn-teikens |         |         |         |
|--|--|---------|---------|--------------------|----------------------|---------|---------|---------|
|  | 2014/15  | 2015/16 | 2016/17 |                    | 2017/18              | 2018/19 | 2019/20 | 2020/21 |
| <b>Subprogram: Bevordering van Handel en Belegging</b> |  |         |         |                    |                      |         |         |         |
| 1.1  | Getal beleggingsprojekte gerealiseer                                       | 7       | 10      | 12                 | 13                   | 14      | 16      | 16      |
| 1.2  | Getal sake-ooreenkomste onderteken (insluitende verspreiders en befonders) | -       | -       | 41                 | 20                   | 25      | 30      | 30      |

### 9.3.5 Kwartaallike teikens vir 2018/19

| Programprestasi-aanwyser<br>Uitsetaanwyser             | Verslag-periode                      | Jaarlikse teiken 2018/19 | Mediumtermyn-teikens |     |     |     |   |
|--|--------------------------------------|--------------------------|----------------------|-----|-----|-----|---|
|  |                                      |                          | 1ste                 | 2de | 3de | 4de |   |
| <b>Subprogram: Bevordering van Handel en Belegging</b> |                                      |                          |                      |     |     |     |   |
| 1.1  | Getal beleggingsprojekte gerealiseer | Kwartaalliks             | 14                   | 3   | 5   | 2   | 4 |
| 1.2  | Getal sakeooreenkomste onderteken    | Kwartaalliks             | 25                   | 5   | 8   | 5   | 7 |

### 9.3.6 Risikobestuur

**Strategiese Doelstelling: Om hulpbronne aan die openbare entiteit vir die bevordering van toerisme, handel en belegging te verskaf om sy wetgewende en strategiese mandaat vir die bevordering van handel en belegging uit te voer.**

| Risikoverklaring  | Risikoverminderingstrategieë  |
|---|---|
| Misluk in die verskaffing van strategiese leierskap en strategiese hulpbronne, wat mag lei tot wanbelynde strategie en dienslewering op die WKR se strategiese prioriteite.   | Strategiese rigting verskaf deur die Uitvoerende Owerheid, die Rekenpligtige Beampte en die relevante Senior Bestuurders in die Departement.<br><br>Die nodige hulpbronne waarop ooreengekom is deur die Raad, die HUB en die Uitvoerende Bestuur van Wesgro en die Uitvoerende Owerheid, die Rekenpligtige Beampte en die relevante Senior Bestuurders in die Departement. |
| Misluk om doeltreffend te verseker en toesig te hou dat die toegewyste fondse gebruik word volgens die oordragbetalingsooreenkom, wat kan lei tot die nie-lewering van voorafbetaalde uitsette en uitkomsteteikens. | Verbeterde en gekoördineerde interaksie tussen die Departement en Wesgro om vordering te monitor via kwartaalike vorderingsvergaderings en -verslae (insluitende bestuursrekening).<br><br>Maandelikse bywerkings van die operasionele plan en die getuienisraamwerk waarop ooreengekom is.   |

## 9.4 Subprogram 3.2: Sektorale Ontwikkeling

### 9.4.1 Prestasieleweringomgewing

Projek Khulisa volg 'n meerjarige benadering wat fokus op sektore wat die vasgestelde ekonomiese uitkomste teen 2020 sal maksimeer. Dit faseer ook bykomende sektore in wat indiensneming en geleenthede vir groei oor 'n horison van 15 jaar sal maksimeer.

Die sektore vir elk van die horisonne is:

#### Horison 1 – Aandrywing van sektore met 'n groot impak

Deur uitgebreide data-ontleding (wat fokus op bruto waarde toegevoeg en werkskepping) en interaksie met geteikende belanghebbendes het Projek Khulisa Toerisme, Olie en Gas, en Agri-prosesserings geïdentifiseer as die drie produktiewe sektore met die meeste potensiaal om groei en werkskepping in die streek teen 2020 te versnel.

#### Horison 2 – 'Vervang bestek met omvang'-sektore

Die Sakeproses-uitkontrakterings- (SPU-) en Rolprentsektore is geïdentifiseer as 'Vervang bestek met omvang'-sektore volgens Horison 1 vir die volgende vyf tot tien jaar.

#### Horison 3 – Bou op die ekostelselsektore

Die IKT- en Vervaardigingsektore is geïdentifiseer vir die volgende tien jaar en daarna.

Projek Khulisa volg 'n transversale benadering met 'n aantal provinsiale en staatsdepartemente en ander entiteite en soos Wesgro, die Saldanha- Nywerheidsontwikkelingsone (NOS), SA Olie- en Gasalliansie (SAOGA) en die Wes Kaapse Fynkosinisiatief (WKFKI) wat saamwerk om die doelstellingsverklaring te behaal. Hierdie transversale benadering sal verseker dat die volgende streeksuitkomste behaal word:

- Om Bruto Waardetoevoeging (BWT) van R1-miljard tot R3-miljard uit te brei en om 60 000 bykomende formele werkgeleenthede binne die Wes-Kaapse Olie- en Gassektor teen Maart 2020 te fasiliteer.
- Om BWT van R12-miljard tot R26-miljard uit te brei en om 100 000 bykomende formele werkgeleenthede binne die Wes-Kaapse Agri-prosesseringssektor te fasiliteer.

### 9.4.2 Strategiese Doelstelling

#### Olie en Gas

|                                 |   |
|---------------------------------|---|
| <b>Strategiese Doelstelling</b> | Om strategiese leierskap en die nodige hulpbronne te verskaf vir die uitvoering van die beslissende inisiatiewe wat nodig is om die Olie- en Gassektor te laat groei. |
| <b>Doelstellingsverklaring</b>  | Om BWT van R1-miljard tot R3-miljard te verhoog en om 60 000 bykomende formele werkgeleenthede in die Wes-Kaap se Olie- en Gassektor te fasiliteer.                   |
| <b>Basislyn</b>                 | Impakevaluering sal teen die einde van die boekjaar 2018/19 uitgevoer word.   |

## Probleemverklaring

Ten spyte van 'n duidelike plaaslike voordeel, beskikbare hawegrond en 'n relatief gesofistikeerde ingenieursbasis het Suid-Afrika 'n tekort aan toepaslike hawe- en agterhawe-infrastruktuur, met die regte operasie-omgewing, om olieboorherstelwerk en olieveldverwante mariene ingenieurswese en logistieke dienste aan te trek, sowel as 'n tekort aan plaaslike vaardighede en KMO-kapasiteit om indiensneming optimaal te laat toeneem en vir waardetoevoeging deur sakeondernemings met plaaslike eienaars.

## Uitdagings

- Hawe-infrastruktuur – die groei van die bedryf word beperk deur ontoereikende infrastruktuur geskik vir olieboorherstelwerk.
- Grootmaatsdienste.
- Plaaslike vaardighede – die tekort aan werkers met die geskikte kwalifikasies en ondervinding hou die bedryf aansienlik terug

## Strategiese voornemens

Projek Khulisa het vyf strategiese voornemens geïdentifiseer wat aktiwiteite en uitsette teen 2020 fokus en prioriseer. Hierdie aktiwiteite en uitsette dra by tot die uitkomst van 'n toename in BWT en direkte werkgeleenthede vir die Olie- en Gassektor. Die vyf strategiese voornemens is:

- Ontwikkel geskikte infrastruktuur.
- Werk saam met vennote om vaardighede regoor die sektor te ontwikkel en te koördineer.
- Ondernemingsontwikkeling.
- Gemak van sake doen.
- Koördinasie van bemerking.

## Belangrike inisiatiewe

**Strategiese voornemens 1:** Fasiliteer die ontwikkel infrastruktuur geskik vir marienediensaktiwiteite:

- Agterhawegrondontwikkeling.
- Hawegrondontwikkeling.
- Strategiese mariene-infrastruktuur:
  - Ankerplek 205 – diepwaterkaai vir olieboorherstelwerk.
  - Hawehoof vir herstelwerk, uitlaai, skeepsbou.
  - Aflandige voorraadbasis.
- Grootmaatsdienste.
- Bring strategiese belanghebbendes bymekaar om gekoördineerde beplanning en implementering aan te dryf.

In reaksie op die fasilitering van die beslissende inisiatiewe as deel van die Wes-Kaapse Regering se transversale benadering sal Program 3 spesifiek verantwoordelik wees vir die fasilitering van die volgende beslissende inisiatiewe in die boekjaar 2018/19:

**Strategiese voornemens 2:** Strategiese bemerkingsveldtog om mariene vaartuie vir diens aan te trek:

Bestuur van belanghebbendes – bring strategiese belanghebbendes bymekaar om gekoördineerde beplanning en implementering van spesifieke ingrypings aan te dryf.

- Bevorder handel en belegging in sleutelmarkte d.m.v. Wesgro.
- Gesamentlike bemerkingsplan.

## Agri-prosessering

|                                 |  |
|---------------------------------|--|
| <b>Strategiese Doelstelling</b> | Om strategiese leierskap en die nodige hulpbronne te verskaf om die beslissende inisiatiewe uit te voer wat nodig is om die Agri-prosesseringsektor te laat groei. |
| <b>Doelstellingsverklaring</b>  | Om BWT van R12-miljard tot R26-miljard te verhoog en om 100 000 bykomende formele werkgeleenthede in die Wes-Kaap se Agri-prosesseringsektor te fasiliteer.        |
| <b>Basislyn</b>                 | Impakevaluering sal teen die einde van die boekjaar 2018/19 uitgevoer word.  |

## Probleemverklaring

Suid-Afrika se Landbou- en Agri-prosesseringsektore is gevorderd, globaal mededingend, aansienlike bydraers tot BBP, aansienlike werkskeppers en hoogs gesofistikeerd. Die meeste van Suid-Afrika se primêre vars produkte word in sy vars vorm na Europa en die VSA uitgevoer. Wat oorbly, word plaaslik vars versprei en 'n gedeelte daarvan word geprosesseer. Onlangs het Suid-Afrika se Landbou- en Agri-prosesseringsektore egter vele uitdagings in die gesig gestaar, wat daartoe gelei het dat plaaslike produsente nie in staat was om volle voordeel uit die verbetering in ekonomiese toestande op die plaaslike mark sowel as die nuwe Afrika- en oosterse markte te trek.

Suid-Afrika is 'n netto invoerder van geprosesseerde landbou-, bosbou- en visseryprodukte, wat bewys dat daar 'n onversadigde aanvraag na geprosesseerde produkte in Suid-Afrika is. Om plaaslike produsente te ondersteun sodat hulle toegang tot strategiese markte kan verkry, sal hulle in staat stel om hul uitset te vermeerder, 'n groter inkomste in buitelandse valuta te verdien, hul werkinge laat uitbrei, en meer werkgeleenthede regoor die volle waardeketting skep, insluitend die ondersteuningsbedrywe.

Soos wat die Wes-Kaap geleentheid ondersoek om sy Agri-prosesseringssektor uit te brei, behoort daar gekyk te word na die uitbreiding van die uitvoerbydrae van sektore wat die potensiaal besit om die BWT-groei en indiensneming aan te dryf. Dit behoort gedoen te word deur die bevorderings- en bemerkingspogings van plaaslik geproduseerde goedere na strategiese markte soos die res van Afrika, die Midde-Ooste, die Verre Ooste en Suidwes-Asië uit te brei. Die reaksie behoort ook in te sluit die versterking van sektorale ontwikkelingsinisiatiewe in die vorm van steun vir vaardigheidsontwikkeling, ondernemingsontwikkeling, rompslompvermindering en die verbetering van die doeltreffendheid van natuurlike hulpbronne.

### **Uitdagings**

- Handels- en nie-handelshindernisse vir uitvoer – gebrek aan handelooreenkomste met die BRIC-lande in Afrika; sertifisering en ander vereistes in uitvoermarkte.
- Skaarste aan en hoë koste van krag en water – wat reeds die groei van die bedryf vertraag en die kostedoeltreffendheid van 'n kragintensiewe bedryf beïnvloed.
- Die waterskaarste-uitdaging is nou vererger deur die aanhoudende droogte wat plaasopbrengste aansienlik verminder het, met die gevolg dat die hoeveelhede beskikbare opbrengste vir prosessering verminder is.
- Gebrek aan toereikende en mededingende infrastruktuur – insluitende masjinerie en toerusting; logistiek; vervoer- en uitvoerinfrastruktuur.
- Tekort aan bedryfskennis en vaardighede – skaarste aan vaardige arbeid op alle vlakke, wat arbeidskoste opstoot.
- Swak gehalte en ontoereikende Agri-prosesseringsdata om intelligensie te genereer wat die keuse van markte deur die produsente beïnvloed.
- Ontoereikende befondsingsmeganismes wat spesifiek op die Agri-prosesseringssektor betrekking het, veral steun met prestasielone.
- Nie-mededingende regulatoriese raamwerk.
- Gefragmenteerde bedryfsstruktuur – met 'n paar groot firmas en 'n groot aantal KMMO's wat uitdagings in die gesig staar in terme van toegang tot finansiering, toegang tot markte, en die vermoë om aan regulasies te voldoen.

### **Strategiese voornemens**

Projek Khulisa het drie strategiese voornemens geïdentifiseer wat aktiwiteite en uitsette teen 2020 fokus en prioriseer. Hierdie aktiwiteite en uitsette dra by tot die uitkomste van 'n groter BWT en direkte werkgeleentheid vir die Agri-prosesseringssektor. Die drie strategiese voornemens is:

- Brei die Wes-Kaap se aandeel in die globale Halaal-mark uit van <1% tot 2% teen 2025 (soos gefinaliseer deur Khulisa).
- Verdubbel die waarde van wyn- en brandewynuitvoere na China en Angola teen 2025.
- Vergroot plaaslike kapasiteit om landbouprodukte vir die plaaslike en internasionale markte kan prosesseer.

### **Belangrike inisiatiewe**

Die volgende inisiatiewe is die hoofuitsette vir elk van die drie strategiese voornemens:

**Strategiese voorneme 1:** Brei die Wes-Kaap se aandeel in die globale Halaal-mark uit van <1% tot 2% teen 2025:

- Vestig toepaslike bestuurstrukture in die Halaal-sektor.
- Vestig 'n Halaal-sertifiseringstandaard.
- Vestig 'n Halaal-prosesseringspulpunt.
- Bevorder SA Halaal-produkte in belangrike markte.
- Verseker KMMO- en VBI-toegang tot die Halaal-waardeketting.

**Strategiese voorneme 2:** Verdubbel die waarde van wyn- en brandewynuitvoere na China en Angola teen 2025:

- Ontwikkel en hou toesig oor die implementering van die veldtog om SA wyn en brandewyn in China te bevorder.
- Ontwikkel en hou toesig oor die implementering van die veldtog om SA wyn en brandewyn in Angola te bevorder.
- Plaaslike bevordering van gesofstikeerde brandewyn.
- Ontwikkel toepaslike besproeiingsinfrastruktuur om produksie uit te brei met die oog op toekomstige uitvoere (bv. Brandvlei).
- Fasiliteer transformasie in die wyn- en brandewynbedrywe.

**Strategiese voorname 3:** Vergroot plaaslike kapasiteit om landbougoedere vir die plaaslike en internasionale mark te kan prosessee:

- Ontwikkel en hou toesig oor die implementering van die veldtog om SA wyn en brandewyn in China te bevorder.
- Ontwikkel en hou toesig oor die implementering van die veldtog om SA wyn en brandewyn in Angola te bevorder.
- Plaaslike bevordering van gesofstikeerde brandewyn.
- Ontwikkel toepaslike besproeiingsinfrastruktuur om produksie uit te brei met die oog op toekomstige uitvoere (bv. Brandvlei).
- Fasiliteer transformasie in die wyn- en brandewynbedrywe.

Die implementering van Khulisa-agri-prosesseringsinisiatiewe is opgeskaal gegrond op die prestasies van die vorige boekjare. Die benadering van samewerking tussen verskeie staatsdepartemente en -agentskappe het gelei tot die suksesvolle implementering van beplande inisiatiewe. Ten spyte van die uitdagings is daar tot op datum op 'n aantal belangrike gebiede vooruitgang gemaak, en toon dit merkwaardige prestasie oor 'n relatief kort tydperk, gesien teen die agtergrond van die balans wat vereis word tussen die verkryging van private en openbare belanghebbendes om die inisiatiewe te ondersteun en daarby betrokke te bly ten einde 'n instaatstellende omgewing te skep waarin ondernemings kan gedy.

**In reaksie op die fasilitering van die sleuteliniatiewe as deel van die Wes-Kaapse Regering se transversale benadering sal Program 3 spesifiek verantwoordelik wees vir die fasilitering van die volgende belangrike inisiatiewe in die boekjaar 2018/19:**

**Strategiese voorname 1:** Brei die Wes-Kaap se aandeel in die globale Halaal-mark uit van <1% tot 2% teen 2025, in vennootskap met Wesgro en die relevante sektorale liggaam.

Vir die ekonomie van die Wes-Kaap om te kan voordeel trek uit die groeiende globale Halaal-ekonomie is 'n aantal inisiatiewe geïdentifiseer wat in die boekjaar 2018/19 geïmplementeer sal word. Dié geïdentifiseerde inisiatiewe is:

• **Promote SA Halal products in key markets.**

Agri-prosesseringsmaatskappye wat in die Wes-Kaap gebaseer is, sal ondersteun word om strategiese Halaal-markte te besoek om produkte by handelsmarkte uit te stal en om deel te neem aan promosie-aktiwiteite en ander internasionale Halaal-platforms. Die oorhoofse doelwit van hierdie projek is om blootstelling van die Wes-Kaapse Halaal-aanbod as 'n Provinsie aan strategiese vrekose markte te vergroot, waardeur uitvoer sal toeneem. Binnelandse Halaal-aankoopsendings sal ook aangebied word, insluitend om kopers van strategiese markte uit te nooi om Kaapstad te besoek en om vergaderings tussen sakeondernemings te fasiliteer. Die buitelandse verkoopsendings sal ook dien om inligting oor markte in te samel, wat aan die maatskappye wat in die Wes-Kaap gebaseer is beskikbaar gestel sal word deur verskeie plaaslike Halaal-platforms asook werksinkels. Die implementering van hierdie projek het in die boekjaar 2016/17 begin en was tot dusver 'n groot sukses, met baie maatskappye wat daaraan wil deelneem.

• **Bevorder belegging in 'n Halaal-prosesseringspilotpunt.**

Die pogings om die Wes-Kaap as 'n hoog aangeskrewe Halaal-pilotpunt te bevorder en te posisioneer is al sedert 2015/16 aan die gang en daar is al baie gedoen. Die voor-uitvoerbaarheids- en uitvoerbaarheidsondersoeke na die vestiging van die Halaal-nywerheidspark (HNP) is suksesvol afgehandel en die implementeringsplan ná die uitvoerbaarheidsondersoeke sal in 2018/19 in werking gestel word. Die volgende fase sal fokus op die werwing van 'n ontwikkelaar en potensiële beleggers, sowel plaaslik as internasionaal. Uitwaartse Beleggingswerwingsendings (UBWS) sal uitgevoer word en sekere strategiese geïdentifiseerde plaaslike en internasionale ontwikkelaars en beleggers sal geteiken en uitgenooi word om na die Provinsie van die Wes-Kaap te kom.

• **Vestig toepaslike regeringstrukture in die Halaal-sektor.**

Die Halaal-interregeringstaakspan en die Halaal-belanghebbendesforum is die twee belangrikste regeringstrukture wat gevestig is om riglyne te verskaf vir die implementering van al die Halaal-inisiatiewe. Die voorgenoemde regeringstrukture vergader kwartaalliks. Die Halaal-belanghebbendesforum is 'n struktuur wat staatsamptenare en die privaatsektor omvat, en die Interregeringstaakspan omvat slegs die amptenare van al die Provinsiale en Nasionale staatsdepartemente. Hierdie strukture sal aanhou om kwartaalliks te vergader om die werkgroepe van riglyne te voorsien oor spesifieke onderwerpe wat opgestel is.

• **Versterk die plaaslike Halaal-sertifiseringsomgewing.**

Gegewe die globale uitdagings rondom marktoegang wat geassosieer word met die toename in gebruik van geentarifversperrings by markte het die Wes-Kaapse Regering besluit om ook 'n vennootskap aan te gaan met die Suid-Afrikaanse Halaal-sertifiseerders om potensiele swakhede in die stelsel voortydig aan te spreek. 'n Ondersoek om die plaaslike Halaal-sertifiseringsprosesse teen ander globale Halaal-sertifiseerders op te weeg, en aanbevelings oor hoe om bestaande gapings te oorbrug, is in 2017/18 uitgevoer.

Die projek sal in 2018/19 fokus op die implementering van die aanbevelings in die gapingsontledingverslag. Dit sal alles gedoen word in vennootskap met die plaaslike Halaal-sertifiseerders.

**Strategiese voorneme 2:** Verdubbel die waarde van wyn- en brandewyn-uitvoere na China en Angola teen 2015 (implementering deur Wesgro).

n Aantal binnemark-inisiatiewe is geïdentifiseer om die teenwoordigheid van Suid-Afrikaanse wyne in albei hierdie markte – Angola en China – te verhoog. Die projekimplementering sal gedoen word in vennootskap met Wesgro en die wynbedryf se bemarkingsarm – Wines of South Africa (WOSA), wat hul deskundigheid en bestaande binnemark- en betroubare bemarkingsnetwerk sal bybring. Die projekte is:

- Ontwikkel en implementeer 'n veldtog om SA wyne in China te bevorder. Die inisiatiewe wat geïmplementeer sal word, sluit in 'n uitwaartse sending in hierdie mark; fasilitering van 'n binnewaartse koopsending; die organiseer van binnemark-netwerkgeleenthede met die media en uitgesoekte verbruikers; en ander bevorderingsaktiwiteite wat die bedryf ondersteun en wat 'n verhoging van SA wyne se teenwoordigheid in hierdie mark sal meebring.
- Ontwikkel en implementeer 'n veldtog om SA wyne in Angola te bevorder. Die inisiatiewe wat vir hierdie mark beplan word, sluit in die fasilitering van 'n uitwaartse handelsending; 'n binnewaartse koopsending; die aangaan van vennootskappe met gevestigde SA kleinhandelaars vir verbeterde logistiek en om wynproeplatforms te verskaf; om belangrike kopers van hierdie mark na die Wes-Kaap te nooi; en ander strategiese bedryfsteuninisiatiewe waarmee die markpenetrasie van SA wyne vergroot kan word.

**9.4.3 Strategiese doelstellings se jaarlikse teikens vir 2018/19**

| Uitsetaanwyser                                       | Geouditeerde/Werklike prestasie |         |         | Geskatte prestasie                           | Mediumtermyn-teikens |         |         |
|--|---------------------------------|---------|---------|--|----------------------|---------|---------|
|  | 2014/15                         | 2015/16 | 2016/17 |  | 2017/18              | 2018/19 | 2019/20 |
| <b>Subprogram: Sektorale ontwikkeling</b>            |                                 |         |         |  |                      |         |         |
| Geskatte waarde van handel en belegging gefasiliteer | -                               | -       | -       | DEOT – navorsingseenheid sal basislyn bepaal | R500m                | R750m   | -       |

**9.4.4 Prestasie-aanwysers en jaarlikse teikens vir 2018/19**

| Programprestasie-aanwyser<br>Uitsetaanwyser | Geouditeerde/Werklike prestasie |         |         | Geskatte prestasie | Mediumtermyn-teikens |         |         |
|---|---------------------------------|---------|---------|--------------------|----------------------|---------|---------|
|   | 2014/15                         | 2015/16 | 2016/17 |                    | 2017/18              | 2018/19 | 2019/20 |
| <b>Subprogram: Sektorale ontwikkeling</b>   |                                 |         |         |                    |                      |         |         |
| 1.1 Getal Khulisa-inisiatiewe ondersteun    | -                               | -       | 2       | 2                  | 2                    | 2       | 2       |

**9.4.5 Kwartaallike teikens vir 2018/19**

| Programprestasie-aanwyser<br>Uitsetaanwyser | Verslagperiode | Jaarlikse teiken 2018/19 | Mediumtermyn-teikens |     |     |     |
|---|----------------|--------------------------|----------------------|-----|-----|-----|
|   |                |                          | 1ste                 | 2de | 3de | 4de |
| <b>Subprogram: Sektorale ontwikkeling</b>   |                |                          |                      |     |     |     |
| 1.1 Getal Khulisa-inisiatiewe ondersteun    | Jaarliks       | 2                        | -                    | -   | -   | 2   |

## 9.4.6 Risikobestuur

**Strategiese Doelstelling:** Om strategiese leierskape en die nodige hulpbronne te verskaf om die beslissende inisiatiewe uit te voer wat nodig is om die Olie- en Gas- sowel as Agri-prosesseringssektore uit te brei.

| Risikoverklaring  | Risikoverminderingstrategieë  |
|---|---|
| Misluk om strategiese leierskap en die nodige hulpbronne te verskaf, wat kan lei tot wanbelynde strategie en nederliging op die WKR se strategiese prioriteite. | Strategiese rigting verskaf deur die Uitvoerende Owerheid, die Rekenpligtige Beampte en die relevante Senior Bestuurders in die Departement. Die nodige hulpbronne soos ooreengekom tussen die Departement en die relevante rolspelers. |

## 9.5 Rekonsiliasie van prestasieteikens met die Begroting en MTBR

### 9.5.1 Bestedingskattings

| Subprogramme   |                                     | Geouditeer    |               |               | Hoof-toewysing | Aangepaste toewysing | Hersiene skatting | Medium-term estimate |               |               |
|--|-------------------------------------|---------------|---------------|---------------|----------------|----------------------|-------------------|----------------------|---------------|---------------|
|  |                                     | R'000         | 2014/15       | 2015/16       |                |                      |                   | 2016/17              | 2017/18       | 2017/18       |
| 1.   | Bevordering van Handel en Belegging | 19 235        | 23 000        | 28 417        | 30 420         | 34 020               | 34 020            | 36 200               | 34 320        | 36 208        |
| 2.   | Sektorale Ontwikkeling              | 52 013        | 34 663        | 27 174        | 21 014         | 17 833               | 17 833            | 12 569               | 13 490        | 14 428        |
| 3.   | Strategiese Inisiatiewe             |               |               |               |                |                      |                   |                      |               |               |
| <b>Totale betalings en skattings</b>                 |                                     | <b>71 248</b> | <b>57 663</b> | <b>55 591</b> | <b>51 434</b>  | <b>51 853</b>        | <b>51 853</b>     | <b>48 769</b>        | <b>47 810</b> | <b>50 636</b> |
| <b>Ekonomiese klassifikasie R'000</b>                |                                     |               |               |               |                |                      |                   |                      |               |               |
| <b>Lopende betalings</b>                             |                                     | <b>17 003</b> | <b>11 502</b> | <b>14 119</b> | <b>15 153</b>  | <b>12 138</b>        | <b>12 138</b>     | <b>11 069</b>        | <b>11 906</b> | <b>12 757</b> |
| Werknemerskompensasie                                |                                     | 11 848        | 10 815        | 9 533         | 9 489          | 9 489                | 9 489             | 9 339                | 10 079        | 10 830        |
| Goedere en dienste                                   |                                     | 5 155         | 687           | 4 586         | 5 664          | 2 649                | 2 649             | 1 730                | 1 827         | 1 927         |
| Rente en huur op grond                               |                                     |               |               |               |                |                      |                   |                      |               |               |
| <b>Oordragte en subsidies</b>                        |                                     | <b>54 169</b> | <b>46 069</b> | <b>41 413</b> | <b>36 095</b>  | <b>39 695</b>        | <b>36 695</b>     | <b>37 700</b>        | <b>35 904</b> | <b>37 879</b> |
| Provinsies en munisipaliteite                        |                                     |               |               |               |                |                      |                   |                      |               |               |
| Departementele agentskappe en rekeninge              |                                     | 19 235        | 23 000        | 28 417        | 30 420         | 34 020               | 34 020            | 37 700               | 35 904        | 37 879        |
| Universiteite en teknikons                           |                                     |               |               |               |                |                      |                   |                      |               |               |
| Buitelandse regerings en internasionale organisasies |                                     |               |               |               |                |                      |                   |                      |               |               |
| Openbare korporasies en privaatondernemings          |                                     | 10            |               |               |                |                      |                   |                      |               |               |
| Instansies sonder winsbejag                          |                                     | 33 922        | 23 000        | 12 996        | 5 675          | 5 675                | 5 675             |                      |               |               |
| Huishoudings   |                                     | 2             | 69            |               |                |                      |                   |                      |               |               |
| <b>Oordragte en subsidies aan Kapitaal</b>           |                                     |               |               |               |                |                      |                   |                      |               |               |
| Staatsmotor-handelsrekening                          |                                     |               |               |               |                |                      |                   |                      |               |               |
| <b>Betalings vir kapitale bates</b>                  |                                     | <b>73</b>     | <b>85</b>     | <b>26</b>     | <b>186</b>     | <b>5</b>             | <b>5</b>          |                      |               |               |
| Geboue en ander nie-roerende strukture               |                                     |               |               |               |                |                      |                   |                      |               |               |
| Masjinerie en toerusting                             |                                     | 67            | 81            | 24            | 186            | 5                    | 5                 |                      |               |               |
| Erfenisbates   |                                     |               |               |               |                |                      |                   |                      |               |               |
| Gespesialiseerde militêre bates                      |                                     |               |               |               |                |                      |                   |                      |               |               |
| Biologiese bates                                     |                                     |               |               |               |                |                      |                   |                      |               |               |
| Grond en ondergrondse bates                          |                                     |               |               |               |                |                      |                   |                      |               |               |
| Sagteware en ander ontasbare bates                   |                                     | 6             | 4             | 2             |                |                      |                   |                      |               |               |
| <b>Betalings vir finansiële bates</b>                |                                     | <b>3</b>      | <b>7</b>      | <b>33</b>     |                | <b>15</b>            | <b>15</b>         |                      |               |               |
| <b>Totale ekonomiese klassifikasie</b>               |                                     | <b>71 248</b> | <b>57 663</b> | <b>55 591</b> | <b>51 534</b>  | <b>51 853</b>        | <b>51 853</b>     | <b>48 769</b>        | <b>47 810</b> | <b>50 636</b> |



## Program 4: Sakeregulering en -bestuur



DEPARTEMENT VAN EKONOMIESE ONTWIKKELING EN TOERISME

## 10. PROGRAMME 4: SAKEREGULERING EN -BESTUUR

### 10.1 Doelwit

Om 'n gelyke, sosiaal verantwoordelike sakeomgewing in die Wes-Kaap te verseker – d.m.v. algemene ingrypings binne die handelsomgewing en d.m.v. spesifieke ingrypings volgens mandaat deur die Grondwet en nasionale en provinsiale wetgewing en beleid.

### 10.2 Programstruktuur

#### Subprogram 4.1: Verbruikersbeskerming

Om maatreëls te ontwikkel, te implementeer en te bevorder wat die regte en belange van alle verbruikers verseker.

### 10.3 Subprogram 4.1: Verbruikersbeskerming

#### 10.3.1 Prestasieleweringsomgewing

Die Sakeregulering- en Bestuursprogram voer hoofsaaklik regulatoriese mandate uit wat deur die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996 (Wet 108 van 1996) sowel as bepalings van beide die provinsiale en nasionale wetgewing afdwing word. Wat Verbruikersbeskerming betref, skryf Deel A van Skedule 4 tot die Grondwet voor dat die terrein van Verbruikersbeskerming 'n funksionele gebied van samelopende nasionale en provinsiale wetgewende bevoegdheid is. As sodanig het sowel die nasionale as die provinsiale sfeer van regering wetgewende bevoegdheid op die gebied van verbruikersbeskerming. As gevolg van bogenoemde het die provinsiale departement die Wes-Kaapse Wet op Verbruikersake (Onbillike Sakepraktyke), 2002 (Wet 10 van 2002), deurgevoer. Hierdie wetgewing vestig die Kantoor van die Verbruikersbeskermer (KVB) as 'n provinsiale owerheid verantwoordelik vir die ondersoek na, en resoluë van, onbillike sakepraktyke.

Uit bostaande blyk dit dus asof die KVB 'n uiters breë mandaat ontvang het om gedrag te ondersoek wat 'n nadelige effek op verbruikers in die Provinsie kon gehad het. Op 'n nasionale vlak het ons egter die Wet op Verbruikersbeskerming, 2008 (Wet 68 van 2008), wat op 1 April 2011 ten volle geïmplementeer is. Hierdie wetgewing verskans die provinsiale KVB se rol en mandaat op die gebied van verbruikersbeskerming verder. Die nasionale wetgewing konkretiseer verder sekere onwettige praktyke en beskryf ook die verskillende rolle en funksies wat provinsiale kantore en provinsiale tribunale nou sal moet speel om die doeltreffende implementering van die nasionale wetgewing te verseker. Prakties beteken dit dat die KVB navrae of ondersoeke onderneem oor klagtes wat verbruikers teen die gedrag/produk/diens van 'n sakeonderneming gelê het. 'n Bykomende statutêre mandaat is die belangrike aspek van verbruikersopvoeding en die noodsaak om gewone verbruikers bewus te maak van hul verbruikersregte en -verpligtinge. In 'n land waar grootskaalse verbruikersmisbruik steeds plaasvind, is dit 'n belangrike mandaat. Hierdie twee mandate word in terme van sowel provinsiale as nasionale wetgewing uitgevoer.

In terme van die operasionele praktyk van die KVB is dit belangrik om te let op die manier waardeur dienste aan burgers verskaf word. Uit 'n klagtebestuur-oogpunt is die operasionele praktyk van die KVB om verbruikersklagtes op die volgende twee hoofmaniere te ontvang:

- Tolvrye Inbelsentrum: Die KVB het 'n tolvrye inbelsentrum wat deur die Wes-Kaapse Regering se interne kontak-inbelsentrumdiens bestuur word, onder die beskerming van die Departement van die Premier. Verbruikers in die Wes-Kaap kan dus 'n formele klagte via die inbelsentrum lê. Die saak word amptelik aangeteken en daarna deur die KVB ondersoek; en
- Instapsentrum: Die KVB bied ook 'n 'kliënte-instapsentrum' in die sentrale gebied van Kaapstad waar verbruikers die sentrum kan besoek en persoonlik 'n formele klag lê.

In terme van die leweringsomgewing, is die regulatoriese instansies binne die DEOT dikwels beskou as 'n ietwat misplaaste entiteit binne die ekonomiese ontwikkelingsfeer. Dit was veral omdat regulering algemeen beskou word as 'n negatiewe krag in 'n omgewing wat ten doel het om die ekonomie te laat groei. Die afgelope paar jaar word regulering egter toenemend beskou as 'n instaatstellende faktor wat verseker dat al die ekonomiese rolspelers (verbruikers, ondernemings en die onderskeie vlakke van Regering) saamwerk in 'n wetlik veilige en voorspelbare omgewing wat gestruktureer is vir ekonomiese groei en transformasie. Daar is 'n groeiende besef aan die kant van die sakesektor dat ekonomiese groei nie ten koste van die billike behandeling van sy kliëntebasis moet plaasvind nie – dit is immers die basis wat sal bepaal of 'n onderneming slaag of nie. Billikheid teenoor verbruikers en die ondersteuning van verantwoordelike handels- en vervaardigingspraktyke kan dien as mededingende voordele wat hulle goed te staan sal kom in 'n geglobaliseerde ekonomie waar hulle toenemend

teen buitelandse mededingers eerder as plaaslikes te staan sal kom. Onlangse en ontluikende tegniese veranderinge, handelsmetodes, patrone en ooreenkomste het nuwe voordele, geleenthede en uitdagings na die mark vir verbruikersgoedere en -dienste in Suid-Afrika gebring. As gevolg daarvan is dit as gewens beskou om 'n ekonomiese omgewing te bevorder wat 'n kultuur van verbruikersregte en -verantwoordelikhede, sake-innovering en verbeterde prestasie ondersteun en versterk.

Die onlangse literatuur oor internasionale verbruikersbeskerming het aangedui dat reputasie en die vrees vir swak publisiteit uiters belangrike aandrywers vir gehoorgewing is – wat die afleiding steun dat die aantrek en behoud van kliënte toenemend die top-prioriteit vir ondernemings raak. Dit is veral relevant met die opkoms van sosiale media wat beskik oor die mag om 'n negatiewe of positiewe impak op 'n handelsmerk te hê. Reputasie het dus na vore getree as 'n uiters belangrike faktor wat gehoorgewing by sowel groot as klein firmas beïnvloed. Dit is opvallend dat 'n aantal agentskappe vandag die gebruik van publisiteit voorstaan om die publiek in te lig, en gevolglik om verbeterde vlakke van gehoorgewing aan te moedig. In gesprek met sakeondernemings oor die kwessie van gehoorgewing aan die stipulasies van die Wet op Verbruikersbeskerming het dit duidelik geword dat baie van hulle (veral KMMO's) geïdentifiseer het dat die handhawing van uitstekende verhoudinge en reputasiekapitaal onder plaaslike gemeenskappe voortdurende sakesukses kan verseker, terwyl 'n verlies aan reputasie (byvoorbeeld weens 'n kliëntediensprobleem) die onderneming skade kan aandoen. Dit is dus duidelik dat versuim om aan die wet gehoor te gee en die moontlikheid om as gevolg daarvan onderwerp te word aan afdwingaksies nou ook toenemend deur ondernemings beskou word as dat dit die potensiaal besit om hul reputasie skade aan te doen.

Sommige reguleerders en afdwingvennote meen dat, met reputasie as 'n hoofaandrywer, dit van deurslaggewende belang vir sakeondernemings geword het om enige slegte publisiteit te vermy, veral in 'n tyd wanneer ekonomiese groei 'n kwessie van nasionale belang is. Dit verskaf dus 'n ideale geleentheid vir 'n regulatoriese instansie soos die KVB om hierdie 'gewilligheid om gehoor te gee' te benut en te verseker dat die voordele van verbruikersbeskerming nie slegs verbruikers raak nie, maar ook sakeondernemings.

Dit is daarom duidelik dat 'n doeltreffende verbruikersbeskermingsomgewing een is wat 'n meganisme moet voorsien waardeur verbruikers onwettige sakegedrag kan aanspreek, maar ook een wat die belang van 'n groeigeoriënteerde ekonomie erken. Op dié manier kan die KVB nou as 't ware sy nis binne die Wes-Kaapse Regering vind aangesien sy regstellende dienste aan kliënte baie sal bydra tot die nasionale uitkoms van versekering dat 'n 'doeltreffende en effektiewe ontwikkelingsgeoriënteerde openbare diens en 'n bemagtigde, billike en inklusiewe burgerskap' ontwikkel word.

### 10.3.2 Strategiese Doelstellings

|                                 |  |
|---------------------------------|--|
| <b>Strategiese Doelstelling</b> | Om 'n doeltreffende en effektiewe verbruikersbeskermingsdiens in die Provinsie te lewer wat in ooreenstemming is met die doelwitte en funksies soos voorgeskryf deur provinsiale en nasionale verbruikersbeskermingswetgewing.   |
| <b>Doelstellingsverklaring</b>  | Om te verseker dat die WKR se Provinsiale Strategiese Doelstelling om die Wes-Kaap die bestemming van keuse te maak om sake in te doen, behaal word deur die verskaffing van 'n doeltreffende klagte-oplossingsdiens wat sal lei tot 'n finansiële besparing van minstens R15-miljoen. |
| <b>Basislyn</b>                 | R10 051 162  |

### 10.3.3 Strategiese doelstellings se jaarlikse teikens vir 2017/18

| Uitsetaanwyser   | Geouditeerde/Werklike prestasie |                |         | Geskatte prestasie | Mediumtermyn-teikens |         |         |
|--|---------------------------------|----------------|---------|--------------------|----------------------|---------|---------|
|  | 2014/15                         | 2015/16        | 2016/17 |                    | 2017/18              | 2018/19 | 2019/20 |
| <b>Subprogram: Verbruikersbeskerming</b>   |                                 |                |         |                    |                      |         |         |
| Getal strategiese verbruikers-NRO's en ander relevante vennootskappe tot stand gebring | 31                              | 35             | 30      | 32                 | 30                   | 30      | 50      |
| Monetêre waarde van besparing vir verbruikers  | R6.8m                           | R10 051 162.05 | R1.5m   | R2.5m              | R2m                  | R2m     | R3m     |

### 10.3.4 Implementeringsplan

#### Verbruikersregstelling

Die projekte en operasies wat aan die dienste van die KVB gekoppel word, is hoofsaaklik 'n burgersentriese diens aangesien dit dispuutoplossingsdienste tussen verbruikers en verskaffers bied. Die genoemde dienste kan slegs doeltreffend aangebied word as die korrekte en optimale menslike hulpbronne, IKT-dienste en kliëntgefokusde ingrypings in plek is. Ons is van mening dat die verskillende inisiatiewe bv. die tolvrye inbelsentrum, Alternatiewe Dispuutresolusie- (ADR-) dienste en beslissingsdienste d.m.v. verbruikerstribunale alles daarop gefokus is om te verseker dat die doelstellings soos in PSD 1 en 5 uiteengesit, bereik word. Deur doeltreffende dienste aan burgers te verskaf wat uiteindelik daartoe lei dat hulle 'n voordeel ontvang, bv. terugbetalings, herstel van defektiewe produkte, ensovoorts, speel die Eenheid sy rol om te verseker dat burgers van die Wes-Kaap die WKR se toewyding aan die voorsiening van gehaltdiens eerstehands ervaar. Die versterking van selfregulatoriese meganismes en toenemende bewustheid van verbruikersregte onder sakeondernemings sal ook gunstige omstandighede skep vir die bevordering en ontwikkeling van meganismes van die minlike skikking van verbruikersdispute. Die ondervinding van die afgelope jare het bewys dat alternatiewe meganismes om buite die hof te skik 'n doeltreffende en goedkoop metode is om regstelling vir verbruikers te verkry, veral in kleiner sake waar die howe nie daarin slaag om die uitkomst wat versoek word, te lewer nie weens uitgerekte hofverrigtinge, hoë koste, geformaliseerde prosedures en sielkundige hindernisse te doen met betrokke raak by 'n hofszaak.

Die ontwikkeling van stelsels van minlike skikking van dispute is egter nie moontlik sonder sakeondernemings se samewerking en gewilligheid om mee te werk nie. Om dié rede moet die ontwikkeling van minlike dispuutresolusiestelsels ingesluit word by die konsep van die billike behandeling van kliënte. Om die bogenoemde doelwit te bereik, is daar natuurlik ook 'n beslissende behoefte om in gesprek te tree en sterk werkverhoudinge met die sakesektor te smee, veral met KMMO's. Hierdie uitreikings is nie daarop gemik om 'n skyn-bedryfsassosiasie te skep nie, maar is meer daarop gefokus om bewustheid van die belangrike rol en funksie van die KVB onder die sakesektor aan te wakker, asook sy vermoë om by dispute met verbruikers in te tree. Hierdie samesprekings het vrugte afgewerp aangesien ons ondervind dat baie ondernemings verbruikers aanraai om ons te kontak wanneer dispute ontstaan, en ons daarna as bemiddelaar in die dispuut optree. In die KMMO-sektor is hierdie bystand uiters waardevol aangesien dit 'n onderneming se gehoorgewingskoste verminder omdat ons gratis diens gebruik kan word om 'n dispuut op te los. Wetlike onkoste wat voorheen vir die onderneming se rekening sou oploop, word nou verwyder en uitgerekte dispute kan doeltreffend en vinnig opgelos word.

Groter samewerking tussen die provinsiale verbruikersake-kantore en die Nasionale Verbruikerskommissie het gelei tot die produksie van gekonsolideerde verslae oor die status van verbruikersbeskerming in Suid-Afrika (met die klem op die oplossing van klagtes en gehoorgewing en afdwinging). Uit hierdie verslae blyk dit duidelik dat die Wes-Kaapse KVB een van die besigste, indien nie dié besigste nie, verbruikersbeskermingskantore in die land is. Dit word hoofsaaklik toegeskryf aan die gebruik van sowel 'n inbelsentrum as 'n elektroniese klagtebestuurstelsel vir die lê en bestuur van verbruikersklagtes, stelsels wat nie in enige van die ander provinsies gebruik word nie. Daarby het samewerking gelei tot 'n aansienlike toename in die getal gesamentlike verbruikersbewustheidsveldtogte wat gevoer is.

#### Voortgesette prioriteitsfokusgebiede

##### Steun aan KMMO's

In vorige boekjare was die primêre rol van die KVB, sover dit sakeondernemings (insluitende KMMO's) betref, verwant aan die ondersoek van verbruikersklagtes wat teen sodanige sakeondernemings gelê is. Dit het egter noodsaaklik geraak vir die KVB om hom te herposisioneer, veral in die lig van die Departement se strategiese prioriteite en spesifiek betreffende die rol wat KMMO's op die gebied van werkskepping kan speel.

Gevolglik sal die nuwe fokus vir die KVB die rol wees van ondersteuning en instaatstelling van KMMO's wat betref die wetgewende imperatiewe soos deur die Wet op Verbruikersbeskerming geskep. Gedurende die afgelope boekjare het dit duidelik geword dat 'n oorgrote meerderheid verbruikersklagtes wat deur die KVB ontvang word verband hou met die produkte/dienste verskaf/aangebied deur KMMO's. Die oplossing van sulke dispute het 'n uitdaging geblyk te wees, veral aangesien baie van die KMMO's nie bewus is van die verpligtinge wat deur die Wet op Verbruikersbeskerming op hulle geplaas word nie, en daarom maak hulle staat op verouderde beleid en prosedures wat verbruikersregte betref.

Daarom is KMMO's dikwels teësin om met kwessies van dispuut om te gaan en aan te spreek. Daar word internasionaal aanvaar dat beduidende skade aan die reputasie van 'n onderneming aangerig kan word weens persepsies onder verbruikers dat hul verbruikersregte nie beskerm word nie. Hierdie skade aan reputasie sit om in 'n verlies aan verbruikersvertroue in 'n sakeonderneming of handelsmerk, wat weer verder omsit in 'n verlies aan omset en gevolglike wins. Die kettingreaksie van hierdie skade aan reputasie is groot, aangesien dit 'n

onderneming se vermoë om te groei en uiteindelik werk te skep sal aantas en sodoende die ekonomiese groei van 'n streek inperk. Die rol en belang van basiese beginsels soos kliëntesorg, kliënteregte/verpligtinge, en nuwe wetgewing en beleid oor verbruikersbeskerming is dus van deurslaggewende belang vir 'n onderneming om kliëntevertroue te handhaaf en sodoende te floreer.

Die KVB beskou ook hierdie ingrypings as deel van die Departement se bydrae tot die ontwikkeling van vaardighede binne die sektor, aangesien kliëntediens en ander vooraansigvaardighede kwessies is waarby KMMO's bystand verlang. As sodanig sal daar 'n skakel met ander Programme binne die Departement wees om te verseker dat die KVB doeltreffend bydra tot hierdie Departementele doelwitte.

As sodanig sal die KVB aktief omgaan met KMMO's, sektorale liggame, staatsdepartemente, munisipaliteite, bedryfsliggame en sakegroepeerings om steun aan hierdie kwessie te verleen. Een van die benaderings wat in hierdie boekjaar gevolg sal word, is om saam te werk met munisipaliteite en KMMO's binne daardie spesifieke munisipale gebied en om verbruikersbeskermingskwessies met die KMMO's wat daarby betrokke is, aan te spreek.

### **Verbruikersopvoedingsdienste**

Die opvoeding en inligtingsaktiwiteite wat die afgelope jare uitgevoer is, het getoon dat die KVB se aktiwiteite op hierdie gebied positiewe resultate teweegbring en met groot belangstelling deur verbruikers en entrepreneurs ontvang is. Verbruikersopvoeding is 'n langtermyn- en voortdurende proses, veral in 'n land waar verbruikers verskeie uitdagings in die oë staar wat betref die gehalte en standaard van of dienste wat gelewer is of produkte wat aangekoop is. Dit is veral relevant wat betref die kwesbare en minder ingeligte sektor van ons bevolking. Een van die redes vir hierdie apatie is die gevoel dat ondernemings meer hulpbronne het om 'n dispuut te verdedig, en dat dit dus nie die moeite werd is om 'n dispuut deur te voer nie. Hierdie instelling onder kliënte moet verander aangesien ons verskeie stukke wetgewing oor verbruikersbeskerming het wat spesifiek ontwerp en geïmplementeer is om die kwesbaarste lede van ons gemeenskap te beskerm. In hierdie verband kan spesifiek die Wet op Nasionale Krediet en die Wet op Verbruikersbeskerming genoem word. Die uitdaging is egter dat baie burgers onbewus is van hul regte soos deur wetgewing verskans en dat hulle uiteindelik die slagoffers van onwettige praktyke raak.

Daar bestaan dus 'n behoefte om hierdie gebrek aan bewustheid aan te spreek en meer daadwerklik met burgers om te gaan, veral die kwesbare burgers wat beperkte toegang het tot die hulpbronne wat ander burgers geniet. Terselfdertyd bestaan daar 'n behoefte om die inligtings- en opvoedingsaktiwiteit uit te brei, nuwe tematiese gebiede te dek en nuwe kommunikasiemetodes te gebruik. Wat betref die veranderende marksituasie en 'n toenemend wydverspreide toepassing van nuwe kommunikasietegniese deur ondernemings het dit noodsaaklik geraak om die aktiwiteite van die KVB te versterk wat daarop gemik is om verbruikers op te voed oor die slaggate en risiko's wat hulle in die gesig staar. Die impak van nuwe tegnologie in die transaksionele proses tussen verbruiker en onderneming skryf ook voor dat nuwe strategieë ontwikkel en geïmplementeer moet word om in pas te bly met hierdie nuwe vorm van verbruikerswese.

Die KVB is van plan om aan te hou om verbruikersbeskermingsingrypings te baseer op betroubare inligting wat gereeld ingesamel word oor Suid-Afrikaanse en spesifiek Wes-Kaapse verbruikers. Deur verbruikersingrypings te ondersteun met die data oor die tipe en skaal van probleme wat verbruikers in die mark teëkom, die hindernisse wat kliënte daarvan weerhou om ten volle aan te pas by die moderne mark en oor bewustheid onder kliënte sal die Kantoor in staat stel om sistemiese oplossings te implementeer wat gemik is op die eliminerings of beperking van markveranderinge wat ongunstig vir verbruikers is.

### **Die KVB se verbruikersopvoedingsaktiwiteite**

In die toekoms sal die KVB voortgaan om aktief opvoedkundige en inligtingsaktiwiteite uit te voer wat hoofsaaklik fokus op die opvoeding van verskillende groepe verbruikers. Die opvoedingsprogram sal handel oor basiese kwessies, die kennis wat dit makliker maak om in die mark te funksioneer en die aankweek van alledaagse verbruikersbevoegdheid se kennis van regstellingsopsies en ander relevante kwessies.

Die KVB se veldtogte sal ook uitgevoer word in samewerking met die Nasionale Verbruikerskommissie (NVK), verskeie regulatoriese owerhede en Ombudsmanskemas wat of statutêr is of in terme van die Wet op Verbruikersbeskerming, 2008, bepaal word. Dit is noodsaaklik dat ons in hierdie tyd van fiskale stremming die onderskeie vennootskappe wat ons met ander regulatoriese instansies het, ten volle gebruik. 'n Regulatoriese verbruikersbeskermingsomgewing wat goed funksioneer en op samewerking geskoei is, sal die onderskeie belanghebbendes bevoordeel en hulle in staat stel om doelwitte te behaal ten spyte daarvan dat hulle minder hulpbronne het. Die ontwikkeling van vennootskappe en samewerking raak dus in hierdie tydperk 'n belangrike oorweging.

Die opvoedkundige en inligtingsveldtogte sal verskillende verbruikersgroepe aanspreek: die jeug, volwassenes, bejaardes en die sakektor. Oor die medium termyn sal die KVB ook 'n meer gefokusde en volgehoue veldtog ontwikkel wat spesifiek op KMMO's gemik is, veral omdat 'n behoefte geïdentifiseer is om KMMO's by te staan wat die kwessie van verbruikersregte en -verpligtinge in terme van die relevante wetgewing betref.

### 10.3.5 Prestasie-aanwysers en jaarlikse teikens vir 2017/18

| Programprestasi-<br>aanwyser<br>Uitsetaanwyser |   | Geouditeerde/Werklike prestasie |         |         | Geskatte<br>prestasie<br>2017/18 | Mediumtermyn-teikens |         |         |
|--|---|---------------------------------|---------|---------|----------------------------------|----------------------|---------|---------|
|  |   | 2014/15                         | 2015/16 | 2016/17 |                                  | 2018/19              | 2019/20 | 2020/21 |
| <b>Subprogram: Verbruikersbeskerming</b>       |   |                                 |         |         |                                  |                      |         |         |
| 1.1  | Getal verbruiker-<br>sopvoedingspro-<br>gramme aange-<br>bied   | 274                             | 235     | 120     | 173                              | 60                   | 100     | 120     |
| 1.2  | Persentasie<br>klagtes bestuur/<br>hanteer  | -                               | -       | -       | -                                | 100%                 | 100%    | 100%    |
| 1.3  | Getal verbrui-<br>kersopvoedings-<br>boekies en/of<br>inligtingsmateri-<br>aal aan burgers<br>en sakeondernem-<br>ings versprei | 4                               | 19 357  | 1 000   | 1 765                            | 10 000               | 10 000  | 12 000  |
| 1.4  | Getal finan-<br>siële geletterd-<br>heidswerkwinkels<br>aangebied   | 118                             | 69      | 20      | 37                               | 100                  | 120     | 150     |
| 1.5  | Getal KMMO-<br>interaksies<br>uitgevoer   | -                               | 25      | 10      | 17                               | 20                   | 20      | 20      |

### 10.3.6 Kwartaallikse teikens vir 2018/19

| Programprestasi-<br>aanwyser<br>Uitsetaanwyser |   | Verslag-<br>periode | Jaarlikse<br>teikens 2018/19 | Mediumtermyn-teikens |       |       |       |
|--|---|---------------------|------------------------------|----------------------|-------|-------|-------|
|  |   |                     |                              | 1ste                 | 2de   | 3de   | 4de   |
| <b>Subprogram: Verbruikersbeskerming</b>       |   |                     |                              |                      |       |       |       |
| 1.1  | Getal verbruikersop-<br>voedingsprogramme<br>aangebied  | Kwartaallikse       | 60                           | 10                   | 20    | 20    | 10    |
| 1.2  | Persentasie klagtes<br>bestuur/hanteer  | Kwartaallikse       | 100%                         | 100%                 | 100%  | 100%  | 100%  |
| 1.3  | Getal verbruikersop-<br>voedingsboekies en/<br>of inligtingsmateri-<br>aal aan burgers en<br>sakeondernemings<br>versprei | Kwartaallikse       | 10 000                       | 2 500                | 2 500 | 2 500 | 2 500 |
| 1.4  | Getal finansiële<br>geletterdheidswerks-<br>winkels aangebied   | Kwartaallikse       | 100                          | 15                   | 35    | 35    | 15    |
| 1.5  | Getal KMMO-<br>interaksies uitgevoer  | Kwartaallikse       | 20                           | 3                    | 7     | 7     | 3     |

#### 'n Nota betreffende die nasionale aanwyser vir gevalle opgelos

Die aanwyser m.b.t. die getal gevalle ontvang en opgelos deur die KVB is deel van die sogenaamde nasionale ooreengekome sektor-spesifieke aanwysers. Hierdie aanwysers is op nasionale vlak aanvaar met die doel om 'n nasionale prentjie van verbruikersbeskerming te kan opbou. Die besonderhede rondom hierdie aanwyser is dus

deur alle provinsiale Departemente sowel as die Nasionale Verbruikerskommissie (NVK) aanvaar. In terme van die besonderhede is daar ooreengekom dat aangesien alle gevalle wat ontvang is sekere mate van ingryping, ondersoek of aksie sal vereis, dit regverdigbaar is dat alle gevalle wat ontvang word – afgesien van die omvang van die ondersoek/bystand – as 'n afgehandelde geval aangeteken sou word. As sodanig sou byvoorbeeld kwessies wat na 'n ander liggaam/instansie verwys word, of afgesluit word weens onvoldoende getuienis, of weens jurisdiksiekwessies, ingesluit word in die kategorie van afgehandelde sake. Die getal gevalle ontvang en opgelos moet dus in hierdie konteks gesien word.

### 10.3.7 Risikobestuur

**Strategiese Doelstelling: Om 'n doeltreffende en effektiewe verbruikersbeskermingsdiens in die Provinsie te verskaf wat ooreenstem met die doelwitte en funksies soos deur provinsiale en nasionale verbruikersbeskermingswetgewing voorgeskryf word.**

| Risikoverklaring   | Risikoverminderingstrategieë   |
|--|--|
| <p><b>Verbruikersopvoedingsprogramme</b></p> <p>Die onvermoë om doeltreffende en volgehoue verbruikersopvoedingsprogramme regoor die Provinsie te implementeer weens onvoldoende hulpbronne (menslik, infrastruktureel en finansiëel), wat lei tot 'n afname in verbruikersregtebewustheidsvlakke en die versuim om diensstandaarde te behaal.</p>   | <p>Verbetering van strategiese skakels met onderskeie belanghebbendes en vennote binne die verbruikersbeskermingsomgewing.</p> <p>Samewerking met die media sal voortgaan om te verseker dat die onderskeie geleenthede, projekte en programme van die KVB aan lesers, luisteraars en kykers van die onderskeie mediabronne gekommunikeer sal word.</p>  |
| <p><b>Verbruikersklagtes</b></p> <p>Die onvermoë om gevalle ontvang op te los weens die ondoeltreffende werking van die Nasionale Verbruikerskommissie en die veranderlike interpretasie van die bepalings vervat in nasionale en provinsiale Verbruikersbeskermingswetgewing wat 'n impak het op 'n verbruiker se reg om doeltreffende regstelling op 'n klagte te verkry en wat dienslewering deur 'n provinsiale kantoor verhinder.</p> | <p>Vestiging van 'n Staande Advieskomitee tot die Wet op Verbruikersbeskerming deur die Nasionale Kommissaris.</p> <p>Kwartaallikse interaksie oor gevallebestuur tussen provinsies.</p> <p>Gereelde verslagdoening aan die Nasionale Verbruikerskommissie oor prestasieverwante kwessies.</p> <p>Posisioneer 'n witskrif om deur die Departement ontwikkel te word oor wetgewende amendemente betreffende inkonsekwente bepalings en implementerings van die Wet op Verbruikersbeskerming.</p> <p>Posisioneer 'n witskrif om tot die Nasionale Minister (Departement van Handel en Nywerheid) geëskaleer te word.</p> |
| <p><b>Beleid en wetgewing</b></p> <p>Die gebrek aan beheer oor die wetgewende omgewing wat die Departement het weens die grondwetlike mandaat (samelopende jurisdiksie), wat lei tot die implementering van beleid en wetgewing wat ontoepaslik vir die Departement is en wat 'n negatiewe impak op diensleweringstandaarde en handelsmerkreputasie het.</p>   | <p>Vestiging van 'n Verbruikersbeskermingsforum saamgestel uit al nege provinsies en Regulatoriese Owerhede.</p> <p>Programeenhede getaak met die evaluering van voorgestelde beleidswetgewing en die verskaffing van kommentaar aan die LUK.</p> <p>Vraagstukke en bekommernisse geëskaleer tot die President en Premier se Koördineringsforum.</p> <p>'n Departementele Rompslompverminderingseenheid is in die lewe geroep. Die Rompslomppeenheid sal ingespan word om as drukgroep op te tree vir enige voorgestelde wetgewende en/of beleidsamendemente.</p>  |

## 10.4 Rekonsiliasie van prestasietekens met die Begroting en MTBR

### 10.4.1 Bestedingskattings

| Subprogramme   |                       | Geouditeer    |               |               | Hoof-toe-wysing | Aangepaste toe-wysing | Hersiene skatting | Mediumtermyn-besteding |               |               |
|--|-----------------------|---------------|---------------|---------------|-----------------|-----------------------|-------------------|------------------------|---------------|---------------|
|  |                       | R'000         | 2014/15       | 2015/16       |                 |                       |                   | 2016/17                | 2017/18       | 2017/18       |
| 1.   | Verbruikersbeskerming | 10 021        | 10 868        | 10 479        | 11 919          | 11 569                | 11 569            | 10 803                 | 11 627        | 12 486        |
| <b>Totale betalings en skattings</b>                 |                       | <b>10 021</b> | <b>10 868</b> | <b>10 479</b> | <b>11 919</b>   | <b>11 569</b>         | <b>11 569</b>     | <b>10 803</b>          | <b>11 627</b> | <b>12 486</b> |
| <b>Ekonomiese klassifikasie R'000</b>                |                       |               |               |               |                 |                       |                   |                        |               |               |
| <b>Lopende betalings</b>                             |                       | <b>9 966</b>  | <b>10 765</b> | <b>10 361</b> | <b>11 834</b>   | <b>11 557</b>         | <b>11 557</b>     | <b>10 798</b>          | <b>11 622</b> | <b>12 481</b> |
| Werknemerskompensasie                                |                       | 7 590         | 8 159         | 8 033         | 8 389           | 8 119                 | 8 119             | 8 573                  | 9 272         | 10 001        |
| Goedere en dienste                                   |                       | 2 376         | 2 606         | 2 328         | 3 445           | 3 438                 | 3 438             | 2 225                  | 2 350         | 2 480         |
| Rente en huur op grond                               |                       |               |               |               |                 |                       |                   |                        |               |               |
| <b>Oordragte en subsidies</b>                        |                       |               |               |               |                 | <b>7</b>              | <b>7</b>          |                        |               |               |
| Provinsies en munisipaliteite                        |                       |               |               |               |                 |                       |                   |                        |               |               |
| Departementele agentskappe en rekeninge              |                       |               |               |               |                 |                       |                   |                        |               |               |
| Universiteite en teknikons                           |                       |               |               |               |                 |                       |                   |                        |               |               |
| Buitelandse regerings en internasionale organisasies |                       |               |               |               |                 |                       |                   |                        |               |               |
| Openbare korporasies en privaatondernemings          |                       |               |               |               |                 |                       |                   |                        |               |               |
| Instansies sonder winsbejag                          |                       |               |               |               |                 |                       |                   |                        |               |               |
| Huishoudings   |                       |               |               |               |                 | 7                     | 7                 |                        |               |               |
| <b>Oordragte en subsidies aan Kapitaal</b>           |                       |               |               |               |                 |                       |                   |                        |               |               |
| Staatsmotor-handelsrekening                          |                       |               |               |               |                 |                       |                   |                        |               |               |
| <b>Betalings vir kapitale bates</b>                  |                       | <b>40</b>     | <b>103</b>    | <b>70</b>     | <b>85</b>       | <b>5</b>              | <b>5</b>          | <b>5</b>               | <b>5</b>      | <b>5</b>      |
| Geboue en ander nie-roerende strukture               |                       |               |               |               |                 |                       |                   |                        |               |               |
| Masjinerie en toerusting                             |                       | 40            | 98            | 68            | 80              | 5                     |                   | 5                      | 5             | 5             |
| Erfenisbates   |                       |               |               |               |                 |                       |                   |                        |               |               |
| Gespesialiseerde militêre bates                      |                       |               |               |               |                 |                       |                   |                        |               |               |
| Biologiese bates                                     |                       |               |               |               |                 |                       |                   |                        |               |               |
| Grond en ondergrondse bates                          |                       |               |               |               |                 |                       |                   |                        |               |               |
| Sagteware en ander ontasbare bates                   |                       |               | 5             | 2             | 5               |                       | 5                 |                        |               |               |
| <b>Betalings vir finansiële bates</b>                |                       | <b>15</b>     |               | <b>48</b>     |                 |                       |                   |                        |               |               |
| <b>Totale ekonomiese klassifikasie</b>               |                       | <b>10 021</b> | <b>10 868</b> | <b>10 479</b> | <b>11 919</b>   | <b>11 569</b>         | <b>11 569</b>     | <b>10 803</b>          | <b>11 627</b> | <b>12 486</b> |



## Program 5: Ekonomiese Beplanning



DEPARTEMENT VAN EKONOMIESE ONTWIKKELING EN TOERISME

## 11. PROGRAM 5: EKONOMIESE BEPLANNING

### 11.1 Doelstelling

Die doel van hierdie Program is om die leierskap van die Departement – die Minister, die Departementshoof en die Departementele Topbestuur – by staan in die onderneming van beplanningsprosesse wat 'n samehangende visie en strategiese uitkomst verskaf as basis vir die ontwikkeling of verbetering van beleide en strategieë en die toepassing daarvan om hul voorgename doelstellings te behaal.

### 11.2 Programstruktuur

Die program word as volg gestruktureer:

- **Subprogram 5.1: Ekonomiese Beleid en Beplanning**  
Om Provinsiale ekonomiese beleid en strategieë te ontwikkel.
- **Subprogram 5.2: Navorsing en Ontwikkeling**  
Om ekonomiese navorsing te onderneem.
- **Subprogram 5.3: Kennisbestuur**  
Om by te dra tot die skepping van 'n kennisekonomie.
- **Subprogram 5.4: Monitering en Evaluering**  
Om die doeltreffendheid en impak van Provinsiale beleidsdoelstellings en -strategieë te bepaal.
- **Subprogram 5.5: Om die Infrastruktuur vir Groei en Inisiatiewe Moontlik te Maak**  
Om 'n instaatstellende ekonomiese omgewing deur katalitiese ingrypings te ontwikkel en/of te stimuleer.
- **Subprogram 5.6: Breëband vir die Ekonomie**  
Om die gebruik van, gereedheid vir en toegang tot breëband in die streek te ondersteun en te stimuleer.
- **Subprogram 5.7: Groen Ekonomie**  
Om die ontwikkeling van groen nywerhede te stimuleer en om hulpbrondoeltreffendheid en -volhoubaarheid te fasiliteer met die doel om die mededingendheid van die ekonomie te verbeter.

### Konteks

Die globale ekonomie word gekenmerk deur snelle verandering en innovering, tegnologiese vooruitgang, snelle verbetering van produksie- en diensstelsels, en groot uitdagings vir hulpbron-intensiewe volhoubaarheid en klimaatsverandering-bedreigings. As sodanig het vier dominante internasionale tendense na vore getree wat 'n deurslaggewende impak op groei het, naamlik ekonomiese infrastruktuur, breëband, hulpbronvolhoubaarheid en klimaatsverandering, asook ontwerp en innovering. Vir die Wes-Kaapse ekonomie om mededingend te raak, vereis 'n responsiewe ekonomiese omgewing wat geleenthede sal fasiliteer, rigting sal bepaal en uitdagings sal oorkom.

Die doel van hierdie program is dus om beslissende inhibeerders tot ekonomiese groei te oorkom, te kapitaliseer op ekonomiese geleenthede wat na vore tree weens markkragte of tegnologiese vooruitgang en om belegging in die Provinsie te stimuleer. Benewens die verskaffing van 'n koördineringsplatform en getuienisgebaseerde bystand vir strategiese beplanning, bestaan die Program dus uit 'n stel instaatstellers en aandrywers van ekonomiese groei wat die groei van die Wes-Kaapse ekonomie ondersteun. Hierdie stel instaatstellers en aandrywers word saamgegroeper onder bykomende subprogramme binne Program 5, naamlik (1) Om Infrastruktuur en Inisiatiewe vir Groei moontlik te maak, (2) Breëband vir die Ekonomie en (4) die Groen Ekonomie.

Die temas wat hierdie subprogramme onderlê, het na vore getree as beslissende komponente van Suid-Afrika se Nasionale beleid, die Provinsiale Strategiese Doelstelling (PSD) 1 en 5, Een Kaap 2040 en die Wes-Kaapse Regering se Provinsiale Strategiese Plan 2014–2019, en vind spesifiek uitdrukking in die PSD 1 se spelwysigers en strategiese prioriteite.

### Een Kaap 2040

Binne die Wes-Kaapse Regering se Een Kaap 2040-visie van 'n 'hoogs vaardige, innoveringsgedrewe, hulpbrondoeltreffende, IT-gekonnekteerde, geleentheidsryke en samewerkende gemeenskap' is die Program verantwoordelik vir die aandrywing van die 'innoveringsgedrewe, hulpbrondoeltreffende en IT-gekonnekteerde'-aspekte van die visie.

### Provinsiale Strategiese Plan 2014–2019

Die Wes-Kaapse Regering (WKR) het sy 12 Strategiese Doelstellings in vyf Provinsiale Strategiese Doelwitte (PSD's) gesintetiseer. Van hierdie vyf Strategiese Doelwitte is die volgende relevant tot die Program:

### **Strategiese Doelwit 1: Skep geleenthede vir groei en werk**

Strategiese Doelwit 1 lys 'n aantal belangrike doelstellings. Dit sluit in (i) Kweek innovering deur die ekonomie, (ii) Verbeter die uitrol van breëband vir die ekonomie, en (iii) Help verseker dat daar genoegsame water en krag vir groei is. Al die projekte binne die Program is, met wisselende grade van relevansie en klem, daarop gemik om hierdie doelwitte aan te spreek.

### **Strategiese Doelwit 4: Verseker 'n veerkragtige, volhoubare, gehalte- en inklusiewe leefomgewing**

Hierdie Strategiese Doelwit omvat sowel die groen/klimaatveranderingbeginsels as die beginsels van 'n ondersteunende infrastruktuur wat ekonomiese groei en sosiale insluiting fasiliteer. Die spelwysigers wat aan hierdie Strategiese Doelwit toegewys word, is die Leef-Werk-Speel-projek van die Conradie-hospitaal terrein waar insette en bystand deur die Program vereis word, sowel as die Beter Lewe-uitdaging wat binne die Groen Ekonomie-inisiatief tot stand gekom het en huidig binne die Subprogram 5:4: Om Infrastruktuur en Inisiatiewe vir Groei moontlik te maak, bestuur word.

### **Strategiese Doelwit 5: Lê goeie staatsbestuur en geïntegreerde dienslewering vas d.m.v. vennootskappe en ruimtelike belyning**

As 'n transversale dwarsniet is Connected Cape, die Breëbandstrategie wat deur die Departement van Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme (DEOT) gekonseptualiseer is, gelys as 'n PSD-5-spelwysiger vir die Provinsie. Om die Wes-Kaapse Breëbandvisie en -teikens te kan bereik, is die Program binne die breër Breëbandimplementeringsplan verantwoordelik vir die verbetering van toegang tot breëband, breëbandvaardighede en die gebruik van breëband deur burgers en sakeondernemings vir ekonomiese en sosiale ontwikkeling.

### **Provinsiale Strategiese Doelstelling 1 – Beslissende Prioriteit: Projek Khulisa**

As 'n beslissende prioriteit van die Provinsiale Strategiese Doelstelling 1 fokus Projek Khulisa daarop om werkskepping en groei binne 'n vyfjaar-tydsraamwerk te maksimeer om sodoende die diepgaande werkloosheidsuitdaging van die streek aan te spreek. Ná 'n uitgebreide ontleding van geskiedkundige tendense en konsultasie met geteikende belanghebbendes het Agri-prosessering, Toerisme en die Olie- en Gasbedrywe uit Projek Khulisa te voorskyn gekom as die sektore met die grootste potensiaal vir werkskepping. Sommige van die beperkings wat met hierdie sektore geïdentifiseer word, sluit in uitdagings m.b.t. die instaatstellende sakeomgewing, insluitende hindernisse in die vorm van infrastruktuur en krag. In ooreenstemming met, en met die ondersteuning van, Projek Khulisa sal die program 'n aantal infrastruktuurverwante inisiatiewe en kragingrypings aandryf wat in die sektorale padkaarte klem ontvang het.

### **Provinsiale Strategiese Doelstelling 1-spelwysiger: Kragsekuriteit**

Die voortgaande elektrisiteitskrisis in Suid-Afrika het beklemtoon van watter deurslaggewende belang dit is om 'n Provinsie met kragsekuriteit te hê. Dit sluit in die behoefte om die streek se kragmengsel te diversifiseer en om kragintensiteit in die Wes-Kaap te verminder. Die Departement se respons op, en steun aan, die doelwitte en projekte van die Kragspelwysiger setel in Program 5.

### **Provinsiale Strategiese Doelwit 2-spelwysiger: Vaardigheidsontwikkeling**

Daar word erken dat die grootste hulpbron in die Provinsie sy arbeidsmag is. Die instrumente wat uit die werk van die Program voortkom, sal – waar moontlik – as hefbome ingespan word om die realisasie van die Vakleerlingskap-spelwysiger te ondersteun.

## **11.3 Subprogram 5.1: Ekonomiese Beleid en Beplanning**

### **11.3.1 Prestasieleweringomgewing**

Die regering se beleids- en beplanningomgewing is gekenmerk en ingelig deur die aanvaarding van die Nasionale Kabinet se bekragtiging van die Nasionale Ontwikkelingsplan (NOP). Die NOP word ondersteun deur die Provinsiale Regering en van krag gemaak deur die provinsiaal aanvaarde Een Kaap 2040. Een Kaap 2040 is 'n doelbewuste poging om 'n oorgang na 'n meer inklusiewe en veerkragtige ekonomiese toekoms vir die Wes-Kaapse streek te stimuleer. Dit is 'n visie en strategie vir die samelewing, eerder as 'n plan van die Regering, hoewel al drie sferes van die Regering noodsaaklik is vir die implementering daarvan. Dit vervang nie enige bestaande statutêre planne wat van òf die Provinsie òf munisipaliteite vereis word nie. Dit is eerder bedoel as 'n verwysingspunt en 'n riglyn vir alle belanghebbendes om:

- Vars denkwyses oor, en deurslaggewende betrokkenheid by, die toekoms te bevorder;
- 'n algemene agenda vir die samewerking van die privaatsektor, openbare sektor en die burgerlike samelewing te verskaf;
- regeringsaksies en beleggingsbesluite in ooreenstemming te help bring;

- die nodige veranderinge te fasiliteer wat ons sal moet maak om aan te pas by ons (snel) veranderende plaaslike en globale konteks; en
- ons ontwikkelings-, volhoubaarheids-, inklusiwiteits- en mededingendheidsimperatiewe aan te spreek.

Deur die uitdrukking van Een Kaap 2040 word Provinsiale strategiese dryfkragte uiteengesit d.m.v. vyf Provinsiale Strategiese Doelstellings, naamlik:

- Strategiese Doelstelling 1: Skep geleentheid vir groei en werk;
- Strategiese Doelstelling 2: Verbeter onderwysuitkomste en geleentheid vir die ontwikkeling van die jeug;
- Strategiese Doelstelling 3: Vergroot welsyn, verbeter veiligheid en spreek sosiale ewwels aan;
- Strategiese Doelstelling 4: Verseker 'n veerkragtige, volhoubare, gehalte- en inklusiewe leefomgewing; en
- Strategiese Doelstelling 5: Lê goeie staatsbestuur en geïntegreerde dienslewering vas deur vennootskappe en ruimtelike belyning.

Hierdie Departement is getaak as die hoofdepartement in Provinsiale Strategiese Doelstelling 1: Skep geleentheid vir groei en werk, terwyl die Departement ook PSD 2, PSD 4 en PSD 5 ondersteun. Die doel van hierdie subprogram is eerstens om die strategiese plan wat PSD 5 uitdruk te ontwikkel vir aanvaarding deur die Kabinet, en tweedens om die Departement se strategie in ooreenstemming te bring met die strategie van die PSD 1 soos deur die Kabinet aanvaar.

Deur ekonomiese en sosio-ekonomiese uitkomste soos beskryf in die PSP en PSD te maksimeer, word toepaslike Provinsiaal-aanvaarde beleide vereis wat deur hierdie subprogram opgestel sal word in samewerking met die Departement van die Premier se Eenheid vir Beleid.

### 11.3.2 Strategiese Doelstelling

|                                 |  |
|---------------------------------|--|
| <b>Strategiese Doelstelling</b> | Om ekonomiese strategie- en beleidsleierskap aan die Provinsie te verskaf.   |
| <b>Doelstellingsverklaring</b>  | Om die samewerkende proses van die ontwikkeling van ekonomiese beleid-en strategie te fasiliteer en te lei deur die ontwikkeling van 12 beleidsopdragte teen Maart 2020. |
| <b>Basislyn</b>                 | Basislyn aan die begin van die oorsigtydperk is nul.   |

#### Doelstellings

Om uiting te gee aan die ontwikkeling van geïntegreerde getuienisgebaseerde ekonomiese beleid en strategie, ondersteun die Eenheid vir Ekonomiese Beleid en Beplanning dwarsnit- ekonomiese ontwikkeling regoor die Provinsie en fasiliteer die strategiese beplanningsprosesse vir die Departement van Ontwikkeling en Toerisme (DEOT).

Met ander woorde, dit fasiliteer die strategiese doelwitte en doelstellings in terme van die bostaande beleid en wetgewende mandate en verseker dat die Departementele doelwitte en doelstellings omgesit word in Departementele beleid, programme en projekte wat ooreenstem met die Provinsie se Strategiese Doelstelling 1.

Verder bely en integreer die subprogram alle ekonomiese beleide en strategieë wat uit alle sferes van die Regering voortspruit.

### 11.3.3 Implementeringsplan

In 2018/19 sal die subprogram fokus op:

#### Ontwikkeling van Ekonomiese Strategie

Projek Khulisa, wat veronderstel was om die strategiese uitdrukking van Provinsie se Strategiese Doelstelling (PSD) 1 te ontwikkel, is in die boekjaar 2014/15 voltooi en deur die Kabinet aanvaar. In daardie jaar het die Departement sy vyfjaarstrategie gefinaliseer in ooreenstemming met die Kabinet se aanvaarde PSD 1.

Die huidige vyfjaarstrategie, onderskryf deur PSD-1-spelwysigers en fase een van Projek Khulisa, gaan tans sy laaste implementeringsfase binne. Vir die boekjaar 2018/19 sal die subprogram daarop fokus om die realisering van die 2020–2025-vyfjaarstrategie te ondersteun. Terwyl die Departement nog in die vroeë omvangsveranderingstadium van die ontwikkeling van sy vyfjaarstrategie is, is nuwe gebiede waarop die subprogram steun sal verleen Informele Sektorale Steun, Werkloosheid onder die Jeug, en die byvoeg van nuwe potensiële sektore vir fase twee van Projek Khulisa se sektorfokus.

### Ontwikkeling van Ekonomiese Beleid

Beleid verskaf die grondslag waarop strategie uitgedruk word. Vir hierdie doel, en om die Departement in staat te stel om sy strategieë 'n beleidsgrondslag te gee, sal relevante sektorale en dwarsnit-tematiese beleide ontwikkel word.

Deur die ondersteuning van PSD 1 en sy meegaande Projek Khulisa-padkaarte word geïntegreerde beplanning oor alle sferes van die Regering heen, sowel binne die Departement as regoor Provinsiale Regering, vereis. Die subprogram sal ekonomieseverwante regeringsraamwerke, beleid en strategieë hersien en daarop kommentaar lewer. Dit sal die uitvoering van beleid en die voorafgaande opdragte, waar toepaslik, ondersteun.

#### 11.3.4 Strategiese doelstellings se jaarlikse teikens vir 2018/19

| Uitsetaanwyser   | Geouditeerde/Werklike prestasie |         |         | Geskatte prestasie | Mediumtermyn-teikens |         |         |
|--|---------------------------------|---------|---------|--------------------|----------------------|---------|---------|
|  | 2014/15                         | 2015/16 | 2016/17 | 2017/18            | 2018/19              | 2019/20 | 2020/21 |
| <b>Subprogram: Ekonomiese Beleid en Beplanning</b>                     |                                 |         |         |                    |                      |         |         |
| Getal ekonomiese strategieë of beleide of regeringsraamwerke afgeteken | -                               | -       | 2       | 2                  | 1                    | 1       | 1       |

#### 11.3.5 Prestasie-aanwysers en jaarlikse teikens vir 2018/19

| Programprestasi-aanwyser<br>Uitsetaanwyser                                   | Geouditeerde/Werklike prestasie |         |         | Geskatte prestasie | Mediumtermyn-teikens |         |         |
|--|---------------------------------|---------|---------|--------------------|----------------------|---------|---------|
|  | 2014/15                         | 2015/16 | 2016/17 | 2017/18            | 2018/19              | 2019/20 | 2020/21 |
| <b>Subprogram: Ekonomiese Beleid en Beplanning</b>                           |                                 |         |         |                    |                      |         |         |
| 1.1 Getal strategieë, beleide of regeringsraamwerke hersien en/of ondersteun | 2                               | 4       | 3       | 3                  | 2                    | 2       | 2       |

#### 11.3.6 Kwartaalteikens vir 2018/19

| Programprestasi-aanwyser   | Verslagperiode | Jaarlikse teiken 2018/19 | Mediumtermyn-teikens |     |     |     |
|--|----------------|--------------------------|----------------------|-----|-----|-----|
|  |                |                          | 1ste                 | 2de | 3de | 4de |
| <b>Subprogramme: Economic Policy and Planning</b>                            |                |                          |                      |     |     |     |
| 1.1 Getal strategieë, beleide of regeringsraamwerke hersien en/of ondersteun | Jaarliks       | 2                        | -                    | -   | -   | 2   |

#### 11.3.7 Risikobestuur

| <b>Strategiese Doelstelling: Om ekonomiese strategie- en beleidsleierskap aan die Provinsie te verskaf.</b>  |  |
|--|--|
| Risikoverklaring   | Risikoverminderingstrategieë   |
| Gebrek aan strategiese samehang tussen staatsDepartemente wat doeltreffende beleidsontwikkeling wat die groei van ondernemings in die geïdentifiseerde prioriteitsektore fasiliteer, kniehalter. | Die Program sal op 'n breër basis en doeltreffender met belanghebbendes omgaan |

## 11.4 Subprogram 5.2: Navorsing en Ontwikkeling

### 11.4.1 Prestasieleweringsomgewing

Navorsing en Ontwikkeling se mandaat is om ekonomiese navorsingsteun aan die Departement te verskaf vir die ontwikkeling van beleid en ekonomiese instrumente. Hierdie funksie vloei uit die behoefte om getuigenisgebaseerde besluite te neem en beleid te skep. Met die uitvoering van hierdie mandaat sal die Eenheid vir Navorsing en Ontwikkeling steun verskaf namate die Departement sy vyfjaarstrategie hersien en bywerk.

Data en inligting is beslissende aspekte vir 'n doeltreffende besluitnemingsproses. Daarby verander ekonomiese ontwikkelings van tyd tot tyd en strategieë moet hierdie veranderinge naspoor as hulle relevant wil bly. Geloofwaardige data verskaf 'n belangrike grondslag vir sterk beleid en doeltreffende instrumente (om dit uit te voer). Om dit reg te kry, sal die subprogram Navorsing daarna streef om die ekonomiese intelligensie te verskaf wat nodig is om die Departement met belangrike ekonomiese inligting by te staan d.m.v. 'n geloofwaardige databewaarplek wat data van inskrywings verkry en wat toeganklik is vir die Departement sodat hulle doeltreffende en effektiewe besluite kan neem.

### 11.4.2 Strategic Objective

|                                 |   |
|---------------------------------|---|
| <b>Strategiese Doelstelling</b> | Om ekonomiese navorsing en ontleding te onderneem en te fasiliteer om sodoende die ontwikkeling van ekonomiese strategiebeleid binne die Departement se strategiese raamwerk te ondersteun.                           |
| <b>Doelstellingsverklaring</b>  | Om 50 navorsingsverslae te ontwikkel wat daarop gemik is om riglyne te verskaf vir die ontwikkeling van ekonomiese ingrypings oor 'n tydperk van vyf jaar (2015-2020) deur geloofwaardige provinsiale data te gebruik |
| <b>Basislyn</b>                 | Basislyn soos in 2014 is nul  |

### Doelstellings

Om ekonomiese navorsing vir die ontwikkeling van beleid en strategie te onderneem en te fasiliteer en om riglyne te verskaf vir ekonomiese ingrypings soos in Projek Khulisa beskryf. Die voorsiening van gesentraliseerde ekonomiese data wat handelsverwante, prysverwante en ander ekonomiese data insluit.

'n Tweede doelstelling sal wees om relevante data naas primêre data te verskaf en is daarop gemik om programme by te staan om die doeltreffendheid van ekonomiese ingrypings wat deur die Departement ondersteun word, te verbeter.

### 11.4.3 Implementeringsplan

In 2018/19 sal die subprogram fokus op:

### Navorsingsverslae

Om ander programme te ondersteun, sal die subprogram navorsingsverslae ontwikkel wat steun sal verleen aan die strategiese aktiwiteite van die Departement. Verder sal navorsingsverslae ontwikkel word in antwoord op Departementele behoeftes.

### 11.4.4 Strategiese doelstellings se jaarlikse teikens vir 2018/19

| Uitsetaanwyser                               | Geouditeerde/Werklike prestasie |         |         | Geskatte prestasie                       | Mediumtermyn-teikens                     |  |  |
|--|---------------------------------|---------|---------|--|--|--|--|
|  | 2014/15                         | 2015/16 | 2016/17 | 2017/18                                  | 2018/19                                  | 2019/20                                  | 2020/21                                  |
| <b>Subprogram: Navorsing en ontwikkeling</b> |                                 |         |         |  |  |  |  |
| Ontwikkel 'n ekonomiese navorsings-agenda    | -                               | -       | 1       | 'n Geïmplementeerde navorsings-agenda: 1 | 'n Geïmplementeerde navorsings-agenda: 1 | 'n Geïmplementeerde navorsings-agenda: 1 | 'n Geïmplementeerde navorsings-agenda: 1 |

### 11.4.5 Prestasie-aanwysers en jaarlikse teikens vir 2018/19

| Programprestasie-aanwyser<br>Uitsetaanwyser      | Geouditeerde/Werklike prestasie |         |         | Geskatte prestasie | Mediumtermyn-teikens |         |         |
|--|---------------------------------|---------|---------|--------------------|----------------------|---------|---------|
|  | 2014/15                         | 2015/16 | 2016/17 | 2017/18            | 2018/19              | 2019/20 | 2020/21 |
| <b>Subprogram: Navorsing en ontwikkeling</b>     |                                 |         |         |                    |                      |         |         |
| 1.1 Getal ekonomiese navorsingsverslae ontwikkel | 10                              | 12      | 16      | 10                 | 10                   | 10      | 10      |

#### 11.4.6 Kwartaalike teikens vir 2018/19

| Programprestasi-aanwyser                     |  | Verslag-periode | Jaarlike teiken 2018/19 | Mediumtermyn-teikens |     |     |     |
|--|--|-----------------|-------------------------|----------------------|-----|-----|-----|
|  |  |                 |                         | 1ste                 | 2de | 3de | 4de |
| <b>Subprogram: Navorsing en ontwikkeling</b> |  |                 |                         |                      |     |     |     |
| 1.1  | Getal ekonomiese navorsingsverslae ontwikkel | Kwartaaliks     | 10                      | 1                    | 2   | 4   | 3   |

#### 11.4.7 Risikobestuur

**Strategiese Doelstelling: Om ekonomiese navorsing en ontleding te onderneem en te fasiliteer met die doel om ekonomiese strategiebeleid binne die Departement se strategiese raamwerk te ontwikkel.**

| Risikoverklaring   | Risikoverminderingstrategieë                        |
|--|---|
| Weens die inkorting van eksterne diensverskaffers het die ontwikkeling van navorsingsverslae wat op die insameling van primêre data berus 'n impak op die lewering van navorsingsverslae van gehalte | Die Program sal in gesprek tree met belanghebbendes |

### 11.5 Subprogram 5.3: Kennisbestuur

#### 11.5.1 Prestasieleweringomgewing

##### Wes-Kaapse Ekonomiese Ontwikkelingsvennootskap (WKEOV)

Die WKEOV is in 2012 op die been gebring om agenda vir ekonomiese groei, ontwikkeling en insluiting vir Kaapstad en die Provinsie van die Wes-Kaap te lei, te koördineer en aan te dryf. Dit bied 'n nuwe manier om saam te werk om die streekseksonomie te herontwerp en ander uitkomst te lewer. Die WKEOV sal die Wes-Kaapse ekonomie se leweringstelsel lei, koördineer en aandryf om hoër vlakke van inklusiewe groei te behaal. Die Wet op die Lidmaatskap van die Wes-Kaapse ekonomiese leweringstelsel is in Desember 2013 deur die Provinsiale Kabinet aangeneem.

Buite die WKR het die werk van die EOV toenemend aanvraaggedrewe geraak van die kant van munisipale, sake-, akademiese en burgerlike gemeenskapsvennote en belanghebbendes. Diverse belanghebbendes het byvoorbeeld die WKEOV genader om as vennoot bystand en advies te ontvang, soos onder meer die Cape Town Concerned Citizens Group (oor stedelike grondkwessies), die Onafhanklike Filantropievereniging van Suid-Afrika (IPASA), die McKinsey Globale Instituut, die Wes-Kaapse Informele Handelaarskoalisie, die Swartbestuursforum, die Lughawemaatskappy van Suid-Afrika (ACSA) en die Boubedryfontwikkelingsraad (BOR).

Die WKEOV is dus toenemend in staat om sy rol as 'n openbare voordeel-organisasie te vervul deur diverse rolspelers binne die streekseksonomiese ontwikkelingsstelsel aan sowel die aanvraag- as die aanbodkant by te staan eerder as om as 'n tradisionele diensverskaffer vir die Regering op te tree.

Binne die WKR diversifiseer WKEOV-programme en -projekte rondom 'n aantal transversale ontwikkelingsvraagstukke op versoek van verskeie Provinsiale Strategiese Doelwitte (PSD's), Departemente en programbestuurders. WKEOV-projekte en -aktiwiteite het meer gefokus en geteiken geraak, met groter klem op lewering en uitkomst, insluitende die rol van vennoot en vennootskappe binne die afvoerketting.

Die WKEOV fokus op sowel tasbare as ontasbare uitkomst, soos om vennote te help om ooreen te kom op algemene agendas en om prosesse en platforms te ontwerp vir die instaatstelling van gesamentlike optrede en afvoer, sowel as ontasbare uitkomst soos veranderinge aan institusionele kulture, verhoudings en die bou van vertroue, gedragsveranderinge en medewerkende denkwyses.

Daar word wyd erken dat die regering nie op sy eie doeltreffende dienslewering kan behaal nie – vandaar die "Beter tesame"-slagspreuk van die WKR. Baie meer kan vermag word as die energie, hulpbronne en mandate van ander sferes van die regering en verwante agentskappe, sowel as nie-regeringrolspelers, as hefbome gebruik kan word om die WKR by te staan in die uitvoering van sy grondwetlike mandaat. Dit lê ten grondslag van die WKR se 'Whole of Society'-benadering tot beleidmaking en implementering. Weens toenemende beperkinge op openbare sektor-befondsing sal daar van staatsprogramme vereis word om hulpbronne en mandate wat nie onder hul beheer val nie as hefbome te gebruik om sodoende die Provinsiale Strategiese Plan (PSP) te kan uitvoer.

Gevolglik moet daar 'n toename in vennootgedrag en die vorming van vennootskappe plaasvind – oor Departemente, jurisdiksiegrense en sferes van die regering sowel as met eksterne sektore (d.i. die privaatsektor, burgerlike samelewing en akademie) nodig om sosio-ekonomiese ontwikkelingsdoelwitte en mikpunte te behaal.

Verder lê die skaal en kompleksiteit van die uitdagings wat in die gesig gestaar word buite enige enkele sektor, dissipline of sferes van regering. Die kompleksiteit van transversale projekte vereis dat openbare sektor-bestuurders meer vertrou op die vaardighede en aktiwiteite van byeenroep, fasiliteer, onderhandel, as tussenganger optree en saamwerk oor grense heen. 'n Geïntegreerde vennootskapstelsel is nodig om hierdie openbare sektor-programme te fasiliteer en te ondersteun.

Die WKEOV steun die ontwikkeling van hierdie stelsel deur pasklaar vennootskap-oplossingsinisiatiewe te voorsien, sowel gegrond op kwessies as op die gebied, om die implementering van openbare sektor-ontwikkelingsdoelwitte binne die plaaslike en streeks- ekonomiese ontwikkelingsstelsel te ondersteun.

Hierdie inisiatiewe kan die vorm van enige van die volgende aktiwiteite aanneem, sonder om beperk te word tot dié wat hier onder gelys word:

- Identifying the types of partnering required, e.g. identifying transversal, inter-governmental, cross-boundary, or cross-sector partnering;
- Facilitating Partnering Readiness Assessments (PRAs), which include identification and assessment of actual and potential partners;
- Facilitating Partnering Impact Assessments (PIAs), which evaluate existing partnering arrangements for the effectiveness of their partnering practices;
- Co-designing customised partnering solutions, e.g. offering ongoing support in the initiation, management and assessment over time; and
- Assisting the mainstreaming of partnering practices as part of Integrated Management in the strategic planning and budgeting processes of WCG.

### 11.5.2 Strategiese Doelstelling

|                                 |  |
|---------------------------------|--|
| <b>Strategiese Doelstelling</b> | Om die begrip en praktyk van vennootskappe aangaan om 'n impak op dienslewering en geïntegreerde beplanning onder openbare sektor-belanghebbendes te maak, te versterk.  |
| <b>Doelstellingsverklaring</b>  | Om pasklaar vennootskapsoplossingsinisiatiewe te verskaf, gegrond op sowel kwessie en gebied, om die implementering van openbare sektor-ontwikkelingsdoelwitte in die plaaslike en streeks- ekonomiese ontwikkelingsstelsel te ondersteun. |
| <b>Basislyn</b>                 | 2016/2017: 15 vennootskapsoplossingsinisiatiewe verskaf (d.i. PIA's en gesamentlike planne/projekte tussen die Wes-Kaapse Ekonomiese Ontwikkelingsvennootskap en sy vennote).  |

Die sleutel tot die uitvoering van komplekse transversale projekte is die vermoë van openbare sektor-bestuurders om die vaardighede en aktiwiteite van byeenroep, fasiliteer, onderhandel, as tussenganger optree en saamwerk oor grense heen in te span. Die WKEOV word gebruik as die voertuig om vennootskap-oplossingsinisiatiewe te voorsien om hierdie doelwit te kan behaal.

### 11.5.3 Implementeringsplan

Die WKEOV het 'n mandaat ontvang om vennootskap-oplossingsinisiatiewe te voorsien, hetsy deur op gebiedsgegronde vennootskap-uitdagings te fokus, of op dié wat om spesifieke kwessies gaan.

Binne dié twee kategorieë word die WKEOV se lewerbare uitsette gekategoriseer in 'n stel programme wat vennootskapsuitdagings aanspreek. Elk van hierdie programme word deur 'n spesifieke, ondertekende mandaat gedryf wat toegeken is deur die openbare sektor-owerheid verantwoordelik vir dienslewering in daardie gebied of met betrekking tot daardie kwessie, in reaksie op prioriteitsinisiatiewe wat uit die Provinsiale Strategiese Plan voortkom.

Afgesien daarvan het die WKEOV ook spesifieke diagnostiese werktuie ontwikkel, naamlik 'n Vennootskap-gereedheidsassessering (VGA), wat gebruik word om 'n reeks projekte en inisiatiewe te toets wat dalk 'n vennootskapsbenadering benodig, en 'n Vennootskap-impakassessering (VIA), wat gebruik word om die impak van gevestigde vennootskappe te assesseeer.



#### 11.5.4 Strategiese doelstellings se jaarlikse teikens vir 2018/19

| Uitsetaanwyser   | Geouditeerde/Werklike prestasie |         |         | Geskatte prestasie | Mediumtermyn-teikens |         |         |
|--|---------------------------------|---------|---------|--------------------|----------------------|---------|---------|
|  | 2014/15                         | 2015/16 | 2016/17 | 2017/18            | 2018/19              | 2019/20 | 2020/21 |
| <b>Subprogram: Kennisbestuur</b>                                 |                                 |         |         |                    |                      |         |         |
| Verslae oor persentasie verbetering in vennootskap-volwassenheid | 5                               | 2       | 8       | 5                  | 5                    | 5       | 5       |

#### 11.5.5 Prestasie-aanwysers en jaarlikse teikens vir 2018/19

| Programprestasi-aanwyser<br>Uitsetaanwyser  | Geouditeerde/Werklike prestasie |         |         | Geskatte prestasie | Mediumtermyn-teikens |         |         |
|---|---------------------------------|---------|---------|--------------------|----------------------|---------|---------|
|   | 2014/15                         | 2015/16 | 2016/17 | 2017/18            | 2018/19              | 2019/20 | 2020/21 |
| <b>Subprogram: Kennisbestuur</b>  |                                 |         |         |                    |                      |         |         |
| 1.1 Getal gesamentlike planneprojekte tussen die Wes-Kaapse Ekonomiese Ontwikkelingsvennootskap en sy vennote | -                               | 2       | 10      | 10                 | 30                   | 30      | 35      |

#### 11.5.6 Kwartaallike teikens vir 2018/19

| Programprestasi-aanwyser<br>Uitsetaanwyser  | Verslagperiode | Jaarlikse teiken 2018/19 | Mediumtermyn-teikens |     |     |     |
|---|----------------|--------------------------|----------------------|-----|-----|-----|
|   |                |                          | 1ste                 | 2de | 3de | 4de |
| <b>Subprogram: Kennisbestuur</b>  |                |                          |                      |     |     |     |
| 1.1 Getal gesamentlike planneprojekte tussen die Wes-Kaapse Ekonomiese Ontwikkelingsvennootskap en sy vennote | Kwartaalliks   | 30                       | 0                    | 7   | 16  | 7   |

#### 11.5.7 Risikobestuur

| <b>Strategiese Doelstelling: Om samewerking vir ekonomiese ontwikkeling te bevorder d.m.v. doeltreffende ekonomiese vennootskap van ekonomiese rolspeleers in die streek.</b>                                     |  |
|---|--|
| Risikoverklaring  | Risikoverminderingstrategieë   |
| Misluk in die verkryging van die inkoop van belanghebbendes weens die gebrek aan 'n gedeelde verstandhouding, visie en kommunikasie, wat 'n negatiewe impak op die gesamentlike uitvoering van strategieë kan hê. | Vermeerder die frekwensie en diepte van samewerking tussen die WKOEV en Departementele Topbestuur. |

#### 11.6 Subprogram 5.4: Monitering en Evaluering

Die aktiwiteite vir Subprogram 5.4: Monitering en Evaluering sal in Subprogram 5.2: Navorsing en Ontwikkeling geïnkorporeer word.

#### 11.7 Subprogram 5.5: Om infrastruktuur en inisiatiewe vir groei moontlik te maak

##### 11.7.1 Prestasieleweringomgewing

Hierdie Subprogram voer projekvoorbereiding en implementering van infrastruktuur-georiënteerde ingrypings uit en inkubeer ekonomiese inisiatiewe wat 'n transversale impak op die ekonomie het. Infrastruktuur wat vir ekonomiese ontwikkeling vereis word, moet pasklaar gemaak word om die mededingingskwessies wat die ekonomie in die gesig staar aan te spreek. Dit moet ook ontwerp word om hindernisse te oorkom of om groei en ontwikkeling te kataliseer. Die Program is egter bewus daarvan dat die bestaan van infrastruktuur nie

beteken dat fasiliteite optimaal gebruik word nie. Daarom word bykomende steun vereis om die impak wat die infrastruktuur op die ekonomie het te maksimeer. Die rol van die Departement gaan daarom nie net oor nuwe infrastruktuurontwikkeling nie, maar ook oor die verbetering van toegang tot bestaande infrastruktuur op 'n manier wat die ekonomiese doelstellings van die Provinsie ondersteun. Verder sal die Departement, waar relevant, nuwe projekte en inisiatiewe wat as gevolg van aanvanklike ingrypings na vore getree het stimuleer, ondersteun en koördineer. Omdat hy bewus is daarvan dat baie infrastruktuurprojekte nie aan verwagtinge voldoen nie, hoofsaaklik weens swak ondersteuning nadat bouwerk voltooi is, sal die Subprogram ook steun verskaf om ondernemings van die grond af te kry, soos en waar relevant.

Een van die inisiatiewe wat binne die Subprogram geïnkubeer word, sluit Ontwerp- en Innoveringsingryping in. Internasionale navorsing toon dat die toepassing van Ontwerp innovering kan ontsluit; doeltreffendheid, produkte, stelsels of dienste kan verbeter; en daarom tot mededingende voordeel lei. Insgelyks, as innovering aangekweek word, kan dit besteding aan Navorsing en Ontwikkeling (N&O) in die streek laat toeneem; die kenniseconomie aandryf; produkte en dienste vir burgers verbeter; produktiwiteit verbeter; en die streekshandelsmerk versterk om sodoende beleggers en toeriste te lok. Op sy beurt sal dit lei tot 'n toename in werkgeleenthede en in ekonomiese groei.

Dit het dus noodsaaklik geraak dat die DEOT sy benadering tot Innovering en Ontwerp verhef om te verseker dat die Khulisa-sektore en die ekonomie hul ware potensiaal oor 'n breë front kan ontsluit. Die WKR begryp dat 'n klem op hierdie dinamiese, veranderende landskap belangrik is en dat die priorisering van innovering en ontwerp nie net privaatsektorgroei kan verbeter nie, maar regeringsprosesse en -afvoer kan verbeter, wat op sy beurt weer die globale aankoop van plaaslike innoverings verder kan stimuleer.

Die Nasionale Regering is in die proses om 'n nasionale Ontwerpstrategie te ontwikkel, met die betrokkenheid van die Departemente van Wetenskap en Tegnologie, Kuns en Kultuur, en Handel en Nywerheid. Navorsing wat deur die Departement van Kuns en Kultuur in 2015 onderneem is, het getoon dat Ontwerp 'n beduidende bydraer tot die Nasionale BNP, werkskepping en kulturele identiteit van die land is. In hierdie verband neem die Wes-Kaap die voortou met hul gefinaliseerde Ontwerpstrategie, wat opgesom kan word as die ondersteuning, bevordering en ontwikkeling van ontwerpgerede ondernemings, sakegerede ontwerpers, goeie aanwending van regering en betrokke landsburgers.

### 11.7.2 Strategiese Doelstelling

|                                 |   |
|---------------------------------|---|
| <b>Strategiese Doelstelling</b> | Laat groei en ontwikkel die provinsiale ekonomie deur die ontwikkeling van katalitiese ingrypings en ekonomiese aandrywers. |
| <b>Doelstellingsverklaring</b>  | Om R4,65-miljard aan beleggings in katalitiese ingrypings en inisiatiewe te fasiliteer.                                     |
| <b>Basislyn</b>                 | Basislyn is nul.  |

### 11.7.3 Implementeringsplan

In 2018/19 het die belangrikste inisiatiewe wat die subprogram se strategiese prioriteit onderlê die volgende ingesluit:

**Saldanha-nywerheidsontwikkelingsone (NOS) en die Weskus-nywerheidsplan (WNP).** Die ontwikkeling van die Saldanha-nywerheidsontwikkelingsone (NOS) is van deurslaggewende belang vir Projek Khulisa se Olie- en Gassektor aangesien dit pasklaar infrastruktuur en ondersteuningsdienste vir die Olie- en Gasspilpunt in Saldanhabaai sal verskaf. Die eerste beleggers is gewerf en 2018/19 sal die eerste jaar wees dat dit in werking sal tree. Daarmee saam sal verdere infrastruktuurbelegging gemaak word en ondersteuningsdienste gevestig word om die waarde-aanbod van die Vrye Hawe-konsep te voltooi. Die NOS speel 'n katalitiese rol in die ontsluiting van die nywerheidspotensiaal van die Weskus, en spesifiek Saldanhabaai. Die Weskus-nywerheidsplan beleef ook die eerste ware beleggings in nuwe infrastruktuur (VPG-terminale, uitbreiding van toegangspaaie, en werking van sy eerste prosesseringsaanleg). Die Saldanhabaaise NOS-ondersteuningsgroep en Ministeriële Mandaatkomitee begin nou die gekoördineerde toepassing van ontwikkelingsinisiatiewe in die streek, insluitende Ondernemingsontwikkeling, Onderwys en Vaardighedsontwikkeling, instaatstellende infrastruktuur en ander sosiale dienste.

**Verbeterde lugtoegang.** Die Departement het 'n vennootskap met die Nasionale Departement van Vervoer (DvV) aangegaan om te verseker dat lugawe-ontwikkeling met 'n samehangende proses gedoen word in ooreenstemming met aanvraag. Om dit te bewerkstellig, het die DEOT die Lughawemaatskappy van Suid-Afrika (LMSA) ondersteun in sy projek om aanloopbane te herbelyn en eiendom te ontwikkel, en sal voortgaan om dit in die boekjaar 2018/19 te steun. Die Program neem ook deel aan die onderskeie LMSA-platforms wat riglyne

verskaf vir die ontwikkelings in die nabye omgewing van die Kaapstadse Internasionale Lughawe. Die Program se betrokkenheid fokus spesifiek op ekonomiese ontwikkeling-infrastruktuur.

**Kaapse Gesondheidstechnologie-spilpunt/park.** Deur Biovac as een van die ankerhuurders in te span, is die Kaapse Gesondheidstechnologie-spilpunt 'n gesamentlike inisiatief van die Departement van Wetenskap en Tegnologie (DWT) en die Departement van Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme (DEOT), terwyl die projekbestuur van die voor-implementeringstadium deur Wesgro waargeneem word. Die Park, wat in die tweede helfte van die vyfjaar- strategiese tydsraamwerk aan die gang sal kom, sal die nodige aansporing verskaf vir die groei van die gesondheidstechnologiesektor, wat as 'n mediumtermyn-spelwysiger deur Projek Khulisa geïdentifiseer is. In 2018/19 sal die inisiatief fokus op die oordrag van eiendom; die werwing van befondsing en huurders; en verdere klusterontwikkeling met hefboomfinansiering van die suksesvolle vestiging van die Wes-Kaapse Mediese Toestelle-kluster in 2916/17.

**Uitbreiding van die Kaapstadse Internasionale Konvensiesentrum (KIKS).** Die uitbreiding van die KIKS het in 2013/14 begin en in die boekjaar 2017/18 van stapel gestuur. Hierdie projek vorm 'n kernkomponent van die toerismebestemmingsaanbieding en in die besonder van die saketoerisme-nismark, en sal daarom in die boekjaar 2018/19 na Program 6 oorgedra word om die opneem van die uitgebreide Konvensiesentrum-voetspoor te help stimuleer.

**Strategiese Ekonomiese Ontwikkeling-infrastruktuurmaatskappy (SEDIC) en Atlantis- Spesiale Ekonomiese Sone (ASES).** Daar is 'n aantal infrastruktuurprojekte wat deel uitmaak van ander instaatstellende aandrywers, maar wat onder die metodiek en beginsels gegroepeer kan word wat binne die subprogram Katalitiese Infrastruktuur gebruik kan word. Dit sluit in die ASES en SEDIC in, wat gesamentlik deur die subprogram Groen Ekonomie bestuur word. Met die ASES, wat op groen tegnologie fokus, wat binne die afsienbare toekoms toegeken sal word, sal die fokus in 2018/19 val op die aantrek van vervaardiging- en diensmaatskappye op die gebied van groen tegnologie-ruimte na die Sone, die vestiging van 'n operateur vir die SES en die versekering dat doeltreffende steun verleen word aan potensiële beleggers in die SES, insluitende toegang tot SES-befondsing vir die bou van topstrukture. Die Atlantis-SES-projek vorm deel van die Spesiale Ekonomiese Ontwikkeling-infrastruktuurmaatskappy (SEDIC), die entiteit wat deur die Departement op die been gebring word om veelvuldige infrastruktuurprogramme te omvat wat deur die Departement se subprogram Katalitiese Infrastruktuur ondersteun word.

**Ontwerp en Innovering.** Die Ontwerpingrypings, wat met die bedryf skakel, het ten doel om holistiese ondersteuningsprogramme vir ontwerpers en bedrywe te ontwikkel wat hul produkte, dienste en oorkoepelende mededingendheid kan verbeter. Die 'Ontwerp deur Implementering'-ingrypings konsentreer op die ontwikkeling en implementering van samewerkingsprojekte onder ondernemings, gemeenskappe en die regering om die positiewe effekte van ontwerp in die Wes-Kaap aan die gang te sit en ten toon te stel. Dit sluit in die vestiging van plaaslik ontwerpte produkte, dienste, metodologieë of vaardighede in tradisionele ondernemings met die doel om bedryfsmededingendheid deur katalitiese projekte, uitstallings en vaardighedsprogramme te verbeter. Om hierdie uitdaging aan te spreek, moet tradisionele ondernemings bewus raak van die voordele van ontwerp; hoe om dit suksesvol aan te wend en hoe om die regte ontwerpers te werf om die positiewe uitkoms van verbeterde mededingendheid te bewerkstellig. Samewerkingsprojekte wat ontwerp deur Uitdagingsmetodologieë gebruik, probeer om nuwe oplossings en innoverings te vind, van gesamentlike ontwerp en ontwerpdenke tot sosio-ekonomiese uitdagings wat die Wes-Kaap in die gesig staar. Een van hierdie projekte, die Leef Beter-uitdaging, word in vennootskap met die Departement van Menslike Nedersetting, die Kaapse Handwerk- en Ontwerpinstituut (KHOI) en verskeie ontwerp- en bedryfsbelanghebbendes geïmplementeer. In die boekjaar 2018/19 sal die Leef Beter-uitdaging 2-projek voltooi word. Dié projek spreek die uitdagings van finansiering en verbeterings vir informele en lae-inkomstebehuising aan.

Terwyl ontwerp sowel na binne as na buite kyk, is innovering geïdentifiseer as 'n deurslaggewende instaatsteller binne die Wes-Kaapse Regering, met die erkenning dat die regering self innovering as 'n beginsel en 'n belangrike uitkoms van sy eie operasies sal moet aanvaar. Om plaaslik ontwerpte produkte, dienste, metodologieë of vaardighede in die WKR te verskans, sal nie net aanvraag stimuleer en die mark uitbrei nie, maar ook verseker dat die ontwerp- en innoveringsmetodologieë lei tot beter staatsdienslewering en -doeltreffendheid. Vir hierdie doel is 'n Strategiese Raamwerk vir Innovering in die boekjaar 2016/17 ontwikkel wat spesifiek op die Ekonomiese Klusterdepartemente fokus. Hierdie fokus se doel is om uitdagings vir die regering op beslissende gebiede te identifiseer en toepaslike metodologiese instrumente in te span om innovering binne die regering te bewerkstellig. In die boekjaar 2017/18 het die Provinsiale Topbestuur ooreengekom om die Forum se reikwydte uit te brei na alle WKR-departemente. Die Forum sal dus in 2018/19 voortgaan met die ontwikkeling van die Innoveringsraamwerk en die inwerkingstelling van die kommunikasieplan.

Die doel van die Koester Innovering-program' is dus om geleenthede te ontsluit deur die grondslag te vestig vir 'n holistiese DEOT- en PSD-1-innoveringstrategie sowel as kort-, medium- en langtermyn-planne wat bestaande of nuwe inisiatiewe definieer wat deur die regering ondersteun/aangedryf behoort te word, gebaseer op hul vermoë om na ekonomiese groei te lei.

#### 11.7.4 Strategiese Doelstellings annual targets for 2018/19

| Uitsetaanwyser   | Geouditeerde/Werklike prestasie |         |         | Geskatte prestasie | Mediumtermyn-teikens |         |         |
|--|---------------------------------|---------|---------|--------------------|----------------------|---------|---------|
|  | 2014/15                         | 2015/16 | 2016/17 | 2017/18            | 2018/19              | 2019/20 | 2020/21 |
| <b>Subprogram: Instaatstellende Groei-infrastruktuur en -inisiatiewe</b> |                                 |         |         |                    |                      |         |         |
| Waarde van belegging   | R1 040m                         | 0       | 0       | R130m              |                      | R800m   | R200m   |

#### 11.7.5 Prestasie-aanwysers en jaarlikse teikens vir 2018/19

| Programprestasie-aanwyser<br>Uitsetaanwyser                              | Geouditeerde/Werklike prestasie                  |         |         | Geskatte prestasie | Mediumtermyn-teikens |         |         |   |
|--|--|---------|---------|--------------------|----------------------|---------|---------|---|
|  | 2014/15  | 2015/16 | 2016/17 | 2017/18            | 2018/19              | 2019/20 | 2020/21 |   |
| <b>Subprogram: Instaatstellende Groei-infrastruktuur en -inisiatiewe</b> |  |         |         |                    |                      |         |         |   |
| 1.1  | Getal infrastruktuurprojekte ondersteun          | 8       | 8       | 7                  | 3                    | 4       | 4       | 4 |
| 1.2  | Getal ontwerp- en innoveringsprojekte ondersteun | -       | 5       | 4                  | 2                    | 3       | 3       | 3 |

#### 11.7.6 Kwartaallikse teikens vir 2018/19

| Programprestasie-aanwyser<br>Uitsetaanwyser                              | Verslagperiode                                   | Jaarlikse teiken 2018/19 | Mediumtermyn-teikens |     |     |     |   |
|--|--|--------------------------|----------------------|-----|-----|-----|---|
|  |  |                          | 1ste                 | 2de | 3de | 4de |   |
| <b>Subprogram: Instaatstellende Groei-infrastruktuur en -inisiatiewe</b> |  |                          |                      |     |     |     |   |
| 1.1  | Getal infrastruktuurprojekte ondersteun          | Jaarliks                 | 4                    | -   | -   | -   | 4 |
| 1.2  | Getal ontwerp- en innoveringsprojekte ondersteun | Jaarliks                 | 3                    | -   | -   | -   | 3 |

#### 11.7.7 Risikobestuur

| <b>Strategiese Doelstelling: Om ekonomiese strategie en beleidsleierskap in die Provinsie te verskaf.</b>   |   |
|---|---|
| Risikoverklaring  | Risikoverminderingstrategieë  |
| Die aangewesenheid op belanghebbendes om die projekte te ondersteun en te befonds kan lei tot 'n vertraging in die vordering en implementering van projekte asook tot die kansellering van projekte   | <ol style="list-style-type: none"> <li>Deelname en/of bestuur van platforms waardeur die program in interaksie met die leierskap kan tree.</li> <li>Verskaf kapasiteit en projeksteun aan belanghebbendes soos relevant om inkoop in projekte te fasiliteer.</li> <li>Koördinasie van belanghebbendes en bestuur van verhoudinge met hulle wat strategiese belyning en sinergieë verbeter.</li> </ol>   |
| Die fisikaal-beperkte omgewing van die Regering lei tot begrotingsbesnoeiing binne projekte, wat 'n impak sal hê op die vermoë van die subprogram om sy projekte te implementeer en sodoende die MTBR- en vyfjaardoelstellings en -teikens sal beïnvloed. | <ol style="list-style-type: none"> <li>Assesseer verskillende maniere om projekte te implementeer, insluitende groter samewerkingsteun van eksterne belanghebbendes.</li> <li>Adviseer leierskap van die impak van die begrotingsbesnoeiings op die uitvoering van projekte en oorhoofse teikens om ingeligte begrotingspriorisering te kan doen.</li> <li>Indien relevant, hersien projek- en subprogramteikens en doelwitte en pas dit afwaarts aan.</li> </ol> |

## 11.8 Subprogram 5.7: Breëband vir die Ekonomie

### 11.8.1 Prestasieleweringsomgewing

'n Aantal studies wat onlangs onderneem is het getoon dat daar 'n oorsaaklike skakel is tussen groter breëbandpenetrasie en 'n gevolglike toename in BNP, werkgeleenthede, opvoedkundige uitsette en doeltreffender dienslewering, wat ook bydra tot groener imperatiewe van 'n slim en doeltreffender ekonomie. Die statistiek wat die gereeldste opgehaal word kom van die Wêreldbank, wat 'n korrelasie toon tussen elke 10% breëbandpenetrasie tot toename van 1.38% in BNP in ontwikkelende lande.

Die Wêreld- Ekonomiese Forum (WEF), in sy onlangsste uitgawe (2016) van die Global IT Review, het die idee tuisgebring van digitale ontwinging en die impak wat toenemend gevestigde digitale tegnologieë op ekonomieë oor die hele wêreld sal hê. Hulle meen dat ons ons binne die vierde nywerheidsomwenteling bevind en dat regerings, die sakewêreld en burgers hulle gevolglik sal moet aanpas by toenemende outomatisering, digitale innovering en 'n arbeidsmag wat bedrewe is wat betref kennisgebaseerde vaardighede en bevoeghede.

**Die Nasionale Breëbandstrategie, 'South Africa Connect'.** In Desember 2013 het die Kabinet die land se Nasionale Breëbandbeleid, ook bekend as 'SA Connect', aanvaar. Van die begin af het SA Connect die ekonomiese grondrede uiteengesit vir 'n robuuste telekommunikasie-omgewing in die land. SA Connect meen dat die benefisiëring van breëbandinfrastruktuur slegs ekonomiese vrugte kan afwerp as die volgende vier elemente teenwoordig is, naamlik:

- "Breëband moet 'n kritieke oorwig Suid-Afrikaners bereik.
- Toegang tot breëband moet bekostigbaar wees.
- Vaardighede aan die aanvraagkant moet ontwikkel word om te verseker dat breëbanddienste doeltreffend gebruik word.
- Vaardighede moet aan die verskafferskant ontwikkel word sodat die ekonomiese en innoveringspotensiaal van breëband ontgin kan word." (SA Connect, 2013)

**Wes-Kaapse Breëband- Strategiese Raamwerk en Inisiatief (WKBBi).** Die Wes-Kaapse Breëband- Strategiese Raamwerk, wat die aanvaarding van SA Connect voorafgegaan het, sit 'n holistiese benadering tot die uitrol van breëband in die Provinsie uiteen wat al die aanbevelings van die nasionale breëbandbeleid omvat. Hierdie provinsiale breëbandstrategie, wat oorspronklik deur die DEOT gedryf is, het in 'n oortuigende transversale inisiatief ontwikkel wat oor verskeie departemente in die Wes-Kaap strek en begrip toon vir die onderling verbonde afhanklikheid tussen die verskaffing van telekommunikasie-infrastruktuur, die gereedheid van gebruikersgroepe en die inhoud/gebruik wat vereis word vir die produktiewe aanwending van breëband. Saam gee hierdie aspekte uitdrukking aan die ekonomiese uitkomst wat met die digitale ekonomie geassosieer word.

Die visie voorsien 'n Wes-Kaap waar elke burger in elke dorp en klein dorpie toegang geniet tot bekostigbare hoëspoed-breëbandinfrastruktuur en -dienste, oor die nodige vaardighede beskik om hierdie infrastruktuurdoeltreffendintepanenditaktiefinhuldaaglikselewensgebruik.

Die Wes-Kaapse strategie mik daarna om 'n katalitiese breëbandomgewing te bou wat gekoördineerde en geïntegreerde aksie regoor drie programgebiede aandryf, naamlik Gekonnekteerde Regering, Gekonnekteerde Burgers en Gekonnekteerde Ekonomie, met drie sleuteldoelstellings, naamlik om infrastruktuur te ontwikkel, die gereedheid te verseker om die infrastruktuur te kan gebruik (vaardighede, toepassings, dienste, ens.) en om gebruik van die infrastruktuur en dienste aan te dryf.

As deel van die Provinsiale implementeringstrategie het die WKR 'n veelstroom-implementeringsplan aanvaar. Die Wes-Kaapse Breëbandinisiatief (WKBBi) is opgebou uit 'n suite van interafhanklike tematiese gebiede wat saam daarna mik om die doelstellings van 'n gekonnekteerde Provinsie van die Wes-Kaap te behaal en die visie vorm te gee. Elk van die projeksuites sal op almal of sommige van die aspekte van gereedheid, gebruik en infrastruktuur fokus. Die Departement van Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme is verantwoordelik vir Stroom 2, met 'n mandaat om te verseker dat die Ekonomiese/Waardetoegevoegde Stroom (EWS) -doelwitte van die WKR gerealiseer word. Bestuur deur die DEOT en spesifiek die Subprogram: Digitale Ekonomie, is dit hoofsaaklik toegespits op uitwaartsgeoriënteerde programme wat op burgers en ondernemings fokus.

In die boekjaar 2017/18 het die WKR twee nuwe raamwerke bekendgestel wat die fokus van die komende vyf jaar binne die Wes-Kaapse Breëband-inisiatief onderskryf, naamlik die Digitale Regeringstrategie (DRS), gedryf deur Cel, en die Digitale Geleenthede-implementeringsraamwerk (OFIR), wat deur die DEOT gelei word. Die OFIR is 'n reaksie op die vinnige versnelling van digitale ontwinging en die vierde nywerheidsomwenteling. Dit mik daarna om die ekonomie te ondersteun soos wat dit in gereedheid kom vir die geleenthede en uitdagings wat deur 'n hipergekonnekteerde digitale ekonomie en gemeenskap aangebring word.

Parallel daarmee dryf die Departement van die Premier die DRS aan en neem voller verantwoordelikheid vir die aandrywing van die voorsiening van burgerlike toegang en infrastruktuur wat die sinchronisering en optimering van provinsiale programme in hierdie ruimte toelaat.

### 11.8.2 Strategic Objective

|                                 |  |
|---------------------------------|--|
| <b>Strategiese Doelstelling</b> | Laat groei en ontwikkel die provinsiale ekonomie d.m.v. die ondersteuning van breëbandgebruik, -infrastruktuur en -gereedheid onder sakeondernemings en burgers om die opneem van breëband te stimuleer met die doel om mededingendheid te verbeter. |
| <b>Doelstellingsverklaring</b>  | Om die gebruik van, gereedheid vir en toegang tot breëband te ondersteun met die doel om breëband-opname tot 65% in die Wes-Kaap uit te brei.  |
| <b>Basislyn</b>                 | Opname van breëband in die Wes-Kaap = 57%  |

### 11.8.3 Implementeringsplan

Tydens die boekjaar 2017/18 het die Digitale Ekonomie-eenheid se fokus verskuif van die voorsiening van Wi-Fi-spilpunte aan burgers. Dié projek, wat een van die agt groot ingrypings was wat deur die Program bestuur is, is oorgedra aan die Sentrum van e-Innovering volgens die Geïntegreerde Breëbandmodel wat ten doel gehad het om interne WKR-vaardigheidstelle en sinergistiese dienslewering beter wou inspan. Die WKR se nuwe openbare Wi-Fi-projek het ten doel om die aantal spilpunte grootliks te laat toeneem en sodoende meer burgers en ondernemings van toegang tot beperkte gratis internet te voorsien.

Met die afsluiting van sy navorsing oor die verwagte impak van digitale ontwinging op belangrike Wes-Kaapse sektore het die Departement sy programmatiese fokus op die stimulering van digitale gereedheid en opname binne ons ondernemings en ons arbeidsmag verfyn en versnel deur sy Digitale Geleenthede-implementeringsraamwerk. In 2018/19 sal die Subprogram agt beslissende projekte ondersteun en implementeer, naamlik:

Die **Sakehulpmiddele-inisiatief** se doel is om sakeondernemings meer bewus te maak van die voordele van tegnologie en die internet om só sakemededingendheid deur digitale vaslegging en tegnologiese integrasie te verbeter. Tydens 2018/19 sal die klem val op die verdere integrasie van die stelsel in KMMO-ondersteuningsekostelsels, die verkryging van digitale hulpbronne en befondsing van die privaatsektor om só die diensaanbod en ontwikkeling van komplementêre steungebiede met vennootorganisasies te verbeter.

**Bandwidth Barn Khayelitsha** sal voortgaande ondersteuning van die Departement ontvang terwyl die Kaapse IT-inisiatief voortgaan om hul stel programme in hul gemeenskapsgebaseerde IKT-inkubator in Khayelitsha te bestuur met die doel om die huidige en toekomstige geslag jong IKT-entrepreneurs te kweek. 'n Hooffokus sal wees om die Barn te ondersteun in sy pogings om die diensaanbod en sy volhoubaarheid te verbeter.

**Globale Posisionering en Bevordering.** Die nuwe gebiede vir 2018/19 sluit in die globale posisionering van die Wes-Kaap as 'n leier op die gebied van globale digitale spilpunte. Die klem sal val op die vestiging van die basislyn-posisionering, die finalisering van die unieke digitale proposisie vir die Wes-Kaapse streek, die ontwikkeling van die promosie- en bemarkingskollateraal en -boodskappe en die koördinerende van pogings binne geteikende eksterne en interne markte.

Gespesialiseerde inkubasie ('dash-tech') -spilpunte sal toegerus word met/ondersteun word deur 'n EdTech-spilpunt wat entrepreneurs wat in hierdie sektore spesialiseer, te ondersteun. Die Onderwyssektor bied 'n unieke proposisie in die konteks van die Wes-Kaap aangesien hulle innovering aandryf, plaaslike digitale oplossings ontwikkel en uitnemendheid in sagteware en digitale ontwikkeling bevorder. Koördinasie regoor die ekostelsel sal vennootskappe en integrasie in die ekostelsel verbeter. Ed-Tech vorm 'n deurslaggewende komponent in die ondersteuning van die onderwys- en vaardighedsontwikkelingsagenda, en ondersteun die doelwit van die e-Leer-spelwysiger.

**Digitale vaardighede.** Binne die fokus op gekonnekteerde burgers het die Program se klem tradisioneel op sowel vaardighede as toegang geval. Noudat een van die belangrike 'toegangsprojekte' (naamlik Wi-Fi-spilpunte) oorgeskuif het na Cel by die Departement van die Premier, sal die DEOT Digitale Vaardighede prioriseer. Dit is veral relevant omdat digitale vaardighede 'n vereiste sal wees in 90% van alle werkgeleenthede in die toekoms. Die Interaktiewe Gemeenskapstoegangnodule (I-CAN) –inisiatief, as 'n leweringsmeganisme om digitale vaardighede en opname uit te brei, bly 'n deurslaggewende programmatiese fokus van die Departement. In 2018/19 sal die I-CAN-leermodel 'n aantal I-CAN-gelisensieerde sentrums moontlik maak, met biblioteke as 'n belangrike beginpunt om toegang tot die internet en toestelle aan burgers te verskaf om opleiding in digitale vaardighede te bekom. Die doel met hierdie program is om digitale vaardighede en vermoëns vir burgers uit te brei om hul werk- en besigheidsvooruitsigte te verbeter. Daarbenewens sal die I-CAN Elsie-rivier, wat 'n verskuiwing gemaak het vanaf bewys-van-konsep, steeds gebruik word as 'n uitstekende model vir die ontwikkeling van plaaslike digitale vaardighede. Hulle sal hul diensaanbod uitbrei om onder meer basiese entrepreneursteun aan die jeug te bied.

**I-CAN Play**, wat skakel met die Alkoholskadevermindering-spelwysiger, voorsien digitale speletjies as sowel 'n manier om alternatiewe ontspanning aan burgers te verskaf as 'n manier om digitale aanvaarding en digitale kapasiteitsbou in arm gemeenskappe te bevorder. In 2017 sou twee sentrums in Khayelitsha en Gugulethu geopen het. In 2018/19 sal hierdie sentrums ten volle operasioneel wees en die ontwikkeling van speletjie-ligas in voorheen ekonomies uitgeslote gemeenskappe gevestig word.

#### 11.8.4 Strategiese Doelstellings annual targets for 2018/19

| Uitsetaanwyser                               | Geouditeerde/Werklike prestasie |         |         | Geskatte prestasie | Mediumtermyn-teikens |         |         |
|--|---------------------------------|---------|---------|--------------------|----------------------|---------|---------|
|  | 2014/15                         | 2015/16 | 2016/17 | 2017/18            | 2018/19              | 2019/20 | 2020/21 |
| <b>Subprogram: Breëband vir die Ekonomie</b> |                                 |         |         |                    |                      |         |         |
| Waarde van belegging                         |                                 |         | R3 697m | -                  | -                    |         | R390m   |

#### 11.8.5 Programme Prestasie-aanwysers en jaarlikse teikens vir 2018/19

| Programprestasie-aanwyser<br>Uitsetaanwyser  | Geouditeerde/Werklike prestasie |         |         | Geskatte prestasie | Mediumtermyn-teikens |         |         |
|--|---------------------------------|---------|---------|--------------------|----------------------|---------|---------|
|  | 2014/15                         | 2015/16 | 2016/17 | 2017/18            | 2018/19              | 2019/20 | 2020/21 |
| <b>Subprogram: Breëband vir die Ekonomie</b> |                                 |         |         |                    |                      |         |         |
| 1.1 Getal breëbandprojekte ondersteun        | -                               | 14      | 9       | 7                  | 7                    | 8       | 9       |

#### 11.8.6 Kwartaallikse teikens vir 2018/19

| Programprestasie-aanwyser<br>Uitsetaanwyser  | Verslag-periode | Jaarlikse teiken 2018/19 | Mediumtermyn-teikens |     |     |     |
|--|-----------------|--------------------------|----------------------|-----|-----|-----|
|  |                 |                          | 1ste                 | 2de | 3de | 4de |
| <b>Subprogram: Breëband vir die Ekonomie</b> |                 |                          |                      |     |     |     |
| 1.1 Getal breëbandprojekte ondersteun        | Jaarliks        | 7                        | -                    | -   | -   | 7   |

## 11.8.7 Risikobestuur

| Strategiese Doelstelling: Om ekonomiese strategie en politieke leierskap in die Provinsie te verskaf.   |   |
|---|---|
| Risikoverklaring  | Risikoverminderingstrategieë  |
| Die afhanklikheid van Breëband- Stroom 2-projekte op die lewering van ander WKR-breëbandprojekte en departemente wat, indien dit vertraag word of tot stilstand kom, sal lei tot die onvermoë om breëband-opname in die ekonomie te vergroot.                                 | <ol style="list-style-type: none"> <li>1. Deelname aan die IKT- Transversale Bestuurskomitee wat koöperasie tussen WKR-breëbandprojekte en – departemente fasiliteer.</li> <li>2. Die totstandkoming van 'n geformaliseerde Stroom-1- en Stroom-2-koöperasie-model tussen Cel en die DEOT.</li> <li>3. Transversale projekbestuurspanne om vordering te identifiseer en steun te verskaf aan belanghebbendes op wie die projek staat maak.</li> </ol> |
| Die proses van digitalisering vereis dikwels 'n oorleueling van bestaande uitvoermetodes terwyl 'n nuwe stelsel tot stand gebring word. Dit word beskou as 'n duur proses, wat dalk die aanneem daarvan deur lynfunksie-staatsdepartemente en sakeondernemings kan verhinder. | <ol style="list-style-type: none"> <li>1. Deelname aan die IKT- Transversale Bestuurskomitee wat koöperasie tussen WKR-breëbandprojekte en – departemente fasiliteer.</li> <li>2. Die totstandkoming van 'n geformaliseerde Stroom-1- en Stroom-2-koöperasie-model tussen Cel en die DEOT.</li> <li>3. Transversale projekbestuurspanne om vordering te identifiseer en steun te verskaf aan belanghebbendes op wie die projek staat maak.</li> </ol> |
| Die fisikaal-beperkte omgewing van die Regering lei tot begrotingsbesnoeiings in projekte, wat 'n impak het op die vermoë van die subprogram om sy projekte te implementeer, wat weer die MTBR en vyfjaar-doelwitte en -teikens affekteer.                                    | <ol style="list-style-type: none"> <li>1. Deelname aan die IKT- Transversale Bestuurskomitee wat koöperasie tussen WKR-breëbandprojekte en – departemente fasiliteer.</li> <li>2. Die totstandkoming van 'n geformaliseerde Stroom-1- en Stroom-2-koöperasie-model tussen Cel en die DEOT.</li> <li>3. Transversale projekbestuurspanne om vordering te identifiseer en steun te verskaf aan belanghebbendes op wie die projek staat maak.</li> </ol> |

## 11.9 Subprogram 5.8: Groen Ekonomie

### 11.9.1 Prestasieleweringomgewing

In 2013, met die steun van die Kantoor van die Premier, is 'n holistiese Wes-Kaapse Groen Ekonomie- Strategiese Raamwerk ontwikkel deur die WKR aanvaar. Hierdie Strategiese Raamwerk het al die elemente bymekaargebring wat 'n impak op klimaatsverandering en hulpbronnbeperkings het, en andersom; het potensiële werkskepping en ekonomiese geleenthede uitgelig wat die uitbreiding van die Groen Ekonomie inhou; en 'n samehangende visie ontwikkel wat riglyne verskaf, nie net aan die WKR nie, maar ook aan landsburgers, sakeondernemings, organisasies sonder winsbejag, en die akademie.

Om die realisasie van hierdie doelstellings te fasiliteer, is die Groen Ekonomie-implementeringsraamwerk in 2015/16 ontwikkel om die beginsels en 'n filter te voorsien om die seleksie van projekte en programme te fasiliteer wat die grootste impak sal hê binne die beperkte finansiële hulpbronne tot beskikking van die WKR. Die Implementeringsraamwerk is bedoel as 'n werktuig om die WKR se visie te realiseer van die fasilitering van ekonomiese groei wat minder hulpbronne gebruik, minder negatief op die omgewing inwerk en inklusief is wat betref werkskepping en sosio-ekonomiese voordele.

Deur 'n Groen Ekonomie in die Wes-Kaap te bevorder en te stimuleer, is die oorkoepelende doel om belegging in groen nywerhede uit te brei en die hulpbrondoeltreffendheid van sakeondernemings te verbeter, wat op sy beurt sal lei tot 'n toename in mededingendheid en die skep en kweek van volhoubare indiensneming. Dit veronderstel diepliggende veranderinge in die struktuur van die streek se produksie om 'n meer inklusiewe en groener ekonomie oor die medium tot lang termyn te genereer d.m.v. makro- en mikro-ekonomiese ingrypings.

Hierdie kwessie is van deurslaggewende belang vir die Provinsie. Die Wes-Kaap bly een van die provinsies wat die ergste deur klimaatsverandering getref is, met toenemende droogtetoestande in 'n streek wat reeds waterstres ondervind, 'n toename in hoe erg en hoe dikwels storms voorkom, hoër windspoed en hoër temperature. Die ekonomiese impak van klimaatsverandering word voorspel om 'n breë voetspoor te hê, insluitende 'n impak op omringende luggehalte; die funksionaliteit van hawens en vervoer-infrastruktuur; 'n afname in



die beskikbaarheid van hulpbronne (bv. water, krag, kos) en 'n toename in die prys daarvan; 'n afname in landbouproduksie en gevolglik die agri-prosesseringsbedryf sowel as die uitvoer van landbouprodukte; 'n afname in werkersproduktiwiteit; 'n toename in koste geassosieer met die onderhoud van infrastruktuur, wat 'n impak op die versekeringssektor, klein en informele sakeondernemings sal hê; die impak op Kaapstad se natuurlike omgewing en geassosieerde toerismebedryf; en 'n afname in besteebare inkomste wat nodig sal wees vir die kapasiteit om by die veranderende omstandighede aan te pas.

Die Wes-Kaap bly een van die provinsies wat die ergste deur klimaatsverandering getref word, met toenemende droogtetoestande in 'n streek wat alreeds waterstres ondervind, toenemende felheid en frekwensie van storms, hoër windspoed en 'n verhoging in temperatuur. Daar word voorspel dat die ekonomiese impak van klimaatsverandering 'n wye terrein sal raak, insluitende: including impacts on ambient air quality; the functionality of harbours and transport infrastructure;

- die gepaardgaande luggehalte;
- die funksionaliteit van hawens en vervoerinfrastruktuur;
- 'n afname in die beskikbaarheid en 'n verhoging in pryse van hulpbronne (bv. water, krag, kos);
- landbouproduktiwiteit en gevolglik die agri-prosesseringsbedryf en uitvoer van landbouprodukte;
- 'n afname in werkersproduktiwiteit;
- 'n toename in koste wat verband hou met die instandhouding van infrastruktuur;
- die versekeringssektor;
- klein en informele ondernemings;
- Kaapstad se natuurlike omgewing en die toerismebedryf wat daarmee verband hou; en
- 'n afname in besteebare inkomste wat nodig is vir aanpassingskapasiteit.

### 11.9.2 Strategic Objective

|                                 |   |
|---------------------------------|---|
| <b>Strategiese Doelstelling</b> | Om die ontwikkeling van groen nywerhede te stimuleer en om hulpbrondoeltreffendheid en volhoubaarheid te fasiliteer met die doel om die mededingendheid van die ekonomie te verbeter.               |
| <b>Doelstellingsverklaring</b>  | Om die Wes-Kaap te posisioneer as een van die voorste Groen Ekonomiese Brandpunte op die vasteland deur groen beleggings van R1,35-miljard teen 2020 in die Provinsie aan te trek en te fasiliteer. |
| <b>Basislyn</b>                 | Waarde van belegging = R800-miljoen   |

### 11.9.3 Implementeringsplan

Die doel van die instaatsteller is om 'n meer energie- en waterdoeltreffende Wes-Kaap te fasiliteer en om die streek as 'n voorste Groen Ekonomiese brandpunt te bevorder.

Die Groen Ekonomie- Strategiese Raamwerk sit die uitdagings wat die Provinsie in die gesig staar uiteen tesame met 'n stel beslissende aksies om die visie van 'n Groen Ekonomie te kan behaal. As sodanig word die Groen Ekonomie beskou as sowel 'n instaatsteller as 'n sektor. As 'n instaatsteller sal sy krag- en waterproduksie en –doeltreffendheid in ooreenstemming gebring word met Projek Khulisa se sektore, wat krag en water as twe van die hoof-hulpbronbeperkinge uitgelig het. Afgesien van hierdie taak, sal die Groen Ekonomie voortgaan om 'n sirkulêre ekonomie te stimuleer waarin die nywerheid en die handel doeltreffende en effektiewe leweringsagente van ekonomiese groei en die skep van indiensneming is, d.i. die verbruik en omvorming van hulpbronne op 'n laekoolstof- en meer volhoubare manier.

Die projekte wat in 2018/19 onderneem sal word, sluit in:

**Waterveerkragtigheid.** Die Groen Ekonomie- Strategiese Raamwerk gaan oor die behaal van 'n dubbele dividend: om Groen Ekonomiese geleenthede ten volle te ontgin en om ons omgewingsprestasie te verbeter. As sodanig onderlê hulpbrondoeltreffendheid die Strategiese Raamwerk in geheel. 'n Gebied van toenemende fokus is die watereconomie. Die erge droogte tesame met toenemende klimaatsverandering forseer 'n grondliggende verskuiwing in die bestuur van water na 'n 'nuwe normaal'. Die ekonomiese reaksie op die waterkrisis, soos ondersteun deur 'n nuut ontwikkelde program, het twee kante: om sowel die risiko vir ondernemings van verminderde watersekerheid, verminderde watergehalte en toenemende waterkoste te beperk as om die voorsiening van nuwe goedere en dienste te stimuleer wat onder meer munisipaliteite, ondernemings en huishoudings kan help om hul watervolhoubaarheid te verbeter. Die Waterbesluitnemingswerktuig wat in 2017/18 gefinaliseer is, is daarop gemik om bystand te verleen met die doeltreffende toesegging van water vir ekonomiese

groei in 'n waterskaars konteks. Die werktuig is ontwikkel vir die Bergrivier-bestuursgebied en, meer spesifiek, vir die Saldanhaabaai-streek. Dit sal dus in 2018/19 ingespan word om ander Departemente te ondersteun om die gebruik van dié werktuig deur ander munisipaliteite te laat toeneem.

**Kragsekerheid.** Met Kragsekerheid wat as 'n beslissende spelwysiger vir PSD 1 geïdentifiseer is, sal die Departement steeds bystand verleen aan die realisering van die doelwitte en projekte wat die Krag-spelwysiger omvat. Die Smart Grids-projek sal aanhou fokus op steun aan munisipaliteite se Kleinskaalse Vasgelegde Opwekkingstariewe (KVOT), om die implementering van tariewe en reëls vir fotovoltaïese toestelle op dakke in werking te stel, en om kapasiteit te bou rondom vasgelegde kragopwekking sowel as rondom die aansporing van sakeondernemings om grootskaalse fotovoltaïese stelsels op hul dakke aan te bring. Met belangrike tegniese ondersoeke wat namens die Vloei-bare Natuurlik Gas-projek in 2017/18 onderneem is, sal 2018/19 fokus op die ontwikkeling van 'n gasvoerplan vanaf aanvraag, die vasstel van voorwaardelike ooreenkomste met wegspringers, die magtiging van 'n ondersoek na oordraginfrastruktuur in die rigting van die ontwikkeling van finansiële instansies (FIDs) wat deur die Ontwikkelingsbank van Suid-Afrika befonds sal word, die ondersoek van modelle vir ontwikkeling, en gestruktureerde en volghoue gesprekvoering met belanghebbendes en beleggers. Hierdie langtermyn-projek beskik oor die potensiaal om nie net 'n positiewe impak op die kragsekerheid van die Provinsie te hê nie, maar ook nuwe vervaardigingsgeleenthede in die streek te genereer. Benewens die werk wat onmiddellik deur die spelwysiger gegenereer word, sal daar ook 'n Wes-Kaapse Geïntegreerde Kragstrategie/Strategiese Raamwerk in 2018/19 ontwikkel word om te verseker dat daar ooreengekom en beplan word vir die medium- tot langtermyn-visie van krag in die Wes-Kaap en dat dit geïmplementeer word.

**Leierskap en Koördinasie.** Die Groen Ekonomie is 'n hoogs transversale gebied met implementering wat oor verskeie entiteite en Departemente strek. Die Leierskaps- en Koördineringskomponent van die Groen Ekonomie is dus 'n dwarsnydende tematiese gebied wat die volgende omvat: die Kragsekerheid-spelwysiger, die Groen Ekonomie-klusterondersteuningsplatform wat deur GreenCape aangedryf word, sowel as die koördinasie van alle inter- en intraDepartementele belanghebbende-verhoudinge. Die hoofokus van GreenCape – d.m.v. sektorplatforms vir hernubare krag, kragsekerheid, water en afval – is 'n begrip van die geleenthede en beperkinge binne die Groen Ekonomie-subsektore, die verskaffing van geloofwaardige en bygewerkte mark- en oplossingsinligting, die bou van verhoudinge en fasilitering van kommunikasie tussen die onderskeie nasionale en provinsiale belanghebbendes en bedrywe in die Groen Ekonomie, die voorsiening van steun aan beleggers en optrede as drukgroep namens die bedryf waar toepaslik. Die inligting wat GreenCape insamel betreffende hindernisse en instaatstellers word deur die Departement gebruik om sy eie programme vir die stimulering van die Groen Ekonomie te ontwerp en te implementeer. Belangrik genoeg is die klusterfunksie ook gemik op die aantrek van beleggings in die Groen Ekonomie in die Wes-Kaap.

**Groen Ekonomie-kommunikasie.** Die hoofokus van kommunikasie in 2017/18 was die veldtog om kragsekerheid-belanghebbendes te aktiveer. Hierdie veldtog moedig ondernemings, huishoudings en die regering aan om kragdoeltreffendheid te implementeer en om te belê in kleinskaalse vasgelegde kragopwekking, wat albei deurslaggewend is vir die sukses van die spelwysiger. In 2018/19 sal die kommunikasiefokus uitgebrei word om 'n verskeidenheid Groen Ekonomie-aandrywers en instaatstellers te dek, met die aanvanklike kleim op deel wees van die sakesteunprogram om die risiko's van die waterkrisis vir ondernemings te verminder en om geleenthede wat spruit uit die reaksie op die waterkrisis en langtermyn-waterveerkrachtigheid ten volle te benut.

#### 11.9.4 Strategiese Doelstellings annual targets for 2018/19

| Uitsetaanwyser                    | Geouditeerde/Werklike prestasie |         |         | Geskatte prestasie | Mediumtermyn-teikens |         |         |
|-----------------------------------|---------------------------------|---------|---------|--------------------|----------------------|---------|---------|
|                                   | 2014/15                         | 2015/16 | 2016/17 | 2017/18            | 2018/19              | 2019/20 | 2020/21 |
| <b>Subprogram: Groen Ekonomie</b> |                                 |         |         |                    |                      |         |         |
| Waarde van belegging              | -                               | -       | R2 802m | R550m              | R550m                | -       | -       |

### 11.9.5 Programme Prestasie-aanwysers en jaarlikse teikens vir 2018/19

| Programprestasie-aanwyser<br>Uitsetaanwyser |  | Geouditeerde/Werklike prestasie |         |         | Geskatte prestasie | Mediumtermyn-teikens |         |         |
|---|--|---------------------------------|---------|---------|--------------------|----------------------|---------|---------|
|   |  | 2014/15                         | 2015/16 | 2016/17 | 2017/18            | 2018/19              | 2019/20 | 2020/21 |
| <b>Subprogram: Groen Ekonomie</b>           |  |                                 |         |         |                    |                      |         |         |
| 1.1   | Getal Groen Ekonomie-projekte ondersteun | -                               | 11      | 10      | 6                  | 6                    | 6       | 6       |

### 11.9.6 Kwartaalikse teikens vir 2018/19

| Programprestasie-aanwyser<br>Uitsetaanwyser |  | Verslag-periode | Jaarlikse teiken 2018/19 | Mediumtermyn-teikens |     |     |     |
|---|--|-----------------|--------------------------|----------------------|-----|-----|-----|
|   |  |                 |                          | 1ste                 | 2de | 3de | 4de |
| <b>Subprogram: Groen Ekonomie</b>           |  |                 |                          |                      |     |     |     |
| 1.1   | Getal Groen Ekonomie-projekte ondersteun | Jaarliks        | 6                        | -                    | -   | -   | 6   |

### 11.9.7 Risikobestuur

| <b>Strategiese Doelstelling: Om ekonomiese strategie en beleidsleierskap in die Provinsie te verskaf.</b>   |   |
|---|---|
| <b>Risikoverklaring</b>   | <b>Risikoverminderingstrategieë</b>   |
| Die mislukking van ander provinsiale Departemente en plaaslike munisipaliteite om Groen Ekonomie-projekte te steun en te implementeer, wat sal lei tot die mislukking van die verwerkliking van die Groen Ekonomie-strategiese raamwerk.  | <ol style="list-style-type: none"> <li>1. Groen Ekonomie-werkgroep en multi-belanghebbendes-projektbestuurspanne moet relevansie en inkoop van belanghebbendes verseker.</li> <li>2. Gesamentlike befondsing van projekte om beter inkoop op projekte te verseker.</li> <li>3. Hernude kommunikasie deur die 110% Groen-webportaal om alle vennote ingelig en betrokke te hou.</li> </ol>   |
| Die fisikaal-beperkte omgewing van die Regering lei tot begrotingsbesnoeiings in projekte, wat 'n impak het op die vermoë van die subprogram om sy projekte te implementeer, wat weer die MTBR en vyfjaardoelwitte en -teikens affekteer. | <ol style="list-style-type: none"> <li>1. Assesseer verskilleende maniere om projekte te implementeer, insluitende groter samewerkingsteun van eksterne belanghebbendes.</li> <li>2. Adviseer leierskap oor die impak van die begrotingsbesnoeiings op die lewering van projekte en oorhoofse teikens om ingeligte begrotingspriorisering moontlik te maak.</li> <li>3. Indien relevant, hersien projek- en subprogramteikens en -doelwitte en pas dit afwaarts aan.</li> </ol> |

## 11.10 Rekonsiliasie van prestasie-teikens met die Begroting en MTBR

### 11.10.1 Bestedingskattings

| Program  |   | Geouditeer     |                |                | Hoof-toe-wysing | Aangepaste toe-wysing | Hersiene skatting | Mediumtermyn-besteding |                |                |
|--|---|----------------|----------------|----------------|-----------------|-----------------------|-------------------|------------------------|----------------|----------------|
|  |   | R'000          | 2014/15        | 2015/16        |                 |                       |                   | 2016/17                | 2017/18        | 2017/18        |
| 1.   | Ekonomiese Beleid en Beplanning                   | 21 377         | 4 518          | 3 258          | 4 176           | 3 767                 | 3 553             | 2 791                  | 2 997          | 3 217          |
| 2.   | Navorsing en Ontwikkeling                         | 4 840          | 6 693          | 8 882          | 6 692           | 6 930                 | 7 078             | 8 211                  | 8 779          | 8 642          |
| 3.   | Kennisbestuur                                     | 11 401         | 12 010         | 9 654          | 10 136          | 10 136                | 10 136            | 10 424                 | 11 325         | 11 948         |
| 4.   | Monitering en Evaluering                          | 3 396          | 1 776          |                | 1               |                       |                   | 1                      | 1              | 1              |
| 5.   | Instaatstellende Groei- en Infrastruktuurprojekte | 129 340        | 65 319         | 213 383        | 64 298          | 55 798                | 55 935            | 64 105                 | 73 604         | 47 568         |
| 6.   | Breëband vir die Ekonomie                         | 35 116         | 28 314         | 39 771         | 32 529          | 23 072                | 23 088            | 16 854                 | 15 811         | 16 822         |
| 7.   | Groen Ekonomie                                    | 255            | 20 155         | 21 187         | 28 199          | 30 620                | 30 533            | 38 467                 | 36 131         | 36 555         |
| <b>Totale betalings en skattings</b>                 |   | <b>205 725</b> | <b>138 785</b> | <b>296 135</b> | <b>146 031</b>  | <b>130 323</b>        | <b>130 323</b>    | <b>140 853</b>         | <b>148 648</b> | <b>124 753</b> |
| <b>Ekonomiese klassifikasie R'000</b>                |   |                |                |                |                 |                       |                   |                        |                |                |
| <b>Lopende betalings</b>                             |   | <b>59 601</b>  | <b>60 564</b>  | <b>62 678</b>  | <b>72 981</b>   | <b>50 698</b>         | <b>50 692</b>     | <b>57 856</b>          | <b>54 777</b>  | <b>55 883</b>  |
| Werknemerskompensasie                                |   | 16 987         | 20 683         | 19 153         | 26 085          | 25 164                | 25 164            | 29 830                 | 28 863         | 28 530         |
| Goedere en dienste                                   |   | 42 614         | 39 881         | 43 525         | 46 896          | 25 534                | 25 528            | 28 026                 | 25 914         | 27 353         |
| Rente en huur op grond                               |   |                |                |                |                 |                       |                   |                        |                |                |
| <b>Oordragte en subsidies</b>                        |   | <b>145 894</b> | <b>77 727</b>  | <b>232 988</b> | <b>72 621</b>   | <b>79 571</b>         | <b>79 571</b>     | <b>82 964</b>          | <b>93 836</b>  | <b>68 833</b>  |
| Provinsies en munisipaliteite                        |   | 500            |                |                |                 |                       |                   |                        |                |                |
| Departementele agentskappe en rekeninge              |   | 31 091         | 33 258         | 133 159        | 48 955          | 50 935                | 50 935            | 63 955                 | 73 446         | 47 312         |
| Universiteite en teknikons                           |   |                |                |                |                 |                       |                   |                        |                |                |
| Buitelandse regerings en internasionale organisasies |   |                |                |                |                 |                       |                   |                        |                |                |
| Openbare korporasies en privaatondernemings          |   |                |                |                |                 |                       |                   |                        |                |                |
| Instansies sonder winsbejag                          |   | 114 271        | 44 430         | 99 829         | 23 666          | 28 636                | 28 636            | 19 009                 | 20 390         | 21 521         |
| Huishoudings   |   | 32             | 39             |                |                 |                       |                   |                        |                |                |
| <b>Oordragte en subsidies aan Kapitaal</b>           |   |                |                |                |                 |                       |                   |                        |                |                |
| Staatsmotor-handelsrekening                          |   |                |                |                |                 |                       |                   |                        |                |                |
| <b>Betalings vir kapitale bates</b>                  |   | <b>211</b>     | <b>377</b>     | <b>469</b>     | <b>429</b>      | <b>54</b>             | <b>60</b>         | <b>33</b>              | <b>35</b>      | <b>37</b>      |
| Geboue en ander nie-roerende strukture               |   |                |                |                |                 |                       |                   |                        |                |                |
| Masjinerie en toerusting                             |   | 179            | 353            | 467            | 427             | 54                    | 58                | 31                     | 33             | 35             |
| Erfenisbates   |   |                |                |                |                 |                       |                   |                        |                |                |
| Gespesialiseerde militêre bates                      |   |                |                |                |                 |                       |                   |                        |                |                |
| Biologiese bates                                     |   |                |                |                |                 |                       |                   |                        |                |                |
| Grond en ondergrondse bates                          |   |                |                |                |                 |                       |                   |                        |                |                |
| Sagteware en ander ontasbare bates                   |   | 32             | 24             | 2              | 2               |                       | 2                 | 2                      | 2              | 2              |
| <b>Betalings vir finansiële bates</b>                |   | <b>19</b>      | <b>117</b>     |                |                 |                       |                   |                        |                |                |
| <b>Totale ekonomiese klassifikasie</b>               |   | <b>205 725</b> | <b>138 785</b> | <b>296 135</b> | <b>146 031</b>  | <b>130 323</b>        | <b>130 323</b>    | <b>140 853</b>         | <b>148 648</b> | <b>124 753</b> |

## Program 6: Toerisme, Kuns en Vermaak



DEPARTEMENT VAN EKONOMIESE ONTWIKKELING EN TOERISME

## 12. PROGRAM 6: TOERISME, KUNS EN VERMAAK

### 12.1 Doelwit

Om die implementering van 'n geïntegreerde toerismestrategie te fasiliteer wat sal lei tot volgehoue en groter groei en werkskepping in die toerismebedryf.

### 12.2 Programstruktuur

Die Program is as volg gestruktureer:

- **Subprogram 6.1: Toerismebepanning**  
Om die strategiese agenda vir toerisme te ontwikkel en te koördineer.
- **Subprogram 6.2: Toerismegroei en -ontwikkeling**  
Om groei en ontwikkeling van die toerismebedryf te fasiliteer.  
Om die gehalte van besoekers se ondervinding van die bestemming te verbeter deur die verskaffing van toerisme-ondersteuningsdienste van 'n goeie gehalte.
- **Subprogram 6.3: Transformasie van die toerismesektor**  
Om voorsiening te maak vir die registrasie en regulering van toeristiese.
- **Subprogram 6.4: Toerisbestemmingsbemarking**  
Om hulpbronne aan die openbare entiteit vir die bevordering van toerisme, handel en belegging te voorsien om hom in staat te stel om sy mandaat uit te voer, soos gedefinieer in die Wysigingswet op die Wes-Kaapse Agentskap vir die Bevordering van Beleggings en Handel, 1996 (Wet 3 van 1996).

### Prestasieleweringomgewing

Projek Khulisa identifiseer toerisme as een van die sleutelsektore wat die Provinsie die grootste potensiaal bied in terme van werkgeleenthede en groei.

Gedurende 2016 was die Wes-Kaap verantwoordelik vir 15.65% van alle Suid-Afrikaanse toeriste-aankomste en het 23.9% van Suid-Afrika se totale besteding ontvang. Die Wes-Kaap het in 2016 groei van 18.5% ervaar met 1,568,357 toeriste-aankomste wat aangeteken is, vergeleke met die 1,323,283 toeriste-aankomste in 2014. Die VK, Duitsland en die VSA het hul posisies as die Wes-Kaap se top drie bronmarkte behou. Kort op hul hakke was Namibië en Nederland.

In dieselfde tydperk het die totale besteding vir die Wes-Kaap gegroei met 21.6% met die Provinsie wat R18.1-miljard in 2016 aangeteken het, vergeleke met die totale besteding van R14.9-miljard wat in 2015 aangeteken is.

Die Departement van Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme besit die provinsiale statutêre en wetgewende mandaat vir toerisme. Die Departement reageer op al die elemente van die toerismebedryf, insluitende die ontwikkeling, regulering en bemaking van toerisme. Die Wet op Toerisme, Handel en Beleggings, 2013, maak voorsiening vir toerisbestemmingsbemarking om in die Wesgro- openbare entiteit geïmplementeer te word.

Projek Khulisa Toerisme is 'n transversale benadering wat die lewering van toerisme-inisiatiewe regoor die programme in die Departement verskaf. Die implementering van direkte toerisbestemmingsbemarking word deur Wesgro (wetgewende mandaat) verskaf. Hierdie transversale benadering sal verseker dat die volgende streeksuitkomst vir die toerismesektor in die geheel behaal word:

- Om 'n toename in toerisme-BWT van R17-miljard tot R28-miljard te behaal en om direkte werkgeleenthede in die toerismebedryf met tot 100 000 bykomende formele werkgeleenthede op te stoot.

### Probleemverklaring

Hoe dryf ons wegbreekgroei in plaaslike en internasionale aankomste regoor die Provinsie, wat die Wes-Kaapse toerismebedryf in staat sal stel om 'n bykomende 100 000 werkgeleenthede teen 2019 te skep?

### Uitdagings

- Bewustheid – geen klinkklare handelsmerk nie, ongekoördineer en soms mededingende bemarkingspogings; oorvleueling in bestemmingsbemarking wat deur vele openbare sektore bestee word; negatiewe persepsie met Afrika geassosieer.
- Toeganklikheid – lastige visabepelings; langafstand-bestemming; beperkte direkte vlugte.

- Aantreklikheid – gefragmenteerde provinsiale toerismestrategie – onderontwikkelde toerismeproduk aangebied; moeilik vir toeriste om binne hul bestemming rond te beweeg; negatiewe persepsies rondom veiligheid van die bestemming.

### Strategiese doelstellings

Projek Khulisa het drie strategiese doelstellings geïdentifiseer wat aktiwiteite en leweringsuitsette tussen 2015 en 2020 fokus en prioriseer. Hierdie aktiwiteite en uitsette dra by tot die uitkomst van groter BWT en direkte werkgeleenthede vir die toerismebedryf. Die drie strategiese doelstellings is:

- Strategiese doelstelling 1: Brei bewustheid van die Wes-Kaap in sleutelmarkte en -sektore uit om 'n ommekeer aan te dryf.
- Strategiese doelstelling 2: Verbeter toegang tot Kaapstad en omstreke.
- Strategiese doelstelling 3: Verbeter die aantreklikheid van die streek deur mededingende produkaanbiedings en aantreklike pakette.

### Beslissende inisiatiewe

Die onderstaande sit die hoofleweringsuitsette vir elkeen van die drie strategiese doelstellings uiteen.

**Strategiese doelstelling 1:** Brei bewustheid van die Wes-Kaap in belangrike markte en –sektore uit om 'n ommekeer vanaf 'n saketoerisme- tot 'n ontspanningstoerismebestemming aan te dryf.

- Definieer die waardeproposisie van die bestemming.
- Ontwikkel en implementeer 'n Program vir die Toename en Omskakeling en Omkering van Afgevaardigdes.
- Ontwikkel en implementeer 'n aggressiewe groeistrategie vir Afrika en die Golsameweringsraad (GSW).
- Ontwikkel 'n data- en reële tyd-sakeïntelligensiekapasiteit.
- Ontwikkel en implementeer 'n belanghebbende-koördinasiestrategie.

**Strategiese doelstelling 2:** Verbeter toegang tot Kaapstad en omstreke.

- Vestig drie nuwe direkte lugroetes.
- Tree as drukgroep op vir vriendeliker visaregulasies.
- Skep en dryf 'n bewustheidsveldtog vir plaaslike vervoeropsies aan.

**Strategiese doelstelling 3:** Verbeter die aantreklikheid van die streek deur mededingende produkaanbiedings en aantreklike pakette.

- Posisioneer die Wes-Kaap as die Hoofsentrum vir Fietsry in Afrika.
- Maksimeer kultuur- en erfenistoerisme deur 'n Madiba-erfenisroete vir toeriste.
- Nooi die wêreld uit om aan ons tafel as 'n kos- en wynbestemming te kom aansit.
- 1 Posisioneer die Provinsie as 'n bestemming vir internasionale sake- en ontspanningsgeleenthede.
- Ontwikkel en implementeer 'n program om diensvlakke te verbeter asook 'n 'Toerisme Bevorder My'- burgerlike veldtog.

## 12.3 Subprogram 6.1: Toerismebepanning

### 12.3.1 Prestasieleweringsomgewing

Die Wes-Kaapse Toerismevennootskap is die institusionele meganisme wat belanghebbende-betrokkenheid aandryf. Dit is 'n samewerkingvennootskap wat betekenisvol betrokke is by strategie, beleid en beslissende strategiese prioriteite. Gereelde vennootskapbetrokkenheid verseker dat vennote ooreenstemmend optree of die doeltreffende gebruik van gesamentlike hulpbronne behaal. 'n Platform word ook verskaf om kritieke kwessies wat die toerismebedryf in die gesig staar, te bespreek.

Toerismebepanning verskaf oorkoepelende samewerking, deelname en die verslagdoening van Provinsiale toerismeleweringsuitsette as deel van die Nasionale Toerismesektorstrategie. Insette in die strategie word verskaf en daar word verseker dat nasionale en provinsiale doelwitte en doelstellings ooreenstem.

### 12.3.2 Strategiese Doelstellings

#### Toerismebemarkingsbestuur: Toerismebepanning

|                                 |  |
|---------------------------------|--|
| <b>Strategiese Doelstelling</b> | Om 'n enkele toerismebestemmingstrategie en -leweringsmodel te koördineer wat doeltreffende en geïntegreerde bestemmingsbestuur en bemarking verseker. |
| <b>Doelstellingsverklaring</b>  | Om 'n enkele toerismebestemmingstrategie en -leweringsmodel teen 2020 te ontwikkel.  |
| <b>Basislyn</b>                 | 2015/16 Khulisa Toerisme se voorlegging aan die Kabinet en Toerisme-aktiwiteitsplan.   |

### 12.3.3 Strategiese doelstellings se jaarlikse teikens vir 2018/19

| Uitsetaanwyser   | Geouditeerde/Werklike prestasie |         |         | Geskatte prestasie | Mediumtermyn-teikens |         |         |
|--|---------------------------------|---------|---------|--------------------|----------------------|---------|---------|
|  | 2014/15                         | 2015/16 | 2016/17 | 2017/18            | 2018/19              | 2019/20 | 2020/21 |
| <b>Subprogram: Toerismebeplanning</b>  |                                 |         |         |                    |                      |         |         |
| 'n Enkele toerismebestemmingstrategie en leweringsmodel teen 2020 ontwikkel. | -                               | -       | -       | -                  | -                    | 1       | 1       |

### 12.3.4 Implementeringsplan

In antwoord op die fasilitering van die sleuteliniisiatiewe as deel van Wes-Kaapse Regering se transversale benadering is hierdie subprogram verantwoordelik vir die fasilitering van belanghebbende-bestuur. Daarbenewens sal raadplegende en koöperatiewe toerismebeplanning klem lê op:

- Die verskaffing van 'n samewerkingsplatform vir dialoog tussen die openbare en privaatsektore.
- Die aanspreek van hindernisse in die bedryf.
- Optrede as voorsitter van die Wes-Kaapse Toerismevennootskap. Dit is die institusionele meganisme wat die betrokkenheid van belanghebbendes aandryf betreffende strategiese en kritieke kwessies wat die toerismebedryf in die gesig staar.

### 12.3.5 Prestasie-aanwysers en jaarlikse teikens vir 2018/19

| Programprestasie-aanwyser<br>Uitsetaanwyser               | Geouditeerde/Werklike prestasie |         |         | Geskatte prestasie | Mediumtermyn-teikens |         |         |
|---|---------------------------------|---------|---------|--------------------|----------------------|---------|---------|
|   | 2014/15                         | 2015/16 | 2016/17 | 2017/18            | 2018/19              | 2019/20 | 2020/21 |
| <b>Subprogram: Toerismebeplanning</b>                     |                                 |         |         |                    |                      |         |         |
| 1.1 Getal belanghebbende-koördinasie-strategieë ontwikkel | -                               | -       | -       | 1                  | 1                    | 1       | 1       |

### 12.3.6 Kwartaallikse teikens vir 2018/19

| Programprestasie-aanwyser<br>Uitsetaanwyser              | Verslagperiode | Jaarlikse teiken 2018/19 | Mediumtermyn-teikens |     |     |     |
|--|----------------|--------------------------|----------------------|-----|-----|-----|
|  |                |                          | 1ste                 | 2de | 3de | 4de |
| <b>Subprogram: Toerismebeplanning</b>                    |                |                          |                      |     |     |     |
| 1.1 Getal belanghebbende-koördinasiestrategieë ontwikkel | Jaarliks       | 1                        | -                    | -   | -   | 1   |

### 12.3.7 Risikobestuur

| <b>Strategiese Doelstelling: Om 'n enkele toerismebestemmingstrategie en -leweringsmodel te koördineer wat doeltreffende en geïntegreerde bestemmingsbestuur en bemaking verseker</b>  |   |
|--|---|
| <b>Risikoverklaring</b>  | <b>Risikoverminderingstrategieë</b>   |
| Misluk daarin om die inkoop en samewerking van openbare en private belanghebbendes te verk y r weens 'n gebrek aan algemene begrip en doelwitte wat 'n negatiewe impak op die gesamentlike uitvoering van die Toerismestrategie het. | Gereelde gefokusde afsprake en geformaliseerde ooreenkomste met belanghebbendes in die Wes-Kaapse Toerismevennootskap om te verseker dat implementasieplanne soos ooreengekom uitgevoer word. |



## 12.4 Subprogram 6.2: Toerismegroei en -ontwikkeling

### 12.4.1 Prestasieleweringsomgewing

Toerismegroei en -ontwikkeling sal bydra tot die Wes-Kaapse Toerismestrategie deur die Wes-Kaap as 'n toerismebestemmingteontwikkelentebestuurvirverbeterdeglobalemededingendheid. Vir die bestemming om globaal te kan meeding, is dit belangrik dat die produkaanbod uiteenlopend en van 'n goeie gehalte is en wêreldklas-ervarings aan toeriste verskaf.

Hierdie terrein sal 'n transversale benadering met Wesgro, DEOT se Eenheid vir die en Gemak van Sake Doenen Eenheid vir Strategiese Inisiatiewe volg om geteikende aksies te lewer wat toegang tot die bestemming sowel as die aantreklikheid daarvan verbeter deur geprioriseerde toerisme-nismarkte, -produkte en -infrastruktuur by die bestemming te rugsteun.

Een van die uitdagings waarop Projek Khulisa klem lê, is die toeris se persepsie van die veiligheid van die bestemming. Hierdie gedeelte sal die negatiewe persepsies rondom die veiligheid van die bestemming bestuur en 'n positiewe omgee-atmosfeer skep vir toeriste wat in nood verkeer. Die klem sal ook val op die beweging van toeriste by die bestemming deur te verseker dat toepaslike en sigbare paaianwysings vir toerisme in plek gestel is.

### 12.4.2 Strategiese Doelstellings

#### Toerisme-bestemmingsbestuur: Toerismegroei en -ontwikkeling

|                                 |   |
|---------------------------------|---|
| <b>Strategiese Doelstelling</b> | Om die aantreklikheid van die streek te verbeter deur mededingende produkte aan te bied en om toegang tot Kaapstad en omstreke te verbeter. |
| <b>Doelstellingsverklaring</b>  | Om toerisme-nismarkte, -produkte en infrastruktuurondersteuning by die bestemming te fasiliteer.  |
| <b>Basislyn</b>                 | 2016/17: 2 toerisme-nismarkte ondersteun.   |

### 12.4.3 Strategiese doelstellings se jaarlikse teikens vir 2018/19

| Uitsetaanwyser                                    | Geouditeerde/Werklike prestasie |         |         | Geskatte prestasie | Mediumtermyn-teikens |         |         |
|---|---------------------------------|---------|---------|--------------------|----------------------|---------|---------|
|   | 2014/15                         | 2015/16 | 2016/17 |                    | 2017/18              | 2018/19 | 2019/20 |
| <b>Subprogram: Toerismegroei en -ontwikkeling</b> |                                 |         |         |                    |                      |         |         |
| Getal toerisme-nismarkte ondersteun               | -                               | 1       | 2       | 2                  | 2                    | 2       | 2       |

### 12.4.4 Implementeringsplan

In antwoord op die implementering van Khulisa Toerisme se 13 beslissende inisiatiewe as deel van die Wes-Kaapse Regering se transversale benadering sal hierdie Subprogram daarvoor verantwoordelik wees om die ontwikkeling en fasilitering van die volgende ses inisiatiewe in die boekjaar 2018/19 aan te dryf:

- Vestig 'n direkte nuwe lugroete/s na Kaapstad Internasionale Lughawe.
- Posisioneer die Wes-Kaap as die Hoofsentrum vir Fietsry in Afrika deur te fokus op aanbodkant-bestemmingskwessies soos aanwysingsborde sowel as die ontwikkeling van nog 'n fietsroete/pad.
- Maksimeer kultuur- en erfenistoerisme d.m.v. deelname aan die Departement van Kultuursake en Sport se Bestuurskomitee vir die Argeologiese en Paleontologiese Erfenisroete.
- Ontwikkel en implementeer 'n diensvlakverbeteringsprogram.

Fasiliteer die volgende aanbodkant-maatreëls om die aantreklikheid van die toerisme-besoekerservaring vir die boekjaar 2018/19 te verbeter:

- Bestuur die negatiewe persepsies rondom die veiligheid van die bestemming deur 'n proaktiewe en 'n reaktiewe respons vir toeriste in nood.
- Verbeter die beweging van toeriste by die bestemming deur toerisme-padtekentoeappings te fasiliteer.
- Verbeter en skep bewustheid van die toerismeprodukaanbiedinge deur die ontwikkeling van toergidse en deur registrasie- en regulatoriese gehoorgewing te verseker.

#### 12.4.5 Prestasie-aanwysers en jaarlikse teikens vir 2018/19

| Programprestasie-aanwyser<br>Uitsetaanwyser       |   | Geouditeerde/Werklike prestasie |         |         | Geskatte prestasie | Mediumtermyn-teikens |         |         |
|---|---|---------------------------------|---------|---------|--------------------|----------------------|---------|---------|
|   |   | 2014/15                         | 2015/16 | 2016/17 |                    | 2017/18              | 2018/19 | 2019/20 |
| <b>Subprogram: Toerismegroei en -ontwikkeling</b> |   |                                 |         |         |                    |                      |         |         |
| 1.1   | Getal toeriste-produkte ondersteun  | 2                               | 1       | 2       | 2                  | 2                    | 2       | 2       |
| 1.2   | Toerisme-ondersteuningsdienste: Getal toerisme-ondernemings/ individue ondersteun/bygestaan | 210                             | 287     | 260     | 200                | 250                  | 280     | 300     |
| 1.3   | Getal begunstigdes wat -aan die diensvlak-verbeterings-program deelneem                     | -                               | -       | -       | 150                | 200                  | 250     | 300     |

#### 12.4.6 Kwartaallikse teikens vir 2018/19

| Programprestasie-aanwyser<br>Uitsetaanwyser       |   | Verslag-periode | Jaarlikse teiken 2018/19 | Mediumtermyn-teikens |     |     |     |
|---|---|-----------------|--------------------------|----------------------|-----|-----|-----|
|   |   |                 |                          | 1ste                 | 2de | 3de | 4de |
| <b>Subprogram: Toerismegroei en -ontwikkeling</b> |   |                 |                          |                      |     |     |     |
| 1.1   | Getal toeriste-produkte ondersteun  | Jaarliks        | 2                        | -                    | -   | -   | 2   |
| 1.2   | Toerisme-ondersteuningsdienste: Getal toerisme-ondernemings/ individue ondersteun/bygestaan | Kwartaallikse   | 250                      | 60                   | 70  | 70  | 50  |
| 1.3   | Getal begunstigdes wat -aan die diensvlak-verbeterings-program deelneem                     | Bi-Jaarliks     | 200                      | -                    | 150 | 50  | -   |

#### 12.4.7 Risikobestuur

| <b>Strategiese Doelstelling: Om die aantreklikheid van die streek uit te bou deur mededingende produkaanbiede en om toegang tot Kaapstad en omstreke te verbeter.</b>   |   |
|---|---|
| <b>Risikoverklaring</b>   | <b>Risikoverminderingstrategieë</b>   |
| <p>Gebrek aan diverse en onontwikkelde produkaanbiede in die Wes-Kaap kan daartoe lei dat toeriste die bestemming minder aantreklik vind.</p> <p>Die Wes-Kaap se vermoë om op 'n globale vlak as 'n toerisbestemming mee te ding word aan bande gelê deur:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>Die voorgestelde visaregulasies</li> <li>Die bedreiging van toeriste se persoonlike veiligheid en gesondheid</li> </ul> | <p>Ondersteuning van die geprioriseerde toerisme-nismarkte in samewerking met die privaat- en openbare sektore om die produkaanbod te verbeter.</p> <p>Die volgende risikoverminderingstrategieë sal in plek wees:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>Die Eenheid vir die Gemak van Sake Doen sal gereeld met die Nasionale Departement van Binnelandse Sake skakel wat visaregulasies betref</li> <li>Die Eenheid vir die Gemak van Sake Doen sal gereeld met die Nasionale Departement van Binnelandse Sake skakel wat visaregulasies betref</li> </ul> |

## 12.5 Subprogram 6.3: Transformasie van die toerismesektor

### 12.5.1 Prestasieleweringomgewing

Die toergidssektor in Suid-Afrika word bestuur deur die Wet op Nasionale Toerisme (Wet 3 van 2014) en die Regulasies betreffende toergidse. Soos in die Wet en Regulasies uiteengesit, is die Nasionale Registrateur en Provinsiale Registrateurs van Toergidse verantwoordelik vir die registrasie, regulering en ontwikkeling van toergidse.

As 'n regulatoriese liggaam is dit belangrik om te verseker dat die toergidssektor groei om voortdurend aan die behoeftes van toeriste wat die bestemming besoek te kan voldoen. Dit is net so belangrik om toergidse toe te rus met die nodige kennis en vaardighede om die dienste wat hulle lewer te verbeter en om op 'n doeltreffende manier die uitdagings wat die sektor in die gesig staar, aan te spreek.

Hierdie eenheid sal die toerismeprodukaanbod verbeter en 'n bewustheid daarvan skep deur 'n volhoubare toergids-subsektor te ontwikkel en te reguleer, in ooreenstemming met die wetgewende mandaat.

### 12.5.2 Strategiese Doelstellings

|                                 |   |
|---------------------------------|---|
| <b>Strategiese Doelstelling</b> | Om die toergids-subsektor te registreer en te reguleer.   |
| <b>Doelstellingsverklaring</b>  | Om 'n doeltreffende en effektiewe toergids-reguleringsdiens te verseker.  |
| <b>Basislyn</b>                 | Doeltreffende en effektiewe toergids-reguleringsdiens:<br>2016/17: 1148 toergidse geregistreer<br>2016/17: 308 toergidse ontwikkel<br>2016/17: 124 toerisme-ondernemings geïnspekteer |

### 12.5.3 Implementeringsplan

n Professionele en volhoubare toergids-subsektor bestaan uit ten volle geregistreerde en hoogs bekwame toergidse. Deur ervarings onvergeetlik te maak en deur waarde-vir-geld-dienste van 'n goeie gehalte aan besoekers te verskaf tydens hul verblyf in die Provinsie, kan toergidse beduidend daartoe bydra dat besoekers weer terugkeer. Die opskerpings van toergidse se vaardighede is gegrond op die vermoë om te demonstree dat toergidse 'n grondliggende deel van die voorsiening van inligting aan besoekers is.

Die Provinsiale Registrateur is verantwoordelik vir die registrasie en hernuwing van registrasie van toergidse in die Wes-Kaap. Die databasis van toergidse moet ook, in terme van die Wet op Toerisme (Wet 3 van 2014), bygewerk en gepubliseer word. Die Wes-Kaapse Databasis in die vorm van die Toergidsregister is die stelsel wat gebruik word om toergidse te registreer asook om registrasie te hernu. Die Toergidsregister moet opgegradeer en onderhou word om die huidige tegnologie en vereistes te kompleeteer sodat dit by die nasionale databasis kan inskakel. 'n Direkte skakel van die WKR se webwerf na die Toergidsregister stel toeroperateurs en potensiële kliënte in staat om geregistreerde toergidse te soek en te vind.

Ten einde die Wet op Toerisme (Wet 3 van 2014) doeltreffend te maak, implementeer die Departement 'n toergidsinspeksieprogram. Die doelstellings van die toergids-inspeksies is:

- Om toergidsaktiwiteite in die Wes-Kaap te help beperk.
- Om bewustheid onder die algemene publiek en besoekers te skep oor die gebruik van professionele en wettige toergidse;
- Om bewustheid onder die onwettige toergidse te skep oor die implikasies van onwettige toergidsaktiwiteite.
- Om 'n positiewe beeld van die toergidssektor te skep.
- Om by te dra tot die professionalisering van die toergidssektor.

#### 12.5.4 Prestasie-aanwysers en jaarlikse teikens vir 2018/19

| Programprestasi-<br>aanwyser<br>Uitsetaanwyser                               |  | Geouditeerde/Werklike prestasie |         |         | Geskatte<br>prestasie | Mediumtermyn-teikens |         |         |
|--|--|---------------------------------|---------|---------|-----------------------|----------------------|---------|---------|
|  |  | 2014/15                         | 2015/16 | 2016/17 | 2017/18               | 2018/19              | 2019/20 | 2020/21 |
| <b>Subprogram: Transformasie van die Toerismesektor (Toerismeregulering)</b> |  |                                 |         |         |                       |                      |         |         |
| 1.1  | Getal toeriste ontwikkel   | 512                             | 154     | 308     | 52                    | 50                   | 50      | 50      |
| 1.2  | Getal individue geregistreer (toergidse)   | 1 666                           | 1 617   | 1148    | 1 200                 | 13 00                | 1 300   | 1 300   |
| 1.3  | Getal individue/ toerisme-<br>verwante<br>ondernemings<br>geïnspekteer<br>of gemoniteer<br>(toergidse) | 1 044                           | 127     | 124     | 100                   | 130                  | 130     | 130     |

#### 12.5.5 Kwartaalikse teikens vir 2018/19

| Programprestasi-<br>aanwyser<br>Uitsetaanwyser                               |  | Verslag-<br>periode | Jaarlikse<br>teiken 2018/19 | Mediumtermyn-teikens |     |     |     |
|--|--|---------------------|-----------------------------|----------------------|-----|-----|-----|
|  |  |                     |                             | 1ste                 | 2de | 3de | 4de |
| <b>Subprogram: Transformasie van die Toerismesektor (Toerismeregulering)</b> |  |                     |                             |                      |     |     |     |
| 1.1  | Getal toeriste ontwikkel   | Jaarliks            | 50                          | -                    | -   | -   | 50  |
| 1.2  | Getal individue geregistreer (toergidse)   | Kwartaalikse        | 1 300                       | 200                  | 400 | 400 | 300 |
| 1.3  | Getal individue/ toerisme-<br>verwante<br>ondernemings<br>geïnspekteer<br>of gemoniteer<br>(toergidse) | Kwartaalikse        | 130                         | 20                   | 30  | 50  | 30  |

#### 12.5.6 Risikobestuur

**Strategiese Doelstelling:** Om die aantreklikheid van die streek d.m.v. mededingende produkaanbiedinge te verhoog en om toegang tot Kaapstad en omstreke te verbeter.

| Risikoverklaring   | Risikoverminderingstrategieë  |
|--|---|
| Risiko dat die bestemming se reputasie aangetas kan word as verkeerde inligting deur onwettige toergidse verskaf word. | Toegewyde regulatoriese kapasiteit in plek om die registrasie van toergidse, die monitering van die toergidsbedryf en die opskerpings van bestaande toergidse se vaardighede te verseker. |

#### 12.6 Subprogram 6.4: Toerismebestemmingsbemarking

##### 12.6.1 Prestasieleweringssomgewing

Toerismebestemmingsbemarking sal bydra tot die Wes-Kaap se Khulisa Toerisme-strategie deur handels- en verbruikersbemarkingsinisiatiewe te ontwikkel, te bestuur en te implementeer. Hierdie inisiatiewe sal bydra tot die groter bewustheid, aantreklikheid en toeganklikheid van die bestemming.

Implementering is 'n transversale benadering met die Departement, streeks- en plaaslike toerismekantore en die privaatsektor wat aksies sal lewer wat ontwerp is om die bewustheid, aantreklikheid en toeganklikheid van die bestemming te verbeter. Een van die uitdagings wat die Eenheid in die gesig staar is beperkte befondsing om op 'n globale skaal mee te ding wat bemarkingsveldtogte betref.

### Wetgewende mandaat

Wesgro ('n skedule-3- openbare entiteit) se strategiese magte, soos voorsien in die Wysigingswet op Wes-Kaapse Beleggings- en Handelsbevorderingsagentskap, 1996 (Wet 3 van 1996) sluit in:

- Om bemarkingsbystand vir toerisme, handel en belegging te verskaf, sowel as deskundige en gespesialiseerde advies, inligting en riglyne aan enige onderneming, maatskappy of assosiasie van persone wat dit van die Agentskap aanvra of wat die Agentskap sou help om sy doelwitte te behaal.
- Om namens die Provinsie op te tree as die bevorderingsagent vir toerisme, handel en belegging en om gekoördineerde bestemmingsbemarkingsaktiwiteite vir die Wes-Kaap te fasiliteer.
- Om 'n Provinsiale strategie vir toerisme, handel en bemarking te ontwikkel, te implementeer en te bevorder, asook om enige projek te implementeer wat ekonomiese groei in die Wes-Kaap kan verwerklik.

### Strategiese mandaat

Die WKR se strategiese mandaat voorsien dat Wesgro:

- Toerisbestemmingsbemarking en -bevordering vir Kaapstad en die Wes-Kaap sal behartig.
- Verseker dat prioriteitsfokus verleen word aan die inisiatiewe wat deur Projek Khulisa Toerisme geïdentifiseer is.

### 12.6.2 Strategiese Doelstellings

#### Toerisbestemmingsbemarking

|                                 |   |
|---------------------------------|---|
| <b>Strategiese Doelstelling</b> | Om hulpbronne aan die openbare entiteit vir die bevordering van toerisme, handel en belegging te verskaf om hom in staat te stel om sy wetgewende en strategiese mandaat vir die bevordering van handel en belegging uit te voer. |
| <b>Doelstellingsverklaring</b>  | Totale geskatte ekonomiese waarde van inisiatiewe vir toerisbestemmingsbemarking wat teen 1 Maart 2020 ondersteun is.   |
| <b>Basislyn</b>                 | 'n Totaal van 14 toerisbestemmingsbemarking- inisiatiewe wat ondersteun is met 'n geraamde ekonomiese waarde van R428,3m tydens die boekjaar 2016/17.   |

### 12.6.3 Strategiese doelstellings se jaarlikse teikens vir 2018/19

| Uitsetaanwyser  | Geouditeerde/Werklike prestasie |         |         | Geskatte prestasie | Mediumtermyn-teikens |         |         |
|---|---------------------------------|---------|---------|--------------------|----------------------|---------|---------|
|   | 2014/15                         | 2015/16 | 2016/17 |                    | 2017/18              | 2018/19 | 2019/20 |
| <b>Subprogram: Toerisbestemmingsbemarking</b>   |                                 |         |         |                    |                      |         |         |
| Geskatte ekonomiese waarde van inisiatiewe vir toerisbestemmingsbemarking wat ondersteun is | -                               | -       | R162m   | R156m              | R171.6m              | R188.7m | -       |

### 12.6.4 Implementeringsplan

In reaksie op Projek Khulisa Toerisme en wat betref sy rol in terme van toerisbestemmingsbemarking en –bevordering sal Wesgro verantwoordelik wees vir die direkte implementering van die volgende sleutelinisiatiewe in die boekjaar 2018/19:and digital channels.

- Bemarkingsveldtogte om die nuut ontwikkelde mededingende identiteit in alle belangrike markte te bevorder d.m.v. tradisionele en digitale kanale.
- Groeistrategieë vir vennootskappe in sleutelmarkte om besoekersgetalle op te stoot.
- Digitale bestuur en verkryging van data en intelligensie vir die bedryf wat d.m.v. digitale paneelborde ('dashboards') verskaf sal word.
- Die kweek van saketoerisme.
- Kliënteverhoudingsbestuur en belanghebbende-bestuur.
- Verbetering van direkte lugtoegang tot die Kaap deur die Lugtoegangspan.
- Fasilitering van werkwinkels oor plaaslike vervoeropspies.
- Die CrossCape-promosie om die bestemming as die Hoofsentrum van Fietsryroetes in Afrika te help posisioneer.
- Bevordering van gastronomie-toerisme.
- Bemarking van die Madiba-erfenisroete vir toeriste.
- Die Bemarking van Kaap van Groot Geleenthede internasionaal en die ondersteuning van plaaslike streeksgeleenthede.
- Bekendstelling van die 'Toerisme Bevorder My'-veldtog in ooreenstemming met die program vir die verbetering van die diensvlak.

### 12.6.5 Prestasie-aanwysers en jaarlikse teikens vir 2018/19

| Programprestasi-<br>aanwyser<br>Uitsetaanwyser  |   | Geouditeerde/Werklike prestasie |         |         | Geskatte<br>prestasie | Mediumtermyn-teikens |         |         |
|---|---|---------------------------------|---------|---------|-----------------------|----------------------|---------|---------|
|   |   | 2014/15                         | 2015/16 | 2016/17 | 2017/18               | 2018/19              | 2019/20 | 2020/21 |
| <b>Subprogram: Toerismebestemmingsbemarking</b> |   |                                 |         |         |                       |                      |         |         |
| 1.1   | Getal toerisme-<br>bestemmings-<br>bemarkingsini-<br>siatiewe onder-<br>steun | -                               | -       | 14      | 13                    | 13                   | 13      | 13      |

### 12.6.6 Kwartaallike teikens vir 2018/19

| Programprestasi-<br>aanwyser<br>Uitsetaanwyser  |   | Verslag-<br>periode | Jaarlikse<br>teiken 2018/19 | Mediumtermyn-teikens |     |     |     |
|---|---|---------------------|-----------------------------|----------------------|-----|-----|-----|
|   |   |                     |                             | 1ste                 | 2de | 3de | 4de |
| <b>Subprogram: Toerismebestemmingsbemarking</b> |   |                     |                             |                      |     |     |     |
| 1.1   | Getal toerisme-<br>bestemmings be-<br>markingsinisiatiewe<br>ondersteun | Jaarliks            | 13                          | -                    | -   | -   | 13  |

### 12.6.7 Risikobestuur

| <b>Strategiese Doelstelling: Om hulpbronne aan die openbare entiteit vir die bevordering van toerisme, handel en belegging te voorsien om hom in staat te stel om sy wetgewende en strategiese mandaat vir die bevordering van toerisme uit te voer.</b> |   |
|--|---|
| <b>Risikoverklaring</b>  | <b>Risikoverminderingstrategieë</b>   |
| Misluk om strategiese leierskap en die nodige hulpbronne te verskaf, wat kan lei tot 'n wanbelynde strategie en gebrek aan lewering van die WKR se strategiese prioriteite.  | Strategiese riglyne verskaf deur die Uitvoerende Gesag, die Rekenpligtige Beampste en die relevante Senior Bestuurders in die Departement. Die nodige hulpbronne soos ooreengekom deur die Raad, die HUB en die Uitvoerende Raad van Wesgro en die Uitvoerende Owerheid, die Rekenpligtige Beampste en die relevante Senior Bestuurders in die Departement. |
| Misluk om die aanwending van toegewysde fondse doeltreffend te verseker en daarvoor toesig te hou soos volgens die oordragbetalingsooreenkoms, wat kan lei tot die nie-lewering van voorafbepaalde uitsette en uitkomstteikens.                          | Verbeterde en gekoördineerde interaksie tussen die Departement en Wesgro om vordering d.m.v. maandelikse vorderingsvergaderings en -verslae (insluitende bestuursrekeninge) te monitor. Maandelikse bywerking van die operasionele plan en die getuienisraamwerk waarop ooreengekom is.   |

## 12.7 Rekonsiliasie van prestasie-teikens met die Begroting en MTBR

### 12.7.1 Bestedingskattings

| Program  |                                | Geouditeer    |               |               | Hoof-<br>toe-<br>wysing | Aange-<br>paste<br>toe-<br>wysing | Hersiene<br>skatting | Mediumtermyn-besteding |               |               |
|--|--------------------------------|---------------|---------------|---------------|-------------------------|-----------------------------------|----------------------|------------------------|---------------|---------------|
|  |                                | R'000         | 2014/15       | 2015/16       | 2016/17                 | 2017/18                           | 2017/18              | 2017/18                | 2018/19       | 2019/20       |
| 1.   | Toerismebeplanning             | 4 198         | 1 410         |               | 1                       | 1                                 | 1                    | 1                      | 1             | 1             |
| 2.   | Toerismegroei en -ontwikkeling | 12 341        | 9 915         | 12 017        | 13 828                  | 16 282                            | 16 282               | 13 104                 | 13 516        | 14 467        |
| 3.   | Toerismesektortransformasie    |               |               |               | 1                       | 1                                 | 1                    | 1                      | 1             | 1             |
| 4.   | Toerismebestemmingsbemarking   | 22 000        | 28 300        | 37 324        | 42 676                  | 40 676                            | 40 676               | 41 676                 | 44 010        | 46 430        |
| 5.   | Kommersiële Kunste en Vermaak  | 6 560         | 257           |               |                         |                                   |                      |                        |               |               |
| <b>Totale betalings en skattings</b>                 |                                | <b>45 099</b> | <b>39 882</b> | <b>49 341</b> | <b>56 506</b>           | <b>56 960</b>                     | <b>56 960</b>        | <b>54 782</b>          | <b>57 528</b> | <b>60 899</b> |
| <b>Ekonomiese klassifikasie R'000</b>                |                                |               |               |               |                         |                                   |                      |                        |               |               |
| <b>Lopende betalings</b>                             |                                | <b>16 361</b> | <b>11 021</b> | <b>9 173</b>  | <b>13 773</b>           | <b>14 759</b>                     | <b>14 759</b>        | <b>13 106</b>          | <b>13 518</b> | <b>14 469</b> |
| Werknemerskompensasie                                |                                | 12 706        | 9 594         | 7 261         | 8 287                   | 7 278                             | 7 278                | 8 164                  | 8 828         | 9 520         |
| Goedere en dienste                                   |                                | 3 655         | 1 427         | 1 912         | 5 486                   | 7 481                             | 7 481                | 4 942                  | 4 690         | 4 949         |
| Rente en huur op grond                               |                                |               |               |               |                         |                                   |                      |                        |               |               |
| <b>Oordragte en subsidies</b>                        |                                | <b>28 600</b> | <b>28 312</b> | <b>40 089</b> | <b>42 676</b>           | <b>42 176</b>                     | <b>42 176</b>        | <b>41 676</b>          | <b>44 010</b> | <b>46 430</b> |
| Provinsies en munisipaliteite                        |                                |               |               |               |                         | 1 500                             | 1 500                |                        |               |               |
| Departementele agentskappe en rekeninge              |                                | 24 500        | 28 300        | 39 974        | 42 676                  | 40 676                            | 40 676               | 41 676                 | 44 010        | 46 430        |
| Universiteite en teknikons                           |                                |               |               |               |                         |                                   |                      |                        |               |               |
| Buitelandse regerings en internasionale organisasies |                                |               |               |               |                         |                                   |                      |                        |               |               |
| Openbare korporasies en privaatondernemings          |                                |               |               |               |                         |                                   |                      |                        |               |               |
| Instansies sonder winsbejag                          |                                | 3 500         |               |               |                         |                                   |                      |                        |               |               |
| Huishoudings   |                                | 600           | 12            | 115           |                         |                                   |                      |                        |               |               |
| <b>Oordragte en subsidies aan Kapitaal</b>           |                                |               |               |               |                         |                                   |                      |                        |               |               |
| Staatsmotor-handelsrekening                          |                                |               |               |               |                         |                                   |                      |                        |               |               |
| <b>Betalings vir kapitale bates</b>                  |                                | <b>123</b>    | <b>549</b>    | <b>76</b>     | <b>57</b>               | <b>20</b>                         | <b>20</b>            |                        |               |               |
| Geboue en ander nie-roerende strukture               |                                |               |               |               |                         |                                   |                      |                        |               |               |
| Masjinerie en toerusting                             |                                | 123           | 547           | 75            | 57                      | 20                                | 20                   |                        |               |               |
| Erfenisbates   |                                |               |               |               |                         |                                   |                      |                        |               |               |
| Gespesialiseerde militêre bates                      |                                |               |               |               |                         |                                   |                      |                        |               |               |
| Biologiese bates                                     |                                |               |               |               |                         |                                   |                      |                        |               |               |
| Grond en ondergrondse bates                          |                                |               |               |               |                         |                                   |                      |                        |               |               |
| Sagte ware en ander ontasbare bates                  |                                |               | 2             | 1             |                         |                                   |                      |                        |               |               |
| <b>Betalings vir finansiële bates</b>                |                                | <b>15</b>     |               | <b>3</b>      |                         | <b>5</b>                          | <b>5</b>             |                        |               |               |
| <b>Totale ekonomiese klassifikasie</b>               |                                | <b>45 099</b> | <b>39 882</b> | <b>49 341</b> | <b>56 506</b>           | <b>56 960</b>                     | <b>56 960</b>        | <b>54 782</b>          | <b>57 528</b> | <b>60 899</b> |

## Program 7: Vaardigheidsontwikkeling en Innovering



DEPARTEMENT VAN EKONOMIESE ONTWIKKELING EN TOERISME



## 13. PROGRAM 7: VAARDIGHEIDSONTWIKKELING EN INNOVERING

### 13.1 Doelstelling

Om die voorsiening van menslike kapitaal en innoveringsvaardighede te fasiliteer om te kan voorsien in die ekonomiese en menslike hulpbron-behoeftes van die Wes-Kaap.

### 13.2 Programstruktuur

Die Program is as volg gestruktureer:

- **Subprogram 7.1: Provinsiale Vaardighede en Vennootskap**  
Om koördinasie, vennootskappe en samewerking te bevorder vir groter toegang tot beroepsgerigte programme; en om provinsiale meganismes vir die bestuur van inligting en data oor vaardighede te ontwikkel.
- **Subprogram 7.2: Vaardighedsprogramme en -projekte**  
Om werklose of gedeeltelik werklose jongmense se toegang tot werkgeleenthede te fasiliteer of te ondersteun.
- **Subprogram 7.3: Vaardighedsaansporings**  
Om aanvraaggeleide plasing in die werkplek en befondsingsgeleenthede vir jongmense om ondervinding in die werkplek op te doen, te fasiliteer.

### 13.3 Prestasieleweringsomgewing

Die Vaardighedsontwikkelingsprogram steun swaar op die inligting en narratief van die Vakleerling-spelwysiger wat die Wes-Kaapse Regering (WKR) in Augustus 2016 aangeneem het. Dit verskaf 'n grondslag vir 'n doelgerigte poging om ekonomiese groei in die streek te beïnvloed en om die getal mense met vaardighede te vergroot wat vir die ekonomie beskikbaar is, met die oog op indiensneming en die verbetering van ons ekonomiese mededingendheid.

Internasionale ondervinding het geleer dat 'n goeie opvoeding en vaardighedsgrondslag die voorste aanwysers vir sosiale en ekonomiese opheffing in gemeenskappe is. Die tekort daaraan is egter baie duidelik in Suid-Afrika, waar dit gekontekstualiseer is in hoë vlakke van strukturele werkloosheid, hoofsaaklik onder die jeug, waar die voorkoms van werkloosheid onder die jeug selfs hoër as in die meeste opkomende ekonomieë is.

Die Nasionale Ontwikkelingsplan wat deur die Nasionale Beplanningskommissie opgestel is (2012; 98), teken aan dat Suid-Afrika 'n relatief groot jeugdige bevolking het, wat sowel 'n geleentheid vir positiewe ekonomiese groei inhou indien geleenthede vir betekenisvolle indiensneming opgeneem word, as 'n potensiële risiko vir sosiale onstabielheid inhou as dit nie gebeur nie.

In teenstelling met veralgemenings waar die jeug beskryf word as dat hulle lae vaardighedsvlakke en 'n tekort aan ondervinding het, wyd bekend is as die primêre oorsake vir werkloosheid onder die jeug, het dit ook al hoe duideliker geword dat groeiende getalle jong gegradueerdes nie werk kan kry nie.

Daarby toon internasionale ondervinding dat wanneer jongmense die formele opvoedingsomgewing verlaat, hulle dikwels nie 'werk gereed' geag word deur die bedryf nie. Dit is soortgelyk aan die situasie in Suid-Afrika, waar ons hoë vlakke van werkloosheid onder die jeug sowel as 'n tekort aan werksoekers met kritieke vaardighede ervaar.

Om die geleenthede aan te gryp om indiensneming en die bydrae tot die ekonomie en die gemeenskap te verbeter, is dit belangrik om voortgaande pogings te ondersteun om die pogings van 'n aantal belanghebbendes te verbeter. Dit sluit in die regering, die sakesektor, arbeid en burgerlike samelewing om vaardighedsontwikkelingsgrypings beter te koördineer, te beplan en te lewer.

Die bekendstelling van die Vakleerlingskap-spelwysiger (VSW) –metodologie het die ontwikkeling of voorsiening van mense met toepaslike tegniese en beroepsvaardighede gegrond op bedryfsaanvraag geïdentifiseer as een van die noodsaaklike instaatstellers vir ekonomiese groei en werkskepping. Die Vakleerlingskap-spelwysiger is 'n inisiatief wat daarop gemik is om opvoeding met ondervinding in die werkplek te verbind om só die bekwaamheid van leerders te verbeter, wat na kwalifikasies lei.

Een van die kenmerke van die VSW is dat dit daarop gemik is om die energie en hulpbronne van belanghebbendes in ooreenstemming te bring met 'n stel gedeelde doelwitte, insluitende die verbetering van aanstelbaarheid van, onder andere, mense wat vir die eerste keer werk soek.

Pogings in 'n baie lang pyplyn van vaardighedsontwikkeling is dié wat daarop gemik is om sistemiese kwessies aan te spreek wat ingrypings op skool- en kollege-vlak vereis, wat hopelik mettertyd in 'n onderwysstelsel opgeneem sal word. Dit sluit in: die verbetering van wiskunde- en wetenskap-slaagkoerse op skool; die aanpassing van die kurrikulum en die invoer van klasse in beroepsbewustheid, veral op terreine wat skaars vaardighede vereis en die verwante geleenthede vir indiensneming; die verandering van die persepsie van tegniese en beroepstudies en vaardighede; die aanspreek van befondste opvoedingsgeleenthede en werkplekgebaseerde leer.

In sy eerste vyfjaar-horison het die VSW op drie spesifieke ekonomiese sektore gefokus, naamlik: Olie en Gas; Toerisme en Gasvryheid; Agri-prosessering; en instaatstellers soos Krag en Inligtingskommunikasietegnologie.

Die VSW het gefokus op die identifikasie van kritieke beroepe binne hierdie sektore waarvoor daar 'n groot aanvraag is of sal wees maar waarvoor daar ontoereikende vaardigheidsvoorsiening bestaan, en stel 'n strategie voor om hierdie tekortkominge aan te spreek.

Om op te som, is die VSW 'n strategie wat daarop gemik is om die risiko's te verminder dat die vaardighede wat nodig is om die ambisieuse teikens van Projek Khulisa te behaal nie 'n inhibeerder van ekonomiese groei en indiensneming is nie.

Die aktiewe deelname van werkgewers om hierdie mikpunt te bereik om te verseker dat vakleerlinge in die toepaslike beroepe bekwame, werkgereed jongmense is, is deurslaggewend vir die sukses van die Vakleerlingskap-spelwysiger.

Sentraal tot hierdie benadering is die behoeftes van die werkgewer (aanvraaggedrewe), wat na verwagting 'n brug sal skep wat leerders in staat sal stel om in groeiende getalle as vakleerlinge van opvoedingsinstansies na die werkplek te beweeg.

Die onderhoud van volgehoue vennootskappe en koördinasie tussen belanghebbendes (soos vasgelê in die Ekonomiese Sektor Tegniese Adviseringsforums vir die vyf sektore) is van deurslaggewende belang, aangesien dit interaksie op 'n aantal fronte sou betrek, insluitende 'n gedeelde begrip van en inkoop op doelwitte en die deel van data en inligting oor die gehalte van die kurrikulum, tegniese deskundigheid en aanpassings, plasingseleenthede, werkgereedheidsingrypings en befondsingsmaatreëls.

Die werkplekverskaffingsteiken is gegrond op daardie leerders wat elke jaar hul werkplekgebaseerde studies voltooi en die arbeidsmark as bekwame werkers betree. Party van hierdie leerders bevind hulle in vakleerlingskappe, maar baie is in werk- en vaardigheidsprogramme, leerlingskappe en internskappe.

Voorlopige data van 2017/18 toon dat 15 647 leerders hul werkplekgebaseerde opleiding voltooi het, van wie 3 501 in die beroepe was wat die Provinsie se prioriteitsektore vereis. Die doel is om daardie getal teen Maart 2019 tot 11 037 uit te brei, terwyl daar steeds gefokus word om die getal leerders in beroepe wat die Provinsiale ekonomie se prioriteitsektore benodig te verhoog. Die kumulatiewe teiken vir bykomende werkplekleerders oor die spelwysiger-tydperk is 11 037 bekwame werkers.

Die meerderheid van hierdie werkplekgebaseerde leerders sal voor die VSW-begindatum van April 2016 met hul leerprogramme begin het. Dus sal die prestasie van die voltooide teiken tot groot mate afhang van die verbetering van die stelsels sodat leerders hul programme suksesvol kan voltooi. Om 'n toenemende pyplyn leerders in vereiste beroepe te verseker, het die VSW egter 'n betekenisvolle fokus en veldtog om werkgewers aan te moedig en te ondersteun om leerders in werkplekgebaseerde programme in te neem vir die res van die VSW-tydperk tot en met Maart 2019.

Die Spelwysiger mik spesifiek daarna om die werklike getalle leerders wat in moderne vakleerlingskappe van die 21ste eeu ingeskryf is progressief te vermeerder ter ondersteuning van die nasionale Sentrum van Spesialisasie-program wat deur die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding gelei word.

## **13.4 Subprogram 7.1: Provinsiale Vaardighede en Vennootskappe**

### **13.4.1 Prestasieleweringsomgewing**

Die koördinasie van belanghebbendes is een van die belangrikste rolle van die Vaardigheidsontwikkelingsprogram. Dit is noodsaaklik vir die fasilitering van die relevante vennootskappe om die beslissende vaardighedsprojekte te realiseer en sal die voortgaande bestuur en onderhoud van verhoudinge vereis. Dit sal gefasiliteer word deur reeds bestaande forums en die ontwikkeling van e-platforms vir groter reikwydte en toeganklikheid.

Dit sou beteken die ontwikkeling, implementering en befonding van programme wat 'n vaardigheidsontwikkelingspyplyn ondersteun. Nog vereistes is die samewerking van belanghebbendes by die ontwikkeling van vaardighede, opleidingsinstansies, voorsieners van opleidingsdienste, en opvoeders en die bedryf, om die gaping tussen die voorsiening van en aanvraag na vaardighede ondersteun. In sommige gevalle vereis dit verdere steun vir die ontwikkeling van optimale infrastruktuur en die aanmoediging van openbare/private vennootskappe in 'n poging om huidige hulpbronne doeltreffender te gebruik.

Die bedryf het aangedui dat dit leerders van 'n hoë gehalte benodig wat minstens 50 present in wiskunde behaal het en verkieslik soortgelyke resultate in Wetenskap en Tale behaal het. Dit is die basiese vereiste wat werkgewers stel vir leerders wat die werkplek as vakleerlinge binnegaan. Om die getal leerders van 'n hoë gehalte wat aangetrokke is tot tegniese en vakmansberoep is te vergroot, sal 'n aantal strategieë gevolg word.

Die eerste vereiste is om die oorkoepelende poel leerders met meer as 50% in wiskunde te vergroot, waaruit leerders gewerf sal word om tegniese en vakmansvaardighede in die werkplek aan te leer. Die hoofwerwingsgrond vir hierdie leerders is die openbare Tegniese Ambagsonderrig- en Opleiding- (TAOO-) kolleges onder die nasionale Departement van Hoër Onderwys en Opleiding (DHOO) en die Wes-Kaapse Onderwysdepartement (WKOD) se tegniese hoërskole en wiskunde-, wetenskap- en tegnologieskole.

Die tweede vereiste is om die proporsie leerders in hierdie poel te vergroot wat graag tegniese en ambagsvaardighede wil aanleer en in vakleerlingskappe of leerlingskappe by werkgewers geplaas wil word.

Die spelwysiger teiken agt TAOO-kampusse en 71 WKOD-skole.

Hierdie Subprogram se doel is om koördinasie, vennootskappe en samewerking te bevorder vir toenemende toegang tot beroepsgerigte programme wat Projek Khulisa se sektorvaardigheidsbehoefte ondersteun. Die voortdurend veranderende vaardigheidspylyne en die buigsaamheid van hierdie vaardighede sluit IKT in met 'n hooffokus op innoverende digitale vaardighede, Toerisme, Agri-ondernemings, Olie en Gas, en strek van intreevlak, intermediêr sowel as gespesialiseerde vaardigheidsbehoefte wat in hierdie sektore voorkom. Dit sal gekoördineerde pogings vereis om toekomstige vaardigheidsbehoefte te identifiseer sowel as om die huidige stel vaardighede te verbreed om te verseker dat mense aanstelbaar raak.

Dié Subprogram lei ook die Vakleerlingskap-spelwysiger met die visie om "genoegsame, toepaslike gekwalifiseerde mense met tegniese en vakmansvaardighede [te verskaf] om in die behoeftes van geprioriseerde ekonomiese groeigebiede in die Wes-Kaap te voorsien", met die volgende Provinsiale strategiese doelstellings:

- Om die akademiese aanbod te vergroot wat in die behoeftes van werkgewers na leerders van gehalte sal voorsien om by werkplekgebaseerde programme soos vakleerlingskappe of leerlingskappe binne die ekonomiese prioriteitsektore in te kontrakteer.
- Om jongmense bewus te maak van die vele tegniese en vakmansberoep wat beskikbaar is en die beroepsgeleentheid wat hulle bied.
- Om die negatiewe persepsie aan te spreek dat 'n beroep as 'n vakman 'n "vuilboordjie"-werk beteken. Om dit aan te spreek, sal die provinsiale regering 'n groot bewustheidsveldtog in skole aandryf om hierdie persepsie om te keer en die eerste uitkoms te behaal.
- Om die poel leerders wat vir die ekonomie beskikbaar is te vergroot, sal AVS ook skole teiken waar leerders tussen 40% en 49% vir wiskunde behaal. Hierdie skole sal geïdentifiseer en voorsien word van akademiese ondersteuning, wat veral van e-Onderrig gebruik sal maak as 'n belangrike manier om wiskunde-tutorskap te verskaf.

### 13.4.2 Strategiese Doelstelling

Projek Khulisa het 'n aantal sektore geïdentifiseer wat op die punt staan om die vinnigste te groei en oor die potensiaal beskik om groot getalle werklose mense te absorbeer. Hierdie sektore sluit in: Toerisme, Skeeps- en Olieboorherstelwerk en Agri-prosessering. D.m.v. 'n aantal ingrypings, wat Vaardigheidsontwikkeling in hierdie instaatstellende sektore soos IKT en Krag insluit, word daar verwag dat 'n verdere 260 000 werkgeleentheid geskep sal kan word.

'n Geteikende ingryping met die bekendstelling van die Vakleerlingskap-spelwysiger het ook die kleim verskuif om die pylyne van vaardighede wat ambags- en tegniese beroep voer te heroorweeg. Om meer leerders deur TAOO-kolleges te sit, sal lei tot meer werkers met die vereiste vaardighede wat die arbeidsmark betree.

|                                 |  |
|---------------------------------|--|
| <b>Strategiese Doelstelling</b> | Om in gesprek te tree en 'n verbintenis van werkgewers te fasiliteer om deel te neem aan die Vakleerlingskap-spelwysiger.  |
| <b>Doelstellingsverklaring</b>  | Om die getal werkgewers wat jongmense by werkplekgebaseerde leerprogramme inneem te vergroot. Dit sluit in: vakleerlingskappe, leerlingskappe en internskappe in die beroep wat deur die prioriteitsektore van die Wes-Kaap vereis word. |
| <b>Basislyn</b>                 | 3 795  |
| <b>Regverdiging</b>             | 'n Aantal belanghebbendes dra by tot die vaardigheidontwikkelingspylyne. Die pogings stem egter nie ten volle ooreen nie, wat lei tot die ontwrigting van die pylyne van pogings.  |
| <b>Skakels</b>                  | Fasiliteer die ooreenstemming van belanghebbendes se beplanning en implementering, veral soos dit betrekking het op die relevante Sektorale Liggame, hul lede en die TAOO-kolleges.  |

### 13.4.3 Strategiese doelstellings se jaarlikse teikens vir 2018/19

| Uitsetaanwyser  | Geouditeerde/Werklike prestasie |         |         | Geskatte prestasie | Mediumtermyn-teikens |         |         |
|---|---------------------------------|---------|---------|--------------------|----------------------|---------|---------|
|   | 2014/15                         | 2015/16 | 2016/17 |                    | 2017/18              | 2018/19 | 2019/20 |
| <b>Subprogram: Provinsiale Vaardighede en Vennootskappe</b>     |                                 |         |         |                    |                      |         |         |
| Getal werkgewers wat die Vakleerlingskap-spelwysiger ondersteun | -                               | -       | -       |                    | 70                   | 80      | 90      |

### 13.4.4 Implementeringsplan

Die bevordering van koördinasie, vennootskappe en samewerking vir uitgebreide toegang tot beroepsgerigte programme sal die voorsiening van vaardighede om Projek Khulisa se sektorvaardighede-behoefte te ondersteun, verseker. Dit sal gedoen word deur te fokus op die identifikasie van sagte, ambags- en tegniese verwante vaardighede wat met die bedryf se behoeftes ooreenstem om sodoende die gehalte en hoeveelheid aanstelbare persone in die Provinsie te vergroot.

Die Subprogram sal pogings koördineer deur die Sektorprogramme binne die Departement sowel as belangrike belanghebbendes wat in die Projek Khulisa-sektore geïdentifiseer is, te ondersteun met die doel om 'n ontleding van vaardighede te doen wat die vaardigheidsekostelsel uiteensit om al die relevante belanghebbendes te identifiseer. Op grond daarvan sal 'n vaardigheidspylyn ontwikkel word wat die voortdurend veranderende stel vaardighede en die vlak van kort- en medium- tot langtermyn vaardighede uiteensit wat vereis word om die groeiende sektore sowel as dwarssnydende sektore waarop hierdie vaardighede 'n impak het, te identifiseer. Die verlangde uitkoms is dat die vaardigheidsontleding riglyne sal verskaf oor die geskikste vaardigheidsingrypings, rolspelers en steun wat vereis word om mense vaardighede te leer of bestaande vaardighede te verskerp sodat hulle aanstelbaarder raak in die relevante sektore.

Die mikpunt is dat die vaardigheidsingrypings wat deur die vaardigheidsontleding geïdentifiseer is, sal fokus op ambags, tegniese en sagte vaardighede wat werkgewers geïdentifiseer het as in aanvraag. Hierdie fokusgebiede sal voorsiening maak vir 'n multi-toetredende en multi-uitredende benadering langs die pylyn van vaardighede vir begunstigdes in die ambags- en tegniese verwante terreine en sal strek van intredende en intermedieë vlak tot gevorderde vaardigheidsvlakke. Dit sluit ook opleiding in die werkplek sowel as vaardigheidsverskerping in en help om die produktiwiteit van die werksmag te verhoog. Dit gee hulle ook die geleentheid om hul eie vlak van bekwaamheid te ontwikkel om die ontwikkeling van hul loopbaanpaadjie in die relevante sektore verder te ondersteun.

Die implementeringsplan behels die identifisering van prioriteitskole om die beroepsbewustheidsprogram van stapel te stuur, die hersiening van beskikbare beroepsbewustheidsmateriaal en om te verseker dat daar klem gelê word op vakleerlingskappe in Spelwysiger-prioriteitsberoepe. Die Wêreldvaardighede Suid-Afrika-kompetisie voorsien leerders van die aansporing om die sektor vir tegniese en ambagsvaardighede te betree. Om Wes-Kaapse leerders te hê wat aan die provinsiale kompetisie blootgestel word en potensieel aan die Nasionale en Internasionale Vaardigheidskompetisie deel te neem, behoort verdere aansporing aan jongmense te bied wat die vakleerlingskap-inisiatiewe betree.

Om leerders in skole en geteikende kollege-kampusse te identifiseer wat tussen 40% en 50% vir wiskunde behaal het, sal die grondslag van ingrypings vorm. Programme wat in die vooruitsig gestel word, sal ook geleenthede vir e-Onderrig en beskikbare e-Onderrigprogramme geskik vir hierdie leerders assesser en ingrypings in samewerking met instansies en werkgewers binne spesifieke geografiese gebiede ontwikkel om leerders wat in gevaar verkeer binne elke ekonomiese prioriteitsgroeiterrein te ondersteun. Hierdie inisiatief sal ook ooreenstem met die wiskunde-ingrypings van die e-Onderrig-spelwysiger, wat ook op wiskunde fokus.

'n Uitgebreide, veelfasettige strategie om met werkgewers in gesprek te tree, wat 'n omvattende kommunikasieplan insluit, word geïmplementeer om werkgewers aan te trek na die inname van werkplekgebaseerde leerders. Dit word ondersteun d.m.v. 'n befondsde werkgereedheidsprogram, aangesien baie werkgewers kla dat gradueerdes wat by die werkplek opdaag swak voorberei is vir die werkomgewing.

Erkenning van Vorige Onderrig (EVO), gegrond op 'n moderne bekwaamheidsgegronde model wat getuienisgegronde werktuie gebruik, vertel 'n suksesverhaal in die Provinsie wat nou beskikbaar is vir vyf skaars ambagte en uitgebrei word om meer ambagte in die siviele boubedryf in te sluit. Dit word verder aangevul deur 'n uitgebreide mentorontwikkelingsprogram, wat op sy beurt die kapasiteit van werkplekke wat vakleerlinge kan inneem, vergroot.

Werknemers is ook betrokke by die ontwikkeling en implementering van 'n nuwe vakleerlingskap van die 21ste-eeuse program (A21), wat deur die nasionale regering gelei word. Dié program sluit die vestiging van sentrums van spesialisasie vir skaars beroepe by TAOO-kolleges regoor die land in. Al ses Wes-Kaapse kolleges het sentrum van spesialisasie-status ontvang. Hulle is:

- Kaapstadse Kollege – Motormeganikus & Loodgieter
- Suid-Kaapse Kollege – Messelaar
- Valsbaai-kollege – Raamwerkmonteur en Meganiese Passer
- Northlink-kollege – Passer-en-draaier
- Weskus-kollege – Pypmonteur
- Boland-kollege – Sweiswerk

Die VSW sal die infasering van die nuwe A21-proses in die Wes-Kaap deur die TAOO-kollege aanvul met drie ander beroepe wat die volgende kan insluit: FV-installeerder; Fietmeganikus en Waterproseskontroleurs. 'n Innoverende projek word ook beplan om assessering, erkenning van vorige onderrig en mentorontwikkeling in die Wes-Kaap te vergroot deur ondersoek in te stel na hoe om hierdie proses na aanlyn- digitale platforms te verskuif en sodoende die programme op te skaal.

### Databestuur

'n Belangrike rol van die Provinsiale Vaardigheidseenheid is die bestuur van vaardighedsdata en verslagdoening aan die onderskeie strukture volgens mandaat. 'n Belangrike inisiatief wat in die vorige boekjaar onderneem is, was om 'n begrip te ontwikkel van die beroepe wat sektoraal en streeksgewys in aanvraag is, en om dit te meet aan die aanbod van hierdie vaardighede deur alle verskaffers. Daar word gehoop dat dit sal lei tot verbeterde voorspellings van die bestek en tipe vaardighede wat deur die Wes-Kaapse ekonomie vereis word en daaraan verskaf word. Hierdie ontleding sal onderneem word in vennootskap met die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding en ander vennote.

### 13.4.5 Prestasie-aanwysers en jaarlikse teikens vir 2018/19

| Programprestasie-aanwyser<br>Uitsetaanwyser                 |  | Geouditeerde/Werklike prestasie |         |         | Geskatte prestasie | Mediumtermyn-teikens |         |         |
|---|--|---------------------------------|---------|---------|--------------------|----------------------|---------|---------|
|   |  | 2014/15                         | 2015/16 | 2016/17 | 2017/18            | 2018/19              | 2019/20 | 2020/21 |
| <b>Subprogram: Provinsiale Vaardighede en Vennootskappe</b> |  |                                 |         |         |                    |                      |         |         |
| 1.1   | Getal gestruktureerde en geskeduleerde vaardighedsinteraksies met belanghebbendes, forums en geleenthede | 16                              | 22      | 25      | 24                 | 20                   | 30      | 30      |
| 1.2   | Getal kandidate vir Erkenning van Vorige Onderrig en as mentors opgelei                                  | -                               | -       | -       | -                  | 100                  | 100     | 100     |
| 1.3   | Getal semi-vaardige mense d.m.v. werkgeredheidsprogramme opgelei   | -                               | -       | -       | -                  | 300                  | 300     | 300     |

### 13.4.6 Kwartaalike teikens vir 2018/19

| Programprestasi-aanwyser Uitsetaanwyser                     |   | Verslagperiode | Jaarlike teiken 2018/19 | Mediumtermyn-teikens |     |     |     |
|---|---|----------------|-------------------------|----------------------|-----|-----|-----|
|   |   |                |                         | 1ste                 | 2de | 3de | 4de |
| <b>Subprogram: Provinsiale Vaardighede en Vennootskappe</b> |   |                |                         |                      |     |     |     |
| 1.1   | Getal gestruktureerde en geskeduleerde vaardighedsinteraksies met belanghebendes, forums en geleenthede | Kwartaalike    | 20                      | 5                    | 5   | 5   | 5   |
| 1.2   | Getal kandidate vir Erkenning van Vorige Onderrig en as mentors opgelei                                 | Tweejaarlike   | 100                     | 0                    | 50  | 0   | 50  |
| 1.3   | Getal semi-vaardige mense d.m.v. werkgeredheidsprogramme opgelei  | Kwartaalike    | 300                     | 75                   | 75  | 75  | 75  |

### 13.4.7 Risikobestuur

| <b>Strategiese Doelstelling: Om in gesprek te tree met werkgewers en 'n verbintenis van hulle te fasiliteer om deel te neem aan die Vakleerlingskap-spelwysiger</b> |  |
|---|--|
| <b>Risikoverklaring</b>   | <b>Risikoverminderingstrategieë</b>  |
| Gebrek aan deelname/inkoop van belangrike belanghebendes en sosiale vennote kan lei tot ongekoördineerde ingrypings.  | Gaan voort met die bestuur van vaardighedsforums wat samewerkende beplanning, implementering en monitering van vaardighedsingrypings moontlik maak.<br><br>Verbetering van data, inligting, administrasie en naspoor van gegradueerdes en befondsingsbronne; en van kommunikasiemeganismes om sinergie en die deel van goeie praktyk/modelle te bewerkstellig. |

### 13.5. Subprogram 7.2: Vaardighedsprogramme en -projekte

#### 13.5.1 Prestasieleweringssomgewing

'n Aantal meganismes is gevestig om die 'werkplek' se deure oop te maak vir maatskappye wat jong TAOO-gegradueerdes inneem. Dit sluit in aansporings soos om terugwerkend te eis op die opleidingsheffings wat van die Sektorale Onderwys- en Opleidingsowerhede ingesamel is; die Jeugbelasting-aansporings; en verbeterde taksering op verbetering in die stand van Breëbasis- Swart Ekonomiese Bemagtiging. Ten spyte hiervan gebruik baie maatskappye nie die geleentheid om toegang te verkry tot die nodige vaardighedsaansporings nie en het hulle nie genoegsaam voorsiening gemaak vir interne vaardighedsontwikkeling of die aanbied van internskappe nie. Om hierdie uitdagings strategies op te los, het die DEOT opnames onder uitgesoekte maatskappye onderneem om beter te verstaan watter regulatoriese strukturele blokke maatskappye daarvan weerhou om toegang te verkry tot vaardighedsontwikkelingbefondsing en ondersteuning van die jeug. Die uitslae van hierdie opname sal gebruik word om gedetailleerde aksieplanne te ontwikkel om daardie regulatoriese strukturele blokke te verminder en makliker toegang tot vaardighedsaansporings te fasiliteer.

Die Vakleerlingskap-spelwysiger (VSW) en die Projek Khulisa-mandaat ondersteun die ontwikkeling van mense in TAOO-prioriteitsberoepe deur toegang te verkry tot kort kursusse en/of spesialisering wat spesifiek op werkgewerbehoefte ingestel is, en dit te voltooi. Programme wat geïmplementeer is, teiken die VSW-prioriteitsektore en -beroepe, insluitende 'n skerp fokus op IKT-vaardighede. Voortgesette steun op hierdie gebied sal uitloop op die ontwikkeling van vaardighede onder werklose jongmense deur aanvraaggeleide, IKT-gesertifiseerde opleiding.

In die Olie- en Gasbestuurskomitee sal vaardigheidsteun verskillende vorms aanneem: die insameling van data betreffende vaardighedsingrypings, befondsing en insameling van fondse vir vaardighedsingrypings en interaksie met belanghebendes om vaardighedsingrypings in samewerking met relevante Sektorale Liggeme aan te dryf.

### 13.5.2 Strategiese doelstellings se jaarlikse teikens vir 2018/19

|                                 |  |
|---------------------------------|--|
| <b>Strategiese Doelstelling</b> | Om die getal persone met toepaslike vaardighede te vergroot deur hulle te voorsien van toegang tot werkondervinding en/of opleidingsgeleenthede.   |
| <b>Doelstellingsverklaring</b>  | Verminder indiensneming van die jeug in die Provinsie met 5% oor die volgende vyf jaar deur toegang tot werk- en opleidingsgeleenthede te vergroot.  |
| <b>Basislyn</b>                 | Die skaars en kritieke vaardighede wat vir Olieboorherstelwerk, Agri-prosessering en Toerisme vereis word, sal as 'n riglyn gebruik word vir die sakewêreld om die vereiste opleidings- en/of plasinggeleenthede te bepaal om toegang tot praktiese ondervinding moontlik te maak.   |
| <b>Regverdiging</b>             | 1 920 mense opgelei d.m.v. die Vaardighedsontwikkelingsprogramme wat in ekonomiese aandrywing- of arbeidsabsorberende sektore geïmplementeer is  |
| <b>Skakels</b>                  | Nasionale sowel as Provinsiale imperatiewe vereis 'n vaardige en bekwame arbeidsmag wat in staat is om 'n veerkragtige, groeiende en inklusiewe ekonomie vol te hou. Nywerhede se vereistes vir spesifieke vaardighede kan slegs met nommerpas ingrypings behaal word wat vaardighedsprogramme, werkplek-ondervindingsprogramme en die invoer van vaardighede insluit. Die klem val op die versekering dat werkplekke in staat is om hul huidige tekorte aan te dui, om waar moontlik enige verwagte tekorte aan te dui, asook enige struikelblokke te rapporteer wat hulle ervaar met die werwing en behoud van individue met die relevante vaardighede, en met die implementering van beroepsgereedmakingsprogramme wat bedoel is om in hierdie vaardighedsvereistes te voorsien.<br><br>Die skaars en kritieke vaardighede wat deur ekonomiese prioriteitsektore vereis word, sal as riglyn dien vir ondernemings om die vereiste opleidings- of plasinggeleenthede te bepaal wat nodig is om toegang tot praktiese ondervinding te bied. Aangesien die skaars en kritieke vaardighede deur aanvraag gelei word, sal die vooruitsigte van suksesvolle opleiding en plasing in die geïdentifiseerde sektore verbeter word.<br><br>Sterk skakels met nasionale strategieë soos die Nasionale Vaardighedsontwikkelingstrategie (NVOS) III, provinsiale ekonomiese beleid en plaaslike vaardighedsontwikkelingsekologieë. |

### 13.5.3 Strategiese doelstellings se jaarlikse teikens vir 2018/19

| Uitsetaanwyser                                       | Geouditeerde/Werklike prestasie |         |         | Geskatte prestasie | Mediumtermyn-teikens |         |         |
|--|---------------------------------|---------|---------|--------------------|----------------------|---------|---------|
|  | 2014/15                         | 2015/16 | 2016/17 | 2017/18            | 2018/19              | 2019/20 | 2020/21 |
| <b>Subprogram: Vaardighedsprogramme en -projekte</b> |                                 |         |         |                    |                      |         |         |
| Getal vakmanskap-kandidate gereed vir toetsing       | -                               | -       | -       | 30                 | 30                   | 50      | 50      |

### 13.5.4. Implementeringsplan

Die DEOT sal in interaksie tree met werkgewers op sowel uitvoerende as tegniese vlakke en, waar nodig, toepaslike aksiegeoriënteerde forums skep wat deurslaggewend is om dienslewering aan te dryf, soos die Projek Khulisa-bestuurskomitees en Sektorale Liggame.

As 'n werkgewer, sal die Wes-Kaapse Regering, waar moontlik, 'n voorbeeld stel, maar wêreldwyd waar werkplek-gebaseerde onderrig soos vakleerlingskappe suksesvol is, word dit deur die privaatsektor aangedryf.

Dit is noodsaaklik om 'n groter geografiese voetspoor regoor die onderskeie streke van die Wes-Kaap te kweek, hoewel dit aanvraaggedrewe is en afhang van die pas van toepaslike verskaffing in die onderskeie streke. Groter interaksie met relevante belanghebbendes om die peri-stedelike en plattelandse voetspoor te vergroot, sal geïmplementeer word.

Die sterker klem van die A21-vakleerlingskap-model in 2018/19 sal lei tot opleiding in integrerende kennis, praktiese en werkondervinding-modules. Dit vergroot die behoefte aan 'n meer geteikende benadering tot werkgewerbetrokkenheid regoor die Projek Khulisa- en Vakleerlingskap-spelwysigersektore.

#### Vaardighedsopleiding

Die IKT- Tegniese Vaardighede-program sal breedweg die aanleer van vaardighede onder werklose jongmense akkommodeer, op matriek- en gegradueerde vlak in die intreevlak- en gespesialiseerde IKT-verkoperskursusse wat 'n manier vir matrikulante sowel as gegradueerdes bied om toegang te verkry tot die aanleer van vaardighede op aanvraaggeleide gebiede wat hul aanstelbaarheid in hierdie sektor verbeter. Dit sluit die ontwikkeling van Microsoft-, Java- en Oracle-sagteware sowel as Cisco in.

## Werkplasingprogram

Die Nasionale Departement van Hoër Onderwys fokus op die verfyning van Werkplekgebaseerde Onderrigprogram-regulasies, met die doel om dit makliker vir SETAs te maak om die werkplekgebaseerde onderrig te befonds. Die bekendstelling van die nuwe Subsiidieregulasies op 1 April 2013 het tot skerper fokus deur SETAs op werkplekgebaseerde onderrigprogramme gelei.

Werkplekplasingperiodes hang af van die relevante beroepe en ambagte wat ter sprake is. Werkplasing kan tot 18 maande neem om te voltooi en word soms deur stipendiums aan leerders regoor die onderskeie ambagte en beroepe ondersteun. Werkplasing word aangebied aan werklose jongmense in hoofsaaklik (maar nie uitsluitlik nie) Agri-prosessering, Toerisme, en Olie en Gas, gevolg deur die laag-2-sektore (IKT en Sske-uitkontraktering) van Projek Khulisa.

Die hoofverandering en -fokus in die plasing van 2018/19 is die bywerking van die A21-model, gegrond op die Duitse tweeledige stelsel-model.

Die aanvaarding van die 21ste-eeuse Vakleerlingskapmodel (A21-model) sal die tradisionele Bekwaamheidsgegronde Modulêre Opleiding (BGMO) en werkplasing insluit. (Dit sluit die Werk- en Vaardighedsmodel uit wat aanvaar/verander sal word vir 'n breë reeks beroepe wat deur die Suid-Afrikaanse ekonomie vereis word. Dit word op 'n nasionale regeringsvlak deur die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding (DHOO) erken. Die DHOO en die DEOT reeds 'n proses aan die gang gesit om 'n 21ste-eeuse Vakleerlingskap-program te ontwikkel in samewerking met internasionale vennootskappe met Duitsland, Switserland en Oostenryk.

Die voordele van die A21-benadering sal mettertyd lei tot 'n afname in die druk op die regering om onderwys en opleiding te befonds aangesien vakleerlinge 'n stipendium of toelaag kan verdien terwyl hulle in opleiding is. Daar is ook 'n verbetering in die gehalte van onderrig aangesien vakleerlingskappe gegrond is op werklike werkplekgebaseerde leerprosesse.

Die tweeledige A21-stelselmodel beteken dat onderrig op 'n integrerende manier tussen 'n kollege en die werkplek verdeel sal word. Die volgende is beslissende elemente van die A21-vakleerlingskap-waardeketting:

- Sterk, gekwalifiseerde mentorskap
- Werkplek-goedkeuring
- Werkgeïntegreerde onderrig gekombineer met praktiese onderrig, insluitende in die werkplek
- Ondergaan vakmanskaptoetsing
- Leerder sluit 'n kontrak met die hoofwerkgever voordat werkplek-geïntegreerde onderrig plaasvind

Die naspoor, monitering en evaluering van huidige werkplasing en -uittredes sal in 2018/19 opgeskerp word om die behoud van voltooiende tydgebonde internskappe en verslagdoening oor impak te verseker. Besondere klem word gelê op die ambagshistoriese leerders wat oor die laaste twee jaar in die stelsel was en hul ondervindingsonderrig binnekort sal voltooi. Met die Ambagsmanontwikkelingsprogram sal die eenheid verantwoordelik wees vir die bestuur van gemiddeld 400 ambagskandidate wat in verskeie maatskappye oor verskeie streke van die Wes-Kaap geplaas is, om te verseker dat die leerders behou word, toepaslike vaardighede geleer word, dat daar gapingsopleiding verskaf word en seker gemaak word dat leerders gereed is vir ambagstoetsing.

Strategiese vennootskappe met 'n 'Algehele Regering'-fokus tussen die onderskeie sfere van regering sal versterk word, met 'n groter fokus op munisipaliteite en TAOO-kolleges vir die voorsiening van arbeid van 'n hoë gehalte en om vaardighedsprioriteite saam te befonds.

'n Vlagskip-projek in 2018/19 is die Jeugtoegangsprogram in vennootskap met Die Stad Kaapstad en Sakeproses-instaatstelling Suid-Afrika (SPISA) met die klem op werkgewers om 'n werkgeïntegreerde model vir leerders in Sake-uitkontraktering (SUK) in werking te stel. SUK het in 2016 meer as 30 800 werkgeleenthede in die Wes-Kaap geskep, naamlik in Finansiële Dienste, Telekom, en Inligting en Telekommunikasie (IT).

### 13.5.5 Prestasie-aanwysers en jaarlikse teikens vir 2018/19

| Programprestasi-<br>aanwyser<br>Uitsetaanwyser       |  | Geouditeerde/Werklike prestasie |         |         | Geskatte<br>prestasie | Mediumtermyn-teikens |         |         |
|--|--|---------------------------------|---------|---------|-----------------------|----------------------|---------|---------|
|  |  | 2014/15                         | 2015/16 | 2016/17 |                       | 2017/18              | 2018/19 | 2019/20 |
| <b>Subprogram: Vaardighedsprogramme en -projekte</b> |  |                                 |         |         |                       |                      |         |         |
| 1.1  | Getal semi-vaardige persone opgelei                    | -                               | 1 938   | 469     | 440                   | 96                   | 100     | 100     |
| 1.2  | Getal gasheer-maatskappye wat aan werkplasing deelneem |                                 |         |         |                       | 1                    | 10      | 10      |

- Geen nuwe leerders sal van 2018 af geplaas word nie, maar leerders wat in vorige boekjare of vir tydperke langer as 12 maande befonds is, sal in die boekjaar 2018/19 onderhou word.



### 13.5.6 Kwartaalike teikens vir 2018/19

| Programprestasie-aanwyser Uitsetaanwyser             |   | Verslagperiode | Jaarlike teiken 2018/19 | Mediumtermyn-teikens |     |     |     |
|--|---|----------------|-------------------------|----------------------|-----|-----|-----|
|  |   |                |                         | 1ste                 | 2de | 3de | 4de |
| <b>Subprogram: Vaardighedsprogramme en -projekte</b> |   |                |                         |                      |     |     |     |
| 1.1  | Getal semi-vaardige persone opgelei                   | Jaarliks       | 96                      | 0                    | 0   | 96  | 0   |
| 1.2  | Getal gasheermaatskappye wat aan werkplasing deelneem | Tweejaarliks   | 1                       | 1                    | 0   | 0   | 0   |

### 13.5.7. Risikobestuur

| <b>Strategiese Doelstelling: Om die getal persone met toepaslike vaardighede te verhoog deur hulle van toegang tot werkondervinding en/of opleidingsgeleenthede te voorsien.</b>  |  |
|---|--|
| <b>Risikoverklaring</b>   | <b>Risikoverminderingstrategieë</b>  |
| <p>Gebrek aan ondersteuning en opneming deur werkgewers om die werkloses te absorbeer weens negatiewe persepsies oor die gehalte van opleiding en geassosieerde koste, en gebrek aan werkgeredheid wat die aanstelbaarheid van die jeug beïnvloed.</p>  | <p>DEOT sal direk met werkgewers 'n vennootskap aangaan via 'n kontraktuele ooreenkoms waarvolgens die maatskappy sy eie kontrakte sal gebruik om leerders te plaas.</p> <p>Gasheermaatskappye sal hoofsaaklik hul eie werwing doen en seleksieproses hou om die paslikheid en behoud van leerders te vergroot.</p> <p>Voeg aansporings by vaardighedsopleiding-inisiatiewe vir aanstelbaarheid.</p> <p>Fasiliteer interaksie in hoofsaaklik arbeidsabsorberende klusters en plaaslike munisipaliteite om bewustheid van gehalte, relevansie en aanvraag na afgeronde vaardighede en werkondervindingprojekte onder die jeug te verhoog.</p> <p>Intensifiseer strategiese interaksie met die Sektorale Ontwikkelingsagentskappe, Spelwysigerforums, Khulisa-bestuurskomitees, Toerisme- MHO-forums, sakekamers, Wesgro, SETA-kluster- en VOO HUB-forumdeelname, en die Transversale Tegniese Werkgroep vir Vaardighede.</p> <p>Die doel is om markintelligensie oor die huidige en toekomstige arbeidsaanvraag in te samel met die doel om werkgeleenthede vir die toepaslike arbeid te fasiliteer.</p>  |
| <p>Uitsakkoers van leerders op die program neem toe weens stipendiumkoers onder minimum loon asook verkeerde kombinasie van leerder en maatskappy wat daartoe kan lei teikens nie dat behaal word nie en dat leerders moontlik na ander, meer betalende, werkondervindingsprogramme migreer.</p> <p>Nie genoeg goedgekeurde werkplekke om die getal ambagsmanne wat geplaas moet word te akkommodeer nie.</p> <p>Nie genoeg mentors om die hoeveelheid ambagsmanne wat per maatskappy geplaas moet word te ewenaar nie.</p> <p>Ontoereikende implementering van behoudstrategieë vir die aanleer van vaardighede om toegang te verkry tot ambagstoetse.</p> | <p>Verseker goeie werwings- en seleksieprosesse.</p> <p>Voer gereeld besoeke aan die betrokke werkplekke uit.</p> <p>Verseker dat 'n aanvraaggeleide proses gevolg word.</p> <p>Oefen druk op sakeondernemings (gasheermaatskappye) en relevante belanghebbendes uit wat nie huidig saamwerk om stipendiums te help befonds nie om dit te doen.</p> <p>Hou druk op ondernemings vol om mentorskap in stand te hou en leerders in te lig oor beroepsontwikkeling sodat leerders tydens die plasingperiode behou word.</p> <p>Die Nasionale Ambagsman-modereringsliggaam tesame met die SETAs sal ondersteuning verleen om rompslomp te verminder sodat goedgekeurde werkplekke waarin vakmanne geplaas kan word, sal toeneem.</p> <p>Erkenning van vooraf onderrig en breier- en mentorskapopleiding sal vergroot word om die poel mentors in die werkplek vinnig uit te brei.</p> <p>Meer mentors met 'sagte' vaardighede sowel as tegniese vaardighede in die werkplek.</p> <p>Vermeerder besoeke aan die betrokke werkplekke en gaan leerders se logboeke na vir die aanleer van vaardighede en om enige risiko's wat vroegtydig raakgesien word, te verklein.</p> <p>Fasiliteer toegang tot GAP-opleiding om leerders beter voor te berei vir ambagstoetse.</p> <p>Borg die ambagstoetsfooi vir ambagsman-leerders.</p> |

### 13.6 Subprogram 7.3: Vaardigheidsaansporings

#### 13.6.1 Prestasieleweringsomgewing

Gegewe die kritieke behoefte om plasingseleenthede te vind, fokus hierdie Subprogram op plekke waar hoofsaaklik jongmense geplaas kan word om werkondervinding op te doen. Hierdie subprogram sal ook op die uitkyk wees vir geleenthede om saam te werk en, waar toepaslik, bystand te verleen met toegang tot befondsing van vaardigheidsontwikkelingsinisiatiewe.

#### 13.6.2 Strategic Objective

|                                 |  |
|---------------------------------|--|
| <b>Strategiese Doelstelling</b> | Om vaardigheidsaansporings vir plasingseleenthede en vaardigheidsinisiatiewe te lok en toegang daartoe te verkry.  |
| <b>Doelstellingsverklaring</b>  | Om die koördinasie onder belanghebbendes te koördineer om toegang tot vaardigheidsbefondsing, samewerking en die deel van inligting oor vaardigheidsaansporings te verbeter.                     |
| <b>Basislyn</b>                 | Nog nie bepaal nie.  |
| <b>Regverdiging</b>             | 'n Aantal belanghebbendes maak bydraes tot die vaardigheidsontwikkelingspyplyn. Die pogings is egter nie volkome in ooreenstemming met mekaar nie, wat lei tot 'n onderbroke pyplyn van pogings. |
| <b>Skakels</b>                  | Fasiliteer die ooreenstemming van belanghebbende-bepanning en implementering, veral soos dit verband hou met relevante Sektorale Liggame, hul lede en die TAOO-kolleges.                         |

#### 13.6.3 Strategiese doelstellings se jaarlikse teikens vir 2018/19

| Uitsetaanwyser   | Geouditeerde/Werklike prestasie |         |         | Geskatte prestasie | Mediumtermyn-teikens |         |         |
|--|---------------------------------|---------|---------|--------------------|----------------------|---------|---------|
|  | 2014/15                         | 2015/16 | 2016/17 | 2017/18            | 2018/19              | 2019/20 | 2020/21 |
| <b>Subprogram: Vaardigheidsaansporings</b>               |                                 |         |         |                    |                      |         |         |
| Getal samewerkings-ingrypings oor vaardighede ondersteun | 10                              | 14      | 3       | 8                  | 3                    | 4       | 5       |

#### 13.6.4 Implementeringsplan

##### Vaardigheidsaansporings

Die Eenheid vir Vaardigheidsaansporings sal geleenthede ondersoek om fondsinsamelingsgeleenthede en vaardigheidontwikkelingsaansporings in ooreenstemming te bring met die strategiese prioriteite van die Departement van Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme (DEOT) en die Provinsiale planne vir vaardigheidsontwikkeling. Dié Eenheid sal samewerkingsooreenkomste ontwikkel wat daarop gemik is om sinergie en vennootskappe tot stand te bring met die doel om geteikende vaardigheidsingrypings te versterk en om indiensneming in geselekteerde Vaardigheidspelwysiger- en Projek Khulisa- ekonomiese sektore, sowel as groter aanvraaggeleide werkplekgeleenthede te fasiliteer.

Die Nasionale Vaardigheidsooreenkoms het sy ondertekenaars – die regering, die georganiseerde sakewêreld, georganiseerde arbeid en die burgerlike samelewing – daartoe verbind om die getal vakleerlingskappe, internskappe en werkplekgebaseerde ondervinding vir TAOO-studente grootliks uit te brei.

Die Eenheid vir Vaardigheidsaansporings sal die ondertekenaars van die Nasionale Vaardigheidsooreenkoms beïnvloed deur interaksie met individue; die fasilitering van potensieële vennootskapgeleenthede; en die bywoning en moontlike aanbieding van seminare en konferensies om die plasing- en befondingsgeleenthede vir die jeug te fasiliteer sodat hul kans op indiensneming verbeter.

Vaardigheidsaansporings sal die verhouding fasiliteer om akademiese en werkplekaanbod by mekaar te pas om meer plasinge in die werkplek teweeg te bring deur die voordele aan werkgewers te verkondig, naamlik:

- Die vestiging van 'n pyplyn van vaardige werknemers;
- Die vermindering van die werwingskoste;
- Die identifisering van interne opleidingsbehoefte; en
- Die identifikasie van vaardigheidsaansporings en, waar nodig, bystand om toegang daartoe te verkry.

### 13.6.5 Prestasie-aanwysers en jaarlikse teikens vir 2018/19

| Program-prestasie-aanwyser (Uitset-aanwyser)   | Geouditeerde/Werklike prestasie |         |         | Geskatte prestasie | Mediumtermyn-teikens |         |         |
|--|---------------------------------|---------|---------|--------------------|----------------------|---------|---------|
|  | 2014/15                         | 2015/16 | 2016/17 | 2017/18            | 2018/19              | 2019/20 | 2020/21 |
| <b>Subprogram: Vaardigheidsaansporings</b>   |                                 |         |         |                    |                      |         |         |
| Getal gestruktureerde en geskeduleerde belanghebbende-interaksies, forums en geleenthede | -                               | -       | -       | -                  | 3                    | 4       | 4       |

### 13.6.6 Kwartaalike teikens vir 2018/19

| Programprestasie-aanwyser<br>Uitsetaanwyser  | Verslagperiode | Jaarlike teiken 2018/19 | Mediumtermyn-teikens |     |     |     |
|--|----------------|-------------------------|----------------------|-----|-----|-----|
|  |                |                         | 1ste                 | 2de | 3de | 4de |
| <b>Subprogram: Vaardigheidsaansporings</b>   |                |                         |                      |     |     |     |
| 1.1 Getal gestruktureerde en geskeduleerde belanghebbende-interaksies, forums en geleenthede | Kwartaalike    | 3                       | 1                    | 1   | 1   | 0   |

### 13.6.7 Risikobestuur

| <b>Strategiese Doelstelling: Om vaardigheidsaansporings vir werkgeleenthede aan te trek en toegang daartoe te verkry.</b> |  |
|---|--|
| <b>Risikoverklaring</b>   | <b>Risikoverminderingstrategieë</b>  |
| Ontoereikende samewerking rondom volhoubare vaardigheidsinisiatiewe en werkplasingseleenthede                             | Bevorder samewerking met vaardigheidontwikkelingsingrypings wat skakel met, onder meer, konglomerate, sektorale liggame, munisipaliteite en sakekamers.  |
| Onvermoë om genoeg werkplek-inkoop aan te trek om die teikengetalle te haal   | Bevorder samewerking met vaardigheidontwikkelingsingrypings wat skakel met onder meer SETAs, munisipaliteite, supergroot, groot sowel as KMMO-ondernemings, insluitende sakekamers. 'n Beslissende fokus sal die Projek Khulisa-sektore wees wat arbeidsabsorberend op intreevlak vir semi-vaardige beroepe en ambagte is. |

### 13.7. Rekonsiliasie van prestasie-teikens met die Begroting en MTBR

#### 13.7.1 Bestedingskattings

| Program  |  | Geouditeer    |               |               | Hoof-toe-wysing | Aange-paste toe-wysing | Hersiene skatting | Mediumtermyn-besteding |               |               |
|--|--|---------------|---------------|---------------|-----------------|------------------------|-------------------|------------------------|---------------|---------------|
|  |  | R'000         | 2014/15       | 2015/16       |                 |                        |                   | 2016/17                | 2017/18       | 2017/18       |
| 1.   | Provinsiale Vaardighede en Vennootskap | 5 637         | 6 655         | 10 596        | 19 217          | 18 579                 | 18 571            | 36 657                 | 32 258        | 34 130        |
| 2.   | Vaardighedsprogramme en -projekte      | 36 090        | 45 533        | 42 085        | 41 186          | 40 191                 | 40 197            | 29 997                 | 30 588        | 32 341        |
| 3.   | Vaardigheds-aansporings                | 1 288         | 356           | 1 841         | 2 833           | 1 775                  | 1 777             | 2 327                  | 2 490         | 2 664         |
| <b>Totale betalings en skattings</b>                 |  | <b>43 015</b> | <b>52 544</b> | <b>54 522</b> | <b>63 236</b>   | <b>60 545</b>          | <b>60 545</b>     | <b>68 981</b>          | <b>65 336</b> | <b>69 135</b> |
| <b>Ekonomiese klassifikasie R'000</b>                |  |               |               |               |                 |                        |                   |                        |               |               |
| <b>Lopende betalings</b>                             |  | <b>25 454</b> | <b>39 891</b> | <b>43 489</b> | <b>40 244</b>   | <b>48 067</b>          | <b>48 058</b>     | <b>57 481</b>          | <b>55 331</b> | <b>56 492</b> |
| Werknemerskompensasie                                |  | 8 363         | 9 744         | 11 004        | 15 050          | 14 093                 | 14 093            | 16 112                 | 10 675        | 11 489        |
| Goedere en Dienste                                   |  | 17 091        | 30 147        | 32 485        | 25 194          | 33 974                 | 33 965            | 41 369                 | 42 656        | 45 003        |
| Rente en huur op grond                               |  |               |               |               |                 |                        |                   |                        |               |               |
| <b>Oordragte en subsidies</b>                        |  | <b>17 483</b> | <b>12 592</b> | <b>10 524</b> | <b>22 843</b>   | <b>10 959</b>          | <b>10 959</b>     | <b>11 000</b>          | <b>11 477</b> | <b>12 086</b> |
| Provinsies en munisipaliteite                        |  |               |               |               |                 |                        |                   |                        |               |               |
| Departementele agentskappe en rekeninge              |  |               |               |               |                 |                        |                   |                        |               |               |
| Universiteite en teknikons                           |  |               |               |               |                 |                        |                   |                        |               |               |
| Buitelandse regerings en internasionale organisasies |  |               |               |               |                 |                        |                   |                        |               |               |
| Openbare korporasies en privaatondernemings          |  |               |               |               |                 |                        |                   | 3 000                  | 3 168         | 3 342         |
| Instansies sonder winsbejag                          |  | 7 871         | 1 815         | 3 541         | 3 900           |                        |                   |                        |               |               |
| Huishoudings   |  | 8 152         | 10 777        | 6 983         | 18 943          | 10 959                 | 10 959            | 8 000                  | 8 309         | 8 744         |
| <b>Oordragte en subsidies aan Kapitaal</b>           |  |               |               |               |                 |                        |                   |                        |               |               |
| Government Motor Trading Account                     |  |               |               |               |                 |                        |                   |                        |               |               |
| <b>Staatsmotor-handelsrekening</b>                   |  | <b>72</b>     | <b>61</b>     | <b>506</b>    | <b>149</b>      | <b>1 505</b>           | <b>1 514</b>      | <b>500</b>             | <b>528</b>    | <b>557</b>    |
| Geboue en ander nie-roerende strukture               |  |               |               |               |                 |                        |                   |                        |               |               |
| Masjinerie en toerusting                             |  | 72            | 57            | 504           | 149             | 5                      | 14                |                        |               |               |
| Erfenisbates   |  |               |               |               |                 |                        |                   |                        |               |               |
| Gespesialiseerde militêre bates                      |  |               |               |               |                 |                        |                   |                        |               |               |
| Biologiese bates                                     |  |               |               |               |                 |                        |                   |                        |               |               |
| Grond en ondergrondse bates                          |  |               |               |               |                 |                        |                   |                        |               |               |
| Sagteware en ander ontasbare bates                   |  | 3             | 4             | 2             |                 | 1 500                  | 1 500             | 500                    | 528           | 557           |
| <b>Betalings vir finansiële bates</b>                |  | <b>3</b>      |               | <b>3</b>      |                 | <b>14</b>              | <b>14</b>         |                        |               |               |
| <b>Totale ekonomiese klassifikasie</b>               |  | <b>43 015</b> | <b>52 544</b> | <b>54 522</b> | <b>63 236</b>   | <b>60 545</b>          | <b>60 545</b>     | <b>68 981</b>          | <b>65 336</b> | <b>69 135</b> |

## DEEL C: SKAKELS MET ANDER PLANNE

### 14. Skakels met die langtermyn-infrastruktuur en ander kapitale planne

Nie van toepassing nie.

### 15. Voorwaardelike toelae

Nie van toepassing nie.

### 16. Openbare Entiteite

#### 16.1 Die Wes-Kaapse Agentskap vir die Bevordering van Bestemmingsbemarking, Belegging en Handel (WESGRO)

Wesgro ('n skedule-3- openbare entiteit) se wetgewende mandaat soos voorsiening voor gemaak in die Wes-Kaapse Wysigingswet op die Agentskap vir die Bevordering van Belegging en Handel, 1996 (Wet 3 van 1996), sluit in:

- Om bemarkingsbystand en deskundige en gespesialiseerde raad, inligting en riglyne oor toerisme, handel en belegging te verskaf aan enige sakeonderneming, maatskappy of assosiasie van mense wat dit só van die Agentskap aanvra of die Agentskap sou bestaan om sy doelwitte te bereik.
- Om namens die Provinsie as die agent vir die bevordering van toerisme, handel en belegging op te tree en om enige projek te implementeer wat groei in die ekonomie van die Wes-Kaap sal realiseer.
- Om 'n Provinsiale bemarkingstrategie vir toerisme, handel bemarking te ontwikkel, te implementeer en te bevorder en om enige projek wat groei in die ekonomie van die Wes-Kaap realiseer, te implementeer.

Evaluering van die openbare entiteit en sy prestasie:

- Verteenwoordiging op die Raad as Ex-Officio-lid;
- 'n Gedetailleerde prestasieverlag wat kwartaalliks van Wesgro ontvang word;
- Befondsing wat in seksies oorgedra word, gegrond op evaluering van die kwartaallikse verslae;
- Tweemaandelikse vergaderings tussen die Departement en Wesgro gehou word om prestasie te bespreek en ooreenstemming te verseker; en
- Die Departement woon kwartaallikse vergaderings tussen SBIDZ en die LUR by, soos deur die Aandeelhouerskontrak vereis.

#### 16.2 Die Saldanhabaai- Nywerheidsontwikkelingsone-lisensiëringsmaatskappy (SBIDZ LiCo)

Die SBIDZ LiCo se wetgewende mandaat, soos voorsiening voor gemaak in die Wet op die Saldanhabaai-Nywerheidsontwikkelingsone-lisensiëringsmaatskappy, soos op 7 Januarie 2016 in die Staatsblad geproklameer:

Bevordering, bestuur en bemarking van die SBIDZ; om op te tree as die agent vir die bevordering van toerisme, handel en belegging namens die Provinsie en om gekoördineerde bestemmingsbemarkingsaktiwiteite vir die Wes-Kaap se fasiliteer. Providing internal infrastructure in the SBIDZ area;

- Om interne infrastruktuur in die SBIDZ-gebied te verskaf;
- Om die gemak van sake doen in die SBIDZ-gebied te fasiliteer; en
- Om grond wat betrekking het op die Maatskappy se besigheid te verkry en te huur.

Evaluering van die openbare entiteit en sy prestasie:

- 'n Gedetailleerde prestasieverlag kwartaalliks van SBIDZ LiCo ontvang;
- Befondsing in seksies oorgedra, gegrond op evaluering van kwartaallikse verslae en vordering op gedefinieerde werkerterreine;
- Departementele verteenwoordiging op die SBIDZ LiCo Uitvoerende Komitee (weeklikse vergadering); en
- Kwartaallikse vergaderings tussen die Departement en die SBIDZ LiCo om prestasie te bespreek en om ooreenstemming te verseker.

### 17. Openbare-private vennootskappe

Nie van toepassing nie.

## BYLAAG D: VERANDERINGE AAN DIE STRATEGIESE PLAN (SP) 2015-2020 EN JAARLIKSE PRESTASIEPLAN (JPP) 2018/19

|   | Strategiese Plan 2015–2020  | Jaarlikse Prestasieplan 2018/19  | Programinhoud   |
|---|---|--|---|
| <b>Program 1: Administrasie</b>           |   |  |   |
| <b>Subprogram 1.2: Finansiële Bestuur</b> |   |  |   |
| <b>Strategiese Doelstelling</b>           | Om die hoogste vlak van finansiële staatsbestuur te behaal en te onderhou.  | Om die hoogste vlak van Finansiële staatsbestuur te behaal en om dienslewering deur uitmuntendheid te maksimeer. | Die verandering in die Strategiese Doelstelling is om die behoefte aan Finansiële bestuur te weerspieël om sy rol te herdefinieer en versterk om só waarde-vir-geld-prosesse in plek te sit wat vermorsing en duplisering sal verminder en terselfdertyd plek maak vir doeltreffende dienslewering. |
| <b>Doelstellingsverklaring</b>            | Die identifisering en implementering van strategiese ingrypings om die Departement by te staan om die hoogste vlak van finansiële staatsbestuur deur die doeltreffende, ekonomiese en effektiewe gebruik van Departementele hulpbronne te behaal en te onderhou om só die Strategiese Doelstellings te kan uitvoer en 'n ongekwalifiseerde ouditmening te kan behaal. | Geen   | Geen  |

|   | Strategic Plan 2015 – 2020  | Jaarlikse Prestasieplan 2018/19   | Programinhoud   |
|---|---|---|---|
| <b>Program 2: Geïntegreerde Ekonomiese Ontwikkelingsdienste</b> |   |   |   |
| <b>Subprogram 2.4: Rompslompvermindering</b>                    |   |   |   |
| <b>Strategiese Doelstelling</b>                                 | Om plaaslike sakeondernemings te verbeter deur provinsiale en/of nasionale sakefrontdienste te verbeter wat sal bydra tot 'n kostebesparing of voordeel (vir die regering en die sakewêreld) van R1-miljard teen 2019 in die streekseconomie. | Om die verbetering van die sakeomgewing in die Wes-Kaap te fasiliteer deur die verbetering van nasionale, provinsiale of plaaslike regering-sakefrontdienste wat sal bydra tot 'n kostebesparing of voordeel (vir die regering en die sakewêreld) van R1-miljard teen 2019 in die provinsiale ekonomie. | Die JPP se Strategiese Doelstelling is gewysig om die feit te weerspieël dat die eenheid se werk alle sferes van die regering omvat. Die verwysing na 'streekseconomie' is verander na "provinsiale ekonomie" om enige onsekerheid oor die reikwydte van sy ingrypings uit die weg te ruim. |
| <b>Doelstellingsverklaring</b>                                  | Om die verbetering van minstens 26 sakefrontdienste teen 2020 in die provinsiale en/of nasionale regeringsfeer te fasiliteer wat betref prosedures, wetgewing en/of die gemak van sake doen.  | Om die verbetering van minstens 26 sakefrontdienste in die nasionale, provinsiale en/of plaaslike regeringsfeer te fasiliteer wat betref wetgewing of beleid, prosesse, wetgewende en/of kommunikasie teen 2020.  | Die Doelstellingsverklaring is gewysig om die feit te weerspieël dat die eenheid se werk alle sferes van die regering omvat.  |

|  | Stratetiese Plan 2015–2020   | Jaarlike Prestasieplan 2018/19  | Programinhoud   |
|--|--|---|---|
| <b>Program 7 – Vaardigheidsontwikkeling en Innovering</b>      |  |   |   |
| <b>Subprogram 7.1 Provinsiale Vaardighede en Vennootskappe</b> |  |   |   |
| <b>Stratetiese Doelstelling</b>                                | Verhoging in die getal TAOO-leerders van gehalte wat gereed is om die werkplek te betree (Institusionele Voorraad).  | Verwyder  | In ooreenstemming gebring met die Vakmanskap-spelwysiger. |
| <b>Doelstellingsverklaring</b>                                 | 80% van leerders in die vakmanskapprogram behaal 'n positiewe finale assessering in die TAOO-stelsel.  | Verwyder  | In ooreenstemming gebring met die Vakmanskap-spelwysiger. |
| <b>Stratetiese Doelstelling</b>                                | Om die staatsopleidingsprogramme van interne en eksterne kandidate regoor departementele programme en departemente beter te koördineer.  | Om in interaksie te tree met werkgewers en 'n verbintenis te fasiliteer dat hulle sal deelneem aan die Vakmanskap-spelwysiger.  | In ooreenstemming gebring met die Vakmanskap-spelwysiger. |
| <b>Doelstellingsverklaring</b>                                 | Die doelwit is om die koördinasie van staatsopleidingsprogramme van interne en eksterne kandidate regoor Departementele programme te verbeter en vir Departemente op die absorpsiekoers van interns in die staatsdiens en die sakewêreld met 10% teen Maart 2020 te verhoog. | Om die getal werkgewers te verhoog wat jongmense in werkplekgebaseerde leerprogramme inneem, insluitende vakmanskappe, leerlingkappe en internskappe, in die beroepe wat deur die prioriteitsektore van die Wes-Kaap vereis word. | In ooreenstemming gebring met die Vakmanskap-spelwysiger. |

| <b>Subprogram 7.3 Vaardigheidsaansporings</b> |   |  |   |
|---|---|--|---|
| <b>Stratetiese Doelstelling</b>               | Om vaardigheidsaansporings vir plasingsgeleenthede en vaardigheidsinisiatiewe aan te trek en toegang daartoe te verkry.   | Geen   | Geen  |
| <b>Doelstellingsverklaring</b>                | Om die befondsing van vaardigheidsaansporings vir plasingsgeleenthede te verhoog, sowel as bykomende vaardigheidsinisiatiewe vir werkskepping met R30-miljoen oor die MTBR te verhoog (R10-miljoen vir 2017/18 en R20-miljoen vir 2018/19). | Om die koördinasie onder belanghebbendes te fasiliteer om toegang te verkry tot vaardigheidsbefondsing, samewerking en die deel van inligting oor vaardigheidsaansporings. | Bring in ooreenstemming met die Vakmanskap-spelwysiger. |

Wes-Kaap: Departement van Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme  
Posbus 979, Kaapstad, 8000  
11de vloer, Waldorf-gebou, St. George-wandelgang 80, Kaapstad, 8001

**tel:** +27 21 483 3840      **faks:** +27 21 483 3010  
**www.westerncape.gov.za**      **e-pos:** [ecohead@westerncape.gov.za](mailto:ecohead@westerncape.gov.za)

---

Hierdie publikasie is ook aanlyn beskikbaar by [www.westerncape.gov.za](http://www.westerncape.gov.za)



**Wes-Kaapse  
Regering**

Ekonomiese Ontwikkeling  
en Toerisme

PR19/2018  
ISBN: 978-0-621-46081-0